# Inleiding

Dit is die doel van Bybel Beginsels om die boodskap van die Bybel sistimaties te analiseer . Die boek is so geskryf dat dit heeltemal deurgelees kan word, of as 'n korrespondensie kursus gebruik kan word. Vrae aan die einde van elke hoofstuk kan beantwoord word en aan die adres hieronder vermeld gestuur word. Enige ander vrae of kommentaar wat die leser mag hê kan ook aan die adres hieronder gerig word.

As ons die ware boodskap van die Evanglie verstaan, sal dit alle aspekte van ons lewens raak en mense dwars oor die wêreld lei om God te verheerlik soos dit Sy bedoeling was. Elkeen wat die waarheid vind ontdek 'n pêrel van groot waarde en sal soos Jeremia van ouds voel wanneer hy sê: "**Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u Naam is oor my uitgeroep, HERE, God van die leërskare! "** Om hierdie seëning te bekom moet ons seker maak dat ons tot God bid vir Sy hulp voor ons elkeen van hierdie studies aanpak. **"En nou, …. dra ek julle op aan God en aan die woord van sy genade, wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes"** (Handelinge 20:32).DH

U kan U antwoorde aan die adres in die vierkant hieronder stuur. Sou daar geen adres verskyn nie stuur dan U antwoorde aan : info@carelinks.net
www.carelinks.net

# Bybel Beginsels

## Deel 1
## "Die dinge aangaande die Koninkryk van God"

***Studie 1: God*** ***6***
1.1 God Se Bestaan
1.2 God Se Persoonlikheid
1.3 God se Naam en Karakter
1.4 Die Engele
*Inset 1: God Is Gees*
*Inset 2: Die Gebruik Van God Se Naam*
*Inset 3 : God Manifestasie*

**Studie 2 : Die Gees Van God** **29**
2.1 Definisie
2.2 Inspirasie
2.3 Gawes Van Die Heilige Gees
2.4 Die Onttrekking Van Die Gawes Van Die Heilige Gees
2.5 Die Bybel Die Enigste Gesag
*Inset 4 : Is Die Heilige Gees 'n Persoon?*
*Inset 5 : Die beginsel van verpersoonliking*
*Inset 6 : Calvinisme*
*Inset 7 : Julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang*
*Inset 8: Vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg*

**Studie 3 : Die Beloftes Van God** **77**
3.1 Inleiding
3.2 Die Belofte In Eden
3.3 Die Belofte Aan Noag
3.4 Die Belofte Aan Abraham
3.5 Die Belofte Aan Dawid
*Inset 9 : Die vernietiging van die hemel en die aarde.*

*Inset 10 : Die aansprake van "Britse Israelisme"*

**Studie 4 : God En Die Dood** **111**
4.1 Die Menslike Natuur
4.2 Die Siel
4.3 Die Gees Van Die Mens
4.4 Dood Is Onbewustheid
4.5 Die Opstanding
4.6 Die Oordeel
4.7 Die Plek Van Beloning : Hemel Of Aarde?
4.8 Verantwoordelikheid Teenoor God
4.9 Hel
*Inset 11 : Die Vagevuur*
*Inset 12 : Spoke en Reínkarnasie*
*Inset 13 : Met watter natuur sal ons opgewek word?*
*Inset 14 : Die wegraping*

**Studie 5 : Die Koninkryk Van God** **149**
5.1 Die Koninkryk Gedefinieer
5.2 Die Koninkryk Bestaan Nie Nou Al Nie.
5.3 Die Koninkryk Van God In Die Verlede
5.4 Die Koninkryk Van God In Die Toekoms
5.5 Die Millennium
*Inset 15 : Die Koninkryk is 'n letterlike werklikheid*
*Inset 16 : Opsomming van die geskiedenis van Israel*

**Stude 6 : God En Onheil** **179**
6.1 God En Onheil
6.2 Die Duiwel En Satan
6.3 Duiwels
*Inset 17 : Toordery*
*Inset 18 : Wat het in Eden gebeur?*
*Inset 19 : Lucifer*
*Inset 20 : Die versoekinge van Jesus*
*Inset 21 : Oorlog in die hemel*

**Deel 2 :**
**"Die dinge aangaande die naam van Jesus Christus"**
**Handelinge 8:12**


**Studie 7 : Die Oorsprong Van Jesus 224**
7.1 Ou Testamentiese Profesieë Oor Jesus
7.2 Die Maagdelike Geboorte
7.3 Christus Se Posisie In God Se Plan
7.4 " In Die Begin Was Die Woord"
*Inset 22 : Die Historiese Jesus*
*Inset 23 : "Ek het uit die hemel neergedaal"*
*Inset 24 : Het Jesus die aarde eskape?*
*Inset 25 : " Voordat Abraham was, is Ek"*
*Inset 26 : Melgisedek*

**Studie 8 : Die Natuur Van Jesus 251**
8.1 Inleiding
8.2 Verskille Tussen God En Jesus
8.3 Jesus Se Natuur
8.4 Die Menslikheid Van Jesus
8.5 Die Verwantskap Van God Met Jesus
*Inset 27 : "Wat in die gestalte van God was"*

**Studie 9 : Die Werk Van Jesus 267**
9.1 Die Oorwinning Van Jesus
9.2 Die Bloed Van Jesus
9.3 'n Offerande Vir Ons En Vir Homself
9.4 Jesus As Ons Verteenwoordiger
9.5 Jesus En Die Wet Van Moses
9.6 Die Sabbat
*Inset 28 : Die kruis*
*Inset 29 : Was Jesus op die 25ste Desember gebore?*

**Studie 10 : Die Doop 291**
10.1 Die Lewensbelangrikheid Van Die Doop
10.2 Hoe Moet Ons Gedoop Word?
10.3 Die Betekenis Van Die Doop
10.4 Die Doop En Saligheid
*Inset 30 : Her-doop*
*Inset 31 : Die vlak van kennis wat vereis word voor die doop*
*Inset 32 : Die dief aan die kruis*
*Inset 33 : 'n Voorbeeld van 'n Doopdiens*

**Studie 11 : 'n Lewe In Christus 323**
11.1 Inleiding
11.2 Heiligheid
11.2.1 Die Gebruik Van Geweld
11.2.2 Die Politiek
11.2.3 Wêreldse Plesier
11.3 Praktiese Christen Lewenswyse
11.3.1 Bybelstudie
11.3.2 Gebed
11.3.3 Verkondiging
11.3.4 Kerklewe
11.3.5 Die Breek Van Brood – Nagmaal
11.4 Die Huwelik
11.5 Gemeenskap

Bylaag 1 : Opsomming Van Basiese Bybelse Leerstellings
Bylaag 2 : Ons houding teenoor die aanleer van die Bybelse waarheid
Bylaag 3 : Die Nabyheid Van Christus Se Wederkoms
Bylaag 4 : Die Geregtigeid van God

# Bybel Beginsels

# Studie Een

# God

## 1.1 GOD SE BESTAAN

**"Hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek"** (Hebreërs 11:6).

Die doel van hierdie studies is om mense wat na God soek, te help - mense wat reeds glo dat "Hy is." Ons gaan dus nie probeer bewys dat God bestaan nie. As ons na die ingewikkelde struktuur van ons liggame kyk (**vergelyk Psalm 139:15),** die ontwerp van 'n blom, die onmeetlikheid van die lugruim op 'n helder aand, hierdie en talle ander aspekte van die lewe, maak dit van ateïsme iets belaglik. Om te glo dat daar geen God is nie, verg meer geloof as om te glo dat Hy bestaan.

Sonder God is daar nie orde nie, geen doel in die heelal nie, en dit sal gesien word in die lewe van 'n ateïs. Dit is dan ook nie verbasend dat meeste mense erken dat hulle in 'n sekere mate in 'n God glo nie, selfs in gemeenskappe waar materialisme die werklike "god" in mense se lewens is.

Daar is egter 'n baie groot verskil tussen 'n vae idee dat daar 'n hoér mag is, en 'n werklike oortuiging van wat Hy bied in ruil vir getroue diens aan Hom. **Hebreërs 11:6** bevestig hierdie punt: ons moet glo dat Hy is (m.a.w. dat Hy bestaan) **EN** dat hy 'n beloner is van die wat Hom soek.

'n Groot deel van die Bybel handel oor die geskiedenis van God se mense, Israel. Herhaaldelik word die punt gemaak dat hulle aanvaarding van Sy bestaan nie genoeg was nie. Hulle moes glo in Sy beloftes. Moses, hulle leier, het vir hulle gesê: **"Daarom moet jy vandag weet en ter harte neem dat die HERE God is, bo in die hemel en onder op die aarde;daar is geen ander nie. En jy moet sy insettinge en sy gebooie hou" (**Deuteronomium 4:39,40).

Dus word dieselfde punt gemaak - 'n bewustheid binne ons dat daar 'n God is beteken nie dat ons outomaties deur God aanvaar word nie. As ons regtig glo dat ons wel 'n skepper het, moet ons dit aanvaar "**EN Sy gebooie hou".** Die doel van hierdie reeks studies is om te verduidelik wat hierdie gebooie is, en hoe om hulle te hou. Soos ons deur die Skriftuur gaan om dit te doen, sal ons vind dat ons geloof in God se bestaan versterk sal word:

**‘Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God” (Romeine 10:17).** Die apostel Paulus het by 'n dorp Berea, nou in Noord Griekeland, gekom. Soos gewoonlik het hy die evangelie (goeie nuus) van God verkondig; maar in plaas daarvan dat die mense sonder meer sy woord aanvaar, het hulle **“die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword” (**Handelinge 17:11,12**).**

Die rede waarom hulle kon glo was dat hulle die Bybel gereeld (elke dag) en sistematies ondersoek het. Die ware geloof wat hulle dus ontwikkel het was nie as gevolg van 'n skielike geestelike onthulling deur God nie. Hoe kan mense van die wêreld dan by 'n Pinkster “herlewings" byeenkoms instap, sit en luister, en dan uitgaan as “gelowiges”? Hoeveel daaglikse ondersoek van die Skriftuur was daar in hierdie gevalle?

Hierdie gebrek aan 'n ware Bybel-gebasseerde geloof is die rede waarom so baie “bekeerdes” later vind dat hulle godsdiens eintlik leeg en sonder fondamente is. Die doel van hierdie studies is om vir u 'n raamwerk te gee vir u eie, sistematiese ondersoek van die Bybel sodat u **dan** ook kan glo. Die nou verband tussen die hoor van die ware Evangelie en die besit van 'n ware geloof word dikwels in die Nuwe Testament uitgewys: **“Baie van die Korinthiérs het, toe hulle hom <u>hoor</u>, gelowig geword en is gedoop” (**Handelinge 18:8**) ;** Mense sal **"die woord van die evangelie *hoor* en gelowig word”** (Handelinge 15:7) **; “So <u>preek</u> ons en so het julle geglo”(**1 Korinthiërs 15:11**).**

Die "saad " in die gelykenis van die saaier is die woord van God (Lukas 8:11); terwyl dit in die geval van die moerbeiboom, geloof is (Lukas 17:6). I Timotheüs 4:6 praat van die “woorde van die geloof en van die goeie leer” en dit kan slegs inslag vind in 'n hart wat ontvanklik is vir God en Sy woord. Geloof is die gevolg van die aanvaarding en begrip van God se woord wat in Johannes 17:17 “die waarheid” genoem word.

## 1.2 GOD SE PERSOONLIKHEID

Dit is 'n wonderlike tema van die Bybel dat God openbaar word as 'n regte, tasbare persoon, met 'n liggaamlike bestaan. Dit is ook 'n fundamentele leerstelling van die Christendom dat Jesus die Seun van God is. As God nie 'n liggaamlike wese is nie,dan is dit onmoontlik vir Hom om 'n Seun te hê wat "die afdruksel van sy wese" is (Hebreërs 1:3). Dit word dan moeilik om 'n persoonlike, lewende verhouding met God te hê as "God" net 'n abstrakte konsep in ons gedagtes is, 'n gees êrens in die lug. Dit is tragies dat so baie kerke hierdie onwerklike, onaantasbare begrip van God het.

Omdat God so oneindig groter as ons is, is dit verstaanbaar dat baie mense die duidelike belofte dat ons eendag vir God sal sien, nie kan aanvaar nie. Dat God 'n vorm of gedaante het, is baie duidelik (Johannes 5:37). So 'n oortuiging kom van 'n kennis van God en 'n geloof dat Sy Woord waar is: "**Salig is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien" (**Mattheüs 5:8**).** "**(God) se diensknegte sal Hom dien . En hulle sal sy aangesig sien" (**Openbaring 22:3,4**).** So 'n wonderlike hoop, as ons dit regtig glo, sal 'n diepgaande, praktiese effek op ons lewens hê: **"Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie" (Hebreërs 12:14). "Wie sweer by die hemel, sweer by die troon van God en by Hom wat daarop sit"** (Mattheüs 23:22) **.** Hierdie woorde maak geen sin as God nie 'n liggaamlike wese is nie . **"Ons sal Hom sien soos Hy is** (gemanifesteer in Christus). **En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is"** (1 Johannes 3:2,3).

In hiedie lewe is ons begrip van die Hemelse Vader baie onvolledig, maar ons kan uitsien daarna om Hom wel eendag te ontmoet. En wanneer ons Hom dan fisies sien sal ons 'n veel beter begrip van Hom hê. So kon Job, in die absolute dieptes van menslike lyding, hom verheug in die totale persoonlike verhouding met God wat hy eendag ten volle sal ervaar: **"En nadat hulle so my vel afgeskeur het,**(die dood) **sal ek nogtans uit my vlees God aanskou; Hom wat ek sal aanskou my ten goede, en my oë - en geen vreemde nie - sal sien"** (Job 19:26,27). Die apostel Paulus, wat 'n lewe van pyn en swaarkry gehad het, kon sê: **"Nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig"** (1 Korinthiërs 13:12).

**BEWYSE IN DIE OU TESTAMENT**

Hierdie beloftes in die Nuwe Testament word bevestig deur bewyse van 'n persoonlike, liggaamlike God in die Ou Testament. Dit kan nie genoeg beklemtoon word dat daar 'n fundamentele besef van God se natuur moet wees, as ons 'n ware begrip van Hom wil hê nie. Die Ou Testament praat aanhoudend van God as 'n persoon; die persoon-tot-persoon verhouding met God waarvan beide die Ou en die Nuwe Testament praat, is uniek aan die ware Christen-hoop. Hier volg sterk argumente ten gunste van 'n persoonlike, liggaamlike God: **"En God het gesê: Laat ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis" (**Genesis 1:26**).** So is die mens gemaak in die beeld en gelykenis van God, soos gemanifesteer deur die engele. Jakobus 3:9 praat van **"mense wat na die gelykenis van God gemaak is".**

Hierdie woorde kan nie verwys na 'n mens se verstandelike beeld nie, want van nature is ons gedagtes ver van God s'n, en in baie opsigte in stryd met Sy geregtigheid: **"Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE.Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes" (**Jesaja 55:8,9**).** Derhalwe moet die beeld en gelykenis wat ons met God deel, 'n fisiese beeld wees.

Elke keer wanneer Engele op aarde gesien was, word hulle beskryf as menslike gestaltes - so het Abraham drie manne voor hom sien staan (Genesis 18:2). Hy het gedink dat dit gewone mans was. Die feit dat ons in God se beeld geskape is sê vir ons iets van die Wese waarvan ons maar 'n beeld is. Dus is God, vir wie ons weerspieël, nie iets vaag wat ons glad nie kan begryp nie.

Die Engele self is 'n weerspieëling van God. So kon God van Moses sê: **"Mond tot mond spreek Ek met hom, en deur aanskouing en nie deur duister woorde nie; en hy sien die verskyning van die HERE "(**Numeri 12:8**).** Hier word verwys na die opdragte wat Moses ontvang het van 'n Engel wat God se naam gedra het (Eksodus 23:20,21). As hy die Engel gesien het as die verskyning van die HERE, volg dit dat God dieselfde gedaante of vorm as die Engele het - d.w.s. in fisiese menslike gedaante, maar met 'n oneindig groter natuur as vlees en bloed. Die HERE het met Moses van aangesig tot aangesig gespreek, soos 'n man met sy vriend spreek (Eksodus 33:11; Deuteronomium 34:10). Die Here was

gemanifesteer (geopenbaar) in Sy Engel, wie se gesig en mond self 'n weerspieëling van God was.

**"Hy (God) weet watter maaksel ons is "** (Psalm 103:14**).** Hy wil hê ons moet Hom sien as 'n persoonlike wese, 'n Vader met wie ons 'n verhouding kan hê. Dit sal verklaar hoekom daar so baie verwys word na God se hande, arms, oë, ens. As God 'n vae,onaantasbare wese êrens in die hemelruim is - en dit is wat Hy moet wees as ons die feit dat Hy 'n persoonlike wese is verwerp - dan is al hierdie verwysings misleidend en dien hulle geen doel nie.

Beskrywings van God se woonplek is duidelike bewyse dat God 'n spesifieke ligging het waar Hy bly: **"God is in die hemel**" (Prediker 5:1**); "omdat Hy van sy hielige hoogte neergesien het, die HERE uit die hemel op die aarde gelet het" (**Psalm 102:20**); "Hoor in die hemel, u vaste woonplek" (**1 Koninigs 8:39**).**

En nog meer spesifiek, lees ons dat God 'n "troon" het (2 Kronieke 9:8; Psalm.11:4; Jesaja 6:1; 66:1). Dis baie moeilik om sulke taal te gebruik van 'n ongedefineerde wese wat êrens in die hemelruim bestaan. Ons lees dat God sal "neerdaal" wanneer Hy Homself gaan openbaar. Dit dui daarop dat God in 'n Hemelse ligging is. Dit is onmoontlik om die konsep van "God openbaarmaking" (manifestasie) te verstaan, sonder om te aanvaar dat God 'n persoonlike, liggaamlike bestaan het .

Jesaja 45 is vol verwysings deur God na Sy persoonlike betrokkenheid in die sake van Sy mense: "**Ek is die HERE, en daar is geen ander nie ….Ek, die HERE, het dit geskape—Wee hom wat met sy Formeerder twis ….Ek - my hande het die hemel uitgespan ….Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde!"** Hierdie laaste sin wys veral vir ons dat God 'n persoonlike bestaan het - Hy wil hê dat mense hulle na Hom wend, en Sy letterlike bestaan met 'n gelowige oog aanskou. God word vir ons openbaar as 'n God van vergifnis, wat met mense praat met woorde. Tog kan vergifnis en spraak net van 'n persoon kom : dit verg verstand om hierdie dinge te kan doen. So was Dawid 'n man na God se hart (1 Samuel .13:14), wat wys dat God 'n intellek (hart) het, iets wat tot 'n beperkte mate deur die mens weergee kan word, alhoewel die mens van nature nie na God se hart is nie.

Woorde soos **"Dit het die HERE berou dat Hy die mens op die aarde gemaak het, en daar was smart in sy hart" (**Genesis. 6:6**),** wys dat God 'n Wese is met bewustheid en gevoel, eerder as 'n abstrakte Geesdamp in die atmosfeer. Ons sien dus dat ons vir God regtig kan behaag en kwaad maak, soos 'n kind sy natuurlike vader.

**AS GOD NIE PERSOONLIK IS NIE….**

As God nie 'n regte, persoonlike wese is nie, dan is die begrip van geestelikheid moeilik om te aanvaar. As God heeltemal regverdig is, maar nie 'n liggaamlike wese is nie, kan ons nie regtig die openbaring van Sy regverdigheid as menslike wesens begryp nie.

Beide die afvallige Christendom, en die Jodedom het die idee dat God se regverdigheid ons lewens binnekom deur 'n vae "heilige gees", sodat ons op een of ander manier Sy geestelike beeld weergee, en so deur Hom aanvaar word. As ons eers besef dat daar 'n persoonlike wese is wat God genoem word, kan ons werk aan ons eie karakters om met Sy hulp en die invloed van Sy woord, God se karaktertrekke in ons lewens te weerspieël .

God se doel is om Homself te openbaar in 'n menigte verheerlikte wesens. Sy gedenknaam, YAHWEH ELOHIM, dui dit aan. Die naam beteken "Hy wat magtiges sal wees." As God nie 'n persoonlike wese is nie, dan is die beloning van die getroues 'n nie-fisiese bestaan. Maar die beskrywings van die beloning van die getroues in God se komende Koninkryk op aarde wys dat hulle 'n tasbare, liggaamlike bestaan sal hê wat nie meer onderworpe aan die swakheid van die menslike natuur sal wees nie.

Job het uitgesien na die dag wanneer sy liggaam uit die stof sal opstaan (Job 19:25-27). Abraham moet een van die wees wat **"in die stof van die aarde slaap(en ) sal ontwaak ..tot die ewige lewe"** (Daniël 12:2), sodat hy die belofte van 'n ewige erfenis van die land Kanaän kan ontvang - 'n fisiese plek op hierdie aarde (Genesis 17:8).**"Sy gunsgenote sal vrolik jubel……laat hulle jubel op hul bedde……om wraak te oefen onder die heidene" (**Psalm 132:16; 149:5,7**).** Gedeeltes soos die, sowel as die letterlike en fisiese aspek van die beloftes aan Abraham, word deur beide Jood en nie-Jood misgekyk, en dit het gelei tot die verkeerde gedagte dat die mens 'n "onsterflike siel" is.So 'n idee het absoluut geen Bybelse steun nie.

God is 'n onsterflike, glorieryke wese, en Hy werk aan Sy doel om mans en vrouens te roep om in Sy toekomstige Koninkryk op hierdie aarde te lewe en om in Sy eienskappe, geopenbaar in 'n liggaamlike vorm, te deel. Die getroues word belowe dat hulle deelgenote van God se natuur sal word (2 Petrus 1:4).As God nie persoonlik is nie, dan beteken dit dat ons vir ewig sal lewe as onstoflike geeste. Maar dit is nie wat die Bybel leer nie.

Ons sal 'n liggaam gegee word soos die van Jesus (Fillippense 3:21), en ons weet dat hy 'n letterlike liggaam in die Koninkryk sal hê, met hande, oë en ore (Sagaria 13:6; Jesaja 11:3). Die lering van die persoonlikheid van God is derhalwe gekoppel aan die Evangelie van die Koninkryk. Dit moet nou duidelik wees dat daar geen ware konsep van aanbidding, godsdiens of 'n persoonlike verhouding met God kan wees nie tensy ons verstaan dat God wel persoonlik is en dat ons Sy fisiese beeld weerspieël.

Soveel meer sin en bemoediging kan nou verkry word van verse wat praat van God as 'n liefdevolle Vader ,wat ons onderrig soos 'n vader sy seun onderrig (bv.Deuteronomium 8:5). In die konteks van Christus se lyding lees ons **" dit het die HERE behaag om Hom te verbrysel"** (Jesaja 53:10), alhoewel hy **"tot God geroep het om hulp; my hulp geroep het in sy ore gekom "** (Psalm 18:7). God se belofte aan Dawid dat een van sy nageslag God se seun sou wees, het die wonderbaarlike geboorte van 'n mens geverg ; as God nie persoonlik was nie, sou Hy nie so 'n seun kon hê nie.

'n Korrekte begrip van God is 'n sleutel wat soveel ander belangrike areas van Bybellering ontsluit . Maar soos een leun tot 'n ander lei, so vertroebel 'n valse voorstelling van God die waarheid wat die Skriftuur vir ons gee. As u hierdie afdeling oortuigend gevind het, ontstaan die vraag: " Ken u regtig vir God?" Ons sal nou verder kyk na wat die Bybel oor Hom leer.

## 1.3 GOD SE NAAM EN KARAKTER

As daar 'n God is, is dit redelik om te aanvaar dat Hy 'n manier bedink het om vir ons van Homself te vertel. Ons glo dat die Bybel God se openbaring aan die mensdom is en dat Hy Sy karakter daarin bekend maak . Dit is

hoekom die woord van God beskryf word as Sy "saad", (1 Petrus1:23), want as dit op ons verstand inwerk, word 'n nuwe mens van binne gevorm wat dan die karaktertrekke van God het (Jakobus 1:18; 2 Korinthiërs 5:17).

Dus, hoe meer ons God se woord in ons lewens toepas en die lesse daarin aanwend , hoe meer sal ons "gelykvormig wees aan die beeld van sy Seun"( Romeine 8:29), wat in karakter die perfekte beeld van God was (Kolossense 1:15). Hierin lê die waarde daarvan om die historiese gedeeltes van die Bybel te bestudeer; daar is vele voorbeelde van hoe God met mense en nasies werk. In Hebreeus het 'n persoon se naam dikwels hulle karakter, of informasie oor hulle, weerspieël. Hier is goeie voorbeelde:

Jesus = Verlosser **- "want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos"** (Mattheüs 1:21).

Abraham = Vader van 'n groot menigte **-"want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies** "(Genesis 17:5).
Eva = Lewe **-"omdat sy moeder geword het van alles wat lewe**"(Genesis 3:20).
Simeon = Hoor **-" die HERE het gehoor dat ek die nie-geliefde is en my hierdie een ook gegee"** (Genesis 29:33).

In die Psalms is daar dikwels die parallel met God self, Sy Naam, Sy woord en dade (Psalm 103:1;105:1;106:1,2,12,13). Dit kan derhalwe verwag word dat God se name en titels vir ons baie informasie oor Hom kan gee. Omdat daar so baie aspekte van God se karakter en doel is, het Hy eintlik meer as een naam.'n Dieper studie van die name van God is raadsaam *na* die doop; wat volg is bloot 'n bekendstelling.

Toe Moses 'n groter kennis van God wou hê om Sy geloof tydens 'n baie traumatise periode in sy lewe te versterk , het 'n Engel geroep: **"HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe, maar nooit ongestraf laat bly nie"**(Eksodus 34:5-7).

Hier is 'n duidelike bewys dat God se name Sy karaktertrekke behels. Die feit dat Hy hierdie name het, is bewys dat God 'n persoonlike wese is - dit is onlogies om te redeneer dat 'n geesdamp hierdie eienskappe kan hê. God

het een spesifieke naam gekies waarby Hy bekend wou wees en onthou wou word deur Sy mense; dit is 'n opsomming ,'n samevatting van Sy doel met die mensdom.

Die Israeliete was slawe in Egipte, en moes herinner word aan God se doel met hulle . Aan Moses is opdrag gegee om vir hulle te sê wat God se naam is, sodat dit sou help om hulle te motiveer om Egipte te verlaat en die reis na die beloofde land te begin (vergelyk 1 Korinthiërs 10:1). Ons moet ook die basiese beginsels van God se naam verstaan voordat ons gedoop word en ons reis na God se Koninkryk begin.

God het vir Israel gesê dat Sy Naam YAHWEH is. Dit beteken " Ek is wat Ek is"of , meer korrek vertaal, "Ek sal wees wie Ek sal wees"( Eksodus.3:13-15). Hierdie naam is toe verder uitgebrei:**"Toe sê God verder vir Moses: Dit moet jy aan die kinders van Israel meedeel; Die HERE, die God van julle vaders, die God van Abraham, die God van Isak en die God van Jakob, het my na julle gestuur. Dit is my Naam vir ewig, en dit is my gedenknaam van geslag tot geslag"** (Eksodus 3:15). God se volle naam is dus "Die HERE God".

Die Ou Testament is hoofsaaklik in Hebreeus geskryf, en dit is onvermydelik dat ons Afrikaanse vertaling baie detail verloor wanneer die Hebreeuse woorde vir "God"vertaal word. Een van die algemene Hebreeuse woorde wat as "God" vertaal word,is "Elohim". Dit beteken "magtiges". God se gedenknaam, die naam waarby Hy wil hê ons Hom moet onthou, is derhalwe **YAHWEH ELOHIM** wat beteken HY WAT OPENBAAR SAL WORD IN 'N GROEP MAGTIGES. Dit is dus God se doel om Sy karakter en Sy wesenlike bestaan in 'n groot groep mense te openbaar. Deur gehoorsaamheid aan Sy woord kan ons *nou* van God se karaktertrekke in onsself ontwikkel.
So kan God homself, in 'n baie beperkte sin, openbaar in die ware gelowiges in hierdie lewe. God se naam is ook 'n voorspelling van die tyd wat kom wanneer die aarde gevul sal word met mense wat soos Hy is, beide in karakter en natuur (vergelyk .2 Petrus1:4). As ons vereenselwig wil wees met God se doel en soos Hy wil word en nie meer sterf nie; as ons vir ewig wil lewe in algehele morele volmaaktheid, dan moet ons onsself vereenselwig met Sy Naam.

Ons doen dit deur gedoop te word in die Naam - Yahweh Elohim (Mattheüs 28:19).Dit maak ons ook afstammelinge ("saad") van Abraham (Galasiërs 3:27-29)  aan wie die ewige erfenis van die aarde gemaak is (Genesis 17:8; Romeine 4:13) - die groep "magtiges" (Elohim) in wie die voorspelling van God se naam vervul sal word. Dit word meer volledig verduidelik in Studie 3.4.

## 1.4 DIE ENGELE

Alles wat ons tot dusver in hierdie studie beskou het, lei ons nou na 'n oorweging van die Engele:

- fisiese, persoonlike wesens
- wat God se Naam dra
- kanale waardeur God se Gees werk om Sy wil uit te voer volgens Sy karakter en doel en Hom daardeur openbaar.

Ons het in Studie 1.3 genoem dat een van die algemeenste Hebreeuse woorde wat as "God" vertaal word, **Elohim** is,'n woord wat eintlik "magtiges" beteken .Hierdie "magtiges", wat God se Naam dra, kan in effek " God " genoem word as gevolg van hulle noue verband met Hom. Hierdie wesens is die Engele.

In Genesis 1, waar ons lees van die skepping van die wêreld, sien ons dat God sekere opdragte uitgespreek het ,**"en dit was so"**. Dit was die Engele wat hierdie opdragte uitgevoer het :**"Loof die HERE, Sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord!"** (Psalm 103:20).

Dit is dus redelik om te aanvaar dat "God" se skeppingswerk eintlik deur die Engele gedoen is. Job 38:4-7 sinspeel ook hierop. Dis nou 'n goeie tyd om die gebeure van die Skepping, soos aangeteken in Genesis hoofstuk1,op te som,:

Dag 1 **"En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig" (v.3)**
Dag 2 **"En God het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees (lug) tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters (op die aarde) en waters (in die wolke)….. en dit was so"(v.6,7)**

Dag 3 **"En God het gesê: Laat die waters onder die hemel hulle op een plek versamel (om oseane te vorm), sodat die droë grond sigbaar word. En dit was so" (v.9)**
Dag 4 **"En God het gesê: Laat daar ligte wees aan die uitspansel van die hemel ….en dit was so" (v.14,15)**
Dag 5 **"En God het gesê : Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg ….. en God het al die lewende wesens *geskape*" (v.20,21)** - m.a.w. **"dit was so"**
Dag 6 **"En God het gesê: Laat die aarde lewende wesens voortbring…… vee, kruipende diere en wilde diere…… en dit was so" (v.24).**

Die mens is ook geskape op die sesde dag **"En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis**"(Genesis 1:26). Ons het kommentaar oor hierdie vers in Studie 1.2 gemaak . Vir nou wil ons net noem dat "God" hier nie net na God Homself in persoon verwys nie - **"Laat ONS die mense maak "** beteken dat hier na meer as een persoon verwys word. Die Hebreeuse woord wat hier as "God" vertaal word, is Elohim, wat "magtiges" beteken, en dit verwys na die Engele.

Die feit dat die Engele ons in hulle beeld geskape het , beteken dat hulle dieselfde liggaamlike voorkoms as ons het . Hulle is derhalwe werklike, tasbare, lewende wesens, wat dieselfde natuur as God het.

**God se Natuur (Goddelike natuur)**

- ♦ God kan nie sondig nie en is volmaak (Romeine 9:14; 6:23 vgl. Psalm 90:2; Mattheüs 5:48; Jakobus 1:13)
- ♦ Kan nie sterf nie, d.w.s. onsterflik (1 Timotheüs 6:16)
- ♦ Is vol krag en energie (Jesaja 40:28).
- ♦ Dit is hierdie natuur of wese van God en die Engele, wat aan Jesus gegee is na sy wederopstanding (Handelinge.13:34; Openbaring 1:18; Hebreërs 1:3). Dit is hierdie natuur wat aan ons belowe is (Lukas 20:35.36; 2 Petrus1:4; Jesaja 40:28 vgl.v 31).

**Menslike Natuur.**

- ♦ Ons word versoek en kan sondig (Jakobus1:13 -15) deur 'n verdorwe verstand (die denke van die vlees ) (Jeremia17:9; Markus 7:21-23)

- ♦ Is verdoem tot die dood d.w.s. dit is sterflik (Romeine 5:12, 17; 1 Korinthiërs 15:22)
- ♦ Het slegs beperkte krag, fisies (Jesaja 40:30) en geestelik (Jeremia10:23).

Dit is die natuur wat alle mense, goed en sleg, nou besit. Die einde van hierdie natuur is die dood (Romeine 6:23). Dit was die natuur wat Jesus gehad het gedurende sy sterflike lewe (Hebreërs 2:14 - 18; Romeine 8:3; Johannes 2:25; Markus 10:18). Dit is jammer dat die Afrikaanse woord "natuur" effens vaag is : ons kan dit gebruik in 'n sin soos "Jan het 'n vrygewige natuur - dit is nie in sy natuur om selfsugtig te wees nie". Dit is nie hoe ons die woord "natuur" in hierdie studies gebruik nie.

## DIE VERSKYNING VAN ENGELE

Omdat die Engele dieselfde natuur as God het, moet hulle sondeloos, en derhalwe onsterflik wees, aangesien sonde die dood bring (Romeine 6 : 23). Hulle moet 'n werklike, fisiese bestaan hê. Dit is die rede waarom Engele soos gewone mense gelyk het wanneer hulle op aarde verskyn het.

Engele het na Abraham gekom om God se woorde aan hom mee te deel; hulle word beskryf as "drie manne", vir wie Abraham aanvanklik soos mense behandel het, omdat hulle so voorgekom het : **"Laat hulle tog 'n bietjie water bring, en was u voete, en lê en rus onder die boom"** (Genesis 18:4).

Twee van hierdie Engele is toe na Lot toe in die stad Sodom. Weereens is hulle as mense aangesien deur sowel Lot as die inwoners van Sodom. "Die twee engele het in die aand in Sodom aangekom", en Lot het hulle genooi om die nag by hom deur te bring. Maar die mense van Sodom het na sy huis gekom en op 'n dreigende manier gevra : "Waar is die manne wat vannag na jou gekom het?"

Lot het gepleit, "Moet niks aan hierdie manne doen nie." Die geïnspireerde woord noem hulle ook "manne" : "die manne (engele) het hulle hand uitgesteek" en vir Lot gered; **"en die manne het vir Lot gesê ..... die HERE het ons gestuur om dit (Sodom) te verwoes"** (Genesis 19:1,5,8,10,12,13).

Die Nuwe Testament verwysing na hierdie insidente bevestig dat Engele die gestalte van mense het : **"Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige (bv. Abraham en Lot), sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg"** (Hebreërs 13:2).

- Jakob het heel nag met 'n man geworstel (Genesis 32:24), en ons word later vertel dat dit 'n Engel was (Hosea 12:5).

- Twee manne in blink klere was teenwoordig met die opstanding (Lukas 24:4) en hemelvaart (Handelinge 1:10) van Jesus. Dit is duidelik dat hulle Engele was.

## ENGELE SONDIG NIE

Omdat die Engele dieselfde natuur as God het, kan hulle nie sterf nie. En omdat sonde die dood bring, volg dit dat hulle nie kan sondig nie.

Die oorspronklike Griekse en Hebreeuse woorde wat as "engel" vertaal word, beteken "boodskapper"; die engele is die boodskappers of dienaars van God, gehoorsaam aan Hom. Dit is dus onmoontlik om aan hulle te dink as sondige wesens. Die Griekse woord "aggelos" wat as "engele" vertaal word, word ook vertaal as "boodskappers" wanneer van menslike wesens gepraat word - bv. Johannes die doper (Mattheüs 11:10) en sy boodskappers (Lukas 7:24); die boodskappers van Jesus (Lukas 9:52) en die spioene na Jerigo (Jakobus 2:25). Dit is natuurlik moontlik dat "engele", in die sin van *menslike* boodskappers, kan sondig.

Die volgende skrifgedeeltes wys duidelik dat al die Engele (en nie net sommige van hulle nie!) van nature gehoorsaam is aan God, en dus nie kan sondig nie:

**"Die HERE het Sy troon in die hemel gevestig, en Sy koninkryk heers oor alles** (m.a.w. daar kan geen opstanding teen God in die hemel wees nie). **Loof die HERE, sy engele, kragtige helde wat sy woord volbring, in gehoorsaamheid aan die stem van sy woord! Loof die HERE, *al* sy leërskare, sy dienaars wat sy welbehae doen!"** (Psalm 103:19-21).

**"Loof Hom, *al* sy engele, loof Hom, *al* sy leërskare"** (Psalm 148:2).

**"Die engele…..is hulle nie *almal* dienende geeste wat vir diens uitgestuur word ter wille van die (die gelowiges) wat die saligheid sal beërwe nie?"**(Hebreërs 1:13,14).

Die herhaling van die woorde "al" en "almal" wys dat die Engele nie in twee groepe verdeel kan word - die een goed en die ander sondig - nie. 'n Duidelike begrip van die natuur van die Engele is belangrik, omdat die beloning van die gelowige is om deel te hê aan daardie natuur : **"Die wat waardig geag word .... trou nie... en kan ook nie meer sterwe nie, want hulle is soos die engele"** (Lukas 20:35,36).

Dit is 'n uiters belangrike punt om te verstaan. Engele kan nie sterf nie. As Engele kon sondig, dan sal dié wat waardig gevind en beloon word wanneer Christus terugkom, ook nog kan sondig. Aangesien sonde die dood bring (Romeine 6:23), sal hulle dus nie die ewige lewe kan hê as daar die moontlikheid is dat hulle kan sondig nie.

Om dan te sê dat Engele kan sondig, maak God se belofte van die ewige lewe sinneloos, siende dat ons beloning is om deel te hê aan die Engele se natuur. Die verwysing na "die engele" (Lukas 20:35,36) wys dat Engele nie in kategorieë van goed en kwaad verdeel kan word nie; daar is net een klas of kategorie van Engele.

As Engele kon sondig, dan kan God nie regverdig optree in ons lewens nie, siende dat Hy verklaar het dat Hy deur Sy "engele" werk (Psalm 103:19-21).
Dat hulle ongehoorsaam aan Hom kan wees is dus 'n onmoontlikheid. Die Christen moet elke dag bid dat God se Koninkryk aarde toe moet kom, sodat Sy wil hier gedoen word soos dit in die hemel geskied (Mattheüs 6:10). As God se Engele moes meeding met sondige Engele in die hemel, dan kon Sy wil nie ten volle daar gedoen word nie, en derhalwe sou dieselfde situasie in God se toekomstige Koninkryk heers.Om vir ewig te leef in 'n wêreld wat bestaan uit 'n stryd tussen die sonde en gehoorsaamheid, is skaars 'n bemoedigende vooruitsig, maar dit is natuurlik nie die geval nie.

## ENGELE EN GELOWIGES

Daar is goeie rede om te glo dat elke ware gelowige Engele het - moontlik een besondere een - wat hulle in hulle lewens help:

- **"Die Engel van die HERE trek 'n laer rondom die wat Hom vrees, en red hulle uit"** (Psalm 34:8).

- Die vroeë Christene het duidelik geglo dat Petrus 'n beskermengel gehad het (Handelinge. 12:14,15).

- Die Israeliete is, nadat hulle deur die Rooi See gegaan het, deur 'n Engel in die wildernis na die beloofde land gelei. Die tog deur die Rooi See verteenwoordig die doop in water (1 Korinthiërs.10:1,2), en so is dit dan nie onredelik om te aanvaar dat ons ook deur 'n Engel gelei en gehelp word in ons reis deur die wildernis van die lewe na die beloofde land van God se Koninkryk nie.

As Engele kan sondig, dan word sulke beloftes van Engele wat ons lewe beïnvloed en oor ons waak 'n vloek in plaas van 'n seën.

Ons het dus gesien dat Engele wesens is ….

- met God se ewige natuur en liggaamlike voorkoms
- wat nie kan sondig nie
- wat God se bevele altyd uitvoer
- en wat die kanale is waardeur God se gees (Sy krag) praat en werk (Psalm 104:4).

Maar? Baie "Christen" kerke het die idee dat Engele kan sondig, en dat daar nou sondige Engele bestaan wat verantwoorderlik is vir sonde en probleme op aarde. Ons sal hierdie foutiewe siening meer volledig in Studie 6 bespreek. Vir nou wil ons die volgende punte maak:

- Daar kan geen sondige wesens in die Hemel wees nie, aangesien God **"te rein is van oë om die kwaad aan te sien"** (Habakuk. 1:13).

Net so verklaar Psalm 5:5,6: **"Die kwaaddoener sal by U nie vertoef nie. Die onsinniges sal voor U oë nie standhou nie."** In

die Hemel, God se woonplek, bestaan geen kwaad nie. Die idee dat daar 'n opstand in die hemel teen God kon wees deur sondige Engele, is heeltemal teenstrydig met die indruk wat 'n mens van hierdie verse kry.

- Die Griekse woord wat as "Engel" vertaal word, beteken "boodskapper" en kan verwys na mense, soos ons gewys het. Sulke menslike "boodskappers" kan natuurlik sondig.

- Dat daar goddelose,sondige hemelwesens is waarop die blaam vir al die negatiewe aspekte van die lewe geplaas kan word, is 'n algemene geloof van die heidendom.

- Daar is bitter min Skrifgedeeltes wat misverstaan kan word om die gedagte van sondige Engele te steun. Hulle moet egter in konteks gelees word. Logiese verduidelikings, gegrond op die Skrif en in harmonie met die fundementele Bybelleerstellings soos hierbo uiteengesit, kan vir hierdie verse gegee word.

## INSET 1: "GOD IS GEES" (JOHANNES 4:24)

In Studie 2 kyk ons dieper na wat God se Gees is.Let op die verskil : God is Gees, nie God is 'n Gees nie; want Sy Gees weerspieël Sy persoonlikheid. God word as verskillende dinge beskryf, byvoorbeeld:

- **"Onse God is 'n verterende vuur** (Hebreërs 12:29)
- **"God is lig"** (1 Johannes 1:5)
- **"God is liefde"** (I Johannes 4:8)
- **"Die woord** (Grieks "logos"- plan, doel, gedagte) **was God** (Johannes 1:1).

Dus, God is Sy karaktertrekke. Dit is duidelik verkeerd om te redeneer dat God die abstrakte kwaliteit, liefde is, net omdat ons lees "God is liefde".Ons kan van iemand praat as die "goedheid self", maar dit beteken nie dat hulle fisies nie bestaan nie- dit is die gedrag van hulle letterlike bestaan wat goedheid openbaar.

Omdat die Gees God se krag is, lees ons dikwels dat God Sy Gees stuur of gebruik om Sy wil te doen. Om te sê dat God Sy Gees is, in 'n blote letterlike sin, is verkeerd- dit ontken God se bestaan. Voorbeelde van hoe God Sy Gees gebruik is baie, en dit wys dat God se Gees deel van Hom is.

- **"Waar is Hy (God) wat sy Heilige Gees in hulle midde gegee het?"** (Jesaja 63:11)
- **"Ek (God) sal my Gees op Hom (Jesus) lê** "(Mattheüs 12:18)
- **"Hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan die wat Hom bid**?"(Lukas 11:13)
- **"Ek het die Gees soos 'n duif uit die hemel sien neerdaal"** (Johannes 1:32)
- **"Ek (God) sal van my Gees uitstort op alle vlees"(Handelinge 2:17).**

Die talle verwysings na "die Gees ***van*** God" moet opsig self genoeg bewys wees dat die Gees nie God persoonlik is nie.Hierdie verskille tussen God en Sy Gees is 'n ander probleem vir die wat glo dat God 'n "drie-eenheid" is, wat God die Vader gelyk maak met Jesus en die Heilige Gees. As dit waar sou wees, en God dan nie-persoonlik is, dan moet dit volg dat Jesus ook nie 'n letterlike wese was of is nie.

'n Baie belangrike punt is ook dat 'n nie-persoonlike God gebed sinneloos maak. Dit sal van gebed 'n dialoog maak tussen ons bewustheid en 'n konsep van God wat net in ons eie gedagtes bestaan.
Ons word aanhoudend daaraan herinner dat ons tot 'n God bid wat 'n fisiese plek in die Hemel het (Prediker 5:1; Mattheüs 6:9; 5:16;1 Konings 8:30) ; dat Jesus nou aan God se regterhand is om vir ons in God se teenwoordigheid te verskyn (1 Petrus 3:22; Hebreërs 9:24) As God nie persoonlik is nie, dan is hierdie skrifgedeeltes sonder betekenis. As ons eers verstaan dat God 'n fisiese, liefdevolle Vader is, dan word ons gebede na Hom iets werkliks- ons praat dan letterlik met 'n ander Wese wat gewillig, en in staat is, om te reageer.

## INSET 2: DIE GEBRUIK VAN GOD SE NAAM.

Ons het gesien dat God se Naam en dié van Sy Seun Jesus, 'n baie diep betekenis het.Wanneer ons van "God" praat, raak ons aan elke aspek van

Sy wonderlike doel van liefde en waarheid. Om dan God se Naam ydelik te gebruik, as 'n kragwoord of as 'n uiting van ergernis, is dus een van die beledigendste dinge wat 'n mens aan sy Skepper kan doen. Vir hierdie rede sal elkeen wat God wil behaag en eer sorg dat God se Naam nooit ligtelik gebruik word nie.

In so baie gemeenskappe regoor die wêreld is hierdie soort godslastering 'n normale deel van moderne taalgebruik, en om weg te breek van wat dalk 'n ou gewoonte geword het, is nooit maklik nie. As ons vir God opreg vra om ons hiermee te help, sal Hy dit sekerlik doen. Mense binne ons gesag en invloed, (bv. kinders), moet herinner word aan die erns van godslastering: "**Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydelik gebruik nie, want die HERE sal die een wat Sy Naam ydelik gebruik nie ongestraf laat bly nie**"(Deuteronomium 5:11).

Aan die ander kant is daar die mense wat daarop aandring, dat, tensy ons te alle tye die Hebreeuse woorde Yahweh of Jehovah gebruik(verskillende maniere waarop dieselfde woord uitgepreek kan word), wanneer van God gepraat word, ons ernstig fouteer.

Aan die voorpunt van sulkes is die "Watchtower Society", wat aandring daarop dat 'n Christen homself 'n "Jehovah se Getuie" noem, anders kan hy geen verhouding met God hê nie. Deur dit te doen gebruik hierdie mense God se heilige en wonderbaarlike Naam om te wys dat hulle 'n soort geestelike elite is, en sien hulle neer op ander. Daar is geen spesifieke bevel in die Nuwe Testament oor wat gelowiges hulleself as 'n gemeenskap moet noem nie. Petrus praat van 'n gelowige as 'n "Christen" eerder as 'n "Jehovah - man" of iets dergeliks (1 Petrus 4:16).

Ander name wat die vroeë gemeenskap van Christen gelowiges hulself genoem het, sluit nie die "Jehovah" naam in nie:

- **"Die burgerskap van Israel"** (Efesiërs 2:12)
- **"Die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes"** (Hebreërs 12:23)
- **"Die gemeente van God "** (Handelinge 20:28)
- **"Die gemeente van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid"** (1 Timotheüs 3.:15)
- **"Die huis van God"** (1Timotheüs 3:15).

Dit kan terloops genoem word dat die gelowiges hulleself nie "Christene" genoem het nie; dit was 'n neerhalende term wat deur hulle vyande aan hulle gegee is, en wat "Hierdie Christus-mense" beteken.

## INSET 3 GOD MANIFESTASIE.

Wat volg sal nie maklik wees om tenvolle te begryp wanneer dit vir die eerste keer gelees word nie, maar die belangrikheid van die onderwerp sal besef word namate u studies vorder. Ons sluit dit hier in sodat u 'n beter insig kan hê oor die Bybel se openbaring van God.

God se naam kan gedra word deur enigiemand wat Hy kies om Homself te verteenwoordig (manifesteer), of te openbaar. So kan mense en Engele, so wel as Jesus, God se Naam dra. Hierdie is 'n belangrike beginsel wat so veel van die Bybel vir ons ontsluit. 'n Seun mag sy vader se naam dra; hy kan sekere ooreenkomste met sy vader hê en kan selfs dieselfde voornaam hê**-** maar hy is nie een en dieselfde persoon as sy vader nie. Net so kan die verteenwoordiger van 'n maatskappy namens die maatskappy praat. Hy kan iemand skakel en sê, "Hallo, Toyota hier"; hy is nie Mnr. Toyota nie, maar hy dra die naam omdat hy namens hulle werk.

### ENGELE WAT GOD SE NAAM DRA

Ons lees in Eksodus 23:20,21 dat God vir die mense van Israel gesê het dat 'n Engel hulle sou vooruitgaan; **"My Naam is in Hom"** het Hy gesê. Die persoonlike naam van God is "Yahweh". Die Engel het dus die naam van "Yahweh" gedra, en kon derhalwe "Yahweh" genoem word ( "die HERE", in hoofletters, soos die woord "Yahweh" in ons Afrikaanse Bybel vertaal word.) Ons word vertel in Eksodus. 33:20 dat geen mens God se aangesig kan sien en bly lewe nie; maar in Eksodus 33:11 lees ons dat "**Die HERE (Yahweh) met Moses van aangesig tot aangesig soos 'n man met sy vriend spreek"** -m.a.w. op 'n ontspanne, vriendelike manier.

Dit kon nie die HERE, Yahweh, self in persoon gewees het nie, want geen mens kan vir God self sien nie. Dit was 'n Engel wat God se naam gedra het. En so lees ons van die HERE wat met Moses van aangesig tot aangesig gepraat het, toe dit in werklikheid 'n Engel was (Handelinge 7:30-33).Daar is baie ander voorbeelde van waar die woorde "God" en "HERE" na die

Engele verwys, en nie na God self nie. Een goeie voorbeeld is Genesis 1:26: **"En God het gesê:Laat Ons mense maak na ons beeld. "**

**MANS MET GOD SE NAAM**

Een van die Skrifgedeeltes wat baie help om dit te verstaan is Johannes 10:34-36.Hier het die Jode dieselfde fout gemaak as wat baie Christene vandag maak. Hulle het gedink Jesus sê hy is God self. Maar Jesus het hulle tereggewys deur te sê, **"Is daar nie in julle wet geskrywe: Ek het gesê, julle is gode nie? As dit *hulle* gode noem…..sê julle vir Hom (Jesus)……U spreek godslasterlik - omdat Ek gesê het: Ek is die Seun van God?"**

Wat Jesus eintlik gesê het, was :"In die Ou Testament word *mense* "gode" genoem; al wat ek sê is dat ek die *Seun* van God is; waarom is julle so ontstel?" Jesus het in werklikheid aangehaal uit Psalm 82, waar die leiers van Israel "gode" genoem is.

**JESUS EN DIE NAAM VAN GOD**

Dit is nie verbasend nie dat Jesus, die Seun van God en Sy hoogste openbaring aan die mens, ook God se Naam dra. Hy kon sê :**"Ek het gekom in die Naam van my Vader"** (Johannes 5:43). As gevolg van sy gehoorsaamheid, het Jesus opgevaar na die Hemel en het God **"Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is", -** die naam Yahweh (Fillippense 2:9). Dit is hoekom ons in Openbaring 3:12 lees dat Jesus sê, **"Ek sal op Hom (die gelowige) die Naam van my God skrywe…. En my nuwe Naam".**

Met die oordeel sal Jesus vir ons God se naam gee: dan sal ons die Naam van God ten volle dra. Hy noem hierdie naam, "My nuwe Naam". Onthou, Jesus het die boek Openbaring gegee 'n aantal jare na sy hemelvaart, en nadat hy God se Naam, soos verduidelik in Fillippense 2:9, ontvang het. Hy kan dus van God se naam praat as "My nuwe Naam"; die naam wat hy toe net ontvang het. Nou kan ons Jesaja 9:5 behoorlik verstaan, waar ons die volgende vertel word van Jesus : **"Hy word genoem : Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors….."**

Hierdie is 'n voorspelling dat Jesus *al* God se name sal dra - dat hy die totale manifestasie of openbaring van God aan ons sal wees. Dit is in die lig hiervan dat hy Emmanuel, (wat "God is met ons" beteken) genoem word, ofskoon hy nie persoonlik God was nie.

## **STUDIE 1:**
## **VRAE**

1. Wat sal die meeste help om ons geloof in God te ontwikkel?
   a) Deur kerk toe te gaan
   b) Biddende Bybelstudie
   c) Om met Christene te praat
   d) Deur na die natuur te kyk.
2. Watter van die volgende is die mees korrekte definisie van God ?
   a) Net 'n idee in ons gedagte
   b) 'n Gees in die atmosfeer
   c) Daar is nie 'n God nie
   d) 'n Regte,materieële persoon.

3. Is God
   a) 'n Eenheid
   b) 'n Drie-eenheid
   c) Baie gode in een
   d) Onmoontlik om op enige manier te definieer?

4. Wat beteken God se Naam "Yahweh Elohim"?
   a) Hy wat sal wees
   b) Hy wat openbaar sal wees in 'n groep magtiges
   c) 'n Magtige een
   d) Krag.

5. Wat beteken die woord "Engel"?
   a) Soos 'n mens
   b) Met vlerke bedek
   c) Boodskapper
   d) Assistant.

6. Kan Engele sondig?

7. Wat oortuig U die meeste dat daar 'n God is?

# Bybel Beginsels

# Studie Twee

# Die Gees van God.

## 2.1 Die Gees van God : Definisie

Dit is te verwagte dat God 'n wyse sal hê waarop Hy Sy begeertes en gevoelens met ons, Sy kinders, sal wil deel. Hy sal ook in ons lewens optree op 'n manier wat konsekwent is met Sy karakter. God doen al hierdie dinge deur Sy "gees". As ons God wil ken en 'n aktiewe verhouding met Hom wil hê, is dit nodig om te weet wat hierdie "gees" van God is en hoe dit werk.

Dit is nie maklik om presies te definieer wat die woord "gees" beteken nie. As U byvoorbeeld na 'n troue toe gaan sal U dalk opmerk "daar het 'n goeie gees geheers". Hiermee sou U bedoel dat die atmosfeer goed was, almal was goed geklee, die mense was gaaf teenoor mekaar, die bruid het pragtig gelyk, ens. Al die verskeie aspekte het die "gees" van die troue bepaal. So som die "gees" van God in 'n sekere mate alles oor Hom op.

Die Hebreeuse woord wat as "gees" in die Ou Testament vertaal is beteken streng gesproke "asem" of "krag". Dus is God se "gees" Sy asem, wat Sy denke, doel en wese reflekteer. Ons sal voorbeelde gee van hoe die woord "gees" gebruik word t.o.v. iemand se denke of sy geneentheid in studie 4.3.

Dit is 'n algemene lering dat 'n mens se denke in sy optrede gewys word (Spreuke 23:7; Mattheüs 12:34) - 'n nabetragting oor ons eie aksies sal dit bevestig. Ons dink aan iets en doen dit dan. Ons "gees" of denke mag dink aan die feit dat ons honger is en kos verlang. Ons sien 'n appel in die kombuis – die begeerte van die "gees" word omgeskakel na aksie – ons neem die appel en eet dit.

Hierdie eenvoudige voorbeeld wys hoekom die Hebreeuse woord vir "gees" beide asem en denke en ook krag kan beteken. Ons "gees" is essensieel ons, dit verwys na ons denke en geaardheid, en dus ook na aksies wat ons uitvoer om uiting aan daardie denke te gee.

God se gees is dieselfde maar op 'n baie groter, glorieryke skaal - dit is die krag waardeur Hy Sy essensiële wese, Sy doel en Sy geaardheid openbaar. God dink en doen dus dinge: **"Waarlik, soos Ek gedink het, so gebeur dit; en soos Ek besluit het, kom dit tot stand"** (Jesaja 14:24).

## DIE KRAG VAN GOD

Baie skrifgedeeltes identifiseer duidelik God se gees met Sy krag. Ten einde die heelal te skape het die "gees van God" op die waters gesweef. En God het gesê "Laat daar lig wees en daar was lig" (Genesis 1:2,3).

God se gees was die krag waardeur alle dinge gemaak was.

- Job 26:13 **"Deur sy asem(gees) word die hemel helder; sy hand het die vinnige slang deurboor."**
- Psalm 33:6 **"Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër."**

God se gees word dus beskryf as Sy asem, Sy Woord, Sy hand. Dit is dus deur God se krag dat Hy alles vermag. So word gelowiges dan wedergebore deur God se wil (Johannes 1:13), wat deur Sy gees geskied (Johannes 3:3-5). God se wil word deur Sy gees tot aksie oorgesit. As daar gepraat word van die algehele natuurlike skepping lees **ons "U stuur u Gees uit, hulle**

**word geskape; en U maak (daardeur) die gelaat van die aarde nuut"** (Psalm 104:30).

Hierdie gees (krag) is ook dit wat alles onderhou. Dit is maklik om te dink dat die lewe voort gaan sonder die aktiewe invloed van God se gees. Job, 'n man wat moeg geraak het vir hierdie lewe, was hieroor herinner: **"As Hy op Homself ag sou gee, sy Gees en sy asem na Hom sou terugtrek, dan sou alle vlees tesame die asem uitblaas en die mens sou tot stof terugkeer"** (Job 34:14,15). Toe Dawid 'n tyd van depressie moes oorkom, vra hy God om aan te hou om hom met Sy gees te onderskraag (Psalm 51:14).

Ons sal in studie 4.3 sien dat die gees wat aan ons gegee is, ons lewe onderhou. Ons het die asem van die lewensgees in ons (Genesis 7:22) en dit is aan ons gegee deur God met geboorte (Psalm 104:30; Genesis 2:7). Dit maak dus God die "God van die geeste van alle vlees" (Numeri 27:16 vergelyk Hebreërs 12:9).

Omdat God die lewenskrag is wat die hele skepping onderhou, is Sy gees oral teenwoordig. Dawid het erken dat God deur sy Gees altyd met hom was waar hy ook al gegaan het, en dat God deur Sy gees (krag) elke deel van Dawid se denke en gedagtes kon ken. God se gees is dus die wyse waarop Hy oral teenwoordig is, alhoewel Hy fisies en persoonlik in die hemel woon. **" U ken my sit en my opstaan; U verstaan van ver my gedagte . . . Waar sou ek heengaan van u Gees en waarheen vlug van u aangesig?. . .  Neem ek die vleuels van die dageraad, gaan ek by die uiteinde van die see woon, ook daar sou u hand my lei en u regterhand my vashou"** (Psalm 139:2,7,9,10).

Die regte insig oor hierdie onderwerp openbaar God aan ons as 'n magtige, aktiewe wese. Baie mense het groot geword met 'n vae "geloof" in God, terwyl "God" in werklikheid net 'n abstrakte konsep in hulle denke is. 'n Insig oor die ware God en Sy werklike alomteenwoordigheid deur Sy gees kan ons perspektief op die lewe totaal verander.

Ons word omring deur God se gees en sien telkens die werke daarvan wat God aan ons openbaar. Dawid het die bemoediging hiervan wonderlik gevind … **"Om dit te begryp, is te wonderbaar vir my, te hoog: ek kan daar nie by nie"** (Psalm 139:6). Verantwoordelikheid gaan egter gepaard

met sulke kennis; ons moet aanvaar dat ons denke totaal aan God bekend is. Wanneer ons ons posisie voor hom in oënskou neem, veral voor ons gedoop wil word, moet ons hierdie feit in gedagte hou. God se woorde aan Jeremia is ook op ons van toepassing: **"Sou iemand hom in skuilplekke kan wegsteek dat Ek hom nie sien nie? spreek die HERE. Vervul Ek nie die hemel en die aarde nie? spreek die HERE"** (Jeremia 23:24).

**DIE HEILIGE GEES.**

Ons het gesien dat God se gees 'n baie omvattende begrip is om te verstaan. Dit is Sy denke, Sy geaardheid en ook die krag waardeur Hy Sy denke tot aksie omsit. **"Want soos hy in sy siel bereken, so is hy… "** (Spreuke 23:7). Hierdie beginsel geld veral t.o.v. God. God, Sy denke, en in die sin ook Sy gees is dus een (Johannes 4:24), alhoewel dit nie beteken dat God nie 'n persoonlike wese is nie (sien Inset 1).

Om ons te help om hierdie moeilike konsep van God se gees beter te begryp, lees ons soms van Sy "Heilige Gees". Hierdie term word byna eksklusief in die Nuwe Testament gevind. Die Heilige Gees is gelykstaande aan die Ou Testament term "die Gees van God" of "die Gees van die Here".

Die Heilige Gees is dus 'n ander benaming vir die Gees van God. Die Heilige Gees bly dus God s'n, iets wat van Hom afkomstig is en aan Hom behoort. Dit is duidelik uit skrifgedeeltes soos Handelinge 2, wat die uitstorting van die Heilige Gees oor die apostels tydens Pinkster beskryf. Petrus verduidelik dan dat dit 'n vervulling was van die profesie van Joël. In hierdie profesie word dit beskryf as die uitstorting van "**my** (God se) Gees" (Handelinge 2:17).

In Lukas 4:1 lees ons dat Jesus, gevul met die Heilige Gees, teruggekeer het van die Jordaan en later in dieselfde hoofstuk sê Jesus dit is die vervulling van Jesaja 61:1: **"Die Gees <u>van</u> die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur…."** In beide gevalle (soos in baie ander) word die Heilige Gees gelyk gestel aan die "Gees **van** God." waarvan ons so baie in die Ou Testament lees. Let ook op hoe die Heilige Gees gelyk gestel word aan die krag van God in die volgende versgedeeltes:

**;"… Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu….." *(*Lukas 1:35).

**".....die krag van die Heilige Gees! . . . deur die krag van tekens en wonders, deur die krag van die Gees van God, " (**Romeine 15:13,19) .

**"Want ons evangelie het tot julle nie gekom in woord alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees .."** (1 Thessalonicense 1:5).

Die belofte van die Heilige Gees aan die dissipels sou maak dat hulle **" toegerus is met krag uit die hoogte"** (Lukas 24:49).

Jesus self *is***"gesalf met die Heilige Gees en met krag"** (Handelinge 10:38).

Paulus se prediking het gepaard gegaan met vertonings van God se krag**:" en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag"** (1 Korinthiërs 2:4).

## 2.2. INSPIRASIE

Ons het God se gees gedefinieer as Sy krag, denke, en geaardheid wat Hy openbaar deur die werke wat Hy uitvoer. Ons het in die vorige hoofstuk genoem hoe die werk van God se Gees gesien is in die skepping**: "Deur sy asem(Gees) word die hemel helder;…"** (Job 26:13)*;* **"die Gees van God het gesweef op die waters"** (Genesis 1:2).

Ons lees egter ook **"Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak"** (Psalm 33:6). Dit stem ooreen met Genesis wat sê "en God het gesê" dinge moet geskep word en toe gebeur dit. God se gees word dus baie in sy woord weergegee –net soos ons woorde ons innerlike gedagtes en begeertes akkuraat weergee. Jesus wys die volgende uit: **. " uit die oorvloed van die hart praat die mond"** (Mattheüs 12:34). As ons dus ons woorde wil beheer moet ons eerstens aan ons gedagtes werk.

God se woord is 'n weerspieëling van Sy gees of denke. Dit is 'n seëning dat ons God se woord in die Bybel opgeteken vind sodat ons Sy gees of denke kan verstaan. God het hierdie wonderwerk, om sy Gees in die geskrewe woord uit te druk, bereik deur 'n proses van INSPIRASIE. Hierdie woord is juis afkomstig van die Engelse woord "INSPIRATION" wat weer die engelse woord vir gees, nl. "SPIRIT", as basis het. Derhalwe is die woorde wat die skrywers van die Bybel geskryf het onder inspirasie van God gewees - die woorde wat God se gees was.

Paulus het Timotheüs aangemoedig om nie sy bekendheid met die Skriftuur toe te laat om te vergeet dat dit die woorde van God se gees is nie, en dat alles dus voorsien is wat ons nodig het om 'n ware kennis van God te bekom : **" en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus"** (2 Timótheüs 3:15-17).

As die geïnspireerde Skrif so 'n totaliteit van kennis kan voorsien, is dit nie nodig dat 'n "innerlike lig" ons die waarheid oor God moet wys nie. Hoeveel keer praat mense nie egter van hulle persoonlike gevoelens en ervaringe as bron van hulle kennis van God nie?! As 'n aanvaarding in geloof van God se geïnspireerde woord genoeg is om iemand totaal toe te rus in sy Christen lewe, is daar geen nodigheid vir enige ander krag van geregtigheid in ons lewens nie.

As daar so 'n nodigheid was, beteken dit dat God se woord ons nie volledig toegerus het nie – maar Paulus het belowe dit sal. Om die Bybel in ons hand te hou en te glo dat dit werklik die Woord van God (Sy gees) is, verg heelwat geloof. Die Israeliete was redelik geïnteresseerd in wat God se woord te sê gehad het, net soos baie "Christene" vandag. Ons moet almal Hebreërs 4:2 ernstig betrag **: " Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle; maar die woord van die prediking het hulle nie gebaat nie, omdat dit by die hoorders nie met die geloof verenig was nie."**

Dit is baie meer aantreklik om 'n geestelike kort pad te vat in plaas daarvan om 'n volle geloof in die krag van God se geesgevulde woord te openbaar.

Hierdie kort pad is om te redeneer dat 'n krag van geregtigheid skielik op ons neerdaal, eerder as om die pyn van 'n doelbewuste gehoorsaamheid aan God se Woord, waardeur God se gees werklik ons harte beïnvloed, te ervaar. Hierdie onwilligheid om die enorme geestelike krag van God se Woord te aanvaar het menige "Christene" laat twyfel of die Skriftuur wel ten volle deur God geïnspireer is.

Sommige stel selfs voor dat baie gedeeltes in die Bybel slegs die opinies van wyse ou manne is. Petrus weerspreek egter duidelik sulke ongegronde menings :- **"En ons het die profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die morester opgaan in julle harte; terwyl julle veral dít moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek"** (2 Petrus 1:19-21).

Ons moet, bo alles, glo dat die hele Bybel geïnspireer is. Dit is om hierdie rede dat ons dit 'n fundamentele klousule van die Christadelphian Geloofsverklaring gemaak het.

## DIE SKRYWERS VAN DIE BYBEL

'n Vaste geloof in die totale inspirasie van die Skrif is uiters belangrik. Die skrywers van die Bybel was onweerstaanbaar deur die gees wat hulle geïnspireer het meegevoer, en sodoende was hulle woorde nie hul eie nie. Dit is nie verbasend dat die Woord van God, wat die waarheid is (Johannes 17:17), teregwys en weerlê (2 Timótheüs 3:16,17), nie by baie populêr is nie, aangesien die waarheid seermaak.

Die profeet Jeremia het baie teenstand verduur omdat hy woorde wat deur God geïnspireer is gespreek het. Hy het hom toe voorgeneem om nie die woorde wat aan hom gegee was neer te skryf of bekend te maak nie. Aangesien die skryf van God se Woord die resultaat van God se wil is, eerder as die van menslike begeerte, was Jeremia "meegevoer deur die gees van God" sodat hy geen keuse in die saak gehad het nie. **"HERE, U het my oorgehaal, en ek het my laat oorhaal; U was te sterk vir my en het oorwin; ek was 'n belagging die hele dag, almal saam spot met my . . .En as ek sê: Ek sal aan Hom nie dink nie en in sy Naam nie meer**

**spreek nie, dan word dit in my hart soos 'n brandende vuur, opgesluit in my gebeente. En ek het my moeg gemaak om uit te hou, maar kon nie"** (Jeremia 20:7,9).

So ook het Bileam, toe hy vasbeslote was om Israel te vervloek, hulle eerder geseën omdat die gees van God hom daartoe gedwing het. (Numeri 24:1-13 vergelyk Deuteronomium 23:5).'n Verbasende aantal mans vir wie God gïnspireer het om Sy woord te spreek, het deur tye gegaan waar hulle huiwerig was om dit te doen. Die lys is indrukwekkend:- Moses (Exsodus 4:10) Esegiël (Esegiël 3:14) Jona (Jona 1:2,3) Paulus (Handelinge 18:9) Timotheüs (1 Timotheüs 4:6-14) Bileam (Numeri 22 – 24)

Dit alles bevestig wat ons in 2 Petrus 1:19-21 leer nl. dat God se Woord nie die persoonlike opinie van die mens is nie, maar die gevolg van mense wat geïnspireerd was om neer te skryf wat aan hulle openbaar was. Die profeet Amos sê" **"Die Here HERE het gespreek, wie sal nie profeteer nie?"** (Amos 3:8). As hierdie skrywers net gedeeltelik geïnspireerd was, het ons nie toegang tot die ware Woord of Gees van God nie. As wat hulle geskryf het regtig die Woord van God is, volg dit dat hulle ten volle deur God se gees in besit geneem moes gewees het tydens die periode van inspirasie – andersins sou die eindproduk nie God se reine Woord gewees het nie.

'n Aanvaarding dat God se Woord totaal Sy eie is, gee ons groter motivering om dit te lees en te gehoorsaam : **"U woord is deur en deur gelouter, en u kneg het dit lief"** (Psalm 119:140). Die boeke van die Bybel is dus die werk van Sy gees, eerder as die literatuur van mense. Die waarheid hiervan word gesien in die wyse waarop die Nuwe Testament na die Ou Testament verwys:

- 🕮 (Mattheüs 2:5) **"En hulle het vir hom gesê: Te Betlehem in Judéa, want so is daar deur die profeet geskrywe:"**
- 🕮 (Handelinge 1:16) **"Broeders, hierdie Skrif moes vervul word wat die Heilige Gees voorspel het deur die mond van Dawid aangaande Judas wat die leier was van die wat Jesus gevange geneem het;"**
- 🕮 (Hebreërs 3:7) **"Daarom, soos die Heilige Gees spreek: Vandag as julle sy stem hoor,"**
  (Handelinge 28:25) **" Tereg het die Heilige Gees deur Jesaja, die profeet, tot ons vaders gespreek."**

Die menslike skrywers van die Bybel was derhalwe relatief onbelangrik vir die vroeë Christene; die feit dat hulle woorde deur die Gees van God geïnspireer was, was belangrik. Ons sluit hierdie afdeling af met 'n lys van verse wat wys dat God se Gees aan ons geopenbaar word deur Sy geskrewe woord :

- Jesus sê duidelik : **".. die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe"** (Johannes 6:63); Hy het onder inspirasie van God gepraat (Johannes 17:8; 14:10).
- Ons word beskryf as weergebore deur beide die gees (Johannes 3:3-5) en die woord van God (1 Petrus 1:23).
- **"…. woorde wat die HERE van die leërskare deur sy Gees, deur die diens van die vroeëre profete gestuur het …"** (Sagaria 7:12).
- **" Wend julle tot my teregwysing, dan laat ek my gees vir julle uitstroom, wil ek my woorde aan julle bekend maak"** (Spreuke 1:23). Hierdie vers assosieer 'n ware insig van God se woord met die invloed wat sy Gees op ons het – om die Boek te lees sonder om dit te verstaan is van geen nut nie aangesien die gees / denke van God nie aan ons geopenbaar word nie.

Daar is ooreenkomste tussen God se Gees en Sy Woord in baie skrifgedeeltes:

- (Jesaja 59:21) **"My Gees wat op jou is, en my woorde wat Ek in jou mond gelê het, sal uit jou mond nie wyk nie,"**
- (2Samuel 7:21) **"Ter wille van u woord en volgens u hart (Gees)…"** Sien ook Esegiël 36:27 en Jeremia 31:33.

## DIE KRAG VAN GOD SE WOORD

God se gees verwys nie net na Sy denke of geaardheid nie, maar ook na die krag waardeur  Hy aan daardie gedagtes uitdrukking gee. Dit is dan te verwagte dat Sy gees gevulde woord nie net 'n verklaring van Sy denke is nie, maar dat daar ook 'n dinamiese krag in daardie woorde sal wees. 'n Opregte waardering van hierdie krag behoort ons gretig te maak om dit te gebruik.

Enige gevoelens van verleentheid om dit te doen behoort oorkom te word deur die wete dat gehoorsaamheid aan God se Woord ons die krag sal gee

om uit die nietige dinge van hierdie lewe te styg tot die ewige lewe. Paulus se begrip van hierdie beginsel druk hy as volg uit:

**"Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo,… "** (Romeine 1:16)

Lukas 1:37 beklemtoon dieselfde tema **:"Geen woord van God sal sonder krag (Gees) wees nie."**

Bybelstudie en die toepassing daarvan is dus 'n dinamiese proses. Dit is heel onverwant aan die koue, akademiese benadering van teoloë en ook die "voel goed" Christenskap van menige kerke, waar 'n paar skrifgedeeltes kortliks aangehaal word maar geen moeite gedoen word om hulle te verstaan of toe te pas nie. **"Die woord van God is lewend en kragtig"** (Hebreërs 4:12);. Dit is **"die woord van sy krag"** (Hebreërs 1:3) en **"die woord van God wat ook werk in julle wat glo"** (1 Thessalonicense 2:13). Deur Sy woord is God aktief aan die werk in die denke van ware gelowiges, elke uur van die dag.

Die basiese boodskap van die Evangelie wat U besig is om te leer is dus die ware krag van God. As U dit toelaat kan dit in U lewe werk om U te verander in 'n kind van God wat die gees (denke) van God tot 'n sekere mate in hierdie lewe toon, en U voorberei vir die verandering na God se geestelike natuur met Jesus se wederkoms (2 Petrus 1:4).

Ons word omring deur mense wat 'n semi-geloof in die Bybel as God se Woord het, nieteenstaande hulle aansprake van toegewydheid aan Christus nie. Eweneens maak hulle aanspraak daarop dat hulle in God glo en tog weier hulle om te aanvaar dat Hy werklik 'n persoon is. Deur die totale inspirasie van die Skrif, en die gesag daarvan oor ons persoonlike gevoelens en oortuigings te ontken, ontken hulle God se krag.

Die woorde van 2 Timotheüs 3:5 klink hier bekend**: "'n gedaante van godsaligheid maar die krag daarvan verloën"**, dit is die krag van die Woord van die Evangelie. Ons fundamentalisme word deur die wêreld bespot ("Jy glo die Bybel tog nie so nie, glo jy?!"), en so was dit ook vir Paulus en sy mede verkondigers**."Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God"** (1 Korinthiërs 1:18).

Met dit alles in gedagte, behoort ons eerder ons Bybels in ons hande te hou met 'n selfs groter mate van respek, en dit dan te lees met groter gretigheid om dit te verstaan en te gehoorsaam.

**DIE GESINDHEID VAN GOD SE MENSE TEENOOR SY WOORD**

'n Noukeurige lees van die Bybel wys dat die skrywers daarvan nie net besef het dat hulle geïnspireerd was nie, maar ook dat die ander skrywers geïnspireerd was. Die Here Jesus is 'n uitstaande voorbeeld. Toe Jesus uit die Psalms aangehaal het, sê hy vooraf **"Dawid Hom in die gees . . ."** (Mattheüs 22:43).
Dit wys sy erkenning van die feit dat Dawid se woorde geïnspireerd was. Jesus praat ook van Moses se "geskrifte" (Johannes 5:45-47), wat bewys dat Hy geglo het Moses het die Pentateug (eerste 5 boeke van die Bybel) geskryf. Die sogenaamde "hoër kritici" Christene twyfel of Moses kon geskryf het, maar Jesus se gesindheid weerspreek hulle duidelik. Hy het Moses se geskrewe boeke "*die gebod van God*" genoem (Markus 7:8,9).

Dieselfde groep twyfelaars maak die aanspraak dat baie van die Ou Testament net 'n mite is, maar nie Jesus of Paulus behandel die Ou Testament so nie. Jesus praat van die koningin van Skeba as 'n historiese feit (Mattheüs 12:42). Hy het nie gesê "*Daar is 'n storie oor 'n koningin van Skeba* .." nie.  Daar is baie verwysings in Handelinge, die Briewe en Openbaring, na die vier Evangelies, wat wys dat hulle nie alleen deur dieselfde gees geïnspireer is nie, maar ook dat die Nuwe Testament skrywers die Evangelies as geïnspireerd beskou het.

In 1 Timotheus 5:18 haal Paulus beide Deuteronomium 25:4 (in die Ou Testament) en Lukas 10:7 as "Skriftuur" aan. Hy hamer verder op die punt dat sy boodskap van Christus afkomstig is en nie van homself nie (Galasiërs 1:11,12; 1 Korinthiërs 2:13; 11:23; 15:3). Dit word weer erken deur ander apostels; so haal Jakobus Paulus se woorde van Galasiërs 5:17 in Jakobus 4:5 as "die Skrif" aan. God het tot ons "gespreek" deur Christus (Hebreërs 1:2). Daar is dus geen nodigheid vir enige verdere openbaring nie. Dit is wel so dat die Bybel na ander geïnspireerde werke verwys wat nie nou meer beskikbaar is nie (bv. die boek van Jaser, die werke van Natan en Elia). Hoekom het hierdie boeke nie vir ons behoue gebly nie? Waarskynlik omdat hulle nie vir ons toepaslik was nie. Ons kan egter verseker wees dat God dit wat belangrik is behoue laat bly het.

Dit word soms beweer dat die boeke van die Nuwe Testament geleidelik as geïnspireerd aanvaar was, maar die feit dat die Apostels mekaar se werke as geïnspireerd aanvaar het, bewys sulke beweringe seer sekerlik verkeerd. Daar was 'n gawe van die Gees teenwoordig wat kon "toets" en bevestig of briewe wat daarop aanspraak gemaak het, wel geïnspireerd was (1 Korinthiërs 14:37; 1 Johannes 4:1; Openbaring 2:2). Dit beteken dat die geïnspireerde boeke dadelik as sulks aanvaar was. As daar enige menslike keuse was met betrekking tot watter boeke in die Bybel ingesluit moes wees, sou die Bybel geen gesag gehad het nie.

## 2.3 GAWES VAN DIE HEILIGE GEES

God het met verskillende tye in Sy werke met die mens die gebruik van Sy krag (Heilige Gees) aan sekere mense gedelegeer. Dit was egter nooit in die vorm van 'n "blanko tjek" nie. Hulle kon dus nie net doen wat hulle wou nie. Die gebruik van die Heilige Gees was altyd vir 'n spesifieke doel.

Wanneer die doel dan bereik was, is die gawe van die Heilige Gees teruggetrek. Ons moet onthou dat God se gees handel op 'n wyse wat die doel wat Hy in gedagte het, sal bevorder. Baie "Christene" maak vandag daarop aanspraak dat hulle die gawes van die Heilige Gees besit. As hulle egter gevra word oor die doel van hierdie sogenaamde besit van die gawes, is hulle dikwels onseker. God het egter nog altyd Sy gees gegee om 'n spesifieke doel te bereik. Diegene wat dus die Heilige Gees se gawes ontvang het, het presies geweet wat die doel daarmee was, en het dus ten volle sukses gehad met die gebruik daarvan. In teenstelling hiermee vind ons dat baie van die sogenaamde wonderbaarlike genesing in vandag se tyd beperkend van aard is.

Die volgende voorbeelde dui almal op spesifieke redes en oogmerke vir die uitstorting van die Heilige Gees. In geeneen van hierdie gevalle was daar enige subjektiewe element ter sprake nie; en ook kon die besitters van die gawes nie die gawes na wille keur aanwend nie. Omdat ons hier met **God** se gees te doen het, is dit ondenkbaar dat die mens die gebruik daarvan kon beheer.

- In Israel se vroeë geskiedenis was hulle beveel om 'n tabernakel te bou waarin die altaar en ander heilige items gehou was. Spesifieke instruksies ten opsigte van die items wat gemaak moes word, was gegee. Om hierdie oogmerk te bereik het God Sy gees aan sekere mense gegee. Hulle was, **"met die gees van wysheid vervul dat hulle vir Aaron klere kon maak . . ." (**Exodus 28:3).
- Een van hierdie mans, Besáleël, **was "vervul met die Gees van God, met wysheid en verstand en kennis en bekwaamheid vir allerhande werk . . ."** (Exodus 31:3-5).
- Numeri 11:14-17 teken aan hoe van die gees (krag) wat aan Moses gedelegeer was, van hom geneem is en aan die oudstes van Israel gegee is. Die spesifieke doel hiervoor was om hulle in staat te stel om oor die griewe van die Israeliete te oordeel, sodat daar minder druk op Moses sou wees. Kort voor sy dood is die gees van Moses oorgeplaas na Josua sodat hy ook God se volk behoorlik kon lei (Deuteronomium 34:9).

- Vandat die Israeliete die beloofde land in-gegaan het, tot en met hul eerste koning, is hulle deur rigters regeer. Gedurende hierdie periode was hulle dikwels deur hulle vyande onderdruk. Die boek Rigters teken aan hoe die gees van God oor hierdie rigters uitgestort is om Israel wonderbaarlik van hulle vyande te red – Otniel (Rigters 3:10) ; Gideon (Rigters 6:34); en Jefta (Rigters 11:29) is voorbeelde hiervan.

- 'n Ander rigter, Simson, het die gees ontvang ten einde 'n leeu dood te maak (Rigters 14:5,6) en om 30 mans dood te maak (Rigters 14:19). Hierdie "gees" was dus nie aaneenlopend deur Simson besit nie. Hy het dit ontvang op spesifieke tye om spesifieke doelwitte te bereik.
- Wanneer God 'n spesiale boodskap vir Sy volk gehad het, het die gees iemand geïnspireer om God se woord te spreek. As die boodskap klaar was, was die gawe om direk namens God te praat teruggetrek, en die persoon se woorde was dan weer sy eie.

Hier volg een van baie voorbeelde . . .

- **"Toe het die Gees van God Sagaría, die seun van die priester Jójada, vervul, en dié het voor die volk gaan staan en aan hulle gesê: So spreek God: Waarom oortree julle die gebooie van die HERE en wil julle nie voorspoedig wees nie? Omdat julle die**

**HERE verlaat het, het Hy julle verlaat"** (2 Kronieke 24:20) Sien ook 2 Kronieke 15:1,2 en Lukas 4:18,19 vir verdere voorbeelde.

Uit die bogenoemde behoort dit duidelik te wees dat die gawe van die gebruik van God se gees om 'n spesifieke doel te bereik nie

- 'n waarborg vir verlossing was nie
- vir 'n persoon se hele lewe teenwoordig gebly het nie
- 'n "magiese" krag binne hulle was nie
- iets was wat deur 'n "ekstatiese" ondervinding verkry is nie.

Daar bestaan die gevaar dat baie mense na 'n dramatiese emosionele ervaring, wat met godsdiens verband hou, 'n ommeswaai maak en dat dit hulle met 'n vreemde innerlike gevoel van vernuwing laat. Hulle verwar dit dan egter na aanleiding van sekere skrifture (wat verkeerd geïnterpreteer word), met die ontvang van die Heilige Gees. Hul kerkleiers beaam hierdie gevolgtrekkings en hou dit dan voor as bewys om ander te oortuig om die Heilige Gees te ontvang. Die oorsaak van hierdie gebeure is gegrond op die gebrek aan Bybelse insig wat die persoon gehad het voor sy sogenaamde "ommeswaai" en "ontvangs van die Heilige Gees". Ons moet op ons hoede wees vir die gevaar van ons eie misleidende gevoelens (Jeremia 17:9), en ons voete stewig op die rots van die Bybel se leringe hou.

## REDES VIR DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES IN DIE EERSTE EEU.

Met dit in gedagte wat ons alreeds geleer het oor die gawes van die gees, kyk ons nou na die gawes wat in die Nuwe Testament aan die vroeë kerk (die groepe gelowiges wat na Jesus se hemelvaart geleef het), gegee is. Christus se laaste opdrag was dat die dissipels moes heengaan en die Evangelie deur die hele wêreld verkondig. Dit het hulle ook dan gedoen en die tema van Christus se dood en opstanding was die kern van hul boodskap.

Daar was egter nie toe 'n Nuwe Testament soos ons dit vandag ken nie. Hulle boodskap kon ietwat eienaardig klink as hulle vertel het van 'n skrynwerker wat in Israel gebly het, sondeloos gesterf het en toe opgewek was, presies in ooreenstemming met profesieë in die Ou Testament. Verder het hulle verkondig dat hierdie man (Jesus) verwag dat mense gedoop moet word en Sy voorbeeld volg.  In daardie dae was daar ook ander mense wat

volgelinge wou werf. Daar moes 'n manier wees om aan die wêreld te bewys dat die boodskap wat deur die Christene verkondig is van God self was, eerder as die filosofie van 'n groep vissermanne uit Noord Israel.

Vandag wend ons ons na die Nuwe Testament om te bewys dat ons boodskap van God is. In die eerste eeu het God egter toegelaat dat die wat die woord verkondig het Sy Heilige Gees kon gebruik om die waarheid van hul boodskap te bevestig. Dit was die spesifieke rede vir die gebruik van die gawes in die eerste eeu. Die afwesigheid van die Nuwe Testament sou dit ook moeilik gemaak het vir die nuwe gelowiges om in hul geloof te groei.

Die verskeie aantal praktiese probleme wat tussen hulle ontstaan het, sou geen duidelike oplossing gehad het nie. Dit is dus vir hierdie redes dat die gawes van die Heilige Gees beskikbaar gestel is ten einde leiding te gee aan die eerste eeu se gelowiges, totdat die Nuwe Testament geskryf en versprei was.

Soos altyd is die redes vir die uitstorting van die Heilige Gees baie duidelik uitgespel: **"Toe Hy (Jesus) opgevaar het in die hoogte (hemel toe), het Hy…. gawes aan die mense gegee . . . om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus…"** (Efesiërs 4:8,12).So het Paulus aan die gelowiges in Rome geskryf **". . . want ek verlang om julle te sien, om julle een of ander geestelike genadegawe mee te deel (oordra in Nuwe Vertaling), sodat julle versterk kan word;"** (Romeine 1:11).

Oor die gebruik van die gawes om die verkondiging van die Evangelie te bevestig, lees ons die volgende:

**" Want ons evangelie het tot julle nie gekom in woord alleen nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees en in volle versekerdheid**, (1 Thessalonicense 1:5*)* vergelyk met

**"dat julle in alle opsigte in Hom ryk gemaak is, in elke woord en alle kennis; soos die getuienis aangaande Christus bevestig is onder julle,"** (I Korinthiërs 1:5,6).

Paulus kon praat van **" dinge wat Christus nie deur my gewerk het nie om die heidene tot gehoorsaamheid te bring, met woord en (wonderbaarlike) daad, deur die krag van tekens en wonders, deur die**

**krag van die Gees van God, sodat ek die evangelieverkondiging van Christus volbring het van Jerusalem af en rondom tot by Illírikum;"** (Romeine 15:18,19).

Wat betref die verkondigers van die Evangelie, lees ons*:* **"terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedélinge (gawes in die Nuwe Vertaling) van die Heilige Gees volgens sy wil"** (Hebreërs 2:4).

'n Evangelie verkondigings veldtog in Ciprus is gesteun deur wonderwerke en **"toe die goewerneur dan sien wat daar gebeur het, was hy verslae oor die leer van die Here en het geglo"** (Handelinge 13:12). Die wonderwerke het hom (die goewerneur) dus oortuig om die leerstellinge wat verkondig is te respekteer. So ook by Ikonium het **" die Here, wat aan die woord van sy genade getuienis gegee het (deur te) beskik dat tekens en wonders deur hulle hande plaasvind"** (Handelinge 14:3). Dit alles word opgesom deur die kommentaar oor die apostels se gehoorsaamheid aan die bevel om te verkondig: **"Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het."** (Markus 16:20).

## SPESIFIEKE DINGE OP SPESIFIEKE TYE

Die gawes was dus gegee om spesifieke dinge op spesifieke tye uit te voer. Die idee dat die besit van 'n gawe van die Heilige Gees 'n permanente ervaring in 'n persoon se lewe is, is dus foutief. Die apostels, insluitend Petrus, was **"gevul met die Heilige Gees"** op Pinksterdag, kort na Jesus se hemelvaart (Handelinge 2:4).

Hulle was derhalwe in staat om in vreemde tale te praat ten einde die verkondiging van die Christen Evangelie op 'n skouspelagtige manier te begin. Toe die owerhede hulle wou keer, is Petrus "gevul met die Heilige Gees" en kon hy hulle oortuigend antwoord (Handelinge 4:8). Na hul vrylating uit die gevangenis was hulle in staat gestel, deur die gawes, om voort te gaan met hulle verkondiging **", en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek"** (Handelinge 4:31).

Let op dat dit nie sê dat hulle alreeds gevul was met die Heilige Gees, en toe hierdie dinge gedoen het nie. Hulle was deur die gees gevul om sekere dinge te doen, maar moes weer "gevul" word om die volgende doelwit van God te bereik. So was Paulus ook gevul met die Heilige Gees ten tye van sy doop, maar moes jare later weer **"gevul word met die Heilige Gees"** om 'n slegte man met blindheid te straf (Handelinge 9:17; 13:9). Wanneer Paulus van die wonderbaarlike gawes praat, skryf hy dat die vroeë gelowiges hulle besit het **"volgens die mate van die gawe van Christus"** (Efesiërs 4:7).

Die Griekse woord vir "mate" beteken "'n beperkte gedeelte of graad" (Strongs konkordansie). Net Jesus het die gawes sonder beperking gehad – m.a.w. met die totale vryheid om dit te kon gebruik soos hy wou (Johannes 3:34). Ons sal nou die gawes van die gees wat die meeste "in besit" was tydens die eerste eeu, van nader bekyk.

## DIE EERSTE EEUSE GAWES VAN DIE GEES

**Profesie**.

Die Griekse woord vir "profeet" beteken iemand wat God se woord spreek. Met ander woorde 'n persoon wat geïnspireer is om God se woord te spreek. Dit het soms die voorspelling van toekomstige gebeure behels (sien 2 Petrus 1:19-21). So dan het "profete" (die met die gawe van profesie) van Jerusalem na Antiochíë gegaan**. " En een van hulle met die naam van Agabus het opgestaan en deur die Heilige Gees te kenne gegee dat daar 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, wat ook gekom het onder keiser Claudius. En die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judéa woon "** (Handelinge 11:27-29).

Hierdie soort spesifieke profesie, wat 'n duidelike vervulling binne 'n paar jaar gehad het, is merkbaar ontbrekend by diegene wat vandag beweer dat hulle die gawe van profesie besit. Inteendeel, die vroeë gelowiges was so seker dat hierdie gawe regtig deur hulle in besit was, dat hulle van hulle tyd en geld gegee het om die moeilike tye wat voorspel was, te help verlig. Min sulke voorbeelde kan in vandag se sogenaamde "gees gevulde" kerke gevind word.

**Genesing**.

Aangesien die apostels die goeie nuus (Evangelie) van God se komende Koninkryk verkondig het, is dit gepas dat hulle hul boodskap met wonderwerke sou bevestig. Sodoende het hulle 'n voorsmakie gegee van die tye wat nog gaan kom wanneer **"…. die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit sal word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis"** (Jesaja 35:5,6).

Sien Studie 6 vir meer detail oor die Koninkryk van God. Wanneer God se Koninkryk op aarde gevestig gaan word, sal beloftes soos in Jesaja hierbo genoem, nie net gedeeltelik vervul word nie en sal daar ook nie onduidelikheid bestaan of God se Koninkryk wel gekom het of nie.

Net so was God se wonderbaarlike bevestiging van die boodskap van die komende Koninkryk op 'n definitiewe wyse, wat nie weerspreek kon word nie – derhalwe was die wondertekens van genesing deur die eerste eeu se gelowiges in die teenwoordigheid van baie mense gedoen. 'n Goeie voorbeeld is waar Petrus die verlamde bedelaar, wat elke more by die tempel se hekke neergelê is, genees. Handelinge 3:2 noem dat hy elke dag daar neergelê was. Hy moes dus 'n bekende gesig gewees het.

Nadat Petrus hom genees het deur die gebruik van die gawe, **"…. gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys. En die hele volk het gesien hoe hy daar loop en God prys. En hulle het hom herken, dat dit hy was wat by die Skone Poort van die tempel gesit het om te bedel, en hulle is vervul met verwondering en verbasing oor wat met hom gebeur het. En toe die kreupel man wat genees was, aan Petrus en Johannes vashou, het die hele volk uitermate verbaas na hulle gehardloop in die pilaargang wat Salomo s'n genoem word"** (Handelinge 3:7-11). Petrus het daarna onmiddellik met 'n toespraak oor die wederopstanding van Christus begin.

Ons kan seker wees dat hulle, met die onbetwisbare bewyse van die gesonde bedelaar voor hulle, Petrus se woorde as van God af aanvaar het. Die hek van die tempel moes tydens die gebedsuur (Handelinge 3:1) vol

mense gewees het. Dit was in so 'n besige plek dat God besluit het om die verkondiging van Sy woord deur so 'n duidelike wonderwerk te bevestig. Net so lees ons in Handelinge 5:12 dat **" deur die hande van die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind."**

Die aansprake wat gewoonlik deur "charismatiese" genesers gemaak word, het gewoonlik betrekking op dinge wat binne kerke gebeur en dan nog tussen 'n gehoor van "gelowiges" wat opgesweep word om in 'n gees van ekstase 'n "wonderwerk" te verwag, eerder as tussen die moeilik oortuigbare publiek.

Die ortodokse Jode van die eerste eeu wou nie glo dat die Christene God se gawes van die Heilige Gees besit het nie. Maar selfs hulle moes dit erken:

**" En die owerpriesters en die Fariseërs het die Raad byeengeroep en gesê: Wat sal ons doen? --want hierdie man doen baie tekens"** (Johannes 11:47).

en

**"Want dat daar 'n kenlike teken deur hulle plaasgevind het, is duidelik vir al die inwoners van Jerusalem; ons kan dit nie ontken nie. En terwyl almal wat in die Raad sit, hul oë stip op hom hou, sien hulle dat sy gesig soos die gesig van 'n engel was"** (Handelinge 4:16).

Net so was diegene wat die apostels in tale hoor praat het, verstom (Handelinge 2:6). Dieselfde is nie vandag die geval met betrekking tot die "gebabbel" wat in die charismatiese kerke aangaan nie. Hulle verwag egter dat die wêreld die volgende "bewyse" moet aanvaar:

- 🕮 Genesing (uiteindelik) van maagswere. Die proses van genesing is veronderstel om na 'n gebeds-byeenkoms te begin.
- 🕮 Misvormde ledemate wat reguit gemaak word.
- 🕮 Gesig en gehoor probleme wat verbeter, maar dikwels weer versleg.
- 🕮 Depressie wat genees word.

Tog is publisiteit vir sulke byeenkomste dikwels: "Kom en verwag 'n wonderwerk!". Sielkundig word 'n atmosfeer geskep vir allerhande outo-suggestie en so meer. Nêrens in die Nuwe Testament is daar die geringste aanduiding dat so 'n grootskaalse psigologiese "sagmaak" proses nodig was voor 'n wonderwerk gebeur het nie. Verder nog word mense se psige "bestook" deur herhaaldelike gebed, ritmiese dromme en opswepende

musiek. Daar is geen twyfel daaraan nie dat enige rasionale bewustheid van God deur al hierdie tegnieke tot niet gemaak word.

Dit is duidelik dat van die mense wat in die eerste eeu genees is nie eers geloof gehad het nie – een het selfs nie geweet wie Jesus was nie (Johannes 5:13; 9:36). Petrus was, in teenstelling met vandag se sogenaamde "wonderwerke", in staat om die ware gawe van wonderwerke te gebruik om mense wat in die strate gelê het, te genees (Handelinge 5:15).

Paulus se gebruik van die wonderbaarlike gawes was persoonlik gesien deur 'n ongelowige regerings-amptenaar (Handelinge 13:12,13), sowel as deur baie heidene wat in Listre gewoon het (Handelinge 14:8-13). Hierdie dinge is alles in die openbaar gedoen, en niemand kon daarvan wegskram met enige ander verklaring as om te erken dat dit God se krag was wat openlik deur Sy diensknegte ge-openbaar is nie.

**TALE**

Die apostels, waarvan sommige growwe vissermanne was, het die opdrag ontvang om die hele wêreld in te gaan en die Evangelie te verkondig (Markus 16:15,16). Dit was duidelik dat hulle ongeletterde manne was (Handelinge 4:13). Taal sou dus 'n baie groot probleem gewees het as dit by die verkondiging van die woord aan vreemdelinge gekom het. Om dit te oorkom het God aan hulle die gawe van tale gegee – die vermoë om in vreemde tale te praat asook om vreemde tale te verstaan.

Daar is 'n groot verskil tussen hierdie praat van vreemde tale, en die siening wat baie "wedergebore" Christene het - dat hulle ekstatiese "brabbel" geluide die praat in tale is. Die Bybel wys duidelik dat die gawe van tale 'n gawe was om vreemde tale van ander persone met 'n ander nasionaliteit te kon verstaan en praat. Met Pinkster, kort na Jesus se hemelvaart, was die apostels gevul met die Heilige Gees en het hulle in ander tale begin praat. Die "menigte het saamgestroom" (weer 'n openbare tentoonstelling van die gawes) en was in die war. **"Hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek dan nie Galileërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is?"** (Handelinge 2:4-12).

Dit is onwaarskynlik dat daar so klem gelê sou word op die menigte se verbasing as die apostels net "brabbel-taal" gepraat het. Dan sou die menigte hulle eerder gespot het of sarkasties gewees het. 1 Korinthiërs 14 is die hoofstuk waarin Paulus die misbruik van die gawes wat in die vroeë kerk plaasgevind het, kritiseer. Dit gee vir ons 'n goeie insig oor die gawes van tale en profesieë. Ons sal nou poog om kortliks kommentaar daarop te lewer.

Vers 37 is 'n sleutel vers:-

**"As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is."**

As iemand dus aanspraak maak daarop dat hy die gawes besit moet hy die voorafgaande bevele oor die gebruik van die gawes aanvaar. Die wat dit nie doen nie (soos so baie vandag), verklaar daarmee openlik dat hulle God se Woord minag.

In 1 Korinthiërs 14 : 11-17 lees ons:-

**"As ek dan die betekenis van die klank nie ken nie, sal ek vir die spreker 'n vreemdeling wees, en die spreker sal vir my 'n vreemdeling wees. So moet julle ook, terwyl julle streef na geestelike gawes, probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente. Daarom moet hy wat in 'n taal spreek, bid dat hy dit kan uitlê. Want as ek in 'n taal bid, dan bid my gees, maar my verstand is onvrugbaar. Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing. Anders, as jy met die gees dank, hoe sal hy wat die plek van 'n onkundige inneem, amen sê op jou danksegging, aangesien hy nie weet wat jy sê nie? Want jy dank wel goed, maar die ander een word nie gestig nie.**

Om dus in 'n taal te praat wat vir die wat teenwoordig is, onverstaanbaar is, is sinneloos. Om "brabbeltaal" te gebruik is nie toelaatbaar nie aangesien 'n ware "amen" nie 'n gebed wat uit onverstaanbare taal geuiter word, kan beaam nie. Onthou dat "amen", "dit is so" of "ek stem saam" beteken. Paulus sê dat om in 'n taal te praat wat ander nie verstaan nie, die hoorders nie geestelik kan opbou nie.

**"Ek dank my God dat ek meer in tale spreek as julle almal;"** *(vers 18).*

As gevolg van sy vele reise om die Evangelie te verkondig, het Paulus die gawe van tale meer as enige iemand anders nodig gehad.

**" maar in die gemeente wil ek liewer vyf woorde met my verstand spreek om ook ander te onderrig, as tien duisend woorde in 'n taal"** *(vers 19).*

Die les hier is eenvoudig. EEN kort sinnetjie oor Christus in Afrikaans sal meer bereik as ure se "verkondiging" in 'n onverstaanbare brabbeltaal.

**"Die tale is dus 'n teken nie vir die gelowiges nie, maar vir die ongelowiges; die profesie egter is nie vir die ongelowiges nie, maar vir die gelowiges"** *(vers 22).*

Die gawes van tale was dus hoofsaaklik gebruik om die woord van God na buite te verkondig. Tog vind ons vandag dat die meeste aansprake oor die besit van die gawe van tale, díe is wat geskied tussen die "gelowiges", of wanneer hulle alleen is. Daar is egter 'n kenmerkende ontbreking van mense vandag wat in staat is om wonderbaarlik in ander tale te praat om die Evangelie te versprei. In die vroeë 1990's was die deure vir verkondiging oopgegooi in Oos Europa. Die sogenaamde "evangeliese" kerke moes egter hul literatuur in Engels versprei as gevolg van die taal probleem. Sekerlik sou hierdie die ideale geleentheid wees om die gawes van tale aan te wend.

**"As die hele gemeente dan saam vergader het en hulle sou almal in tale spreek en daar kom onkundiges of ongelowiges binne, sal hulle nie sê dat julle kranksinnig is nie?"** *(vers 23).*

Dit is presies wat gebeur het. Moslems sowel as heidene het gespot met die aardige optrede van die wat aanspraak maak op die Heilige Gees se gawes gedurende hulle "verkondiging" in Wes Afrika. Selfs 'n nugter denkende Christen wat 'n charismatiese byeenkoms bywoon en na hulle brabbeltaal luister, sal neig om te dink hulle is mal.

**"En as iemand in 'n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitlê"** *(vers 27).*

Slegs twee of drie mense was nodig om in tale te praat gedurende 'n byeenkoms. Dit is onwaarskynlik dat daar meer as drie verskillende

taalgroepe in 'n gehoor sou wees. 'n Diens sou gou samehorigheid verloor as elke sin van 'n spreker meer as twee maal vertolk moes word. As die gawe van tale bv. in 'n kerk in Suid Afrika teenwoordig was en Afrikaanse, Engelse, en Zulu sprekende mense was teenwoordig, sou die volgende gedoen moes word:

Prediker :Goeie naand Eerste taal spreker: Good evening (Engels). Tweede taal spreker : Sajabona (Zulu). Heel natuurlik moet albei na mekaar volg. Verwarring sal ontstaan as albei "tolke" gelyk praat. Dit is egter wat gebeur in vandag se kerke wat aanspraak maak op die gawes van tale. Sodra een persoon in "tale begin praat", word ander gou beïnvloed om ook te begin en wat dan volg is ver verwyderd van wat in die eerste eeu plaasgevind het.

Gestel nou verder dat in 'n byeenkoms in Suid Afrika, waar daar ook Zulu sprekendes teenwoordig is, praat een Afrikaanse persoon Zulu as gevolg van die gawes van tale. 'n Ander persoon met die gawe van interpretasie moet dan teenwoordig wees om aan die Afrikaans-sprekendes duidelik te maak wat gesê word. As die gawe van interpretasie egter nie teenwoordig was nie sou die gawe van tale nie gebruik word nie.

**"En as iemand in 'n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitlê. Maar as daar geen uitlêer is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek"** (1 Korinthiërs 14:27,28).

Die feit dat so baie hedendaagse kerke wat aanspraak maak op die gawes van tale, in 'n "taal" praat wat deur niemand verstaan en geïnterpreteer kan word nie, is sekerlik 'n geval van 'n uit en uit ongehoorsaamheid aan die duidelike opdragte van die Skrif.

**" En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe; want God is nie 'n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges" (**vers 32,33).

Die besit van die gawes van die Heilig Gees moet dus nie verbind word met 'n ervaring wat 'n mens buite die grense van normale bewustelikheid neem nie. Die gees was onderworpe aan die beheer van die gebruiker, eerder as 'n krag wat hulle oorneem sodat hulle dan onwillekeurig handel. Dit word

dikwels verkeerdelik beweer dat duiwels of "bose geeste" die ongelowiges in besit neem (sien studie 6:3), en dat die Heilige Gees die gelowiges vul.

Die gees (krag) waarna in 1 Korinthiërs 14:32 verwys word was egter onderworpe aan die beheer van die besitter daarvan vir 'n spesifieke doel. Die pleidooi dat die besitters van die gawes dit moes gebruik op 'n manier wat pas by God se liefde vir vrede en Sy afkeur van wanorde (Vers 33), blyk op dowe ore te val in so verre dit die charismatiese kerke van vandag betref.

**"Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie, maar om onderdanig te wees, soos die wet ook sê"** (vers 34).

Hier word dit onweerspreekbaar neergelê dat vrouens nie hierdie gawes gedurende 'n kerkdiens moet gebruik nie. Die feit dat vroue wat in sogenaamde tale praat en "profeteer" so prominent in sekere kerke vandag is, kan net eenvoudig nie met hierdie vers vereenselwig word nie.

Die belaglike en desperate argument dat Paulus 'n vroue-hater was, word 'n paar verse later verkeerd bewys**: "As iemand meen dat hy 'n profeet of 'n geestelike mens is, moet hy erken dat wat ek aan julle skrywe, bevele van die Here is"** *(vers 37)* - nie van Paulus persoonlik nie.

Enige gelowige wat die Bybel as geïnspireerd aanvaar, moet dus erken dat hierdie bevele van Paulus ernstig opgeneem moet word; om hulle openlik te minag toon net aan dat daar 'n leemte is met betrekking tot 'n geloof in die inspirasie van die volle woord – of 'n verklaring dat jy nie die geestelike gawes het nie, aangesien niemand wat die gawes wel het sal ontken dat die bevele van 1 Korinthiërs 14 van die Here Jesus is nie. Die logika van hierdie argument is veelseggend.

As 'n voetnota stel hierdie afdeling die volgende: Dit is hoogs beduidend dat dit wetenskaplik bewys is dat die denominasies wat aanspraak maak op die gawes van tale, hoër vlakke van depressie toon as diegene van ander denominasies. Kieth Meador, Professor in Sielkunde by die Vanderbilt Universiteit, VSA, het 'n indringende studie gedoen om die verhouding tussen depressie en godsdienstige agtergrond vas te stel. Hy het gevind dat

die koers van ernstige depressie tussen charismatiese kerke 5.4 % was teenoor 1.7 % vir die totale groep wat ondersoek was.

Die resultate van sy werk word in 'n verslag in die "Hospital and Community Psychiatry" (Des. 1992) joernaal weergegee. 'n Interessante artikel wat dieselfde gevolgtrekking maak, het in die "International Herald Tribune" (Feb 11, 1993) verskyn. Die titel spreek boekdele: nl : "Pentacostals top charts when it comes to the blues."

Hoekom is dit so? Sekerlik moet dit verband hou met die feit dat die "ervaring" van "gawe besit" waarop aanspraak gemaak word niks meer as 'n pynvolle psigologiese foefie is nie.

## 2.4 DIE ONTTREKKING VAN DIE GAWES VAN DIE HEILIGE GEES.

Die wonderbaarlike gawes van God se gees sal weer deur gelowiges gebruik word om hierdie huidige wêreld te verander na God se Koninkryk, wanneer Jesus weer kom. Die gawes word derhalwe die "kragte van die toekomstige wêreld" genoem (Hebreërs 6:4,5); en Joël 2:26-29 beskryf 'n groot uitstorting van die gawes **na** die berou van Israel. Die blote feit dat hierdie gawes aan gelowiges gegee sal word met Jesus se wederkoms, is bewys genoeg dat hulle nie nou besit word nie.

Daar is duidelike Bybel profesieë dat die gawes wat in die eerste eeu in besit was, op 'n sekere tyd, voor Jesus se koms, onttrek sou word : **"Die liefde vergaan nimmermeer; maar profesieë--hulle sal tot niet gaan; of tale--hulle sal ophou; of kennis--dit sal tot niet gaan. Want ons ken ten dele en ons profeteer ten dele. Maar as die volmaakte gekom het, dan sal wat ten dele is, tot niet gaan"** (1 Korinthiërs 13:8-10).

Die gawes van die eerste eeu sou onttrek word wanneer "dit wat volmaak is" gekom het. Hierdie kan nie na die koms van Christus verwys nie aangesien die gawes op daardie tydstip weer uitgestort gaan word. Die Griekse woord vir "volmaak" beteken "dit wat vol of kompleet of volwasse is"; dit beteken nie noodwendig om sondeloos te wees nie.

Die volmaakte ding in 1 Korinthiërs 13 sou die gedeeltelike kennis wat die vroeë Christene gehad het (as gevolg van die gawe van profesieë), vervang. Onthou dat profesieë die gawe was om die geïnspireerde woorde van God te spreek; dit is juis hierdie woorde wat neergeskryf was, wat nou die Bybel uitmaak. In die eerste eeu sou die gemiddelde gelowige slegs 'n klein gedeelte van die Nuwe Testament, soos ons dit vandag het, geken het. Hy sou sommige woorde van profesie oor verskeie praktiese kwessies van die ouderlinge gehoor het; hy sou in breë trekke van die lewe van Jesus geweet het; hy kon welliswaar miskien een of twee van die briewe van Paulus wat voorgelees was, gehoor het.

Toe die geskrewe woord van die profesieë egter voltooi en gesirkuleer was, was daar nie meer 'n nodigheid vir die gawe van profesie nie. Dit wat volledig was en dus die bediening in terme van die gawes van die gees vervang het, was dus die voltooide Nuwe Testament: **"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus"** (1 Timotheüs 3:16,17).

Dit wat "volkome" en "volmaak" is, is "die hele Skrif"; toe die hele Skrif geïnspireer en geskryf was, het dit wat volmaak is gekom en was die gawes onttrek. Efesiërs 4:8-14 pas nou mooi in plek om die legkaart te voltooi:-
**"Toe Hy opgevaar het in die hoogte, het Hy ….. gawes aan die mense gegee ….. tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring."** .

Die gawes van die eerste eeu was gegee totdat die perfekte (of volkome) man bereik is, en 2 Timotheüs 3:16,17 sê **"die man van God is volkome"** deur die leiding van die "hele Skrif". Kolossense 1:28 leer ook dat "volmaaktheid" bereik word in reaksie tot God se Woord. Wanneer die hele Skriftuur beskikbaar is, is daar geen verskoning meer om verward te wees oor die menigte verskillende leerstellinge wat deur die verskillende kerke geleer word nie.

Daar is net een Bybel en siende dat **"U woord die waarheid is"** (Johannes 17:17), kan ons deur dit te bestudeer die "eenheid van die geloof", die een geloof waarvan Efesiërs 4:13 praat, vind. Ware gelowiges het dus die besit van daardie een geloof bereik; in die sin is hulle "volkome" as gevolg van dit wat "volmaak" is – die geskrewe voltooide Woord van God.

Terloops, let op hoe Efesiërs 4:14 die bediening met behulp van die gawes van die gees, vergelyk word met die van kind wees; en dat die gawes, in konteks van profesie, weggeneem sou word. 1 Korinthiërs 13:11 sê dieselfde. Om dus so 'n bohaai te maak oor die besit van die gawes is dus nie 'n teken van geestelike volwassenheid nie. Die vordering wat elke leser van hierdie woorde nou moet maak is na 'n dieper waardering van die geskrewe Woord van God, en om verheug te wees in die volmaaktheid van God se basiese openbaring van Homself aan ons deur die Woord, en dan in nederige gehoorsaamheid daarop te reageer.

**HEDENDAAGSE AANSPRAKE VAN GAWE-BESIT.**

Laastens 'n aantal ander punte aangaande die herhaaldelike aansprake van diegene wat dink dat hulle nou die gawes van die Heilige Gees besit:-

- ♦ Huidige "praat in tale" neig om dieselfde kort lettergrepe oor en oor te herhaal bv. "lala, lala, lala, shama, shama, Jesus, Jesus, . . .". Sintakties het dit geen verbintenis met enige taal nie. Wanneer iemand in 'n vreemde taal praat kan mens gewoonlik uitmaak dat hulle iets kommunikeer as gevolg van die patroon van die woorde wat hulle gebruik, al kan jy nie daardie woorde verstaan nie. Hedendaagse "praat in tale" het egter nie hierdie kenmerk nie, en dit onderstreep weereens dat dit geestelik nie opbou nie - iets wat juis die doel van die gawes in die eerste eeu was.

- ♦ Sommige beweer dat die "praat in tale" 'n teken is dat hulle "gered" is, en dat dit dus elke ware "bekering" sal vergesel. Hierdie aanspraak lei tot ernstige probleme waar die vroeë kerke as 'n liggaam beskryf word en waar diegene wat verskillende gawes besit het, aan verskillende dele van die liggaam gelyk gestel word. Nie elkeen was 'n arm of 'n been nie en as sodanig het nie elkeen een spesifieke gawe besit nie.

> 1 Korinthiërs 12:17, 27-30 maak dit duidelik **:-"As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees? As dit geheel en al gehoor was, waar sou die reuk wees?. . . Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik. En God het sommige in die gemeente gestel: in die eerste plek apostels, ten tweede profete, ten derde leraars, daarna kragte, daarna genadegawes van gesondmaking, helpers, regerings, allerhande tale. Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie, almal is tog nie leraars nie, almal is tog nie kragte nie? Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale, kan almal dit uitlê? ;"**

Dieselfde punt word ook vroeër in die hoofstuk gemaak:- **"Want aan die een word deur die Gees 'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale. Maar al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel soos Hy wil. Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus"** (1 Korinthiërs 12:8-12).

Sulke beklemtoning kan nie net eenvoudig geïgnoreer word nie.

Nog 'n probleem vir die "Pentecostals" is dat Filippus baie mense in Samaria tot bekering gebring het – met ander woorde, hulle was gedoop in water nadat hulle die Evangelie verstaan het, maar hulle het nie die gawes van die Heilige Gees ontvang nie. Petrus en Johannes moes later na hulle toe gaan:
**" …… Hulle het hul toe die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang. En toe Simon sien dat deur die handoplegging van die apostels die Heilige Gees gegee word, het hy hulle geld aangebied"** ( Handelinge 8:4-18).

Dit is duidelik dat die oordrag van die gawes van die Heilige Gees net deur middel van handoplegging geskied het – iets wat nie met hedendaagse aanspraakmakers beoefen word nie. Ander charismatiese kerke sê weer dat die gawe van tale nie 'n bewys is dat 'n mens gered is nie.

Dit beklemtoon die feit dat daar groot doktrinale verskille is tussen diegene wat aanspraak maak daarop dat hulle die gawes van die Heilige Gees besit. So kry ons dat sommige glo dat God se Koninkryk op aarde gaan wees, terwyl ander glo hulle gaan hemel toe. Katolieke "charismate" beweer dat die Heilige Gees hulle leer om Maria en die Pous te aanbid, terwyl sommige Pinkster charismate sê dat hulle besit van die gawes hulle leer om die Pous as anti-Chris te verklaar en die Katolieke se leerstellings te verdoem.

Jesus het egter sonder enige twyfel verklaar dat die Trooster (die Heilige Gees), diegene wat dit besit het **" in die hele waarheid (sou) lei; ….. En in daardie dag sal julle My niks vra nie. …. Die Trooster …. Sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat ek vir julle gesê het"** (Johannes 16:13, 23; 14:26.) Daar kan dus nie enige verdeeldheid ten opsigte van fundamentele leerstellings wees onder die wat die "Trooster" besit nie – die feit dat daar wel is, wys dat die wat daarop aanspraak maak eenvoudig nie ernstig opgeneem kan word nie.

Die kenmerkende onbevoegdheid van sommige van die aanspraakmakers om hulle geloof met die Bybel te boekstaaf, toon verder dat hulle nie in alle waarheid tot 'n volkome kennis deur die "Trooster" gelei is nie.

- ♦ Die groot belangrikheid wat sommige aan die praat in tale gee, is onskriftuurlik. Die lys van geestelike gawes in Efesiërs 4:11 noem dit nie eers nie, en dit verskyn heel onder aan 'n soortgelyke lys in 1 Korinthiërs 12:28-30. Inteendeel, daar word net drie keer in die Nuwe Testament verwys na die gebruik van die gawe, naamlik Handelinge 2:4 ; 10:46; 19:6.

Dit is egter redelik om 'n verduideliking te verwag oor die verskynsel van gedeeltelike genesings en "tale" (in die sin van brabbel taal). Dit word algemeen erken dat die mens net 'n breukdeel van sy breinkrag – so laag as 1% volgens sekere studies, gebruik.

Dit word ook erken dat die mens se denke 'n amper "fisiese" beheer oor die liggaam kan hê. So kry ons byvoorbeeld dat mense, deur hulself psigies voor te berei, glo dat vuur hulle nie kan brand nie; Hindus loop kaalvoet oor vurige kole sonder om te brand. In tye van stimuli is dit vir ons

moontlik om 'n groter persentasie van ons breinkrag as gewoonlik te gebruik en dus fisiese effekte met of op ons liggame te bereik wat buite ons normale ervaringe lê. So byvoorbeeld vind ons dat in die opwinding van die stryd, 'n soldaat heel onbewus kan wees dat sy hand deur 'n bom afgeskiet is, selfs tot etlike ure nadat dit gebeur het.

In toestande van vurige godsdienstige "geloof"; die stimulasie van sekere musiek, en die invloed van 'n charismatiese leier, is dit heel moontlik dat dinge buite die grense van normale menslike ervaringe kan plaasvind. Die "wonderwerke" wat deur "Christene" van vandag beweer word, val in dieselfde kategorie van die abnormale as die ervaringe van ander godsdienste. So byvoorbeeld ervaar "voodoo" aanbidders dieselfde verskynsel van "brabbel" taal en kan hulle ook getuig van "wonderwerke", soortgelyk aan die wat die Christendom op aanspraak maak.

Tog was die hele doel van die gawes van die gees in die eerste eeu om die ooglopende gesag van die ware Christendom oor alle ander godsdienste uit te wys. Die feit dat die "wonderwerke" van die hedendaagse Christendom soortgelyk aan die van ander gelowe is, bewys dat die gawes van die Heilige Gees van die eerste eeu nie vandag in besit is nie.

Baie beduidende informasie met betrekking tot hierdie onderwerp word in William Campbell se "Pentecostalism" (The Churches of Christ, 1967) weergegee. Hy wys dat baie heidense gelowe hierdie kenmerk van "praat in tale" het. So byvoorbeeld openbaar die priesters in Kawaii hul sogenaamde god, Oro, se wil met onherkenbare klanke wat dan deur ander priesters geïnterpreteer word. Presies dieselfde gebeur in charismatiese byeenkomste.

## 2.5 DIE BYBEL DIE ENIGSTE GESAG.

Ons het sover in hierdie studie gesien dat God se gees verwys na Sy denke, Sy doel en die krag waardeur Hy dit tot uitvoer bring. Ons het beklemtoon dat hierdie gees uitdruklik aan ons openbaar word in die bladsye van God se Woord, die Bybel. Die menigte probleme van die Christendom van vandag is hoofsaaklik as gevolg van die feit dat hierdie beginsel nie waardeer word nie. Omdat dit moeilik is om te glo dat soveel krag in een boek, waarvan sommige dele nog moeilik is om te verstaan, opgesluit is,

bestaan die versoeking om te glo dat daar 'n ander vorm van God se openbaring, behalwe die Bybel, moet wees.

As gevolg van ons fundamentele sondige menslike natuur (Jeremia 17:9), vind ons die heilige waarheid van God se Woord (Johannes 17:17) moeilik om te sluk, en gevolglik gee baie dan in tot die versoeking om aanspraak te maak op ander vorme van openbaringe, wat meer aantreklik vir die denke van die vlees (mens) is. Hier volg 'n paar voorbeelde:-

| GODSDIENS | Ander vorm van openbaring waarop aanspraak gemaak word | Menslike gewin / Aantreklikheid daarvan |
|---|---|---|
| Jehova Getuies | Publikasies van die "Watchtower Society" wat as geïnspireer aanvaar word | Geen persoonlike moeite nodig om die korrekte interpretasie van die Bybel te ondersoek nie. 'n Antwoord vir alles word deur die "owerhede" gegee. |
| Rooms Katolieke | Die aankondigings van die Pous, en opinies van Priesters, word geglo as outomaties die ware weerspieëling van God se denke te wees. | Geen nodigheid vir persoonlike Bybelstudie of die lees daarvan nie. In die verlede het die Katolieke kerk dit ontmoedig en selfs verbied. Die mens word vertrou, eerder as om die belangrike kwessies rakende die ewige lewe self te verifieer. |
| Mormone | Die boek van Mormoon | Neem die nodigheid daarvan om in die leerstellings van die Bybel, wat moeilik is om te aanvaar, te glo, uit die weg. Die boek van die Mormone bied 'n universieële redding aan, terwyl die Bybel leer dat daar 'n menigte mense is wat leef en sterf sonder hoop omdat hulle |

| | | |
|---|---|---|
| | | nooit tot 'n kennis van die Evangelie gekom het nie. |
| Charis-matiese Christene | 'n "Innerlike lig" wat hulle beweer die Heilige Gees is. | Hulle glo wat ook al hulle voel is reg, omdat hulle glo dat God se gees hulle lei en inspireer op 'n wyse wat losstaan van die Bybel. |

Dit alles onderstreep die noodsaaklikheid van 'n fundamentele aanvaarding van die Bybel as God se Woord, en om dan die inhoud daarvan te ondersoek ten einde die ware boodskap te glo. Die vraag "Een Bybel – 'n menigte kerke – hoekom?" word grootliks beantwoord wanneer dit besef word dat elke kerk tot 'n sekere mate 'n ander vorm van openbaring van God se gees (met ander woorde Sy wil, leerstellings, denke) bykomstig tot die Bybel aanvaar het. As U begerig is om die een ware kerk, die een ware geloof en die een ware doop (Efesiërs 4:4-6) te vind, moet die oproep helder en duidelik tot U kom – "**Terug Bybel Toe**!"

## Inset 4 : Is die Heilige Gees 'n persoon?

Studie 2.1 en 2.2 het genoeg bewys gegee dat God se gees na Sy krag, wat Sy denke openbaar (in die breë sin van die woord), verwys. Sommige sê egter dat God se gees ook 'n persoon en deel van 'n drie-enige God is. Dit is egter nie die geval nie. Elektrisiteit is 'n onsigbare krag wat resultate kan lewer vir die persoon wat dit beheer en aanwend, maar dit is nie 'n persoon nie. Liefde is deel van 'n persoon se karakter, maar dit is nie die persoon self nie. God se gees sluit Sy liefde, as deel van Sy karakter in, en verwys ook na Sy krag, maar dit verwys nooit na 'n persoon wat afsonderlik van God is nie.

Daar is goeie rede om te glo dat die "drie-enigheid" fundamenteel 'n heidense idee was wat die Christendom binnegedring het – derhalwe verskyn die woord "drie-enig" nooit eers in die Bybel nie. Met die aanvaarding van die idee dat God drie-enig is, word Christene dan gedwing om 'n eienaardige gevolgtrekking te bereik dat God se gees / krag op een of ander manier 'n persoon is, wat ook God is.

Wanneer hulle gekonfronteer word met die onlogiese posisie van hul leerstelling, is die gewone ontsnappings-roete die verklaring dat God 'n verborgenheid is, en dat ons sulke "onverstaanbare" dinge in geloof moet aanvaar sonder om 'n logiese verduideliking te vereis.

Hierdie argument ignoreer die verwysings in die Nuwe Testament wat wys dat die verborgenheid van God geopenbaar is deur die Woord en die werk van Christus:

- **"Want ek wil nie hê, broeders, dat julle hierdie verborgenheid nie moet weet nie,…"** (Romeine 11:25).
- **"…..die prediking van Jesus Christus, ….die openbaring van die verborgenheid …..,"** (Romeine 16:25).
- **"Kyk, ek deel (verduidelik) julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,"** (1 Korinthiërs 15:51).

- **". . . deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het"** (Efesiërs 1:9 ; 3:3).
- *Paulus het gepreek om* **die " …. verborgenheid van die evangelie bekend te maak,….."** (Efesiërs 6:19 ; Kolossense 4:3).
- **" naamlik die verborgenheid wat van die eeue en geslagte af verborge was, maar nou geopenbaar is aan sy heiliges, aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid"** (Kolossense 1:26,27).

Met al die bogenoemde beklemtoning dat daar nou geen meer verborgenheid verbonde aan fundamentele leerstellings is nie, kan net 'n persoon wat dit nie wil sien nie, nog daarop aandring. Sulke vae redenasies is natuurlik te wagte van diegene wat hulle insig van God op subjektiewe dinge soos menslike ervaringe, of op die ongeïdentifiseerde aktiwiteit van 'n eksterne geestelike krag wat op hulle denke inwerk, baseer. As daar van ons verwag word om waarlik nederig te wees ten opsigte van die leringe van God se Woord, volg dit dat daar ook van ons verwag word om basiese kragte van redenasie en afleiding te gebruik ten einde die boodskap daarvan te ontdek.

Nooit het enige preker van die Evangelie in die Bybel nodig gehad om te sê "hierdie is 'n totale raaisel, jy kan nie begin om dit te verstaan nie!". Ons lees eerder dat hulle die mense geleer het deur redenering, en deur logiese gevolgtrekkings uit die Skrif.

Met sy prediking van die Evangelie beginsels soos wat ons in hierdie studies oorweeg, het Paulus **" met hulle gespreek uit die Skrifte en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus"** (Handelinge 17:2,3). Hier vind ons sistematiese, logiese Bybel-redenasie uit die boonste rakke, en verder sê die woorde voor hierdie vers nog boonop ***"volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek."***

Dit was dus sy gewone styl (sien ook Handelinge 18:19). Gepaardgaande hiermee sien ons dat Paulus tydens 'n groot veldtog in Korinthe **" elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig het. En toe Silas en Timótheüs van Macedónië afgekom het, was Paulus ywerig besig om aan die Jode kragtig te betuig dat Jesus die Christus is. Maar toe hulle aanhou om teëstand te bied en godslasterlike dinge te spreek, het hy sy klere uitgeskud en vir hulle gesê: Julle bloed is op julle hoof. Ek is rein. Van nou af sal ek na die heidene gaan"** (Handelinge 18:4-6).

Die wat bekeer is het deur 'n proses van oortuiging gegaan, die gevolg van Paulus se Bybel-gebaseerde redenasie. Hier was geen visie van "Jesus in my slaapkamer"; of "'n onbeskryflike gevoel het oor my gekom"; of "Ek het die Here een aand ontmoet" nie.

So ook in Antiochië het Paulus en Barnabas mense oortuig deur met hulle te praat oor die woord van God (Handelinge 13:43). Hulle volgende besoek was aan Ikonium waar hulle ook gepreek het **"…., dat 'n groot menigte gelowig geword het"** (Handelinge 14:1). Met sy verhoor 'n ruk later, het dieselfde gesonde logika aangehou om Paulus se sekere hoop vir die toekoms te inspireer: **"maar toe hy spreek oor geregtigheid en selfbeheersing en die toekomstige oordeel,….."**;**.**

Dit was met sulke indringende helderheid dat selfs sy siniese, traak-my-nie-agtige regter "gebewe" het (Handelinge 24:25). Omdat ons bekering op so

'n proses van redenasie gebaseer moet wees, behoort ons in staat te wees om 'n logiese Bybelse weergawe van ons hoop en leerstellings te kan gee. **"Maar heilig die Here God in julle harte en wees altyd bereid om verantwoording te doen aan elkeen wat van julle rekenskap eis omtrent die hoop wat in julle is, met sagmoedigheid en vrees;"** (1 Petrus 3:15).

Om net van 'n mens se eie, persoonlike ervarings te praat, is nie om 'n rede van die hoop van die Evangelie te gee nie. Die volgehoue afhanklikheid op "persoonlike getuienis" as 'n metode van prediking deur baie "evangeliese" Christene beklemtoon die leemte aan 'n "beredenerende antwoord" van hulle "hoop".

In die lig van al hierdie dinge behoort dit duidelik te wees dat dit onlogies is om te glo dat die gees van God 'n persoonlike wese is. Om dit te probeer omseil agter die idee dat dit 'n "raaisel" is en dat logika nie ter sprake is nie, strook ook nie met die Bybel nie. As ons nie logiese gevolgtrekkings uit die Skrif kan maak nie dan is alle Bybelstudie nutteloos. Daar is dan nie 'n nodigheid vir 'n Bybel nie en dit kan dan gesien word as 'n stuk fasinerende literatuur of goeie filosofie. Dit is al wat dit blyk te wees in baie Christene se boekrakke.

Ons moet egter tot die krediet van sommige wat glo dat Heilige Gees 'n persoon is, sê dat hulle wel probeer om Bybelse redes te gee. Die verse wat hulle gewoonlik aanhaal praat van God se gees asof dit 'n persoon is, bv. "die trooster" in Johannes 14-16, of verse wat sê dat die gees "gegrief" word. Ons wys in Studie 4.3 dat 'n mens se "gees" opstandig kan word (Handelinge 17:16), bly gemaak kan word (Lukas 10:21) of onrustig kan wees (Genesis 41:8).

Die mens se "gees", met ander woorde sy wese, sy denke of doelwitte, wat aanleiding gee tot sy aksies, word van gepraat asof dit 'n aparte persoon is, maar dit is natuurlik nie letterlik so nie. So kan daar ook na God se gees op dieselfde manier verwys word. Dit moet ook in ag geneem word dat die Bybel gereeld die konsep van verpersoonliking gebruik wanneer dit na sekere abstrakte dinge verwys. So bv. word daar na wysheid as 'n vrou verwys in *Spreuke 9:1*. Sien Inset 5, "Die beginsel van verpersoonliking" vir meer besonderhede in die verband.

## Inset 5: Die beginsel van verpersoonliking.

Dit is 'n erkende aspek van die Bybel om nie-lewende of abstrakte dinge soos bv wysheid, rykdom, sonde, die kerk en die sonde te verpersoonlik. Die volgende voorbeelde sal hierdie punt illustreer:

**WYSHEID WORD VERPERSOONLIK**
"**Roep die Wysheid nie, en verhef die Verstandigheid nie haar stem nie?** (Spreuke 8:1) **; " Die Wysheid het haar huis gebou, haar sewe pilare uitgekap,"** (Spreuke 9:1).

Die verse en inderdaad die res van die hoofstukke waarin hulle voorkom, toon dat wysheid as 'n vrou verpersoonlik word. Niemand het egter as gevolg hiervan die idee dat wysheid letterlik 'n beeldskone dame is wat op die aarde rondsweef nie; almal erken dat "sy" 'n baie aantreklike karaktereienskap is wat alle mense moet probeer kweek.

**RYKDOM WORD VERPERSOONLIK**
**" Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!"** (Mattheüs 6:24).

Hier word rykdom aan 'n heer gelyk gestel. Baie mense probeer hard om rykdom te bekom en sodoende word dit hulle meester. Jesus se boodskap is dat ons nie dit kan doen, en vir God ook op 'n aanvaarbare manier dien nie. Die boodskap is eenvoudig en effektief maar niemand neem aan dat rykdom 'n man met die naam "Mammon" is nie.

**SONDE WORD VERPERSOONLIK**
**"Ek sê vir julle: . elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is"** (Johannes 8:34).

**"…. soos die sonde geheers het in die dood,…."** (Romeine 5:21).

**"Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?"** (Romeine 6:16).

Soos in die geval van rykdom, word die sonde hier gelyk gestel aan 'n meester van "knegte" (sondaars) wat hom dien. Geen redelike interpretasie van bogenoemde vers regverdig 'n aanname dat Paulus leer dat sonde 'n werklike persoon is nie.

**DIE GEES VERPERSOONLIK**

" Maar wanneer **Hy** gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie,….(Johannes 16 13).Jesus vertel hier vir sy dissipels dat hulle die krag van die Heilige Gees sou ontvang en dit het gebeur tydens Pinkster. Ons lees in Handelinge 2:3,4: **"Toe is deur hulle tonge gesien soos van vuur, wat hulleself verdeel en op elkeen van hulle gaan sit. En hulle is almal vervul met die Heilige Gees . . ."**, wat aan hulle ongelooflike krag gegee het om wonderbaarlike dinge te doen ten einde te kon bewys dat hulle gesag van God was. Die Heilige Gees was nie 'n persoon nie, dit was 'n krag, maar wanneer Jesus daarvan gepraat het, verpersoonlik hy dit deur daarvan te praat as "hy".

Johannes noem die Heilige Gees egter "dit" (met ander woorde 'n neutrale abstrakte konsep) in 1 Johannes 2:27 **" . . . so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié ("dit" in die oorspronklike Grieks) julle geleer het, so moet julle in Hom ("dit" in die oorspronklike Grieks) bly.**

**DIE DOOD VERPERSOONLIK**

**" En ek het gesien, en kyk, daar was 'n vaal perd. En hy wat daarop sit, sy naam is die dood,…."** (Openbaring 6:8).

**DIE VOLK ISRAEL VERPERSOONLIK**

**" Ek sal jou weer bou, en jy sal gebou word, o <u>jonkvrou</u> van Israel! Jy sal jou weer versier met jou tamboeryne en uittrek in die koordans van die spelers"** (Jeremia 31:4).

**" Sekerlik het Ek Efraim hoor weeklaag: U het my getugtig en ek het my laat tugtig soos 'n ongeleerde kalf. Bekeer my, dan sal ek my bekeer, want U is die HERE my God"** (Jeremia 31:18).

Die konteks van hierdie verse wys duidelik dat die profeet nie na 'n letterlike maagd of 'n persoon genoem Efraim verwys nie, maar na die volk Israel wat verpersoonlik word.

**DIE GELOWIGES IN CHRISTUS VERPERSOONLIK**

- **" . . . totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus;"** (Efesiërs 4:13)
- **" Dit is een liggaam…."** (Efesiërs 4:4).
- **"Maar julle is die liggaam van Christus en lede afsonderlik"** ( 1 Korinthiërs 12 27).
- **" Want die man is die hoof van die vrou, soos Christus ook Hoof is van die gemeente; en Hy is die Verlosser van die liggaam."** (Efesiërs 5:23).
- **" En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees. . . . Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukking van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is**;" (Kolossense 1:18,24).
- **" …die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak"** (Openbaring 19:7).

Dit is duidelik dat hierdie verse na die mense wat ware gelowiges in Christus is, en wat soms die "kerk" genoem word, verwys. Hulle moet egter nie met die huidige ortodokse kerke, wat al lank gelede nie meer die ware gelowiges in Christus is nie, verwar word nie. Die ware gelowiges, met ander woorde die wat die ware leerstellings aanhang en glo, word na verwys as 'n "maagd", wat die reinheid van die lewens wat hulle moet lei aandui.

Hulle word ook heel gepas 'n "liggaam" genoem omdat hulle ook baie lede het wat verskillende verantwoordelikhede en funksies moet uitvoer. As die kerk egter 'n "liggaam" genoem word dink niemand verkeerdelik dat dit 'n individu is nie.

## Inset 6 : Calvinisme

'n Paar honderd jaar gelede het Calvyn geleer dat ons lewens vooruit bepaal is en dat ons vrye wilsbesluite geen invloed op ons saligheid het nie. Dit is vooruit bepaal of ons lot saligheid of verdoemenis is. Hierdie idee het in verskeie moderne vorme weer te voorskyn gekom, nl:

- Daar is geen nut daarin om moeite te doen met Bybelstudie of godsdiens nie omdat ons in elk geval gered sal word as dit so bestem is.

- Dat daar 'n bose wese genaamd "die duiwel" is wat ons dwing en verlei tot sonde, en probleme in ons lewens veroorsaak ongeag van ons eie wil. Hierdie verkeerde idee word in studie 6 bespreek.

- Dat daar geen nodigheid is om vir God se sorg te vra in situasies in die alledaagse lewe nie, aangesien alles in elk geval vooruitbepaal is. Om byvoorbeeld te bid vir 'n veilige reis is dus sinneloos, aangesien "jou nommer sal opkom as dit jou beurt is."

- Evangeliese kerke leer dat dit onmoontlik is om die Bybel te glo of te verstaan as een van die drie persone van die sogenaamde drie-enigheid (die Heilige Gees) dit nie aan jou "openbaar" nie.

Daar is 'n menigte grondige Bybelse redes om hierdie filisofië te verwerp:-

- Dit maak die hele konsep van gehoorsaamheid aan God 'n onsinnigheid. Ons word herhaardelik in die Bybel vertel dat ons God se bevele moet hou en dat ons Hom behaag deur dit te doen. Christus bied redding "aan almal wat hom gehoorsaam" (Hebreërs 5:9).

- Hebreërs 11 wys dat God se betrokkenheid in ons lewens en die uiteindelike redding wat Hy bied, verband hou met ons geloof. Die menigte voorbeelde van mense wat bid tot God om redding in tye van nood word sinneloos as alles vooruitbepaal is.

- Die doop is 'n voorvereiste vir Redding (Markus 16:16 ; Johannes 3:3-5). Dit word deur Calvyniste ontken. Redding word egter moontlik gemaak op grond van die werk van Christus (2 Timoteus 1:10), nie deur die abstrakte konsep van predestinasie nie. Ons moet bewustelik 'n keuse maak om onsself met Jesus te assosieer

deur die doop. Romeine 6:15-17 praat van die feit dat daar van "meester" verander moet word – vanaf 'n lewe van sonde tot 'n lewe van gehoorsaamheid.

**" Wat dan? Sal ons sonde doen, omdat ons nie onder die wet is nie maar onder die genade? Nee, stellig nie! Weet julle nie dat aan wie julle julself as diensknegte tot beskikking stel om hom gehoorsaam te wees, julle diensknegte is van hom aan wie julle gehoorsaam is nie òf van die sonde tot die dood, òf van die gehoorsaamheid tot geregtigheid?Maar ons dank God dat julle wel diensknegte van die sonde was, maar van harte gehoorsaam geword het aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is,"** (Romeine 6:15-17).

Hierdie woorde van onderdanigheid toon duidelik die konsep van vrye wil aan, en nie onvoorwaardelike vooruitverkiesing nie. Die onderdanigheid is deur gehoorsaamheid, uit die hart, aan die leerstellings van die Evangelie (Romeine 6:17).

- Wat is die nut vir God om Sy Woord "uit te stuur" as ons uiteindelik in elk geval vooruit verkies was? Wat is ook dan die nodigheid om die Evangelie te verkondig? Tog leer die Bybel onomwonde dat dit op grond van die verkondiging van die woord is dat mense tot redding kom. "Die woord . . . van verlossing" (Handelinge 13:26) moet na alle mense uitgaan.

- Ons sal geoordeel word volgens ons werke (Openbaring 22:12). Hoekom so as ons besluite en optredes uit vrye wil onverwant staan tot ons redding? Paulus het gesê dat die Jode hulleself onwaardig geoordeel het ten opsigte van die ewige lewe, omdat hulle die woord van God verwerp het (Handelinge 13:46). Hulle het hulleself geoordeel – God het hulle nie verhoed of dit vooraf so bepaal nie.

  As ons sê dat God sekere mense uitverkies tot redding en ander nie, dan is dit streng gesproke God wat sekere mense dwing om sondaars te wees, terwyl Hy ander dwing om geregtig te wees. Dit is as gevolg van Adam se sonde dat **" die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle**

**mense deurgedring het, omdat almal gesondig het"** (Romeine 5:12).

Mense sterf as 'n straf vir sonde (Romeine 6:23), nie omdat God hulle gedwing het om sondaars te wees, of hulle nooit 'n geleentheid gebied het om 'n keuse uit te oefen tussen gehoorsaamheid aan hulle eie wil of gehoorsaamheid aan God se wil nie.

- 1 Korinthiërs 10 en baie ander versgedeeltes verwys na voorbeelde as waarskuwing vir gelowiges, van diegene wat in die verlede 'n verhouding met God gehad het, maar toe afvallig geraak het. Die feit dat dit moontlik is om "van die genade te verval" (Galasiërs 5:4), beteken dat daar nie 'n "eenkeer gered altyd gered" stelsel van saligheid, soos deur Calvyn vereis, bestaan nie. Slegs deur aan te hou om aan die ware leerstellings te glo kan ons gered word (1 Timotheüs 4:16).

- Jesus het duidelik geleer dat insig in God se woord in 'n mate afhanklik is van ons vrywillige inspanning (Mattheüs 24:15).

Ons moet dus self die woord wil verstaan – ons word nie gedwing om dit te doen nie. Omdat God se gees so uitnemend deur Sy Woord geopenbaar word – selfs tot die mate dat Jesus kon sê dat sy geïnspireerde woorde "gees" was (Johannes 6:63), is dit onmoontlik dat God se gees op 'n mens sal inwerk afsonderlik van sy woord.

**"En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet"** (Openbaring 22:17). *Dit* word bereik deur te reageer op die Woord van die lewe soos gevind in die Evangelie.

Hier word tog sekerlik verwys na 'n vrye wil, eerder as uitverkiesing. So ook Handelinge 2:21: **"En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word."**

**Inset 7: "Julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang" (Handelinge 2:38).**

Petrus het die skare tydens Pinkster toegespreek, en het afgesluit met 'n pleidooi in vers 38 om te bekeer, gedoop te word en dan die Heilige Gees te ontvang. Hierdie verwysing na die gawes van God se Gees is in konteks van die Apostels wat die gawe gebruik het om in tale te praat, en Petrus het verduidelik dat hulle dit gedoen het in vervulling van Joël se profesie oor die uitstorting van die wonderbaarlike gawes (Handelinge 2:16-20). Dit is derhalwe redelik om af te lei dat Petrus die gawes van die gees belowe het aan die skare wat na hom geluister het. Hierdie skare was Jode en nie heidene nie (Handelinge 2:5). Joël se profesie het op die Jode betrekking gehad. So maak Petrus dan die volgende stelling aan hulle**: "Want die belofte kom julle toe en <u>julle kinders</u> . . ."** (Handelinge 2 39), wat aansluit by Joël se profesie wat aan die Jode en hulle **kinders** gemaak is (Handelinge 2:17 vergelyk Joël 2:28-32). Die afleiding kan dus gemaak word dat die belofte net aan die twee geslagte gemaak is - die wat na Petrus geluister het, en hulle kinders.

Die gawes sou gedurende die twee geslagte ook aan die heidene beskikbaar wees **"en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep"** (Handelinge 2:39). Die heidene word ook in Efesiërs 2:14-17 beskryf as die wat "ver" is. Daar is egter goeie rede om te glo dat wat in Handelinge 2 gebeur het net 'n gedeeltelike vervulling van die woorde in Joël was.

Die volkome vervulling sal kom wanneer Israel binnegeval is en die invaller vernietig word (Joël 2:20), Israel berou kry, hulle bekeer en gelukkig in gemeenskap met hul God leef: **"En julle sal weet dat Ek in die midde van Israel is, en dat Ek die HERE julle God is, en niemand anders nie; en my volk sal in ewigheid nie beskaamd staan nie. En daarna (met ander woorde na bogenoemde) sal Ek my Gees uitgiet op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, julle ou mense drome droom, julle jongelinge gesigte sien"** (Joël 2:27,28). Voordat hierdie voorwaardes egter nie gesien word nie sal ons nie die volle vervulling van Joël se woorde ervaar nie.

## Inset 8 : Vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg (Markus 16:17).

Hierdie vers laat mense die stelling maak dat enige ware gelowige die wonderbaarlike gawes moet ontvang. Dit bewys egter te veel – **" En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word"** (Markus 16:17,18). Hierdie is nie beloftes van dinge wat dalk teoreties sal gebeur as 'n gelowige genoeg geloof het nie; hierdie was sekere beloftes wat definitief deur gelowiges gedoen sou word. Indien wonderwerke van hierdie omvang nie duidelik gedoen word nie, kan die belofte van hierdie vers nie op ons vandag van toepassing wees nie.

Ons sien byvoorbeeld dat Paulus in Handelinge 28:3-7 deur 'n giftige slang gepik word sonder om enige iets oor te kom, as bevestiging dat sy prediking van God is. Tussen al die charismatiese Christene wat aanspraak gemaak het op die gawes van die Heilige Gees oor die afgelope 100 jaar, was daar geen realistiese bewys van sulke wonderbaarlike kragte wat teenwoordig was nie. Dit laat ons met die gevolgtrekking wat ons reeds vroeër gemaak het van wat die Bybel leer oor die Heilige Gees. Hierdie wonderbaarlike gawes is deur die vroeë Christene in die eerste eeu besit, maar het ophou bestaan nadat die Nuwe Testament voltooi was.

Die finale vers in Markus 16 gee die indruk dat die wonderwerke, wat die wat geglo het "gevolg" het, ten doel gehad het om die woord wat hulle verkondig het te bevestig: **"En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens <u>volg</u>: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, . . . Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop <u>gevolg</u> het. Amen"** (Markus 16:17,20). Later, toe hierdie gesproke woord volledig neergeskryf is, soos ons dit nou in die Nuwe Testament het, was daar nie meer die nodigheid vir wonderwerke om die wat glo te volg nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat daar 'n onderskeid tussen die **vrug** van die Gees en die **gawes** van die Heilige Gees is. Die **vrug** van die Gees is "liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid,

getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing" (Galasiërs 5:22) - almal karaktereienskappe van 'n mens wat deur jou optrede en gedrag gewys word.

Die **gawes** van die Heilige Gees is "'n woord van wysheid gegee, en aan die ander 'n woord van kennis vanweë dieselfde Gees; aan 'n ander weer geloof deur dieselfde Gees, en aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur dieselfde Gees; aan 'n ander werkinge van kragte, aan 'n ander profesie, aan 'n ander onderskeiding van die geeste, aan 'n ander allerhande tale, aan 'n ander uitleg van tale " (1 Korinthiërs 12:8-10) - almal bevoegdhede wat 'n mens in staat stel om sekere aksies uit te voer.

1 Korinthiërs 13:1-4 maak dit duidelik dat as 'n mens die GAWES het, maar nie die vrug van die liefde nie, dit niks sal baat nie. Daar is dus 'n verskil tussen die gawes en die vrug van die Heilige Gees. Verder wys verse 8 en 9 dat die **gawes** sou vergaan maar die liefde ('n **vrug**) nooit nie. Die vraag is nou: "wanneer sou die gawes vergaan ?"

Die gawes van die Heilige Gees is vir 'n spesifieke doel gegee en is "teruggetrek" toe díe doel bereik was. Die doel was om:

(a) die geldigheid van die Apostels te bewys,

(b) die kerk te vestig op die ware boodskap en wyse van aanbidding (Efesiërs 4:11-14),

(c) die ware gelowiges 'n voorsmakie te gee van die Heilige Gees van God wat ten volle in die komende Koninkryk op aarde (**na** Jesus se wederkoms) uitgestort sal word. " Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak het en die HEILIGE GEES DEELAGTIG GEWORD HET, en die goeie woord van God gesmaak het **en DIE KRAGTE VAN DIE TOEKOMSTIGE WÊRELD ………"** (Hebreërs 6:4,5)

Met die voltooiing van die Nuwe Testament is hierdie doel bereik, en het die gawes geleidelik verdwyn soos wat diegene wat dit besit het (en dit nie kon oordra nie), en die Apostels ( wat alleenlik dit met handoplegging kon oordra), gesterf het.

Die Heilige Gees werk vandag op 'n meer indirekte metode as 'n krag in mense, nl. deur die Woord van God - die Bybel. In God se woord is die Gees (krag) opgesluit wat mense die ewige lewe kan gee, as hulle toelaat dat dit op hulle denke inwerk en hulle lewens verander. (Romeine 1:12 ; Johannes 6:63; 1 Timotheüs 3:16). Let op dat ons nie ontken dat God nog deur Sy krag wonderwerke doen nie. Hy kan en sal, as ons Hom vra en dit Sy wil is. Dus kan mense nog wonderbaarlik genees word deur gebed.

Mense wat egter aanspraak maak daarop dat hulle die gawes besit soos die Apostels dit besit het verstaan die Bybel verkeerd in hierdie verband. Gewoonlik word daar ook klem gelê op hulle vermoëns om in tale te praat en die genesings wat gedoen word. Hierdie genesings is of

1. moontlik gemaak deur positiewe denke, "mind over matter", of
2. onder twyfelagtige omstandighede gedoen.

Verder was die gawes in die Apostels se tyd onbeperk en is dooies opgewek en mense bv. genees selfs al was hulle net in Petrus se skaduwee. Ons sien nie vandag sulke resultate by mense wat aanspraak maak op die besit van die gawes nie. Hoekom nie?

Omdat die Bybel leer dat die gawes sou ophou bestaan nadat die doel waarvoor hulle gegee was, bereik is. Ons moet twee dinge hier teen mekaar opweeg - die ware en korrekte interpretasie van die Woord, teenoor die ervaringe van mense wat die Woord verkeerd verstaan en daarvolgens "oortuig" is dat hulle sekere dinge kan doen. Dit is egter hier waar 'n mens nie versigtig genoeg kan wees nie, aangesien die mens se verbeelding besonder kragtig (soms gevaarlik so) kan wees.

Die profeet Joël praat van die Heilige Gees se uitstorting as die vroeë en laat reëns. Die vroeë reëns was met Christus se eerste koms. Die laat reëns (uitstorting van die Heilige Gees) is wanneer Christus weer kom. Tussen die vroeë en laat reëns is daar ‘n droogte periode. (Joël 2:23, vergelyk Petrus se interpretasie daarvan in Handelinge 2:16-19).

Die Woord is volledig genoeg om ons te help in alle situasies en te oortuig van die Evangelie (2 Timotheüs 3:16,17). God soek mense wat Hom op grond van Sy Woord - nie op grond van tekens nie - glo (Mattheüs 12:39 ;

Lukas 16:31). Verder is God en Sy almag ( Sy Gees = Sy krag) altyd daar om ons op wonderbaarlike maniere te red en te help na gelang van wat omstandighede vereis. Dit word egter nie nou meer aan spesifieke individue gegee nie.

# Studie 2
# Vrae

1. Watter van die volgende dra die betekenis van die woord "Gees"? (a) Krag (b) Heilig (c) Asem (d) Stof.

2. Wat is die Heilige Gees? (a) 'n Persoon (b) Krag (c) God se krag (d) Deel van 'n drie-enigheid.

3. Hoe is die Bybel geskryf?
(a) Mense het hulle eie idees neergeskryf (b) Mense het geskryf wat hulle gedink het God bedoel (c ) Deur mense wat onder God se inspirasie was (d) Gedeeltes was geïnspireerd, ander nie.

4. Watter van die volgende is redes waarom die gawes van die Heilige Gees gegee is? (a) Om die verkondiging van die Evangelie te bekragtig (b) Om die vroeë kerk te ontwikkel (c ) Om mense te dwing om geregtig te wees (d) Om die apostels van persoonlike probleme te weerhou.

5. Waar kan ons van God se waarheid leer?
(a) Gedeeltelik uit die Bybel en gedeeltelik uit ons eie denke (b) Van die Heilige Gees wat direk vir ons dit leer sonder om die Bybel te lees (c ) Van die Bybel alleenlik (d) Van dominees of pastore.

6. Noem sommige van die gawes van die Heilige Gees wat in die eerte eeu in besit was. ______________________________________________________

7. Wanneer was die gawes onttrek? _________________________________

8. Is dit moontlik om die gawes nou te besit? ________________________

9. Hoe werk die Heilige Gees in ons lewens vandag?
_________________________________________________________________

# Bybel Beginsels

# Studie Drie

# Die Beloftes van God.

**3.1 DIE BELOFTES VAN GOD : INLEIDING**

In hierdie stadium van ons studies het ons 'n breë begrip bereik van wie God is en hoe Hy werk. Ons het hopelik teen die tyd 'n paar algemene misverstande oor hierdie dinge opgeklaar. Nou wil ons meer positief kyk na die dinge wat God "beloof het aan die wat Hom liefhet" (Jakobus 1:12; 2:5) en wat Sy gebooie onderhou (Johannes 14:15).

Die beloftes van God in die Ou Testament behels die ware Christen hoop. Toe Paulus tereg gestaan het vir sy lewe, het hy van 'n toekomstige beloning gepraat waarvoor hy bereid was om alles te verloor**: "En nou staan ek tereg oor die hoop op die belofte wat aan die vaders deur God gedoen is . . . oor hierdie hoop . . . word ek beskuldig"** (Handelinge 26:6,7). Hy het 'n groot deel van sy lewe gewy aan die prediking van **"die goeie tyding (die Evangelie) van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit . . . vervul het deur Jesus op te wek"** (Handelinge 13:32). Paulus het verduidelik dat geloof in daardie beloftes hoop gegee het in 'n wederopstanding uit die dood (Handelinge 26:6-8 vgl. 23:8), die wete dat Jesus 'n tweede keer gaan kom om te oordeel, en van God se komende Koninkryk (Handelinge 24:25 ; 28:20,31).

Dit alles wys baie duidelik dat die Ou Testament nie net 'n verhaal van Israel se geskiedenis is wat niks oor die ewige lewe sê nie. God het nie 2000 jaar gelede skielik besluit dat Hy vir ons die ewige lewe deur Jesus gaan offer nie. Nee, hierdie voorneme was met Hom van die begin af:

> **" . . . in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het, en op die regte tyd sy woord bekend gemaak het deur die prediking wat aan my toevertrou is"** (Titus 1:2,3).
>
> **". . . en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is"** (1 Johannes 1:2).

Aangesien dit van die begin van die Skepping af God se doel was om vir Sy mense die ewige lewe te gee, is dit onwaarskynlik dat Hy niks daaroor sou sê in die 4000 jaar van Sy omgang met die mens, soos in die Ou

Testament aangeteken is nie. Feit is dat die Ou Testament vol profesieë en beloftes is wat praat van hierdie hoop wat God voorberei het vir Sy mense.

Dit is hieroor dat 'n begrip van God se beloftes aan die Joodse vaders so belangrik is vir ons saligheid: so veel so dat Paulus die gelowiges in Efese herinner daaraan dat, voordat hulle geweet het van hierdie dinge, hulle **"sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld"** (Efesiërs 2:12). Dit beklemtoon die erns daarvan om te weet van die Ou Testament beloftes van God – soos Paulus sê **"sonder hoop en sonder God in die wêreld."** Onthou hoe Paulus die Christelike hoop beskryf het as **"die hoop op die belofte wat aan die (Joodse) vaders deur God gedoen is"** (Handelinge 26:6).

Dit is tragies dat so baie kerke hierdie gedeeltes van die Ou Testament afskeep. Die "Christendom" het verval in 'n godsdiens gebasseer op die Nuwe Testament – en dan gebruik hulle ook net sekere uitgesoekte gedeeltes. Jesus het baie duidelik die belangrikheid van die Ou Testament beklemtoon: **"As hulle na Moses (d.i. die eerste vyf boeke in die Bybel wat hy geskryf het) en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan"** (Lukas 16:31).

Ons natuurlike denke mag dalk redeneer dat geloof in die wederopstanding van Jesus genoeg is (vgl. Lukas 16:30), maar Jesus het gesê dat sonder 'n goeie begrip van die Ou Testament, dit nie moontlik is nie.

Die gebrek aan geloof wat die dissipels na die kruisiging ondervind het, het Jesus toegeskryf aan hulle gebrek om noukeurige aandag aan die Ou Testament te gee**:-" En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het! Moes die Christus nie hierdie dinge ly en in sy heerlikheid ingaan nie? En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het"** (Lukas 24:25-27).
Let op hoe Jesus beklemtoon het dat die hele Ou Testament van hom gepraat het. Dit is nie dat die dissipels nooit die Ou Testament gelees of gehoor het nie. Hulle het net nie behoorlik verstaan nie, en kon gevolglik nie werklik glo nie. Dus is 'n korrekte begrip van God se Woord noodsaaklik om 'n ware geloof te ontwikkel en help dit nie om dit net te lees nie. Die Jode was fanaties in hulle lees van die Ou Testament

(Handelinge 15:21), maar omdat hulle nie die verwysings na die dinge van Jesus en Sy Evangelie verstaan het nie, het hulle dit nie regtig geglo nie, en so het Jesus vir hulle gesê: **" Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?"** (Johannes 5:46,47).

Ten spyte van al hulle Bybel-lees, kon hulle nie die ware boodskap oor Jesus sien nie. Tog het hulle gedink dat hulle saligheid 'n sekerheid was. Jesus moes vir hulle sê: **"Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig"** (Johannes 5:39).

So kan dit ook met baie mense gaan wat 'n bietjie weet oor sommige van die gebeure en leerstellings van die Ou Testament: - kennis wat hulle toevallig deur die jare bekom het. Die wonderlike boodskap van Christus en die Evangelie van God se Koninkryk ontwyk hulle steeds. Dit is die doel van hierdie studie om vir u die regte betekenis van die hoof beloftes in die Ou Testament te gee:-

- 🕮 IN DIE TUIN VAN EDEN
- 🕮 AAN NOAG
- 🕮 AAN ABRAHAM
- 🕮 AAN DAWID

Besonderhede oor hulle word in die eerste vyf boeke van die Bybel (Genesis – Deuteronomium) wat deur Moses geskryf is, gevind en ook in die Ou Testament profete. Al die elemente van die Christen Evangelie word hier gevind. Paulus het gesê: **"Maar omdat ek hulp van God verkry het, staan ek tot vandag toe en getuig aan klein en groot, en spreek niks buiten wat die profete en ook Moses gesê het dat sou gebeur nie: dat die Christus moes ly en die eerste wees uit die opstanding van die dode, en 'n lig aan die volk en die heidene sou verkondig"** (Handelinge 26:22,23),
en in sy laaste dae was dit dieselfde: **"En hulle het vir hom 'n dag bepaal, en baie het na hom in sy verblyfplek gekom. En in 'n kragtige getuienis het hy vir hulle die koninkryk van God uitgelê; en van die môre vroeg tot die aand toe het hy uit die wet van Moses en uit die profete hulle probeer oortuig aangaande Jesus"** (Handelinge 28:23).

Paulus, die uitstaande Christen, se hoop moet ook die hoop wees wat ons motiveer; soos dit vir hom 'n wonderlike lig regdeur sy lewe was, so moet dit vir elke ernstige Christen wees. Deur hierdie motivering aangevuur, kan ons nou die "Skrifte ondersoek".

## 3.2 DIE BELOFTE IN EDEN

Die patetiese verhaal van die mens se sondeval word vertel in Genesis hoofstuk 3. Die slang is vervloek omdat hy God se woord verkeerd aangehaal het, en toe vir Eva versoek het om ongehoorsaam daaraan te wees. Die man en die vrou is gestraf vir hulle ongehoorsaamheid. Maar 'n ligstraal verskyn in hierdie donker prentjie wanneer God vir die slang sê: ". . . Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt" (Genesis 3:15).

Hierdie vers is hoogs gekonsentreerd; ons moet baie noukeurig kyk na alles wat hier betrokke is. 'n "Saad" beteken 'n nakomeling of kind, maar dit kan ook verwys na die mense wat geassosieer word met die spesifieke "saad". Ons sal later sien dat Abraham se "saad" Jesus was (Galasiërs 3:16), maar dat as ons "in" Jesus is wanneer ons gedoop word, ons ook die saad of nageslag is (Galasiërs 3:27-29). Hierdie woord "saad" verwys ook na die idee van sperma (1 Petrus 1:23); so sal 'n ware kind (saad) die karaktertrekke van sy vader hê. Die slang se saad moet dus verwys na dit wat eie aan die slang is, wat 'n ooreenkoms daarmee het:-

- Om God se Woord te verdraai
- Om te lieg
- Om ander in sonde in te ly.

Ons sal in Studie 6 sien dat dit nie 'n letterlike persoon is wat hierdie dinge doen nie, maar dat binne ons daar die volgende is:

- *"ons oue mens"* van die vlees (Romeine 6:6)
- *"die natuurlike mens"* (1 Korinthiërs 2:14)
- "*die oue mens . . . wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan"* *(*Efesiërs 4:22)
- *"die oue mens met sy werke"* *(*Kolossense 3:9)

Hierdie "*mens*" van sonde binne ons is die Bybelse "*duiwel*", die saad van die slang. Die saad van die vrou sou 'n spesifieke individu wees **– "jy (die slang se saad) sal hom in die hakskeen byt"** (Genesis 3:15). Hierdie persoon sou die slang se kop (d.i. die sonde) permanent vermorsel. Om 'n slang se kop te vermorsel is om hom dood te maak, aangesien sy brein in sy kop is. Die enigste persoon wat enigsins die saad van die vrou kan wees, moet die Here Jesus wees :-

- **"Jesus Christus, wat die dood (deur die kruis) tot niet gemaak het (en dus die mag van die sonde –** Romeine 6:23**), en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die Evangelie"** *(*2 Timotheüs 1:10).
- **"God het . . . deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,"** d.i. die Bybelse duiwel, die saad van dieslang (Romeine 8:3).
- Jesus het **"verskyn . . . om ons sondes weg te neem"** *(*1 Johannes 3:5).
- **"Jy moet hom Jesus (dit beteken Verlosser) noem, want dit is hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos"** (Mattheüs 1:21).

Jesus was letterlik **"gebore uit 'n vrou"** (Galasiërs 4:4), die seun van Maria, met God as sy Vader. Hy was dus in 'n sin ook die saad van die vrou, alhoewel dit deur God voorsien is. Hierdie saad van die vrou sou tydelik gewond word deur die sonde, die saad van die slang **– "jy sal hom in die hakskeen byt"** (Galasiërs 3:15). 'n Slang se byt aan die hakskeen is normaalweg 'n tydelike wond, vergeleke met die vermorseling van die slang se kop, wat permanent is.

Die veroordeling van die sonde, die slang se saad, was in die eerste plek deur Christus se offer aan die kruis – let op hoe die verse wat ons bo aanhaal, wat van Christus se oorwinning oor die sonde praat, die verlede tyd gebruik. Die tydelike wond aan die hakskeen wat Jesus moes ly is dus 'n verwysing na sy dood. Sy opstanding na drie dae het bewys dat hierdie slegs 'n tydelik besering was, in vergelyking met die doodslag wat hy die sonde gegee het. Dit is interessant dat nie-Bybelse historiese rekords daarop dui dat slagoffers van kruisigings deur hulle hakke aan die hout gespyker is. So was Jesus "*in die hakskeen gebyt"* deur sy dood.

## DIE KONFLIK VANDAG

Maar die vraag moes seker by u opgekom het: "As Jesus die sonde en die dood (die slang se saad) vernietig het, hoekom is al hierdie dinge dan nog vandag met ons?" Die antwoord is dat Jesus aan die kruis die mag van die sonde in homself vernietig het : die profesie van Genesis 3:15 gaan in die eerste plek oor die konflik tussen Jesus en die sonde. Dit beteken dan dat hy ons uitnooi om in sy oorwinning te deel, en ons ook uiteindelik die sonde en die dood kan oorwin. Die wat nie gevra word om in sy oorwinning te deel nie, of wat die uitnodiging van die hand wys, sal natuurlik nog steeds sonde en dood ondervind.

Alhoewel sonde en dood ook deur ware gelowiges ondervind word, kan hulle, deur verbintenis met die saad van die vrou, deur in Christus gedoop te word (Galasiërs 3:27-29), vergifnis vir hulle sondes kry en sal hulle derhalwe uiteindelik gered word van die dood, wat die gevolg van sonde is. Dus het Christus in vooruitsig **"die dood tot niet gemaak"** aan die kruis (2 Timotheüs 1:10), alhoewel mense eers sal ophou sterf wanneer die Millennium eindig en God se doel met die aarde voltooi is. **"Want Hy moet as koning heers totdat Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood"** (1 Korinthiërs 15:25,26).

As ons *"<u>in</u> Christus gedoop is"* dan word die beloftes oor Jesus, soos die in Genesis 3:15, persoonlik van toepassing op ons; hulle is dan nie meer net interessante dele van die Bybel nie; hulle is profesieë en beloftes wat direk aan ons gemaak is! As die saad van die vrou sal ons ook die oorwinning oor die sonde in die kort termyn ondervind. As die Here nie in ons leeftyd terugkom nie, sal ons ook in die hakskeen gebyt word soos Jesus was, en sal ons ook sterf. Maar as ons waarlik die saad van die vrou is, dan sal hierdie "wond" net tydelik wees. Die wat behoorlik "in" Christus gedoop is deur onder water gedompel te word, verbind hulself met Sy dood en opstanding – gesimboliseer deur die opstaan uit die water (sien Romeine 6:3-5).

As ons die ware saad van die vrou is, sal ons lewens die woorde van Genesis 3:15 weerspieël – daar sal 'n konstante konflik (vyandskap) binne ons wees, tussen reg en verkeerd. Die apostel Paulus het 'n byna

skisofreniese konflik tussen sy geestelike- en vleeslike denke beskryf wat binne hom gewoed het (Romeine 7:14-25).

Na ons doop in Christus, behoort hierdie konflik met die sonde groter te word – en dit moet aangaan vir die res van ons dae. Dit is 'n moeilike stryd omdat die mag van die sonde so sterk is! Maar in 'n sin is dit tog nie, aangesien ons <u>in</u> Christus is, wat alreeds geveg en die konflik gewen het. Let op hoe die gelowiges beskryf word as 'n vrou in Efesiërs 5:23-32, asof deur die saad van die vrou te wees, ons ook die vrou is.

Net soos die saad van die vrou beide Jesus en die wat probeer om sy karaktertrekke te hê, verteenwoordig het, so verteenwoordig die saad van die slang beide die sonde (die Bybelse "duiwel") en die wat die karaktertrekke van die sonde en die slang vrylik openbaar.

Sulke mense sal God se Woord verontagsaam of verdraai, en dit sal hulle uiteindelik lei na die skande van die sonde en vervreemding van God, presies wat met Adam en Eva gebeur het. Aangesien die Jode die eintlike mense was wat Jesus dood gemaak het (d.i. die saad van die vrou in die hakskeen gebyt het) kan dit verwag word dat hulle baie goeie voorbeelde was van die slang se saad. Dit word bevestig deur Johannes die Doper en Jesus:-

- **Maar toe hy (Johannes) baie van die Fariseërs en Sadduseërs (die groep Jode wat vir Jesus veroordeel het) na sy doop sien kom, sê hy vir hulle: <u>Addergeslag</u> wie het julle aangewys om te vlug vir die toorn wat aan die kom is?"** (Mattheüs 3:7).
- **"Maar Jesus het hulle (Fariseërs) gedagtes geken en gesê . . . <u>Addergeslag</u>, hoe kon julle goeie dinge praat terwyl julle sleg is?"** (Mattheüs 12:25,34).

Die wêreld – selfs die godsdienstige wêreld – het hierdie selfde adder- of slangkaraktertrekke. Net die wat in Christus gedoop is word geassosieer met die saad van die vrou; al die ander is, tot 'n mindere of meerdere mate, die saad van die slang. Hoe Jesus die mense behandel het wat die slang se saad was, moet vir ons 'n voorbeeld wees:-

- Hy het vir hulle gepreek in 'n gees van liefde en ware besorgdheid, tog

- ❖Het hy nie toegelaat dat hulle maniere en denke Hom beïnvloed nie, en
- ❖Hy het vir hulle die liefdevolle karakter van God gewys deur die manier waarop Hy gelewe het.

Ten spyte hiervan het hulle Hom gehaat. Sy eie pogings om gehoorsaam aan God te wees, het hulle jaloers gemaak. Selfs sy familie (Johannes 7:5 ; Markus 3:21) en goeie vriende (Johannes 6:66) het hulle van hom gedistansieer en selfs verlaat. Paulus het dieselfde ding ondervind toe hy teenoor die gekla het wat in die verlede deur dik en dun by hom gestaan het : **"Het ek dan julle vyand geword deur julle die waarheid te vertel?"** (Galasiërs 4:14-16).

Die waarheid is nooit gewild nie; om bewus te wees daarvan en om dit uit te leef soos ons moet, sal altyd een of ander probleem vir ons skep, en kan selfs ly tot vervolging:- "Maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was (deur ware kennis van God se Woord – 1 Petrus 1:23), vervolg het, so is dit nou ook" (Galasiërs 4:29). As ons werklik verenig is met Christus, moet ons lyding deurmaak, sodat ons ook deel kan hê in sy wonderlike beloning. Weer gee Paulus vir ons 'n uitstekende voorbeeld hiervan:-

**"Dit is 'n betroubare woord; want as ons met hom (Christus) gesterf het, sal ons ook met hom lewe. As ons verdra (met Hom), sal ons met hom regeer . . . daarom verdra ek alles"** (2 Timotheüs 2:10-12).

**"As hulle My (Jesus) vervolg het, sal hulle jul ook vervolg . . . al hierdie dinge sal hulle aan julle doen ter wille van my Naam"** (Johannes 15:20,21) d.i. omdat ons in die naam van Jesus gedoop is (Handelinge 2:38; 8:16).

As ons hierdie verse lees, sal 'n mens dalk wil sê "As dit is wat om met Jesus, die vrou se saad, geassosieer te wees, stel ek nie belang nie." Maar dit sal nooit van ons verwag word om iets te doen wat ons nie in redelikheid kan hanteer nie. Terwyl self-opoffering beslis nodig is om onsself ten volle met Christus te verenig, sal ons assosiasie met Hom so 'n wonderlike beloning tot gevolg hê "**dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie"** (Romeine 8:18). Selfs nou kan ons gebede om hulp, a.g.v. die

traumas van die lewe, deur sy offerande, soveel meer gewig dra met God. Voeg dan ook by die volgende wonderlike versekering, dik onderstreep in menige Christadelphian Bybel:-

> **"Geen versoeking het julle aangegryp behalwe 'n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra"** (1 Korinthiërs 10:13).
>
> **"Dit het Ek vir julle gesê, dat julle in My vrede kan hê. In die wêreld sal julle verdrukking hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld oorwin"** (Johannes 16:33).
>
> **"Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees?"** (Romeine 8:31).

## 3.3 DIE BELOFTE AAN NOAG

Soos die geskiedenis van die mensdom na die tyd van Adam en Eva ontvou het, het die mens al hoe meer goddeloos geword. Dinge het so erg geword dat die beskawing feitlik sonder sedes was, en God besluit het om alles te vernietig, met die uitsondering van Noag en sy familie (Genesis 6:5-8). Hy is beveel om 'n ark te bou waarin hy en verteenwoordigers van elke diersoort moes leef gedurende die tyd wat die wêreld vernietig sou word deur die vloed. Terloops, daar is volop wetenskaplike bewyse dat hierdie ontsaglike vloed letterlik gebeur het, buiten die feit dat die Skriftuur dit duidelik so stel!

Let op dat die aarde (d.i. die letterlike planeet) nie vernietig is nie, net die goddelose menslike stelsel wat daarop was: **"alle vlees wat op die aarde beweeg het, het weggesterwe"** (Genesis 7:21). Jesus (Mattheüs 24:37) en Petrus (2 Petrus 3:6-12) het albei die oordeel wat in Noag se tyd op die aarde gekom het, vergelyk met dit wat sal gebeur wanneer Christus weer kom. So word die mens se verskriklike goddeloosheid in Noag se tyd gelyk gestel aan die huidige wêreld, wat gestraf gaan word wanneer Jesus terugkeer.

As gevolg van die sondigheid van die mens en die program van selfvernietiging waarmee hierdie planeet besig is, het daar 'n geloof ontstaan, selfs onder Christene, dat die aarde vernietig gaan word.

Hierdie idee wys duidelik 'n gebrek aan begrip van die Bybel se basiese boodskap – dat God aktief besorg is oor die aarde, en dat Jesus Christus binnekort gaan terugkom om God se Koninkryk hier op aarde te vestig. As die mens toegelaat gaan word om die planeet te vernietig, dan kan hierdie beloftes nie nagekom word nie. Genoeg bewyse dat God se Koninkryk op aarde sal wees, word gevind in Studie 4.7 en Studie 5. Intussen beklemtoon die volgende gedeeltes die feit dat die aarde en die sonnestelsel nie vernietig gaan word nie:-

- 🕮 **"die aarde wat hy vir ewig gegrondves het"** (Psalm 78:69).
- 🕮 **"die aarde bly vir ewig staan"** (Prediker 1:4).
- 🕮 **"son en maan . . . sterre . . . hemele . . . Hy het hulle in stand gehou vir altyd, vir ewig; Hy het 'n wet gegee wat geeneen oortree nie"** (Psalm 148:3-6).
- 🕮 **"die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek**" (Jesaja 11:9 ; Numeri 14:21) – onmoontlik as God toelaat dat die aarde homself vernietig. Hierdie belofte is nog nie vervul nie.
- 🕮 **"Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het--Hy is God! --wat die aarde geformeer en dit gemaak het--Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word--Ek is die HERE, en daar is geen ander nie"** (Jesaja 45:18). As God die aarde gemaak het net om te sien hoe dit vernietig gaan word, dan was Sy werk vergeefs.

Reg van Genesis af het God al hierdie dinge aan Noag belowe. Soos hy begin lewe het in die nuwe wêreld, na die vloed, het Noag dalk gevrees dat daar nog 'n vernietiging kan wees. Hy het dalk na die vloed hieraan gedink, elke slag as dit gereën het. So het God toe 'n verbond gemaak ('n reeks beloftes) dat dit nooit weer sou gebeur nie :-**" Maar Ek, kyk, Ek rig my verbond met julle op en met julle nageslag ná julle, en met al die lewende wesens wat by julle is: die voëls, die vee en al die wilde diere van die aarde by julle--al wat uit die ark uitgegaan het, naamlik al die diere van die aarde. En Ek rig my verbond met julle op, dat alle vlees nie meer deur die waters van die vloed uitgeroei sal word nie, en dat**

**daar geen vloed meer sal wees om die aarde te verwoes nie. En God het gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek sluit tussen My en julle en al die lewende wesens wat by julle is, vir ewige geslagte"** (Genesis 9:9-12).

Hierdie verbond is deur 'n reënboog bekragtig:**- ". . . my boog gee Ek in die wolke; dit sal 'n teken wees van die verbond tussen My en die aarde. As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke, dan sal Ek dink aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie. As die boog dan in die wolke staan, sal Ek dit aansien om gedagtig te wees aan die ewige verbond tussen God en al die lewende wesens in alle vlees wat op die aarde is. En God het vir Noag gesê: Dit is die teken van die verbond wat Ek opgerig het tussen My en alle vlees wat op die aarde is"** (Genesis 9:13-17).

Omdat dit 'n ewige verbond is tussen God en die mense en diere van die aarde, volg dit dat die aarde vir ewig mense en diere sal hê wat daarop lewe. Dit opsigself is bewys dat God se Koninkryk op aarde gaan wees, eerder as in die hemel. Dus is die belofte aan Noag 'n basis van die Evangelie van die Koninkryk; dit wys hoe God se aandag op hierdie planeet gefokus is, en hoe Hy 'n ewige doel daarmee het. Selfs in woede onthou Hy genade (Habakkuk 3:2), en Sy liefde is van so 'n aard dat Hy selfs vir die diere wat Hy geskep het omgee (1 Korinthiërs 9:9 vgl. Jona 4:11).

## 3.4 DIE BELOFTE AAN ABRAHAM

Die Evangelie wat Jesus en die apostels geleer het, het basies nie verskil van wat Abraham verstaan het nie. God het **"vooraf aan Abraham die evangelie verkondig"** (Galasiërs 3:8). So belangrik is hierdie beloftes dat Petrus sy openbare proklamasie van die Evangelie begin en eindig met verwysings na hulle (Handelinge 3:13,25).

As ons kan verstaan wat vir Abraham geleer is, dan sal ons 'n baie goeie prentjie van die Evangelie hê. Daar is ander aanduidings dat "die evangelie" nie iets is wat net in die tyd van Jesus begin het nie :-

**"En ons bring julle die goeie tyding (die Evangelie), van die belofte wat aan die vaders (Joodse) gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het . . . "** (Handelinge 13:32,33).

**". . . die evangelie van God, wat Hy tevore beloof het deur sy profete (byv. Abraham, Genesis 20:7) in die heilige Skrifte . . ."** (Romeine 1:1,2).

**"Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig"** (1 Petrus 4:6) – d.i. gelowiges wat gelewe en gesterwe het voor die eerste eeu.

**"Want aan ons is die evangelie ook verkondig net soos aan hulle**" (Hebreërs 4:2) d.i. Israel in die woestyn.

Die beloftes aan Abraham het twee basiese temas:-

1. Abraham se saad ('n besondere afstammeling, of nasaat) en
2. Die land wat aan Abraham belowe is.

Hierdie beloftes word na verwys in die Nuwe Testament, en ons gaan soos ons beleid is, die Bybel homself laat verduidelik. Ons gaan die leerstellings van altwee Testamente kombineer om vir ons 'n volledige prentjie te gee van die verbond wat met Abraham gemaak is. Abraham het oorspronklik in Ur, 'n welvarende stad in wat vandag Irak is, gewoon. Moderne argeologie het aan die lig gebring dat daar reeds 'n hoë vlak van beskawing in Abraham se tyd was. Daar was 'n bankstelsel, 'n staatsdiens en 'n verwante infrastruktuur.

Abraham het in hierdie stad gewoon; so ver ons weet, 'n man van die wêreld. Maar toe roep God hom – om daardie gesofistikeerde lewe te los en 'n reis aan te pak na 'n beloofde land. Presies waarheen is nie heeltemal duidelik gemaak nie. Op die ou end was dit 'n reis van 2200 kilometer. Die land was Kanaän – moderne Israel.

Van tyd tot tyd het God aan Abraham verskyn en het Hy Sy beloftes aan hom herhaal en daarop uitgebrei. Hierdie beloftes is die basis van Christus se Evangelie, en as ware Christene kom daardie selfde roeping na ons, soos dit na Abraham gekom het, om die verganklike dinge van hierdie lewe te laat vaar, en vorentoe te gaan in 'n lewe van geloof. Om God se beloftes te neem soos hulle is, en getrou aan Sy Woord te lewe. Ons kan ons goed voorstel hoe Abraham oor en oor aan hierdie beloftes gedink het op sy reise:

**"Deur die geloof het Abraham, toe hy geroep is (van Ur), gehoorsaam weggetrek na die plek (Kanaän) wat hy as 'n erfenis sou ontvang; en hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou kom"** (Hebreërs 11:8).

Soos ons God se beloftes vir die eerste keer teëkom, mag ons ook voel dat ons nie presies weet hoe die beloofde land van God se Koninkryk daaruit sien nie. Maar ons geloof in God se Woord moet van so 'n aard wees dat ons ook graag gehoorsaam wil wees.

Abraham was nie bloot 'n swerwer wat rondgetrek het met niks beter om te doen as om 'n kans te vat dat daar iets van die beloftes sou kom nie. Sy agtergrond was, in fundamentele terme, baie soos ons s'n. Die komplekse en pynlike besluite wat hy moes neem, is net soos die wat ons moontlik ook moet maak, wanneer ons kies om God se beloftes te aanvaar en daarop te reageer. Kollegas by die werk wat ons snaaks aankyk, die agteraf kyke van ons bure . . . dis alles dinge wat Abraham ook moes deurmaak. Abraham moes ontsettend gemotiveer gewees het om deur te druk met alles. Al wat daardie motivering deur die lang jare kon gee was die belofte. Hy moes daardie woorde uit sy kop uit geleer het en elke dag nagedink het oor wat hulle regtig vir hom beteken het.

As ons dieselfde geloof wys, en daarvolgens lewe, kan ons dieselfde eer as Abraham hê – om vriende van God genoem te word (Jesaja 41:8), om die kennis van God te vind (Genesis 18:17) en om die sekere hoop van die ewige lewe in die Koninkryk te hê. Ons wil dit weer beklemtoon dat die Evangelie van Christus gebaseer is op hierdie beloftes aan Abraham. Om werklik in die Christenboodskap te glo, moet ons ook 'n goeie kennis van die beloftes aan Abraham hê. Sonder hulle is ons geloof nie geloof nie.

Ons moet dus hierdie dialoog tussen God en Abraham met ywer lees en weer lees.

**DIE LAND.**

*1.* **"Gaan jy uit jou land . . . na die land wat ek jou sal wys"** (Genesis 12:1).

*2.* Abraham het **"van plek tot plek uit die Suidland getrek tot by Bet-el (in sentraal Israel). En die HERE sê vir Abraham . . .**

**slaan tog jou oë op en kyk van die plek waar jy staan, na die noorde en suide, na die ooste en weste; want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid . . . trek die land deur in sy lengte en breedte, want Ek sal dit aan jou gee"** (Genesis 13:3, 14-17).

*3.* **"Op dié dag het die HERE met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier"** (Genesis 15:18).

*4.* **"En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n God wees"** (Genesis 17:8).

*5.* Abraham het die belofte ontvang dat **hy "erfgenaam van die wêreld sou wees"** (Romeine 4:13).

Ons sien hier 'n progressiewe openbaring aan Abraham :-

1.'Daar is 'n land waarheen ek wil hê jy moet gaan.'

2. 'Jy het nou in die area aangekom. Jy en jou kinders sal vir ewig hier lewe.' Let op hoe hierdie belofte van die ewige lewe sonder glans of nadruk gemaak word; 'n menslike skrywer sou sonder twyfel 'n bohaai daaroor gemaak het.

3. Die area van die beloofde land word meer spesifiek uitgewys.

4. Abraham moes nie verwag om die belofte in hierdie lewe te ontvang nie – hy sou 'n vreemdeling in die land wees, al sou hy later vir ewig daar bly. Die implikasie hiervan is dat hy sou sterf en dan later opgewek sou word sodat hy die belofte kan ontvang.

5. Paulus, onder inspirasie, het die beloftes aan Abraham gesien as sy erfenis van die hele wêreld.

Die Skriftuur gaan uit sy pad uit om ons te herinner daaraan dat Abraham nie die vervulling van die beloftes in sy leeftyd ontvang het nie:- **"Deur die geloof het hy as vreemdeling gaan woon (dit impliseer iets tydelik) in die land van belofte soos in 'n vreemde land en in tente gewoon"** (Hebreërs 11:9). Hy het as 'n vreemdeling in die land gewoon, dalk met dieselfde heimlike gevoel van onsekerheid wat 'n vlugteling sal hê.

Hy het beslis nie met sy nageslag in sy eie land gewoon nie. Saam met sy nasate, Isak en Jakob (aan wie die beloftes herhaal is), het hy **"in die geloof**

**gesterwe sonder om die beloftes te verkry, maar hulle het dit uit die verte gesien en geglo en begroet, en het bely dat hulle vreemdelinge en bywoners op aarde was"** (Hebreërs 11:13). Let op die vier stadiums:-

- Bewus van die beloftes – soos ons nou is deur hierdie studie.
- Hulle het die beloftes "*geglo en begroet".* Vir Abraham was dit 'n proses van oortuiging – hoeveel te meer moet dit vir ons wees?
- Die beloftes aanneem – deur gedoop te word in Christus (Galasiërs 3:27-29).
- Wys vir almal, deur ons manier van lewe, dat die wêreld nie ons regte tuiste is nie, maar dat ons in die hoop lewe van daardie toekomstige era wat op die aarde sal kom.

As ons hierdie dinge waardeer, word Abraham ons groot held en voorbeeld. Die uiteindelike besef dat die vervulling van die beloftes in die toekoms lê, het tot die moeë ou man gekom toe sy vrou dood is; hy moes inderwaarheid 'n stuk van die beloofde land koop om haar te begrawe (Handelinge 7:16). God het hom waarlik **"geen erfdeel daarin gegee nie, selfs nie 'n voetbreed nie, maar Hy het belowe om dit aan hom en sy nageslag ná hom as eiendom te gee"** (Handelinge 7:5). Die huidige nageslag van Abraham mag dalk net soos hy voel as hulle eiendom koop of huur – op 'n aarde wat beloof is aan hulle vir hulle persoonlike, ewige erfenis!

God hou Sy beloftes. Daar moet 'n dag kom wanneer Abraham en almal aan wie daardie beloftes gemaak is, beloon sal word.

Hebreërs 11:13, 39, 40 beklemtoon die punt:-**"In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry; God het iets beters oor ons beskik, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie."** Alle ware gelowiges sal dus op dieselfde tyd beloon word, by die troon van oordeel op die laaste dag (2 Timotheüs 4:1,8; Mattheüs 25:31-34; 1 Petrus 5:4). Dit volg dan dat, om te bestaan om geoordeel te kan word, Abraham en ander wat geweet het van daardie beloftes, opgewek moet word net voor die oordeel.

As hulle nie nou die beloftes ontvang het nie maar dit eers sal kry nadat hulle opgewek en geoordeel is met Jesus se terugkoms, dan is daar geen alternatief as om te aanvaar dat mense soos Abraham nou sonder bewussyn is en wag op die koms van Christus. Tog word Abraham uitgebeeld in

kleur glas mosaïek, in kerke regdeur Europa, asof hy nou in die hemel is waar hy die beloofde beloning vir 'n gelowige lewe ervaar. Duisende mense het al vir honderde jare verby sulke voorstellings gestap en hierdie idees aanvaar. Sal u die Bybel-gebaseerde moed hê om hulle te verwerp?

**DIE SAAD**

Soos verduidelik in Studie 3.2 is die belofte van 'n saad in die eerste plek van toepassing op Jesus en, in die tweede plek, aan die wat "in Christus" is en dus ook as Abraham se saad of nageslag, getel kan word:

1. **"En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën . . . en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word"** (Genesis 12:2,3).
2. **" want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid, En Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde, sodat as iemand die stof van die aarde kan tel, jou nageslag ook getel kan word**" (Genesis 13:15,16).
3. **"Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel . . . so sal jou nageslag wees . . . aan jou nageslag gee Ek hierdie land"** (Genesis 15:5,18).

4. **"En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n God wees"** (Genesis 17:8).

5. **". . . dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem. En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het"** (Genesis 22:17,18).

Weereens het Abraham se begrip van die "saad" of nageslag met die tyd ontwikkel:-

1. Hy was eers net gesê dat hy op een of ander manier 'n baie groot getal nakomelinge sou hê , en dat deur sy "saad" die hele wêreld geseën sal word.

2. Later is aan hom gesê dat hy 'n saad sou hê wat baie mense sou insluit. Hierdie mense sou die ewige lewe met hom deurbring in die land waar hy pas aangekom het, d.i. Kanaän.
3. Hy is gesê dat sy saad, of nageslag, so veel soos die sterre in die hemel sou wees.
4. Die vorige beloftes het ook die versekering gegee dat die vele mense wat deel van die saad sou word ook 'n persoonlike verhouding met God kan hê.
5. Die saad sou sy vyande oorwin.

Let daarop dat die saad "seëninge" sou bring wat beskikbaar sou wees vir mense van oor die hele wêreld. In die Bybel word die idee van seëninge dikwels verbind met die vergifnis van sonde. Per slot van sake is dit die grootste seën wat iemand wat vir God liefhet ooit kan wil hê. So lees ons: **"Welgeluksalig is hy wie se oortreding vergewe, wie se sonde bedek is"** (Psalm 32:1), en **"die beker van danksegging"** (1 Korinthiërs 10:16), die beker wyn wat Christus se bloed verteenwoordig, waardeur vergifnis moontlik gemaak is.

Die enigste afstammeling van Abraham wat vergifnis in die wêreld gebring het, is natuurlik Jesus, en die Nuwe Testament se kommentaar oor die beloftes aan Abraham bekragtig dit:-

**"Hy (God) sê nie : En aan die sade, asof dit op baie sien nie (d.i. in die meervoud), maar op een (in die enkelvoud): En aan jou saad, dit is Christus"** (Galasiërs 3:16).

**". . . die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Abraham gesê het: En in jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën word. God het, nadat hy sy Kind Jesus (d.i. die saad) opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer"** (Handelinge 3:25,26).

Kyk hoe Petrus *Genesis 22:18* aanhaal en vertolk:-

**Die saad = Jesus**
**Die seëning = vergifnis van sondes.**

Die belofte dat Jesus, die saad, oorwinning oor sy vyande sou hê, val nou mooi in plek as dit gelees word met verwysing na sy oorwinning oor die sonde - die grootste vyand van God se mense, en derhalwe ook van Jesus.

**VERBIND MET DIE SAAD.**

Dit behoort nou duidelik te wees dat Abraham 'n goeie begrip gehad het van die basiese elemente van die Christen Evangelie. Maar hierdie belangrike beloftes is aan Abraham en sy saad, Jesus, gemaak. Wat van al die ander? Selfs fisiese herkoms van Abraham sou nie vir iemand outomaties laat deel wees van daardie een spesifieke saad nie (Johannes 8:39; Romeine 9:7). Ons moet op een of ander manier intiem deel word van Christus sodat ons ook kan deel in die beloftes wat aan die saad gemaak is. Dit word gedoen deur in Jesus gedoop te word (Romeine 6:3-5); ons lees dikwels van die doop in sy naam (Handelinge 2:38; 8:16; 10:48; 19:5). Galasiërs 3:27-29 is so duidelik as wat kan kom:- **"Want julle almal wat in Christus gedoop is (d.i. net julle en geen ander nie!), het julle met Christus beklee. Daar is nie meer Jood of Griek (nie-Jood) nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus (deur in hom gedoop te wees). En as julle aan Christus behoort (deur die doop), dan is julle die nageslag (of saad) van Abraham en volgens die beloftes erfgename."**

Die belofte is om die ewige lewe op aarde, deur die seëning van vergifnis deur Jesus, te ontvang. Dit is deur gedoop te word in Christus, die saad, dat ons deel in die beloftes wat aan hom gemaak is; so noem Romeine 8:17 ons **"mede-erfgename van Christus".** Ons kan die twee aspekte van die beloftes wat aan Abraham gemaak is, so opsom:-

**1. Die land**

Abraham en sy saad, Jesus, en die wat in Hom is, sou die land Kanaän beërf en deur verlenging, die hele aarde, en sou daar vir ewig lewe. In hierdie lewe sou hulle dit nie ontvang nie, maar wel in die laaste dag, wanneer Jesus terugkom.

**2. Die saad**

Dit was in die eerste plek Jesus. Deur Hom sou die sondes (vyand) van die mensdom oorwin word, sodat die seëninge van vergifnis

wêreldwyd beskikbaar sou wees. Deur gedoop te word in die naam van Jesus word ons deel van die saad.

Hierdie selfde twee aspekte kom voor in die Nuwe Testament, en, nie verbasend nie, lees ons dikwels van mense wat gedoop word sodra hulle dit hoor en aanvaar. Dit was, en is, die weg waardeur hierdie beloftes aan ons gemaak kan word. Ons kan nou verstaan waarom Paulus, toe hy oud was en die dood in die gesig gestaar het, van sy hoop kon praat **as "die hoop van Israel"** (Handelinge 28:20): die ware Christen hoop is die oorspronklike Joodse hoop.

Christus se woorde: **"die saligheid is uit die Jode"** (Johannes 4:22), moet ook verwys na die noodsaaklikheid daarvan om geestelike Jode te word, sodat ons kan baat vind by die beloftes van saligheid deur Christus wat aan die Joodse vaders gemaak is.

Ons lees dat die vroeë Christene as volg gepreek het:-

*1.* **"Die evangelie aangaande die Koninkryk van God en**
*2.* **die Naam van Jesus Christus"** (Handelinge 8:12).

Dit was presies hierdie twee dinge wat aan Abraham verduidelik is onder effens ander opskrifte:-

1. Beloftes oor die land en
2. Beloftes oor die saad.

Let terloops daarop dat die evangelie oor die Koninkryk en Jesus opgesom word as **"Christus verkondig"** (Handelinge 8:5 vgl. V. 12). Dit word so dikwels gesê dat dit beteken "Jesus het jou lief! Sê net dat jy glo dat Hy vir jou gesterf het en jy's gered!". Maar die uitdrukking "*Christus*" is duidelik 'n samevatting van heelwat dinge oor hom en sy toekomstige Koninkryk. Die goeie nuus oor hierdie Koninkryk wat aan Abraham verkondig is, het 'n groot deel uitgemaak van die vroeë verkondiging van die Evangelie.

In Korinthe het Paulus **"drie maande lank met hulle geredeneer en hulle probeer oortuig van die dinge wat die koninkryk van God aangaan"** (Handelinge 19:8); in Efese het hy **"rondgegaan en die koninkryk van God verkondig"** (Handelinge 20:25), en in Rome was dit dieselfde, "**in 'n kragtige getuienis het hy vir hulle die koninkryk van God uitgelê; en van die more vroeg tot die aand toe het hy uit die wet van Moses en uit**

**die profete hulle probeer oortuig aangaande Jesus"** (Handelinge 28:23,31). Dat daar so baie was om oor te praat wys dat die basiese Evangelieboodskap oor die Koninkryk en Jesus nie net 'n geval was van "glo in Jesus" nie. God se openbaring aan Abraham het baie meer besonderhede as net dit gehad, en die dinge wat aan hom belowe is, is die basis van die ware Christen Evangelie.

Ons het gewys dat wanneer ons in Jesus gedoop word, maak dit ons 'n deel van die saad en kan ons dus die beloftes erf (Galasiërs 3:27-29); maar die doop alleen is nie genoeg vir verlossing nie. Ons moet in die saad bly, in Christus, as ons die beloftes wat aan die saad gemaak is wil ontvang. Die doop is dus net 'n begin; ons het vir 'n wedren ingeskryf wat ons nou moet hardloop. Moenie vergeet dat om net tegnies Abraham se saad te wees beteken nie dat ons aanvaarbaar is vir God nie. Die Israeliete is Abraham se saad in 'n sin, maar dit beteken nie dat hulle gered kan word sonder om gedoop te word en hulle lewes te laat ooreenkom met die van Christus nie (Romeine 9:7,8; 4:13,14).

Jesus het vir die Jode gesê: **"Ek weet dat julle die geslag van Abraham is; maar julle probeer om My om die lewe te bring . . . As julle die kinders van Abraham was, sou julle die werke van Abraham doen"** (Johannes 8:37,39), en dit was om 'n lewe van geloof in God en Christus, die beloofde saad, te leef (Johannes 6:29).

Die "saad" moet die karakter-eienskappe van die vader hê. As ons die ware saad van Abraham gaan wees moet ons nie alleen gedoop word nie, maar ons moet 'n werklike geloof in God se beloftes hê, net soos hy gehad het. Van Abraham word dit gesê, "**dat hy die vader sou wees van almal wat glo . . . wat wandel in die voetstappe van die geloof van ons vader Abraham"** (Romeine 4:11,12). **"Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham"** (Galasiërs 3:7).

Ware geloof moet in een of ander vorm van aksie gewys word, anders, in God se oë, is dit nie geloof nie (Jakobus 2:17). Ons wys ons geloof in hierdie beloftes wat ons bestudeer het deur eers gedoop te word, sodat hulle op ons persoonlik van toepassing kan wees (Galasiërs 3:27-29). "**Glo ek regtig God se beloftes?**" Die vraag moet ons onsself aanhoudend moet vra.

## DIE OU EN DIE NUWE VERBOND

Dit behoort teen die tyd duidelik te wees dat die beloftes aan Abraham 'n opsomming is van die Evangelie van Christus.

Die ander belangrike stel beloftes wat God gemaak het was met die Jode, in die konteks van die wet van Moses. Hierdie het gesê dat as die Jode gehoorsaam sou wees aan die wet, dan sou hulle fisies geseën word in hierdie lewe (Deuteronomium 28). Daar was geen direkte belofte van die ewige lewe in hierdie reeks beloftes, of "verbond" nie. So sien ons dat daar twee "verbonde" gemaak is:-

1. Aan Abraham en sy saad, met die belofte van vergifnis en die ewige lewe in God se Koninkryk wanneer Christus terugkom. Hierdie belofte is ook in Eden gemaak, en aan Dawid.
2. Aan die Joodse mense in Moses se tyd, met die belofte van vrede en geluk in die huidige lewe, as hulle die wet wat God vir Moses gegee het, gehoorsaam.

God het vir Abraham vergifnis en die ewige lewe belowe, in die Koninkryk, maar dit was slegs moontlik deur die offerande van Jesus. Vir hierdie rede lees ons dat Christus se dood aan die kruis die beloftes aan Abraham bevestig het (Galasiërs 3:17; Romeine 15:8; Daniël 9:27; 2 Korinthiërs 1:20), derhalwe word van sy bloed gepraat **as "die bloed van die nuwe testament"** *(*verbond - Mattheüs 26:28).

Jesus het vir ons gesê om die beker wyn gereeld te neem, 'n simbool van sy bloed, om ons aan hierdie dinge te herinner (sien 1 Korinthiërs 11:25): **"Hierdie beker is die nuwe testament (verbond) in my bloed"** (Lukas 22:20). Dit help nie dat ons "brood breek" ter herinnering van Jesus en sy werk, as ons hierdie dinge nie verstaan nie.

Jesus se offerande het vergifnis en die ewige lewe in God se Koninkryk moontlik gemaak; hy het gemaak dat die beloftes aan Abraham 'n sekerheid word; hy het **"van 'n beter verbond borg geword"** (Hebreërs 7:22). Hebreërs 10:9 praat van Jesus **wat "die eerste (verbond) wegneem om die tweede te stel"**. Dit wys dat toe Jesus die beloftes aan Abraham bevestig het, hy weg gedoen het met 'n ander verbond, dit was die verbond deur Moses gegee. Die verse wat reeds aangehaal is van Jesus wat 'n nuwe

verbond bevestig deur sy dood, impliseer dat daar 'n ou verbond was wat hy mee weg gedoen het (Hebreërs 8:13).

Dit beteken dat alhoewel die verbond wat betrekking gehad het op Christus eerste gemaak is, dit eers ten volle in werking gekom het met sy dood, en daarom word dit die "nuwe" verbond genoem.

Die doel van die "ou" verbond wat deur Moses gemaak is, was om vorentoe te wys na die werk van Jesus, en om die belangrikheid van geloof in die beloftes aangaande Christus te beklemtoon (Galasiërs 3:19, 21). Aan die ander kant bevestig geloof in Christus die waarheid van die wet wat aan Moses gegee is (Romeine 3:31). Paulus som dit so op**: "Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof"** (Galasiërs 3:24). Dit is vir hierdie doel dat die wet van Moses bewaar is, en nog vir ons voordelig is om te bestudeer.

As 'n mens hierdie dinge vir die eerste keer lees, is dit nie maklik om te verstaan nie. Ons kan dit so opsom:-

- ✍ Beloftes oor Christus wat aan Abraham gemaak is – Die Nuwe Verbond.
- ✍ Beloftes aan Israel met betrekking tot die wet wat aan Moses gegee is – Die Ou Verbond.
- ✍ Christus se dood – die einde van die Ou Verbond (Kolossense. 2:14-17). Die Nuwe Verbond begin.

Vir hierdie rede is dinge soos die tiende, Sabbatsonderhouding ens, wat deel uitgemaak het van die Ou Verbond, nie nou nodig nie – sien Studie 9.5. Die Nuwe Verbond sal met natuurlike Israel gemaak word wanneer hulle berou het en vir Christus aanvaar (Jeremia 31:31,32; Romeine 9:26,27; Esegiël 16:62; 37:26), maar natuurlik kan enige Jood wat dit <u>nou</u> doen en in Jesus gedoop word, onmiddellik deel hê aan die Nuwe Verbond (waarin daar geen Jood / Nie-Jood onderskeid is nie – Galasiërs 3:27-29).

As ons regtig hierdie dinge waardeer, sal ons die sekerheid van God se beloftes besef. Skeptiese mense het die vroeë Christen predikers onregverdig daarvan beskuldig dat hulle nie 'n positiewe boodskap gegee het nie. Paulus het geantwoord deur te sê dat, as gevolg van God se bevestiging van Sy beloftes deur Christus se dood, die hoop waarvan hulle gepraat het nie iets onseker was nie, maar inteendeel 'n besliste aanbod:

**"Het ek dan miskien ligsinnig gehandel toe ek my dit voorgeneem het? Of wat ek my voorneem, neem ek my dit voor na die vlees sodat by my tegelyk is: ja ja, en nee nee? So waar as God getrou is--ons woord tot julle was nie ja en nee nie! Want die Seun van God, Jesus Christus, wat deur ons onder julle verkondig is, deur my en Silvánus en Timótheüs, was nie ja en nee nie, maar was ja in Hom. Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons."** (2 Korinthiërs 1:17-20)

Hoe kan daar dan nog 'n houding wees van, "Wel, moontlik steek daar tog iets hierin?"

## 3.5 DIE BELOFTE AAN DAWID

Dawid, soos Abraham en baie ander aan wie God beloftes gemaak het, het nie 'n maklike lewe gehad nie. Hy het groot geword as die jongste seun in 'n groot familie wat in daardie tyd (1000 )V.C) beteken het dat hy skaapwagter was en ook boodskappe moes aandra vir sy baasspelerige broers (1 Samuel 17:15-17). Dit was in hierdie tydperk dat hy 'n vlak van geloof geleer het wat min mense sedertdien kon bereik.

Die dag het gekom toe Israel die grootste uitdaging van hulle aggressiewe bure, die Filistyne, in die gesig gestaar het; hulle is uitgedaag om een van hulle manne teen die reus, Goliat, die Filistynse kampioen, te laat veg. Die een wat wen sou oor die verloorders heers. Met God se hulp het Dawid vir Goliat verslaan deur 'n slinger te gebruik, en dit het hom selfs groter gewildheid as hulle koning (Saul) gebring**. "Die liefdes-ywer (jaloesie) is hard soos die doderyk"** (Hooglied 8:6), is woorde wat bewaarheid is deur Saul se vervolging van Dawid vir die daaropvolgende paar jaar, toe hy hom meedoënloos in die woestyn van suidelike Israel gejaag het.

Dawid het uiteindelik koning geword, en om sy waardering vir God se liefde teenoor hom gedurende die moeilike jare van sy lewe te wys, het hy besluit om vir God 'n tempel te bou. God se antwoord was dat Dawid se seun, Salomo, die tempel sou bou en dat God vir Dawid 'n huis wou bou (2 Samuel 7:4-13). Toe volg 'n breedvoerige belofte wat 'n herhaling is van baie van wat aan Abraham gesê is, en wat ook 'n paar ander besonderhede bevat het:**-"As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek**

**jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig. Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid. Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees; sodat as hy verkeerd handel, Ek hom sal straf met 'n menslike roede en met slae van mensekinders. Maar my goedertierenheid sal van hom nie wyk nie, soos Ek dit onttrek het aan Saul wat Ek voor jou aangesig verwyder het. En jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid"** (2 Samuel 7:12-16).

Van ons vorige studies sou ons verwag dat die "nakomeling", of saad, Jesus moet wees. Sy beskrywing as die seun van God (2 Samuel 7:14) bevestig dit, soos baie ander verwysings in ander dele van die Bybel:-

- 🕮 **"Ek is . . . die geslag van Dawid"** het Jesus gesê (Openbaring 22:16).
- 🕮 **"(Jesus) wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid**" (Romeine 1:3).
- 🕮 **"Uit die nageslag van hierdie man (Dawid) het God vir Israel, volgens die belofte, Jesus as Verlosser verwek"** (Handelinge 13:23).
- 🕮 Die engel Gabriël het vir die maagd Maria die volgende oor haar seun, Jesus, gesê:- **"die Here God sal aan Hom die troon van sy vader (voorouer) Dawid gee . . . en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie"** (Lukas 1:32,33). Hier verwys die belofte van Dawid se nageslag, in 2 Samuel 7:13, na Jesus.

Met die nakomeling, of saad, nou definitief geïdentifiseer as Jesus, word 'n aantal besonderhede meer betekenisvol:

### 1. Die Saad (nakomeling)

**"Jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom . . . ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir my 'n seun wees**." (2 Samuel 7:12,14).
**"Van die vrug van jou liggaam sal Ek laat sit op jou troon"** (Psalm 132:10,11).Jesus, die saad, sou 'n letterlike, liggaamlike nakomeling van Dawid wees, maar sou tog vir God as sy Vader hê. Dit kon slegs gedoen word deur die maagdelike geboorte soos beskryf in die Nuwe Testament; Jesus se ma was Maria, 'n nakomeling van Dawid (Lukas 1:32), maar hy het nie 'n menslike pa gehad nie. God het op 'n wonderbaarlike wyse, deur

die Heilige Gees, veroorsaak dat Maria swanger word met Jesus, en so het die Engel gesê, **"Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word"** (Lukas 1:35). Die "maagdelike geboorte" was die enigste manier waarop hierdie belofte aan Dawid behoorlik vervul kon word.

### 2. Die Huis

**"Hy sal vir my Naam 'n huis bou"** (2 Samuel 7:13) wys dat Jesus 'n tempel sal bou vir God – beide letterlik en figuurlik. Esegiël hoofstukke 40-48 beskryf hoe dat in die Millennium (die eerste duisend jaar van God se Koninkryk nadat Jesus na die aarde terug gekom het) 'n tempel in Jerusalem gebou sal word. God se "huis" is waar Hy wil woon, en Jesaja 66:1,2 vertel vir ons dat Hy in die harte van mense sal kom woon wat nederig teenoor Sy woord is. Jesus bou dus vir God 'n geestelike tempel om in te woon, bestaande uit ware gelowiges.

Beskrywings van Jesus as die hoeksteen van God se tempel (1 Petrus 2:4-8) en van Christene as lewende stene van die tempel (1 Petrus 2:5) het nou soveel meer betekenis.

### 3. Die Troon

**"Ek sal sy (Christus s'n) koninklike troon bevestig tot in ewigheid . . . jou (Dawid) huis en jou koningskap . . . jou troon sal vasstaan tot in ewigheid"** (2 Samuel 7:13,16 vgl. Jesaja 9:6,7). Christus se koninkryk sal dus gebaseer word op Dawid se koninkryk van Israel; dit beteken dat die toekomstige koninkryk van God 'n hervestiging van die koninkryk van Israel sal wees – sien Studie 5.3 vir meer detail hieroor. Om hierdie belofte te vervul, moet Christus op Dawid se "troon", of plek van heerskappy, heers. Dit was letterlik in Jerusalem. Dit is nog 'n bewys dat die koninkryk hier op aarde gevestig moet word om die beloftes te vervul.

### 4. Die Koninkryk

**"Jou huis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou"** (2 Samuel 7:16) dui daarop dat Dawid die vestiging van Christus se ewige koninkryk sal aanskou. Hierdie was dus 'n indirekte belofte dat hy

opgewek sal word wanneer Christus terugkom sodat hy met sy eie oë die koninkryk, wat wêreldwyd opgerig sal word, sal sien, met Jesus wat sal heers vanuit Jerusalem.

Dit is uiters noodsaaklik dat ons hierdie dinge wat aan Dawid belowe is, verstaan. Dawid het vol vreugde van hierdie dinge gepraat as 'n **"ewige verbond . . . want al my heil en alle welgevalle, ja, sal Hy dit nie laat uitspruit nie?"** (2 Samuel 23:5). Hierdie dinge het ook betrekking op ons saligheid; so moet ons dan ook met vreugde en diepe begeerte na hulle verlang. Ons beklemtoon dit weereens dat hierdie leerstellings baie belangrik is. Dit is 'n tragedie dat die Christendom leerstellings leer wat hierdie wonderlike waarhede dood eenvoudig weerspreek:-

- ✍ As Jesus "vooraf bestaan" het, d.i. 'n persoon was voor hy gebore is, dan word die beloftes dat Jesus Dawid se "saad" of nageslag sal wees, heeltemal onsinnig.
- ✍ As God se Koninkryk in die hemel gaan wees, dan kan Jesus nie Dawid se koninkryk van Israel hervestig nie, en kan hy nie vanaf Dawid se "*troon*" of plek van heerskappy heers nie.

Hierdie dinge was letterlik op die aarde, en dus moet hulle herinstelling op dieselfde plek wees.

## VERVULLING IN SALOMO?

Dawid se letterlike seun, Salomo, het gedeeltes van die beloftes aan Dawid vervul. Hy het 'n letterlike tempel vir God gebou (1 Konings hoofstukke 5-8), en hy het 'n baie welvarende koninkryk gehad. Nasies van oral het verteenwoordigers gestuur om eer aan Salomo te bring (1 Konings 10), en daar was geestelike seëninge deur die gebruik van die tempel. Salomo se heerskappy het dus vorentoe gewys na die veel groter vervulling van die beloftes aan Dawid, wat in Christus se koninkryk gesien sal word.

Sommige mense sê dat die beloftes aan Dawid geheel en al vervul is in Salomo, maar dit word verkeerd bewys deur die volgende:

- Baie gedeeltes in die Nuwe Testament wys dat die "*saad*", of nageslag, Christus was en nie Salomo nie.
- Dawid het die beloftes wat God aan hom gemaak het, verbind met die wat aan Abraham gemaak is (1 Kron. 17:27 = Genesis 22:17,18).

- Die koninkryk van die "saad", of nageslag, sou vir ewig duur – Salomo s'n het nie.
- Dawid het besef dat die beloftes oor die ewige lewe gegaan het, en dit sou enige verwysing na sy onmiddellike familie uitsluit: **"Want is my huis nie so by God nie? Want Hy het 'n ewige verbond vir my daargestel . . . "** (2 Samuel 23:5).
- Die saad van Dawid is die Messias, die Verlosser van sondes (Jesaja 9:6,7; 22:22; Jeremia 33:5,6,15; Johannes 7:42). Maar Salomo het later sy rug op God gekeer (1 Konings 11:1-13; Nehemia 13:26) as gevolg van sy huwelike met die wat buite die hoop van Israel was.

## INSET 9: DIE VERNIETIGING VAN DIE HEMELE EN DIE AARDE (*Openbaring 21:1; 2 Petrus 3:6-12*).

Omdat dit God se doel is om Sy Koninkryk hier op aarde te vestig (sien Studie 5), is dit ondenkbaar dat Hy hierdie letterlike planeet sal vernietig, en Studie 3.3 het gewys dat Hy oor en oor belowe om nie so iets te doen nie. Bogenoemde verwysings na die vernietiging van die hemele en die aarde moet dus figuurlik gesien word.

Die gedeelte in Petrus wys die ooreenstemming tussen die oordeel wat in Noag se tyd op die aarde gevel is, en dit wat in die toekoms, **in "die dag van die Here"** sal gebeur.**". . . waardeur die toenmalige wêreld met water oorstroom is en vergaan het. Maar die teenswoordige hemele en die aarde is deur dieselfde woord as 'n skat weggelê en word vir die vuur bewaar teen die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense"** (2 Petrus 3:6,7).

Petrus wys hier na die teenstelling tussen water, wat die middel van vernietiging in Noag se tyd was, en vuur wat met die tweede koms gebruik sal word. **"Die hemele en die aarde"** van Noag se tyd is nie letterlik vernietig nie – "*alle vlees*" wat sondig was is vernietig (Genesis 7:21 vgl. 6:5,12)**. "Hemele en aarde"** verwys dus na 'n stelsel van dinge of van menslike organisasie. Mense wat hierdie gedeelte misverstaan, sien ook nie die vernietiging van die "*hemele*" wat genoem word, raak nie. Dit kan nie letterlik geneem word nie – hulle is waar God woon (Psalm 123:1), waar daar geen sonde is nie (Habakkuk 1:13; Psalm 65:4,5), en hulle

verklaar Sy heerlikheid (Psalm 19:1). As hulle na iets figuurlik verwys, dan moet "*die aarde*" ook.

Die volgende Skrifgedeeltes is 'n demonstrasie van hoe "hemele en aarde" in ander plekke in die Bybel nie letterlik geneem moet word nie, maar dat hulle eerder verwys na 'n stelsel van dinge op die aarde:-

📖 **"Ek het na die aarde gekyk, en dit was woes en leeg; ook na die hemel, en sy lig was daar nie . . . Want so sê die HERE: die hele land (Israel) sal 'n wildernis word . . . Hieroor sal die aarde treur en die hemel daarbo rou dra"** (Jeremia 4:23-28).

Hierdie is 'n profesie van die oordeel wat gaan kom op die "*hemele en aarde*" van die land en die mense van Israel, waaroor hulle (nie die letterlike hemel en aarde nie) sal rou.

📖 Moses het vroeër met die hele Israel gepraat*:* **"Luister, o hemele, dat ek kan spreek, en laat die aarde hoor die woorde van my mond"** (Deuteronomium 32:1). Dit word beklemtoon dat daar twee kategorieë van mense was met wie hy gepraat het:

1. **"Die oudstes van julle stamme"** en
2. **"die hele vergadering van Israel"** (Deuteronomium 31:28,30).

Die oudstes sou dan vergelyk word met die "*hemele*" en die gewone mense met die "*aarde*".

📖 Jesaja het sy profesie op 'n soortgelyke manier begin: **"Hoor, o hemele, en luister, o aarde . . . Hoor die woord van die HERE, owerstes . . . Luister na die wet van onse God, volk,"** (Jesaja 1:2,10). Weer is daar 'n parallel tussen die hemele en die owerstes; en tussen die aarde en die volk.

📖 **"Hy roep na die hemel daarbo, en na die aarde, om sy volk te oordeel"** (Psalm 50:4). Dis baie duidelik waaroor dit gaan.

📖 **"Ek sal ook al die nasies laat bewe . . . Ek sal die hemel en die aarde laat bewe"** (Haggai 2:7,21). Weereens is dit 'n goeie voorbeeld van waaroor ons praat.

**"Want my swaard het dronk geword in die hemel; kyk, dit kom af op Edom . . . Die swaard van die HERE is vol bloed . . . want die HERE het . . . 'n groot slagting in die land Edom"** (Jesaja 34:5,6).

*"Hemel*" word hier gelykgestel aan Edom; die vorige profesie dat **"al die leërskare van die hemel (sal) vergaan"** (Jesaja 34:4) verwys dus na die vernietiging van Edom.

Die hemel en die aarde wat sal vergaan in *Jesaja 13* verwys na die mense van Babilon. In 'n reeks verklarings oor Babilon lees ons dat God **"die hemel (sal) laat sidder, en die aarde sal wyk uit sy plek . . . soos 'n gemsbok wat gejaag word . . . sal hulle elkeen draai na sy volk toe en elkeen vlug na sy land toe"** (Jesaja 13:13,14). Die vlug van die hemele en die aarde is dus parallel met die van die mense. Hebreërs 9:26 praat van die **"voleinding van die eeue"** wat in die eerste eeu N.C. gebeur het – in die sin dat die Joodse wêreld toe geëindig het.

As ons nou hierdie alles in gedagte hou, dan is dit te verstane dat Nuwe Testament verwysings na 'n nuwe hemel en aarde met Jesus se wederkoms, op 'n nuwe stelsel van dinge dui wat gesien sal word wanneer die Koninkryk van God gevestig word.

Nadere ondersoek van *2 Petrus 3* bevestig dit. Na 'n beskrywing van hoe die huidige *"hemel en aarde*" tot 'n einde sal kom, gaan vers 13 voort: **"Maar ons verwag volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon."** Hierdie is 'n aanhaling van God se belofte in Jesaja 65:17*:* **"Want kyk, Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde".**

Die res van Jesaja 65 beskryf hierdie nuwe stelsel as 'n perfekte toestand hier op aarde: **"Ek skep Jerusalem om te juig . . . hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie . . . 'n seun sal sterwe honderd jaar oud (d.i. lewensverwagtinge sal veel groter wees) . . . die wolf en die lam sal saam wei"** (Jesaja 65;18-25).

Hierdie seëninge het duidelik te doen met God se komende Koninkryk op aarde – die nuwe "*hemele en aarde*" wat die ellendige toestand soos dit nou is, sal vervang.

## INSET 10: DIE AANSPRAKE VAN "BRITSE ISRAELISME"

Die gedagte is voorgelê deur mense soos H.W. Armstrong se "Plain Truth" organisasie dat die beloftes aan Abraham vervul is in die Britte en die Amerikaners wat, so word dit beweer, die stamme van Efraim en Manasse is. Lede van die "British Israelites" beweging glo dat die konings en koninginne van Engeland afstammelinge is deur die lyn van Juda wat met koning Dawid begin het.

Om hulle teorieë te regverdig, moes hulle tot die gevolgtrekking kom dat die Jode verwerp is as God se mense, en dat die Britte in hulle plek gekies is. As die redenasie van Studie 3 gevolg word, moet dit duidelik wees dat hierdie stellings onmoontlik nie regverdig kan word nie. Die volgende is net 'n paar van die baie bykomende punte wat gemaak kan word:

- Alle mense is onder die vloek van die sonde (Romeine 3:23), en Christus het dus gesterf om alle mense van alle nasies die geleentheid te gee om gered to word. Dit maak nie saak wat ons herkoms is nie – as ons gedoop is in Christus word ons deel van die geestelike Israel (Galasiërs 3:27-29). Ons het opdrag gekry om die Evangelie aan die ganse mensdom te verkondig, en om die wat dit glo te doop (Markus 16:15,16); dus bestaan die nuwe Israel uit mense van alle volke, nie net die Britte nie.

- Dit is baie moeilik om die oorsprong van die Britse en Amerikaanse mense te bepaal; hulle is 'n mengsel van oor die hele wêreld. Die feit dat iemand in een van hierdie lande gebore is, beteken nie dat hulle God se verkose mense is nie.

- Die "British Israelites" sê dat die seëninge wat aan Abraham se saad belowe is, vervul is in die Britse mense, of hulle gehoorsaam aan God is of nie. Dit is egter teenstrydig met die herhaalde beginsel dat die seëninge van God afhang van gehoorsaamheid. Die hele Levitikus 26 en Deuteronomium 28 vertel van die seëninge wat Israel sal ontvang as hulle gehoorsaam aan Sy woord is, en die vloeke wat die gevolg van hulle ongehoorsaamheid sal wees. Om te sê dat God hierdie seëninge aan die Britte gegee het ongeag van hulle gehoorsaamheid aan Sy woord, en dikwels openlike ongehoorsaamheid daaraan, is sekerlik teenstrydig met die terme wat God neergelê het vir die seëninge.

- 👍 Die implikasie dat God Sy volk, die mense van Israel, verwerp het en hulle vervang het met die Britte, is heeltemal teenstrydig met verse soos Romeine 11:1,2: **"Het God miskien sy volk verstoot? Nee, stellig nie! Want ek (Paulus) is ook 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham . . . God het sy volk wat hy vantevore geken het, nie verstoot nie."**

- 👍 Die Koninkryk van God was die Koninkryk van Israel in die verlede (2 Kronieke 9:8). Dit het 'n puinhoop geword as gevolg van hulle ongehoorsaamheid, maar die Koninkryk sal hervestig word (Esegiël 21:25-27). Die Koninkryk sal terugkeer na Jerusalem (Miga 4:7,8) wanneer Jesus daar sal heers op Dawid se troon (Lukas 1:32).

Die volk van Israel wat tans verstrooi is, sal bymekaar gebring word van die verskillende wêrelddele waar hulle nou is: **". . . en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land. En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie**." (Esegiël 37:21,22). Dit word tans vervul by wyse van die natuurlike Jode wat na hulle land terugkeer; die volle vervulling hiervan sal in die Koninkryk wees. Israel se huidige terugkeer na die land wys dat die Koninkryk binnekort sal kom.

Naskrif: Vir mense wat buitengewone belangstelling in hierdie onderwerp het, is daar 'n gratis boekie beskikbaar van die uitgewers : BRITISH ISRAELISM EXAMINED.

# STUDIE 3
# VRAE

1. Watter van God se beloftes voorspel dat daar 'n alewige stryd is tussen die sonde en geregtigheid?

   (a) Die belofte aan Noag.
   (b) Die belofte in Eden.
   (c ) Die belofte aan Dawid.

(d) Die belofte aan Abraham.

2. Watter van die volgende stellings oor die belofte in Eden is waar?
(a) Die saad van die slang is Lucifer.
(b) Christus en die regverdiges is die vrou se saad.
(c ) Die saad van die slang is tydelik deur Christus gewond.
(d) Die saad van die vrou is vermorsel met Christus se dood.

3. Waar sou Abraham se saad vir ewig lewe?
(a) In die hemel.
(b) In die stad Jerusalem.
(c) Op die aarde.
(d) Sommige in die Hemel en sommige op aarde.

4. Watter van die volgende is aan Dawid belowe?
(a) Dat sy groot afstammeling verewig sou heers.
(b) Dat sy "saad" 'n koninkryk in die Hemel sou hê.
(c ) Dat die saad God se seun sou wees.
(d) Dat sy saad, Jesus, in die Hemel sou wees voor sy geboorte op aarde.

5. Hoe kan ons die saad van Abraham word?

6. Sal die aarde ooit vernietig word?

7. Hoe bewys God se beloftes u antwoord op vraag 6?

8. Verduidelik die belofte in Eden in Genesis 3:15.

# Bybel Beginsels

# Studie Vier

# God en Die Dood

## 4.1 Die Menslike Natuur

Baie min mense spandeer genoeg tyd om na te dink oor die dood, die dood se fundamentele oorsaak, en oor hul eie wese en natuur. Hierdie gebrek aan selfondersoek lei noodwendig tot 'n gebrek aan selfkennis, wat op sy beurt daartoe lei dat mense deur die lewe gaan en hul besluite baseer op die ingewing van hul eie natuurlike begeertes. Daar is 'n onderliggende weiering om te erken dat die lewe van korte duur is en dat die finaliteit van die dood onafwendbaar is. “Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn”. “Want ons moet eenmaal sterwe en soos water wees wat uitgegooi word op die grond, wat 'n mens nie weer kan versamel nie”. “In die môre is hulle soos die gras wat weer uitspruit: in die môre bloei dit en spruit weer uit; in die aand sny 'n mens dit af, en dit verdor" (Jakobus 4:14; 2 Samuel 14:14; Psalm 90:5,6). Moses, 'n wel deurdagte man, het dit besef en by God gepleit: “Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom” (Psalm 90:12). Inderdaad, ons dae is van korte duur, daarom behoort ons eerste prioriteit die vind van ware wysheid te wees.

Die mens se reaksie op die finaliteit van die dood wissel. Sommige kulture probeer om die dood en begrafnisse deel te maak van die daaglikse lewe en sodoende die impak van die verlies, en die finaliteit daarvan te versag. Die meerderheid van die wat die naam ‘Christen’ dra het tot die slotsom gekom dat die mens 'n ‘onsterflike siel’ of 'n element van onsterflikheid besit wat die dood oorleef, en daarna in 'n plek van beloning of straf voortbestaan. Die dood is seker die mees fundamentele probleem en tragedie van menswees. Dit is dus te wagte dat daar vele filosofieë rondom die dood ontwikkel het om die sielkundige impak daarvan te versag.

Om hierdie rede het daar 'n hele reeks vals teorieë ontstaan rakende die dood en omtrent die wesenlike natuur van die mens. Soos altyd moet hierdie teorieë getoets word aan die hand van die Bybel om te bepaal wat die waarheid rondom hierdie lewensbelangrike saak is. Dit is interessant dat die heel eerste leun wat in die Bybel opgeteken staan, die van die slang in die tuin van Eden is.

In teenstelling met God se duidelike verklaring dat die mens ‘sekerlik sal sterwe’ indien hy sondig (Genesis 2:17), het die slang aangevoer “julle sal gewis nie sterwe nie” (Genesis 3:4). Hierdie poging om die finaliteit en totaliteit van die dood te ontken is 'n kenmerk van alle vals gelowe. Dit is veral in hierdie konteks dat een vals leerstelling lei tot 'n volgende, en 'n volgende, en 'n volgende. In teenstelling hiermee lei die waarheid tot 'n volgende waarheid, soos aangetoon word in 1 Korinthiërs 15:13-17. Hier beweeg Paulus vanaf een waarheid tot die volgende (let op die “As …. as ….. as”).

Om ons werklike natuur te verstaan moet ons nabetrag oor wat die Bybel leer rondom die skepping van die mens. Dit is in eenvoudige taal, en indien dit letterlik vertolk word, laat dit ons sonder enige twyfel oor wat ons presiese natuur is (sien inset 18 rakende die letterlike vertolking van Genesis). **“En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde ……want daaruit (stof) is jy geneem. Want stof is jy (Adam), en tot stof sal jy terugkeer”** (Genesis 2:7; 3:19). Hier is absoluut geen aanduiding dat die mens enige inherente onsterflikheid besit nie; daar is geen deel van hom wat sal voort lewe na die dood nie.

Daar is 'n merkbare Bybelse beklemtoning van die feit dat die mens fundamenteel uit stof gevorm is: **“Ons is die klei”** (Jesaja 64:8)**; “Die eerste mens was uit die aarde aards” (1 Korinthiërs 15:47); die mens “van wie die grondslag in die stof is”** (Job 4:19); **“en die mens sou tot stof terugkeer”** (Job 34:15). Abraham het ook erken dat hy bloot “stof en as is” (Genesis 18:27). Onmiddellik nadat die mens God se opdrag in Eden oortree het, het God “die mens weggedrywe…….(sodat hy nie sy) hand uitsteek en ook van die boom van die lewe neem en eet en lewe in ewigheid nie” (Genesis 3:24,22). Indien die mens enige onsterflike element van nature besit het, sou hierdie stappe onnodig gewees het.

## Voorwaardelike Onsterflikheid

Die deurlopende boodskap van die Evangelie is dat die mens 'n weg kan vind tot die ewige lewe, en onsterflikheid kan bekom, deur die werk van Christus. Hierdie is die enigste tipe onsterflikheid waarvan die Bybel leer. Die idee van 'n ewige bewustelike leiding vir oortredinge is sonder enige Bybelse gronde. Die enigste manier om onsterflikheid te bekom is deur

gehoorsaamheid aan God se opdragte. Die wat daaraan gehoorsaam is sal as perfekte wesens onsterflikheid verkry – die beloning vir geregtigheid.
Die volgende aanhalings behoort voldoende bewys te wees dat onsterflikheid voorwaardelik is en nie iets is wat ons, in watter vorm ookal, reeds besit nie:

- **"Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie"** (2 Timotheüs 1:10; 1 Johannes 1:2).
-
- **"As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie (d.i. inherent in julleself). Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag"** (Johannes 6:53,54). Christus se redenasie regdeur Johannes hoofstuk 6 is dat hy die "brood van die lewe" is, en slegs deur op sy oproep te reageer is daar enige hoop op onsterflikheid (Johannes 6:47,50,51,57,58).
-
- **"…. dat God ons, die gelowiges, die ewige lewe gegee het, en dié lewe is in sy seun"** (1 Johannes 5:11). Daar is geen hoop op onsterflikheid vir die wat nie in Christus is nie. Slegs deur Christus is onsterflikheid moontlik; Hy is die "leidsman tot die (ewige) lewe" (Handelinge 3:15) – "'n bewerker van ewige saligheid geword …… vir almal wat gehoorsaam is" (Hebreërs 5:9). Onsterflikheid vir die mens het dus sy oorsprong deur die werk van Christus.
-
- Die opregte gelowige soek na onsterflikheid, en sal beloon word hiervoor deur die ewige lewe as geskenk te ontvang – iets wat hy nie van nature besit nie (Romeine 2:7, 6:23; Johannes 10:28).

- Ons liggame sal "met onsterflikheid beklee word" met die wederkoms van Christus (1 Korinthiërs 15:53); met ander woorde, onsterflikheid is iets wat beloof is en nie nou reeds besit word nie (1 Johannes 2:25). God alleen besit inherente onsterflikheid (1 Timotheüs 6:16).

## 4.2 Die Siel

In die lig van die voorafgaande behoort dit ondenkbaar te wees dat die mens, van nature, 'n ‘onsterflike siel’ of enige element van onsterflikheid besit. Ons sal nou poog om die verwarring rondom die woord ‘siel’ op te klaar.
Die Hebreeuse en Griekse woorde wat in die Bybel as ‘siel’ vertaal word, ('nephesh’ en ‘psuche’ onderskeidelik) word ook as volg vertaal: - Lyk (Numeri 9:6) ; Asem (Job 41:12); Lewende wesens (Levitikus 11:46) ; Gemoed (Exodus 23:9) ; Homself (Job 18:4) ; Mens (Numeri 31:19).

Die ‘siel’ verwys daarom na die persoon, die liggaam of die self. Die bekende ‘Save Our Souls’ (S.O.S) beteken dan ook ‘red ons van die dood!’. Die ‘siel’ is dus ‘jy’, of die versameling van alles waaruit 'n mens bestaan. Dit is daarom verstaanbaar dat baie moderne weergawes van die Bybel (bv.die New International Version) selde die woord ‘siel’ gebruik. Dit word eerder vertaal as ‘jy’ of ‘die persoon’.

Die diere wat deur God geskape is word genoem “… al die lewende wesens” (Genesis 1:20,21). Die Hebreeuse woord vertaal as “lewende wesens” is 'nephesh', word ook as siel vertaal, byvoorbeeld in Genesis 2:7 : “So het die mens 'n lewende siel geword”. Die mens is dus 'n ‘siel’ net soos die wilde diere ‘siele’ is. Die enigste verskil tussen die mens en die dier is dat die mens verstandelik die diere se meerdere is en dat hy geskep is na die fisiese beeld van God (Genesis 1:26; sien studie 1.2).

Sommige mense word geroep tot die kennis van die Evangelie waardeur die hoop op onsterflikheid aan hulle geopenbaar word (2 Timotheüs 1:10). Wat betref ons fundamentele natuur en die aard van ons dood is daar geen verskil tussen mens en dier nie:**- “Want die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere: hulle het een en dieselfde lot (let op die dubbele beklemtoning) : soos die een sterwe, so sterwe die ander, en hulle almal het dieselfde asem, en 'n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie…. Alles (dit is mens en dier) gaan na een plek toe; alles is uit die stof, en alles keer na die stof terug”** (Prediker 3:19,20).

Dit is te verstane dat meeste mense dit moeilik vind om hierdie harde feit te aanvaar; dit is inderdaad vernederend om te besef dat ons van nature net soos die diere is, gedryf deur dieselfde instinkte van selfbehoud, oorlewing van die sterkste en voortplanting. Die N.I.V. vertaling van Prediker 3:18 stel dit dat God die mens 'toets' deur hom bewus te maak dat hy slegs 'n dier is; dit wil sê die wat nederig genoeg is om deel van Sy ware volk te wees sal die waarheid hiervan besef, maar die wat nie is nie sal in hierdie toets faal. Die filosofie van die humanisme – die idee dat die mens van superieure belangrikheid en waarde is – het stilweg deur die wêreld versprei gedurende die twintigste eeu. Dit is nie 'n maklike taak om ons denke vry te maak van die invloed van die humanisme nie.

Die eenvoudige woorde van Psalm 39:5 sal help: **"HERE, maak my einde aan my bekend en wat die maat van my dae is; laat my weet hoe verganklik ek is"**. Asook: "**Ek weet, o HERE, dat aan die mens sy weg nie toebehoort nie; nie aan 'n man om te loop en sy voetstappe te rig nie"** (Jeremia 10:23).

Een van die mees basiese begrippe waarvan ons kennis dra is dat alle mense – alle lewende wesens - uiteindelik sterwe. Die 'siel' sterf dus: dit is lynreg die teenoorgestelde van iets wat onsterflik is. Dit behoort ook dan geen verrassing te wees dat ongeveer 'n derde van die gebruik van die woord 'siel' in die Bybel geassosieer word met die dood en die vernietiging van die siel nie. Die blote feit dat die woord 'siel' in hierdie konteks gebruik word dui daarop dat dit nie iets kan wees wat onvernietigbaar en onsterflik is nie:-

- **"Die siel wat sondig, dié moet sterwe"** (Esegiël 18:4).

- God kan die siel vernietig (Mattheüs 10:28). Ander verwysings na siele wat vernietig word is: Esegiël 22:27; Levitikus 23:30.
- Alle 'siele' in die stad Hasor is deur die swaard gedood (Josua 11:11; vergelyk Josua 10:30-39).
- **"….en al die lewende wesens ('psuche') in die see het gesterwe"** (Openbaring 16:3 vergelyk Psalm 78:50).
- Die Wet van Moses het deurentyd opdrag gegee dat enige 'siel' wat sekere wette oortree, uitgeroei moet word (bv. Numeri 15:27-31).
- Verwysings na die 'siel' wat gestrik en verwurg kan word maak slegs sin as dit verstaan word dat die siel sterflik is: **"Die mond van die dwaas is sy ondergang en sy lippe 'n strik vir sy lewe**

**('nephesh')** (Spreuke 18:7); **"sodat jy nie gewend raak aan sy paaie en 'n strik vir jouself ('nephesh') span nie** (Spreuke 22:25); **"sodat ek ('nephesh') die verwurging verkies, die dood meer as hierdie geraamte van my ";** (Job 7:15).

- **"..hy wat sy siel nie in die lewe kan hou nie"** (Psalm 22:30).
- Christus het **"sy siel uitgestort in die dood"** sodat sy "siel", of lewe, as skuldoffer kon dien vir die sonde (Jesaja 53:10,12).

Dat die 'siel' verwys na die persoon of liggaam, eerder as 'n onsterflike iets binne ons, word uitgewys deur die meerderheid verse waarin die woord 'siel' voorkom. Ooglopende voorbeelde is:-

- **"…..die bloed gevind van die siele…"** (Jeremia 2:34).
- "**En as iemand ('nephesh') sondig dat hy die luid uitgesproke beswering hoor….. of as iemand ('nephesh') enigiets aanraak wat onrein is …. of as iemand ('nephesh') sweer terwyl hy onverskillig met die lippe praat"** (Levitikus 5:1-4).
- **"Loof die HERE, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade … wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend"** (Psalm 103: 1,2,5).
- **"Want elkeen wat sy lewe ('psuche'=siel) wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe ('psuche'=siel) om My ontwil en om die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red"** (Markus 8:35).
-
- Hierdie is genoeg bewys dat die siel nie verwys na enige geestelike element binne die mens nie; hier beteken lewe (Grieks 'psuche') die mens se fisiese lewe hier op aarde.
- Numeri 21:4 wys dat 'n groep mense een 'siel' kan hê. Die 'siel' kan dus nie verwys na 'n element van persoonlike onsterflikheid wat ons almal besit nie.

## 4.3 Die Gees van die Mens

Daar bestaan ook ongelukkig 'n wanopvatting oor die verskil tussen die siel en die gees. Hierdie wanopvatting word versterk deur die feit dat in sommige tale en Bybelvertalings, die woorde "siel" en "gees" deur slegs een ekwivalent weergegee word. Die 'siel' verwys fundamenteel na al die

elemente waaruit die mens saamgestel is, maar kan ook verwys na die gees. Daar is egter gewoonlik 'n verskil in betekenis tussen ‘siel’ en ‘gees’ soos dit in die Bybel gebruik word; siel en gees kan geskei word (Hebreërs 4:12).
Die Hebreeuse en Griekse woorde vir ‘gees’ (‘Ruach’ en ‘Pneuma’ onderskeidelik) word ook met die volgende vertaal:- Lewe, Gees, Verstand, Wind, Asem.

Ons het die begrip ‘gees’ in Studie 2.1 bestudeer. God gebruik Sy gees om die natuurlike skepping, insluitend die mens, in stand te hou. Die gees van God binne die mens is dus die lewensgewende krag in die mens**. “Soos die liggaam sonder gees dood is”** (Jakobus 2:26). **“God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus (Adam se neus) die asem (gees) van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel (lewende wese) geword”** (Genesis 2:7). Job verwys **na “die lewensasem van God”** in sy neus (Job 27:3 vergelyk Jesaja 2:22).

Die gees van die lewe in ons word dus aan ons gegee met geboorte, en bly in ons solank as wat ons lewe. Wanneer God se gees van iets lewends onttrek word , dan vergaan dit onmiddellik – die gees is die lewenskrag. Indien God **“Sy Gees en Sy asem na Hom sou terugtrek, dan sou alle vlees tesame die asem uitblaas en die mens sou tot stof terugkeer. As daar dan verstand by u is, hoor dit”** (Job 34:14-16). Die laaste gedeelte van die aanhaling sinspeel weereens daarop dat die mens dit moeilik vind om sy ware natuur en wese te aanvaar.

Wanneer God, met die dood, Sy gees terugneem, is dit nie net die liggaam wat sterf nie, maar ons totale bewustheid vergaan ook. Dawid se waardering hiervoor het hom gelei om eerder op God te vertrou as in die mens. Psalm 146:3-5 is 'n onoorkomlike Bybelse waarheid teen die aansprake van die humanisme: **“Vertrou nie op prinse, op die mensekind, by wie geen heil is nie. Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe (die stof waaruit ons geformeer is); op daardie dag is dit met sy planne gedaan. Welgeluksalig is hy wat die God van Jakob het as sy hulp, wie se hoop is op die HERE sy God”**.

Met die dood sal **“die stof na die aarde terugkeer soos dit gewees het, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het”** (Prediker 12:7). Ons het reeds gewys dat God alomteenwoordig is deur Sy gees. In hierdie konteks

word gesê "God is Gees" (Johannes 4:24). Wanneer ons tot sterwe kom 'blaas ons die laaste asem uit' omdat God se lewensgewende gees van ons onttrek word. Daardie gees word opgeneem in God se gees wat alomteenwoordig is; met ander woorde met die dood sal "die gees na God terugkeer wat dit gegee het".

Omdat God se gees die hele skepping onderhou, gebeur dieselfde proses met diere tydens die dood. Mens en dier besit dieselfde gees of lewenskrag. **"Want die lot van die mensekinders is ook die lot van die veediere: hulle het een en dieselfde lot; soos die een sterwe, so sterwe die ander, en hulle almal het dieselfde asem (gees), en 'n voorkeur van die mens bo die veediere is daar nie"** (Prediker 3:19). Prediker stel dit voorts dat daar geen onderskeibare verskil tussen die gees van die mens en die gees van diere is nie (Prediker 3:20,21) .

Hierdie beskrywing van mens en dier, wat dieselfde gees besit en dieselfde dood sterwe, herinner sterk aan die beskrywing van hoe mens en dier, wat beide die gees (asem) van God gehad het (Genesis 2:7; 7:15) , vernietig is met dieselfde dood tydens die vloed. **"En alle vlees wat op die aarde beweeg, het weggesterwe: die voëls en die vee en die wilde diere en al die gedierte wat op die aarde wemel, en al die mense. Alles wat die asem van die lewensgees in sy neusgate gehad het, alles wat op die droë grond was, het doodgegaan.**

**So is dan al die lewende wesens verdelg wat op die aarde was, die mens sowel as die vee en die kruipende diere en die voëls van die hemel; hulle is verdelg van die aarde af"** (Genesis 7:21-23). Merk ook hoe Psalm 90:3-5 die dood met die vloed vergelyk. Die verhaal in Genesis 7 wys in duidelike terme dat die mens in dieselfde kategorie geplaas word as **"alle vlees…….al die gediertes wat op die aarde wemel".** Die mens word saam met die diere geklassifiseer omdat mens en dier dieselfde lewensgewende gees besit.

## 4.4 Dood is Onbewustheid

Uit dit wat ons sover geleer het aangaande die siel en die gees, volg dit dat terwyl ons dood is, ons in 'n toestand van onbewustheid verkeer. God onthou egter die dade en werk van die wat verantwoordelik is teenoor Hom (Maliagi 3:16; Openbaring 20:12; Hebreërs 6:10). Daar is niks in die Bybel wat daarop dui dat ons enige bewustheid oorhou na die dood nie. Dit is moeilik om te argumenteer met die volgende stellings aangaande hierdie waarheid:-

- **"sy (die mens se) gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne (vertaal as gedagtes ("thoughts" in die KJV) gedaan"** (Psalm 146:4).
-
- **"die dooies weet glad niks nie ….Hulle liefde sowel as hulle haat, ook hulle naywer, het lankal verdwyn, en hulle het vir ewig geen deel meer aan alles wat gebeur onder die son nie"** (Prediker 9:5,6). Daar is geen "kennis of wysheid in die doderyk" nie (Prediker 9:10) – geen denke en daarom geen bewustheid nie.
- Job stel dit dat met die dood dit sal wees **"of ek daar nie was nie"** (Job 10:19); hy sien die dood as vergetelheid, onbewustheid en 'n totale verlies aan bestaan. Presies soos voor sy geboorte.
- Die mens sterf net soos die diere (Prediker 3:18); indien die mens, of gedeelte van hom , die dood iewers oorleef, dan moet die diere ook. Tog rep die Bybel en die wetenskap geen woord hieroor nie.
-
- God **"weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is. Die mens - soos die gras is sy dae; soos 'n blom van die veld, so bloei hy….. is dit nie meer nie en sy plek ken hom nie meer nie"** (Psalm 103:14-16).

Dat die dood waarlik onbewustheid is, selfs vir die geregtiges, word verder gedemonstreer deur herhaaldelike pleidooie van God se dienaars dat Hy hulle lewe verleng, omdat hulle geweet het dat na die dood dit vir hulle onmoontlik sou wees om Hom te prys en te verheerlik, siende dat die dood 'n toestand van onbewustheid is. Hiskia (Jesaja 38:17-19) en Dawid (Psalm 6:4,5; 30:9; 39:13; 115:17) is goeie voorbeelde hiervan. Die dood word herhaaldelik na verwys as 'n slaap of 'n rus, vir beide die geregtiges en die ongeregtiges (Job 3:11,13,17; Daniël 12:13).

Genoeg bewys is nou voorgelê sodat ons onomwonde kan stel dat die populêre idee dat die geregtiges na 'n toestand van saligheid en vergoeding

in die hemel gaan, onmiddellik na die dood, eenvoudig nie in die Bybel gevind word nie.

Die ware lering van die dood en die natuur van die mens is egter 'n bron van groot vrede. Na al die traumas en pyn van die menslike lewe, is die graf 'n plek van totale vergetelheid. Vir die wat nie die gehoorsaamheidsvereistes van God geken het nie, sal hierdie vergetelheid vir ewig duur. Nooit weer sal die tragiek van hierdie onvolmaakte lewe bestaan nie, die vergeefse hoop en vrese van die natuurlike menslike verstand sal nie realiseer nie en sal ook niemand bedreig nie.

Met Bybel studie is daar beginsels van waarheid wat ontdek moet word; hoe jammerlik tog dat daar ook dwaling in die mens se geestelike denke bestaan. Dit volg weens 'n gebrek aan aandag op Bybelse lering. Die mens se desperate pogings om die finaliteit van die dood te versag, het hom daartoe gelei om te glo dat hy 'n ‘onsterflike siel’ besit. Sodra aanvaar word dat so 'n onsterflike element in die mens bestaan, word dit nodig om te dink dat daardie element iewers moet heengaan na die dood. Hierdie leun gee aanleiding tot die gedagte dat daar met die dood 'n onderskeid moet wees tussen die lot van die geregtiges en die lot van die ongeregtiges.

Om hierdie gedagte te akkomodeer is daar tot die slotsom gekom dat daar 'n plek is waar die ‘geregtige onsterflike siele’ heengaan, of te wel die hemel, en 'n plek waar die ‘slegte onsterflike siele’ heengaan by name die hel. Ons het reeds aangetoon dat 'n onsterflike siel Bybels onmoontlik is. Die ander valse leringe inherent aan populêre argumente sal nou ontleed word:-

1. Dat die vergoeding vir ons lewens aan ons gegee word met die dood, deurdat ons ‘onsterflike siele’ na 'n ‘ sekere plek' gestuur word.
2. Dat die skeiding tussen die goeie en die slegte met die dood plaasvind.
3. Dat die vergoeding vir die geregtiges is om na die hemel te gaan.
4. Indien almal 'n ‘onsterflike siel’ besit, dan moet elkeen na of die hemel of die hel gaan.
5. Dat die ongeregtige ‘siele’ na 'n plek van straf by name die hel sal gaan.

Die doel van ons analise is nie net negatief nie; deur hierdie punte in detail te oorweeg, glo ons dat ons elemente van Bybelse waarheid sal uitwys wat noodsaaklik is om die ware wese van die mens se natuur te verstaan.

## 4.5 Die Opstanding

Die Bybel benadruk die feit dat die geregtiges hul beloning met die opstanding sal ontvang, dit is met die wederkoms van Christus (1Thessalonisence 4:16). Die opwekking van die gestorwe verantwoordelikes (sien Studie 4.8) sal die eertse taak wees wat Christus uitvoer met sy terugkeer; dit sal gevolg word met die oordeel. Indien die 'siel' na die hemel gaan met die dood sal daar geen nut wees in die opwekking van die gestorwenes nie. Paulus stel dit dat indien daar geen opstanding is nie, alle pogings om gehoorsaam aan God te wees tevergeefs is (1 Korinthiërs 15:32). Dit is onbegryplik dat Paulus so sou redeneer as hy geglo het dat hy ook beloon sou word deurdat sy 'siel' na die hemel sou gaan met sy dood. Die implikasie hiervan is dat Paulus geglo het dat die enigste vorm van beloning die opstanding van die liggaam is. Christus spoor die wat leef aan met die verwagting dat die enigste beloning vir die gelowiges sal plaasvind met "die opstanding" (Lukas 14:14).

Weereens moet dit beklemtoon word dat die Bybel geen vorm van bestaan buite 'n liggaamlike vorm leer nie – dit geld vir God, Christus, die Engele en die mens. Van Christus is geskryf dat hy met sy wederkoms "ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam" (Filippense 3:20,21).

Soos Christus tans in 'n letterlike liggaamlike vorm bestaan, suiwer bekrag met die Gees eerder as met bloed, sal ons ook 'n soortgelyke beloning ontvang. Met die oordeel sal ons 'n beloning ontvang, gebaseer op hoe ons gelewe het in hierdie liggaamlike vorm (2 Korinthiërs 5:10). Die wat 'n vleeslike lewe leef sal gelaat word met hul bestaande sterflike liggaam, wat uiteindelik sal vergaan tot stof, terwyl die wat tydens hul lewe voortdurend daarna streef om die denke van die vlees te oorkom met die denke van die Gees " uit die Gees die ewige lewe sal maai" (Galasiërs 6:8), in die vorm van 'n Gees-vervulde liggaam.

Daar is verder genoeg bewys dat die beloning van die geregtiges in 'n liggaamlike vorm sal wees. Sodra dit aanvaar word, word die noodsaaklikheid van die opstanding duidelik. Dit is duidelik dat ons huidige liggaam ophou om te bestaan met die dood; indien ons die ewige lewe en onsterflikheid slegs in 'n liggaamlike vorm kan ervaar, volg dit dat die dood 'n toestand van onbewustheid is, totdat ons liggame herskep word en 'n Goddelike natuur gegee word.

Die hele 1 Korintiërs 15 bespreek die opstanding in detail. 'n Aandagtige lees hiervan sal die leser grootliks baat. 1 Korinthiërs 15:35-44 verduidelik dat net soos 'n saadjie gesaai word en uit die grond verrys en deur God beliggaam word, net so sal die dooies verrys en beloon word met 'n liggaam. Soos Christus opgestaan het uit die graf en sy sterflike liggaam verander is na 'n onsterflike liggaam, net so sal die ware gelowige beloon word (Filippense 3:21). Deur die doop assosieer ons onsself met Christus se dood en sy opstanding; hierdeur wys ons dat ons glo dat ons sal deel in die beloning wat hy ontvang het met sy opstanding (Romeine 6:3-5). Deur nou in sy leiding te deel, sal ons ook deel in sy beloning: "Gedurig dra ons die doding van die Here Jesus in die liggaam om, sodat ook die lewe van Christus in ons liggaam openbaar kan word" (2 Korinthiërs 4:10).

**"En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon"** (Romeine 8:11). Met hierdie hoop wag ons dus op die **"verlossing van ons liggaam"** (Romeine 8:23), deurdat daardie liggaam onsterflik gemaak sal word.

Hierdie hoop van 'n letterlike liggaamlike beloning is deur die mense van God verstaan sedert die vroegste tye. Aan Abraham is belowe dat hy, persoonlik, die land Kanaän vir ewig sou beërwe, so seker as wat hy dit deurtrek het (Genesis 13:17; sien Studie 3.4). Sy geloof in daardie belofte moes noodwendig vereis dat hy geglo het dat sy liggaam, op 'n tyd in die toekoms, opgewek sou word en onsterflik gemaak sal word sodat die belofte aan hom gestand gedoen kan word.

Job stel uitdruklik sy begrip van hoe, ten spyte van die feit dat sy liggaam deur wurms in die graf geëet word, hy in 'n letterlike liggaam sy beloning sou ontvang: **" Maar ek, ek weet: My Verlosser leef; en Hy sal as laaste**

**oor die stof opstaan. En nadat hulle so my vel afgeskeur het, sal ek nogtans uit my vlees God aanskou; Hom wat ék sal aanskou my ten goede, en my oë--en geen vreemde nie--sal sien"** (Job 19:25-27). Net so was ook Jesaja se hoop: **"U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan"** (Jesaja 26:19).

Soortgelyke woorde word gevind in die beskrywing van Lasarus,'n persoonlike vriend van Jesus, se dood. In plaas daarvan om die man se susters te troos deur te sê dat sy siel na die hemel opgevaar het, praat die Here Jesus van die dag van die opstanding: "Jou broer sal opstaan". Die reaksie van Lasarus se suster, Martha, wys die waarde wat die vroeë Christene aan die opstanding geheg het: **"Martha antwoord Hom: Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag"** (Johannes 11:23,24). Soos Job, het sy nie geglo dat die dood 'n deur is na die saligheid in die hemel nie; sy het eerder vooruit gekyk na die opstanding "in die laaste dag". Die Here Jesus belowe: **"Ek sal hom opwek in die laaste dag. Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal almal deur God geleer wees. Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het"** (Johannes 6:44:45).

## 4.6 Die Oordeel

Wat die Bybel leer van die oordeel is een van die basiese beginsels van die een geloof, wat deeglik verstaan moet word voor die doop (Handelinge 24:25; Hebreërs 6:2). Daar word gereeld in die Bybel verwys na "die dag van oordeel" (bv. 2 Petrus. 2:9; 3:7; 1 Johannes 4:17; Judas 6), 'n tyd wanneer diegene wat tot die ware kennis van God gekom het hul beloning sal ontvang. **"Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word"** (Romeine 14:10); ons sal **"voor die regterstoel van Christus gestel word"** (2 Korinthiërs 5:10) sodat ons, in hierdie liggaamlike vorm, die beloning vir ons lewens kan ontvang.

Daniël se visioene aangaande Christus se tweede koms sluit die oordeelstoel, in die vorm van 'n troon, in (Daniël 7:9-14). Die gelykenisse verskaf ook detail omtrent die oordeelsdag. Die gelykenis van die talente vergelyk dit met die terugkeer van 'n meester, wat sy dienaars bymekaar roep en hulle oordeel op grond van hoe goed hulle

die geld gebruik het wat hy aan hulle toevertrou het (Mattheüs 25:14-29). Die gelykenis van die vissermanne vergelyk die boodskap van die evangelie met 'n vissersnet, wat alle soorte mense versamel; die manne het toe gaan sit (die oordeelsdag) en die goeie visse van die slegtes geskei (Mattheüs 13:47-49).

Die interpretasie is duidelik: **"So sal dit wees in die voleinding van die wêreld: die engele sal uitgaan en die slegte mense onder die regverdiges uit afskei".** Uit dit wat ons sover geleer het, is dit billik om aan te neem dat direk na Christus se wederkoms en die opstanding daar 'n saamtrek sal wees, op 'n spesifieke plek en op 'n spesifieke tyd, van almal wat geroep is deur die Evangelie , wanneer hulle Christus sal ontmoet.

Hier sal rekenskap gegee moet word, en Christus sal bepaal wie aanvaarbaar is en wie verwerp word om die beloning te ontvang om die Koninkryk in te gaan. Dit is slegs op hierdie tyd dat die geregtiges hul beloning sal ontvang.

Hierdie gebeure word opgesom in die gelykenis van die skeiding van die skape en die bokke: **"En wanneer die Seun van die mens in sy heerlikheid kom en al die heilige engele saam met Hom, dan sal Hy op sy heerlike troon sit (die troon van Dawid in Jerusalem, Lukas 1:32,33): en voor Hom sal al die nasies versamel word (dit is mense uit alle nasies, vergelyk Mattheüs 28:19): en Hy sal hulle van mekaar afskei soos die herder die skape van die bokke afskei; en Hy sal die skape aan sy regterhand en die bokke aan sy linkerhand sit. Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af"** (Mattheüs 25:31-34).

Die beërwing van die Koninkryk van God en die ontvangs van die beloftes aan Abraham aangaande die Koninkryk is dus die beloning vir die geregtiges. Dit sal egter eers plaasvind **na** die oordeel, met Christus se wederkoms. Dit is daarom onmoontlik om die beloning van onsterflikheid te ontvang voor Christus se wederkoms.

Daarom kan ons tot geen ander slotsom kom as dat vandat hy sterf tot en met sy opstanding, die gelowige geen bewustelike bestaan het nie, aangesien dit nie moontlik is om in enige ander vorm as die liggaamlike te bestaan nie. Dit is 'n herhaalde Bybelse beginsel dat ons die beloning sal ontvang met Christus se wederkoms, en nie voor dit nie:-

- **"En <u>wanneer</u> die Opperherder verskyn, <u>sal</u> julle die onverwelklike kroon van heerlikheid ontvang"** ( 1 Petrus 5:4 vergelyk 1:13)**.**
- **"die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk:…….. Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee"** (2 Timotheüs. 4:1,8).

- Met die Messias se wederkoms in die laaste dae word geskryf, **"baie van die wat in die stof van die aarde slaap (vergelyk Genesis 3:19), sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid"** (Daniël 12:2).

- Wanneer Christus kom om te oordeel sal **"almal wat in die grafte ……uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling"** (Johannes 5:25-29).
- **"En kyk, Ek (Jesus) kom gou,** en my loon is by My, om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees" (Openbaring 22:12). Ons gaan dus nie hemel toe om ons loon te ontvang nie – Christus bring dit uit die hemel na ons toe.

Jesus wat ons loon met hom bring impliseer dat dit vir ons in die hemel voorberei is. Hy sal dit vir ons bring na die aarde toe met sy tweede koms. Ons "erfenis" van die land wat aan Abraham belowe is, is in hierdie sin **"in die hemele bewaar .. vir ons wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd"** met Christus se wederkoms (1 Petrus 1:4,5).

Waardering van hierdie beginsel stel ons in staat om tot die korrekte interpretasie van 'n veel misverstane gedeelte in Johannes 14:2,3 te kom**:" Ek (Jesus) gaan om vir julle plek te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek berei het (vergelyk die loon in "die hemele bewaar"), kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."**

Jesus sê ook elders dat hy weer sal kom om vir ons ons loon te gee (Openbaring 22:12), en ons het gesien dat dit sal plaasvind by Jesus se oordeelstoel. Hy sal regeer op Dawid se troon in Jerusalem "tot in ewigheid" (Lukas 1:32,33). Jesus sal vir ewig hier op aarde regeer, en waar hy is – in God se Koninkryk hier op aarde – daar sal ons ook wees. Sy belofte om "julle na My toe (te) neem" is dus 'n verwysing na ons aanvaarding, deur hom, met die ooordeelsdag. Die Griekse woorde "na my toe neem" kom ook voor in Mattheüs 1:20 aangaande Josef wat Maria "neem" as sy vrou. Daarom beteken dit nie noodwendig 'n fisiese verplasing/beweging na Christus toe nie.

In die lig van die feit dat ons ons loon sal ontvang met die oordeel en met Christus se wederkoms, volg dit dat die geregtiges en die ongeregtiges na dieselfde plek gaan wanneer hulle sterf, dit is die graf. Daar word geen onderskeid tussen hulle getref met die dood nie. Die volgende is positiewe bewys hiervoor:-

- Jonatan was geregtig en Saul ongeregtig, tog "in hulle dood (is hulle) nie geskei nie" (2 Samuel 1:23).
- Saul, Jonatan en Samuel het na dieselfde plek gegaan met hulle dood (1 Sam. 28:15-19).
- Regverdige Abraham is "by sy volksgenote versamel", dit is sy voorvaders, met sy dood; hulle was afgodsdienaars (Genesis 25:8; Josua 24:2).
- Die geestelik wyse en dwase is onderworpe aan dieselfde dood (Prediker 2:15,16).

Hierdie is alles in skrille kontras met die aansprake van die populêre 'Christendom'. Hulle lering, dat die regverdiges onmiddellik hemel toe gaan na die dood, vernietig die noodsaaklikheid van die opstanding en die oordeel. En tog is dit reeds duidelik aangetoon dat hierdie twee gebeurtenisse van kardinale belang is in God se verlossingsplan, en daarom deel uitmaak van die Evangelieboodskap. Die populêre mening stel voor dat die regverdige persoon sterf en onmiddellik beloon word deur na die hemel te gaan en word dan die volgende dag, die volgende maand, die volgende jaar, gevolg deur ander. Hierdie lering is in skrille kontras met wat die Bybel leer. Die Bybel leer dat almal , op dieselfde tyd, gesamentlik beloon sal word:-

- Die skape word van die bokke geskei met die oordeel, een vir een. Wanneer die oordeel klaar is sal Christus vir die skape, wat aan sy regterhand vergader is, sê: **"Kom, julle geseëndes van my Vader,**

**beërf die koninkryk wat vir julle berei is”** (Mattheüs 25:34). Al die skape beërf dus die koninkryk op dieselfde tyd (vergelyk 1 Korinthiërs. 15:52).

- Met “die oes” van Christus met sy wederkoms en oordeel, sal almal wat gearbei het in die Evangelie ”saam bly wees" (Johannes 4:35,36 vergelyk Mattheüs 13:39).

- Openbaring 11:18 definieer **“die tyd van die dode om geoordeel te word**” as die tyd wanneer God “die loon” sal “ gee aan u diensknegte, die profete, en aan die heiliges en aan die wat u Naam vrees” – m.a.w. al die gelowiges saam.

- Hebreërs 11 lys baie van die regverdiges van die Ou Testament. Vers 13 lees: **“In die geloof het hulle almal gesterwe sonder om die beloftes te verkry”** wat aan Abraham gemaak is aangaande verlossing deur in God se Koninkryk in te gaan (Hebreërs 11:8-12). Dit volg dus dat hierdie mense nie met hul dood een vir een hemel toe gegaan het om hul beloning te ontvang nie. Die rede hiervoor word vir ons in verse 39,40 gegee: Hulle het “die belofte nie verkry nie, omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie”. Die vertraging in die toestaan van hulle beloning is omdat God se plan is om al die gelowiges op dieselfde tyd volmaak te maak. Dit sal plaasvind met die oordeel, net na Christus se wederkoms.

## 4.7 Die Plek Van Beloning: Hemel Of Aarde?

Behalwe vir die genoemde redes sal enigeen wat steeds van die opinie is dat die hemel, en nie die aarde nie, die ligging van God se Koninkryk is , ook bereid moet wees om die volgende punte weg te redeneer:-

- Die ‘Onse Vader’ vra vir God se Koninkryk om te kom (d.i. 'n bede vir die wederkoms van Christus), waardeur God se wil hier op aarde sal geskied soos in die hemel (Mattheüs 6:10). Ons bede is dus vir God se Koninkryk om op aarde gevestig te word. Dit is 'n tragedie dat duisende mense daagliks hierdie woorde bid maar steeds glo dat God se

Koninkryk tans volledig gevestig is in die hemel en dat die aarde uiteindelik vernietig sal word.

- **“Salig is die sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe”** (Mattheüs 5:5) – nie ‘…want hulle siele sal in die hemel opgeneem word nie’. Mattheüs verwys na Psalm 37, wat beklemtoon dat die finale beloning vir die regverdiges op aarde sal wees. Op hierdie selfde aarde, waar die kwaaddoeners en goddeloses tans tydelik regeer, sal die regverdiges beloon word met die ewige lewe en hulle sal die aarde besit (Psalm 37:34,35).
-
- **“Die ootmoediges … sal die aarde besit…. want die wat deur Hom geseën word, sal die aarde besit… Die regverdiges sal die aarde besit en vir ewig daarop woon”** (Psalm 37:11,22,29). Om vir ewig op die aarde / beloofde land te woon beteken dat 'n ewige lewe in die hemel onmoontlik is.
- **“Broeders, ek kan vry-uit met julle spreek oor die aartsvader Dawid, dat hy gesterf het en ook begrawe is…Dawid het nie in die hemele opgevaar nie”** (Handelinge 2:29,34). Petrus verduidelik dat Dawid se hoop was om uit die dode opgewek te word met Christus se wederkoms (Handelinge 2:22-36).
- Die aarde is die arena vir God se omgang met die mens: **“Die hemele is hemele vir die HERE, maar die aarde het Hy aan die mensekinders gegee”** (Psalm 115:16).
- Openbaring 5:9,10 vertel van 'n visie van wat die regverdiges sal sê wanneer hulle aanvaar word by die oordeelstoel: “(Christus) het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers”. Hierdie beeld van om te regeer in God se Koninkryk op aarde is ver verwyder van die vae opvatting dat ons “saligheid” iewers in die hemel sal verkry.
- Die profesieë in Daniël hoofstukke 2 en 7 skets 'n opeenvolging van politieke moondhede, wat uiteindelik vervang word met die Koninkryk van God met Christus se wederkoms. Die heerskappy van hierdie Koninkryk sal wees **“onder die ganse hemel”**, en sal **“die hele aarde”** vul (Daniël 7:27; 2:35 vergelyk vers 44). Hierdie ewige Koninkryk word **“gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste”** (Daniël 7:27); hulle beloning is dus die ewige lewe in hierdie Koninkryk wat op aarde gevestig sal word, onder die hemele.
-

## 4.8 Verantwoordelikheid Teenoor God

Indien die mens van nature oor 'n onsterflike siel beskik, dan volg dit noodwendig dat so 'n siel 'n ewige bestaan iewers moet voer – of in 'n plek van beloning of in 'n plek van straf. Dit impliseer dat die ganse mensdom verantwoordelik is teenoor God. In teenstelling hiermee is dit reeds aangetoon dat die Bybel leer dat die mens van nature net soos die diere is, sonder enige inherente onsterflikheid.

Nietemin is die vooruitsig van 'n ewige lewe in God se Koninkryk aan sommige mense gebied. Dit volg dus dat nie almal wat eens geleef het opgewek sal word nie; net soos die diere, leef en sterf die mens en ontbind tot stof. Daar sal egter 'n oordeel plaasvind, waartydens sommige veroordeel sal word en andere beloon sal word met die ewige lewe. Hieruit moet ons tot die slotsom kom dat daar 'n sekere klas mense is wat opgewek en geoordeel sal word.

Of 'n persoon opgewek sal word of nie, hang af van daardie persoon se verantwoordelikheid tot die oordeel. Die basis van ons oordeel sal gegrond word op die wyse waarop ons reageer op ons kennis van God se woord. Christus verduidelik: **"Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag"** (Johannes 12:48). Diegene wat die woorde van Christus nie geken het of nie verstaan het nie en dus nie die geleentheid gehad het om hom te aanvaar of te verwerp nie, is nie verantwoordelik tot die oordeel nie. **"Want almal wat sonder (kennis van) die wet gesondig het, sal ook sonder wet verlore gaan ("perish" in KJV) ; en almal wat onder (kennis van) die wet gesondig het, sal deur die wet geoordeel word"** (Romeine 2:12). Met ander woorde, diegene wat nie God se voorskrifte geken het nie, sal vergaan soos die diere; hierteenoor sal die wat wetende God se voorskrifte verbreek, geoordeel word en daarom opgewek moet word tot die oordeel.

In God se oë word sonde **"nie toegereken as daar geen wet is nie"; "sonde is wetteloosheid**"; **"deur die wet is die kennis van sonde"** (Romeine 5:13; 1 Johannes 3:4, Romeine 3:20). Sonder 'n kennis van God se wette soos geopenbaar in Sy Woord, word sonde "nie toegereken" tot 'n persoon nie en daarom sal so 'n persoon nie opgewek word om

geoordeel te word nie. Diegene wat dus nie God se woord ken nie sal dood bly, soos ook die diere en die plante, siende dat hulle in dieselfde toestand verkeer. **"Die mens wat in aansien is en geen verstand het nie, is soos die diere wat vergaan"** (Psalm 49:21**). "Soos skape word hulle bestem vir die doderyk"** (Psalm 49:15).

Dit is ons kennis van God se weë wat ons verantwoordelik maak vir ons optredes en ons lewenswyse voor Hom. Dit maak ons opstanding uit die dood en verskyning voor die oordeelstoel noodsaaklik. Hieruit is dit dus duidelik dat dit nie net die regverdiges of die wat gedoop is wat opgewek gaan word nie, maar almal wat verantwoordelik is voor God op grond van hulle kennis van Hom. Hierdie is 'n herhaalde Bybelse tema:-

- In Johannes 15:22 lees ons dat kennis van die Woord verantwoordelikheid meebring: **"As Ek (Jesus) nie gekom en met hulle gespreek het nie, sou hulle geen sonde hê nie; maar nou het hulle geen verskoning vir hul sonde nie"**. Verder lees ons in Romeine 1:20-21 dat 'n kennis van God die mens met "geen verontskuldiging" laat nie.
- **"Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het … Ek (Jesus) sal hom opwek in die laaste dag"** (Johannes 6:44,45).
- **"God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer"** (Handelinge 17:30).
- **"En daardie dienskneg wat die wil van sy heer geken het en nie klaargemaak of volgens sy wil gedoen het nie, sal met baie slae geslaan word; maar hy wat nie geweet het nie en gedoen het wat slae verdien, sal met min slae geslaan word (bv. sal in die dood bly). En elkeen aan wie veel gegee is, van hom sal veel gevorder word; en aan wie hulle veel toevertrou het, van hom sal hulle oorvloediger eis"** (Lukas 12:47,48).
- **"Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde"** (Jakobus 4:17).
- Israel se besondere verantwoordelikheid teenoor God is gegrond op Sy openbaringe aan hulle aangaande Homself (Amos 3:2).
- As gevolg van hierdie lering van verantwoordelikheid, sou dit **"vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is"** (2 Petrus 2:21). Ander toepaslike skrifgedeeltes sluit in: Johannes 9:41; 3:19; 1 Timotheüs 1:13; Hosea 4:14; Deuteronomium.1:39.

Kennis van God maak ons verantwoordelik voor die oordeelstoel; dit volg nou dat diegene sonder 'n kennis van God nie opgewek sal word nie, siende dat hulle nie nodig het om geoordeel te word nie, en dat hulle gebrek aan kennis hulle “soos die diere wat vergaan” maak (Psalm 49:21).

Daar is talle aanduidinge dat nie almal wat ooit geleef het opgewek sal word nie:-

- Die lede van die antieke Babiloniese volk **sal “'n ewige slaap … slaap en nie wakker word nie”**, hulle **“sal nie opstaan nie”** (Jeremia 51:39; Jesaja 43:17).
- Jesaja bemoedig homself: **“HERE, onse (Israel se) God, ander here buiten U het oor ons geheers (d.i. die Fillistyne en Babiloniërs), maar deur U alleen prys ons ú Naam. Dooie mense herlewe nie, skimme staan nie op nie; daarom het U hulle besoek en verdelg en alle gedagtenis aan hulle laat vergaan”** (Jesaja 26:13,14). Let op die drie dubbele klem op die feit dat hulle nie opgewek sal word nie: Sal nie “herlewe”…hulle “staan nie op nie” “alle gedagtenis aan hulle … vergaan”. In teenstelling hiermee het Israel die vooruitsig van die opwekking op grond van hulle kennis van die ware God: **“U dode sal herlewe, my lyke sal opstaan. Waak op en jubel, julle wat in die stof woon!”** (Jesaja 26:19).
- Aangaande die volk van God , Israel, word dit aan ons vertel dat met Christus se wederkoms **“baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik”** (Daniël 12:2). Dus “baie” van die Jode sal opgewek word op grond van hulle verantwoordelikheid tot God as sy gekose volk. Diesulkes wat totaal oningelig is van hul ware God **“sal val en nie weer opstaan nie”** siende dat hulle nie in staat is om **“die woord van die HERE”** te vind nie (Amos 8:12,14).

**ONS HET TOT DUSVER GELEER DAT:-**

1. **Kennis van God bring ons tot verantwoordelikheid voor Hom.**
2. **Slegs die wat verantwoordelik is opgewek en geoordeel sal word.**

**3. Diegene wat nie die enigste en ware God ken nie sal nie opgewek word nie en sal in die stoflike toestand bly net soos die diere.**

Die implikasies van hierdie konklusies is 'n bitter pil om te sluk vir die menslike trots en vir wat ons normaalweg verkies om te glo. Die miljoene mense, nou en regdeur die geskiedenis, wat oningelig is aangaande die ware Evangelie val in die kategorie van die wat nie oor 'n ware kennis van God beskik nie, en is daarom nie verantwoordelik voor God nie. Dit beteken dat hulle nie opgewek sal word nie, ongeag hul ouers se geestelike status. Dit druis lynreg in teen die grein van die humanisme en al ons natuurlike begeertes en gevoelens; en tog sal 'n nederige beskouing van God se Woord van absolute waarheid, gekoppel met 'n nederige besef van ons eie menslike natuur, ons lei om hierdie waarheid te aanvaar. 'n Opregte ondersoek na die feite rondom die menslike ervaring, selfs sonder die leiding van die Skrif, sal ook lei tot die konklusie dat daar geen toekomstige hoop is vir die groepe hierbo genoem nie.

Die bevraagtekening van God se weë in hierdie sake is totaal buite orde: “o mens, wie is jy wat teen God antwoord? Die maaksel kan tog nie vir die maker sê: Waarom het u my so gemaak nie?” (Romeine 9:20). Alhoewel ons ons onbegrip mag beken, mag ons God nooit van onregverdigheid of ongeregtigheid beskuldig nie. Die implikasie dat God op enige manier liefdeloos of verkeerd kan wees, lei tot 'n verskriklike vooruitsig van 'n almagtige God, Vader en Skepper wat Sy skepsels op 'n onredelike en onregverdige wyse behandel. Die rekord van koning Dawid se verlies van sy baba is hulpvol; 2 Samuel 12:15-24 vertel hoe Dawid gebid het vir die kind terwyl die nog gelewe het, maar later die realiteit en die finaliteit van die kind se dood aanvaar: **“Toe die kind nog in die lewe was, het ek gevas en geween, want ek het gedink: Wie weet--die HERE kan my genadig wees, sodat die kind in die lewe bly. Maar nou is hy dood--waarom sou ek dan vas? Sal ek hom nog kan terugbring? Ek gaan na hom, maar hy sal na my nie terugkeer nie.”** Hierna het Dawid sy vrou getroos en nog 'n kind by haar verwek.

In die laaste instansie moet daarop gewys word dat baie mense, wanneer hulle tot die begrip en kennis van hierdie beginsel van verantwoordelikheid tot God kom, voel dat hulle geen verdere kennis wil opdoen oor God nie sodat hulle nie verantwoordelik raak voor Hom en Sy oordeel nie. Tog is

dit waarskynlik dat hierdie mense reeds verantwoordelik is voor God, siende dat hul kennis van God se woord hulle bewus gemaak het van die feit dat God in hul lewens werk, en 'n werklike verhouding met Hom aan hulle bied. Ons moet onthou **"God is liefde"**, **Hy "wil nie hê dat sommige moet vergaan nie"** en dat **"Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê"** (1 Johannes 4:8; 2 Petrus 3:9; Johannes 3:16). God wil hê dat ons in Sy Koninkryk moet wees.

Dit is onvermydelik dat so 'n voorreg verantwoordelikhede sal meebring. Hierdie verantwoordelikhede is egter nie bedoel om te swaar en lastig te wees nie. As ons werklik vir God liefhet, sal ons waardeer dat Sy aanbod van redding nie 'n outomatiese prys vir sekere werke is nie, maar 'n liefdevolle begeerte van Sy kant om alles moontlik te doen vir Sy kinders, sodat Hy vir ons 'n ewige lewe van geluk kan gee waarin ons Sy wonderlike karakter eerstehands kan ervaar. Soos ons tot die korrekte begrip van God se Woord kom en Hy ons daardeur roep, sal ons besef dat soos ons dag vir dag met ons lewe omgaan, God ons dop hou met 'n spesiale intensiteit, en gretig soek Hy na enige teken van ons reaksie op Sy liefde, eerder as om te wag en te kyk hoe ons faal en nie voldoen aan ons verantwoordelikhede nie.

Nooit neem Hy Sy liefdevolle oog van ons af nie; nooit kan ons ons kennis van Hom vergeet of onklaar maak sodat ons weer in die begeerlikhede van die vlees kan verval nie, vry van enige verantwoordelikheid teenoor Hom nie. Ons moet ons eerder verbly in die spesiale verhouding wat ons met God het, en vertrou in die grootheid van Sy liefde, om sodoende altyd te begeer om meer en meer van Hom te leer eerder as minder en minder. Ons liefde vir God se weë en ons begeerte om Hom te ken, sodat ons meer en meer soos Hy kan wees, behoort swaarder te weeg as ons natuurlike vrees vir Sy allerhoogste heiligheid.

## 4.9 Hel

Die algemene opvatting van die hel is dat dit 'n plek van straf vir bose 'onsterflike siele' is, na die dood, of 'n plek van marteling vir die wat verwerp word met die oordeel. Dit is ons oortuiging dat die Bybel leer dat

die hel niks anders as die graf is nie, en dat almal daarheen gaan wanneer hulle sterwe.

Die oorspronklike Hebreeuse woord 'sheol', wat as hel vertaal word, beteken 'n bedekte plek. 'Hel' is die verengelsde weergawe van 'sheol'; dus wanneer ons van die 'hel' lees, lees ons 'n woord wat nie ten volle vertaal is nie. 'n "Helmet" is letterlik 'n 'hel-met', wat beteken 'n bedekking vir die kop. In Bybelse terme is hierdie 'bedekte plek', of 'hel', die graf. Daar is baie voorbeelde waar die oorspronklike woord 'sheol' met die woord 'graf' vertaal is. In sommige moderne Bybelvertalings word die woord 'hel' skaars gebruik, en word dit vertaal met die woord 'graf'. 'n Paar voorbeelde van waar die woord 'sheol' met 'graf' vertaal word sal die algemene opvatting van die hel, as 'n plek van vuur en marteling vir die bose, die nek in slaan:-

- **"Laat die goddelose beskaamd staan, laat hulle verstom (stil word) in die doderyk (sheol)"** (Psalm 31:18) – daar gaan geen geskree wees van pyn en leiding nie.
- **"God sal my siel loskoop van die mag van die doderyk (sheol)"** (Psalm 49:16) – m.a.w. Dawid se siel of liggaam sal opgewek word uit die graf, of 'hel'.

Die geloof dat die hel 'n plek is van straf vir die bose waarvandaan hulle nie kan ontsnap nie, strook nie met die feit dat 'n geregtige man ook na die hel (die graf) kan gaan en weer daaruit verlos kan word nie. Hosea 13:14 bevestig: **"Uit die mag van die doderyk (sheol) sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood".** Hierdie word aangehaal in 1 Korinthiërs 15:55 en toegepas op die opstanding met Christus se wederkoms. Net so word die visie van die tweede opstanding beskryf (sien Studie 5.5), "die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was" (Openbaring 20:13). Let op die parallel wat getrek word tussen die dood en die doderyk ('sheol'='hel') (sien ook Psalm 6:6). Hanna se woorde in 1 Samuel 2:6 is baie duidelik**: "Die HERE maak dood en maak lewend (deur op te wek); Hy laat neerdaal in die doderyk (sheol) en laat daaruit opkom".**

In die lig van die feit dat 'die hel' die graf is, is dit te wagte dat die regverdiges daaruit gered sal word deur opgewek te word tot die ewige lewe. Dit is dus heeltemal moontlik om in 'die hel', die graf, in te gaan en om dit later te verlaat deur opgewek te word. Die belangrikste voorbeeld hiervan is Jesus, wie se **"siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook**

**nie verderwing gesien het nie"** (Handelinge 2:31) omdat hy inderdaad opgewek is. Let op die parallel tussen Christus se 'siel' en sy 'vlees' of liggaam. Die feit dat sy liggaam "nie in die doderyk verlaat is (nie)" impliseer dat sy liggaam wel daar was, dit is vir die drie dae wat sy liggaam in die graf was. Dat Christus in die hel vertoef het, is bewys genoeg dat dit nie net 'n plek is waarheen die bose en onregverdige gaan nie. Beide goeie en slegte mense gaan na die 'hel', dit is die graf. So het ook Jesus "sy graf by die goddelose" gekry (Jesaja 53:9). Parallel hiermee is daar ander voorbeelde van regverdige mense wat na die 'hel', die graf, gegaan het. Jakob sê oor sy seun Josef, **"ek sal na my seun in die doderyk (sheol) afdaal! So het sy vader hom dan beween"** (Genesis 37:35).

Die straf vir die sonde is die dood. Dit is 'n Goddelike beginsel (Romeine 6:23, 8:13; Jakobus 1:15). Ons het vroeër gewys dat die dood 'n toestand van onbewustheid is. Die resultaat van die sonde is totale vernietiging, en nie 'n ewige marteling nie (Mattheüs 21:41; 22:7; Markus 12:9; Jakobus 4:12). Soos byvoorbeeld die mense wat vernietig is deur die vloed (Lukas 17:27,29), en die Israeliete wat gesterf het in die wildernis (1 Korinthiërs 10:10). In beide gevalle sterf die sondaars eerder as om vir ewig gemartel te word. Dit is dus nie waar dat die onregverdige en die bose gestraf word met 'n ewigheid van bewuste marteling en lyding nie.

Ons het ook gesien dat God die sonde nie toereken – en ook nie rekord daarvan hou – indien ons oningelig aangaande Sy Woord is nie (Romeine 5:13). Diegene in hierdie posisie sal gestorwe bly. Diegene wat God se voorskrifte geken het, sal opgewek en geoordeel word met Jesus Christus se wederkoms. Indien onregverdig bevind sal die straf die dood wees, dit is die straf vir die sonde. Dus, na die wederkoms van Christus , sal hulle gestraf word en weer sterf, en gestorwe bly vir ewig.

Hierdie is die "tweede dood" wat na verwys word in Openbaring 2:11; 20:6. Hierdie mense het reeds een keer gesterf, 'n dood van totale onbewustheid. Hulle sal opgewek word en geoordeel word met Christus se wederkoms, en dan gestraf word met die tweede dood, wat net soos die eerste 'n toestand van totale onbewustheid sal wees. Hierdie toestand sal vir ewig duur.

Dit is in hierdie konteks dat die straf vir die sonde ewigdurend sal wees, daar sal geen einde aan die dooies se lot wees nie. Om vir altyd gestorwe te bly is 'n ewigdurende straf. 'n Voorbeeld van hoe die Bybel hierdie tipe uitdrukking gebruik, vind ons in Deuteronomium 11:4. Hierdie gedeelte beskryf God se eenmalige vernietiging van Farao se leër in die Rooi See as 'n vernietiging "tot vandag toe" sodat hierdie leer nooit weer vir Israel 'n las was nie: **"en wat Hy gedoen het aan die leër van Egipte, aan sy perde en aan sy strydwaens waaroor Hy die waters van die Skelfsee laat aanstroom het toe hulle julle agtervolg het, sodat die HERE hulle omgebring het tot vandag toe".**

Een van die gelykenisse wat handel oor Christus se wederkoms en die oordeel beskryf hoe sy vyande doodgeslaan sal word in sy teenwoordigheid (Lukas 19:27). Dit rym glad nie met die gedagte dat die onregverdiges vir ewig in 'n bewuste toestand sal verkeer waartydens hulle gemartel sal word nie. Dit sou in elk geval 'n onredelike straf wees – ewige marteling vir dade van ±70 jaar. God vind geen plesier in die straf van die onregverdiges nie, daarom is dit te verstane dat Hy hulle nie vir ewig sal straf met fisiese marteling nie (Esegiël 18:23,32; 33:11 vergelyk 2 Petrus 3:9).

Die afvallige Christendom assosieer die 'hel' met die idee van vuur en marteling. Dit is in skrille kontras met wat die Bybel leer aangaande die 'hel' (die graf). **"Soos skape word hulle bestem vir die doderyk (sheol);….hulle gestalte is daar vir die doderyk om te verteer"** (Psalm 49:14) impliseer dat die graf 'n plek is van vredevolle vergetelheid. Ten spyte van die feit dat Christus se siel, of liggaam, drie dae lank in die hel was het dit nie verderwing gesien nie (Handelinge 2:31).

Dit sou onmoontlik wees as die 'hel' 'n plek van vuur is. Esegiël 32:26-30 skets 'n beeld van die magtige krygers van die volke rondom Israel , wat nou in vrede in hul grafte verkeer : **" Maar hulle lê nie by die helde wat geval het (in oorlog) …. wat na die doderyk (sheol) neergedaal het saam met hulle oorlogswapens en wie se swaarde onder hulle hoofde gesit is nie; …….jy sal lê by die wat deur die swaard verslaan is"**. Hierdie gedeelte verwys na die gebruik om krygsmanne saam met hulle wapens te begrawe en om die kop van die lyk bo op die swaard neer te lê. En tog is hierdie die beskrywing van die 'hel' (sheol) – die graf. Hierdie manne wat steeds in die 'hel' (dit is hul grafte) lê, korreleer nie met die idee dat die 'hel' 'n plek is van ewige vuur nie. Fisiese voorwerpe – soos

swaarde – gaan na dieselfde ‘hel’ toe as mense, en dit wys dat die ‘hel’ nie 'n plek is van geestelike marteling nie. So het Petrus ook aan 'n bose man gesê, **“Mag jou geld saam met jou vergaan”** (Handelinge 8:20).

Die verhaal van Jona se ervaringe weerlê ook hierdie idees. Nadat hy deur die groot vis ingesluk is, het Jona **“tot die HERE sy God gebid uit die ingewande van die vis en gesê: Uit my benoudheid het ek die HERE aangeroep, en Hy het my verhoor; uit die binneste van die doderyk (sheol) het ek geroep om hulp”** (Jona 2:1,2). Hier word die “binneste van die doderyk” vergelyk met die ingewande van die vis. Die ingewande van die vis was inderdaad 'n ‘bedekte plek’, die fundamentele betekenis van die woord ‘sheol’, wat met doderyk en hel vertaal word. Dit is duidelik nie 'n plek van vuur nie, en Jona het uit die “binneste van die doderyk” gekom toe die vis hom uitgespoeg het. Hierdie was 'n vooruitwysing na die opstanding van Christus uit die doderyk, die hel (die graf) – sien Mattheüs 12:40.

## Figuurlike Vuur

Dit is egter so dat die Bybel gereeld die beeld van 'n ewigdurende vuur gebruik om God se afkeur van die sonde te versinnebeeld. Hierdie “vuur” lei tot die totale vernietiging van die sondaar in die graf. Sodom is gestraf met hierdie “ewige vuur” (Judas vers 7), met ander woorde, Sodom is totaal vernietig as gevolg van die boosheid van sy inwoners. Vandag lê daardie stad in puin, bedek met die waters van die Dooie See; op geen manier is daardie stad nog steeds aan die brand nie, wat dit moet wees indien ons die “ewige vuur” letterlik wil interpreteer.

Net so is Jerusalem gedreig met die “ewige vuur” van God se woede as gevolg van die sonde van Israel: **“Maar as julle na My nie luister om die sabbatdag te heilig nie en om geen las te dra of deur die poorte van Jerusalem op die sabbatdag in te gaan nie, sal Ek 'n vuur in sy poorte aansteek, wat die paleise van Jerusalem sal verteer en nie uitgeblus sal word nie”** (Jeremia 17:27). Dit staan in die profesieë dat Jerusalem die hoofstad van die komende Koninkryk is (Jesaja 2:2-4; Psalm 48:2); dit was nie God se bedoeling dat ons hierdie gedeeltes letterlik moet lees nie. Die groot huise van Jerusalem is afgebrand (2 Konings 25:9), maar daardie vuur het nie vir ewig gebrand nie. Op diesefde wyse het God die land van Edom gestraf met die vuur wat “snags of oordag nie uitgeblus word nie; vir ewig gaan sy rook op; van geslag tot geslag lê dit woes…. die uil en die

kraai woon daarin…..sy paleise word begroei met dorings" (Jesaja 34:9-15). Siende dat diere en plante sou voortbestaan in die land van Edom, moet die verwysing na die ewige vuur verwys na God se afkeur en die totale verwoesting van Edom, eerder as om dit letterlik op te neem.

Die Hebreeuse en Griekse uitdrukkings wat as "vir ewig" vertaal word, beteken streng gesproke " vir die tydperk". Somtyds verwys dit letterlik na die ewigheid, byvoorbeeld die tydperk van die koninkryk, maar nie altyd nie. Jesaja 32:14,15 dien as voorbeeld**: "die Heuwel en die Wagtoring dien as spelonke vir ewig….. totdat oor ons uitgegiet word die Gees uit die hoogte"**. Hierdie is 'n manier om die "ewigheid" van die "ewige vuur" te verstaan. Herhaaldelik word God se afkeur van die sonde van Jerusalem en Israel vergelyk met 'n vuur: **"My toorn en my grimmigheid sal uitgestort word oor hierdie plek (Jerusalem)…. en dit sal brand en nie uitgeblus word nie"** (Jeremia 7:20; ander voorbeelde sluit in Klaagliedere 4:11 en 2 Konings 22:17).

Vuur word ook geassosieer met God se oordeel van sonde, en in besonder met die wederkoms van Christus: **"Want kyk, die dag kom, en dit brand soos 'n oond. Dan sal al die vermeteles en almal wat goddeloosheid bedrywe, 'n stoppel wees; en die dag wat kom, sal hulle aan die brand steek"** (Maleagi 4:1). Wanneer 'n stoppel of selfs 'n menslike liggaam verbrand, keer dit terug tot stof. Dit is onmoontlik vir enige substansie, en in besonder die menslike liggaam , om letterlik vir ewig te brand.

Die verwysing na die "ewige vuur" kan daarom nie vertolk word as 'n letterlike ewige marteling nie. 'n Vuur kan nie vir ewig duur as daar niks is om te verbrand nie. Daar moet op gelet word dat die "doderyk" (hel) "in die poel van vuur gewerp" word (Openbaring 20:14). Dit impliseer dat die 'hel' nie dieselfde as die poel van vuur is nie; dit verteenwoordig totale vernietiging. In die simboliese trant van Openbaring word ons vertel dat die graf totaal vernietig sal word omdat daar geen dood meer sal wees teen die einde van die duisendjarige Koninkryk nie.

## Gehenna

In die Nuwe Testament is daar twee Griekse woorde wat as "hel" vertaal word. 'Hades' is die ekwivalent van die Hebreeuse 'sheol' wat reeds vroeër bespreek is. 'Gehenna' was die naam van 'n vullishoop, net buitekant Jerusalem, waar die stad se vullis verbrand was. Sulke

vullishope is tipies van baie ontwikkelende stede vandag (bv. ‘Smoky Mountain’ buitekant Manilla in die Filippyne). As 'n naamwoord moes dit eerder onvertaald gelaat gewees het as ‘Gehenna’, en nie as ‘hel’ vertaal word nie. ‘Gehenna’ is die Aramese ekwivalent van die Hebreeuse ‘Ge-ben-Hinnon’. Dit was naby Jerusalem (Josua 15:8) en in die tyd van Christus was dit die stad se vullishoop. Die lyke van kriminele was op die vure gegooi wat altyd daar gebrand het. Op hierdie wyse het Gehenna simbolies geword van totale vernietiging en verwerping.

Weereens moet dit baie duidelik gestel word dat wat ookal op daardie vure gegooi is nie vir ewig bly brand het nie – die lyke het ontbind tot stof. “Want onse God is 'n verterende vuur” (Hebreërs 12:29) en so sal Hy ook wees met die dag van die oordeel; die vuur van Sy afkeur teenoor sonde sal sondaars verteer tot totale vernietiging eerder as om hulle slegs te skroei en te laat oorleef. Tydens God se vorige oordeel van die Israeliete, aan die hand van die Babiloniërs, was Gehenna besaai met die lyke van sondaars onder God se volk (Jeremia 7:32,33).
Op sy meesterlike manier het die Here Jesus al hierdie Ou Testamentiese idees verenig met die gebruik van die term ‘Gehenna’. Hy het dikwels gesê dat die wat verwerp sal word met die oordeel tydens sy wederkoms, na ‘Gehenna’ (d.i. die hel) sou gaan, om “in die hel te gaan in die onuitbluslike vuur, waar hulle wurm nie sterf en die vuur nie uitgeblus word nie” (Markus 9:43,44).

Gehenna was dus vir die Jode die versinnebeelding van verwerping en vernietiging, en soos reeds uitgewys is die ewige vuur 'n idioom wat God se afkeur van die sonde verteenwoordig asook die ewige vernietiging van sondaars deur die dood. Die verwysing na waar die “wurm nie sterf nie" is deel van hierdie selfde idioom van totale vernietiging – dit is ondenkbaar dat daar letterlik wurms bestaan wat nooit kan doodgaan nie. Die feit dat Gehenna die plek was van vorige straf vir die bose onder God se volk , dui verder op die geskiktheid van Christus se gebruik van die beeld van Gehenna.

## Inset 11: Die Vagevuur

Die Rooms Katolieke kerk leer dat die siele van God se mense na die sogenaamde "vagevuur" gaan na die dood. Dit is veronderstel om 'n

halfweghuis te wees tussen die hemel en die hel. Hulle leer dat hierdie 'n plek van suiwering is, waar die siel vir 'n tydperk ly voordat dit goed genoeg is om redding te verkry in die hemel. Die gebede, kers brandery en finansiële bydraes aan die kerk van 'n persoon en sy vriende is veronderstel om hierdie tydperk, waar die siel in die vagevuur gesuiwer word , te verkort. Die omvang van die fout wat opgesluit lê in hierdie idees word deur die volgende geïllustreer:-

- Die Bybel sê absoluut niks oor die bestaan van so 'n plek nie.
- Ons het aangetoon dat die siel verwys na ons liggaam, eerder as na 'n onsterflike element binne in ons, en dat die hel verwys na die graf eerder as 'n plek van marteling.
- Die geregtiges word nooit saligheid in die hemel belowe nie. Die ontvang van saligheid sal plaasvind by die oordeelstoel met Christus se wederkoms. Dit vind nie plaas op 'n tyd na die dood wanneer ons die sogenaamde vagevuur verlaat nie (Mattheüs 25:31-34; Openbaring 22:12).
- Al die geregtiges sal hul beloning op dieselfde tyd ontvang, in teenstelling met die gedagte dat elke persoon sy saligheid op 'n verskillende tyd ontvang (Hebreërs 11:39,40; 2 Timotheüs 4:8).
- Die dood word gevolg deur 'n toestand van totale onbewustheid, en nie deur die aktiwiteite voorgestel in die leer van die vagevuur nie.

- Ons word gesuiwer van ons sondes deur die doop in Christus en die ontwikkeling van 'n vaste geloof in sy werke gedurende ons huidige lewe, en nie in 'n tydperk van lyding na die dood nie. Ons word geleer "Suiwer dan die ou suurdeeg" van die sonde uit ons lewe uit (1 Korinthiërs. 5:7); om ons te suiwer van die werke van die sonde (2 Timotheüs 2:21; Hebreërs 9:14). Ons tyd van suiwering is dus nou, tydens hierdie lewe, eerder as in 'n plek van suiwering soos die vagevuur waarheen ons moet gaan na die dood. "Nou is dit die tyd van die welbehae; kyk, nou is die dag van heil" (2 Korinthiërs 6:2). Ons gehoorsaamheid aan God deur die doop en die ontwikkeling van 'n geestelike karakter in hierdie lewe sal lei tot ons saligheid (Galasiërs 6:8) – en nie lyding in die 'vagevuur' nie.
- Die pogings van ander om ons te red deur die brand van kerse en ander donasies aan die Katolieke kerk, kan geen invloed op ons saligheid hê nie. **"Die wat vertrou op hulle vermoë en hulle beroem op die grootheid van hulle rykdom? Niemand kan ooit 'n broer loskoop**

**nie; hy kan aan God sy losprys nie gee …… dat hy vir ewig sou voortlewe "** (Psalm 49:7-10).

-

## Inset 12: Spoke en Reïnkarnasie

Die geloof dat 'n mens voortgaan om te leef in die vorm van 'n ander persoon of dier, deur die oordrag van sy gees, was een van die vroegste gedagtes waardeur die mens probeer het om homself te oortuig dat die dood nie so finaal kon wees as wat dit geblyk het nie.

Ons het gewys dat die gees van die mens verwys na die asem/lewenskrag in hom. Hierdie asem / lewenskrag keer terug tot God wanneer ons sterf (Prediker 12:7). Dit beteken dat hierdie gees nie rondbeweeg as 'n "spook" nie, ook is dit nie vry om 'n ander persoon of dier in besit te neem sodat sy persoonlikheid as sodanige kan voortleef nie. Ons sal elkeen geoordeel word op grond van ons eie werke (2 Korinthiërs 5:10). Indien ons aksies en karakter afhanklik is van iemand anders se karakter, maak dit die konsep van God wat oordeel en beloon op grond van ons werke (Openbaring 22:12), 'n totale klug.

Die gees keer terug tot God met die dood en alle bewustheid kom tot 'n einde . Enige poging om die dode te kontak wys dus op 'n ernstige wanbegrip van die breedvoerige lering van die Bybel rondom hierdie saak (sien Jesaja 8:19,20). Die Bybel stel dit duidelik dat mense nie terugkeer na hul huise of stede na hul dood nie; daar kan nie so iets wees soos 'n gees of spook wat 'n plek teister na 'n persoon se dood nie. Job 20:7-9 stel dit in duidelike terme: **"soos sy eie drek vergaan hy (die mens) vir ewig; die wat hom gesien het, vra: Waar is hy? Soos 'n droom vlieg hy weg, sodat 'n mens hom nie meer vind nie…..Die oog wat hom gesien het, sien hom nie meer nie; en sy plek aanskou hom nie meer nie".** Job 7:9,10 is soortgelyk: **"so kom hy nie weer op wat na die doderyk neerdaal nie. Hy sal nie meer teruggaan na sy huis nie, en sy plek sal hom nie meer ken nie"**. 'n Nederige aanvaarding van die Bybelse lering sal ons noop om enige aanspraak van die gevaar van spoke, wat huise en mense teister, te ignoreer. Sulke wedervaringe kan op die beste slegs 'n truuk van die verbeelding wees.

## Inset 13: Met watter natuur sal ons opgewek word?

Ons het aangetoon dat die ewige lewe en die verandering na God se natuur geskenk word aan die gelowiges met die oordeel. Christus sal eerste diegene opwek wat verantwoordelik is tot sy oordeel, en hulle dan oordeel nadat hulle na hom versamel is. Aangesien die beloning van 'n onsterflike natuur gegee gaan word by die oordeel, volg dit dat almal wat opgewek word eerstens 'n sterflike natuur sal hê. Indien hulle reeds met onsterflike liggame opgewek word is daar geen rede vir die regterstoel waar hierdie beloning uitgedeel gaan word nie.

Ons betree die Koninkryk van God direk na ons verskyning voor die oordeelstoel (Mattheüs 25:34); die gelowiges betree dus nie die Koninkryk voor die oordeel nie. **"Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie …….. maar ons sal almal verander word…..Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word"** (1 Korinthiërs15:50,51,53). Dit volg dan dat hierdie verandering van ons natuur, van verganklik na onverganklik, plaasvind by die oordeelstoel omdat dit daar is waar ons die Koninkryk sal betree.

Die geesvervulde apostel Paulus skryf gereeld van "die opstanding" in die sin van "die opstanding tot die lewe" – die opstanding van die geregtiges wat dan die ewige lewe sal ontvang na die oordeel. Hy het natuurlik begryp **"dat daar 'n opstanding sal wees van die dode, regverdiges sowel as onregverdiges"** (Handelinge 24:15). Hy was deeglik bewus dat die verantwoordelikes "sal uitgaan (uit die graf), die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling (Johannes 5:29)."

In 'n positiewe sin verwys Paulus gereeld na "die opstanding van die lewe" in die konteks van "die opstanding". Die geregtiges kom uit hul grafte "tot die opstanding van die lewe" – na hul opstanding sal hulle geoordeel word en die ewige lewe geskenk word. Hierdie hele proses is "die opstanding tot die lewe". Daar is 'n verskil tussen "sal uitgaan" uit die graf en die "opstanding van die lewe". Paulus praat oor sy strewe om 'n Christelike lewe te lewe, **"of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik"** (Filippense 3:11). Omdat Paulus verantwoordelik voor God staan, sal hy opgewek word om rekenskap te gee by die oordeel; omdat hy gestrewe het

om “die opstanding ..(te).. bereik” moet hierdie “opstanding” noodwendig beteken die “opstanding tot die lewe.”

Ander voorbeelde van “die opstanding” wat beteken “die opstanding tot die lewe” (vergelyk Lukas 14:14) sluit in Lukas 20:35; Johannes 11:24; 1 Korinthiërs 15:21,42; Hebreërs 11:35; Openbaring 20:6. In Psalm 17:15 skryf Dawid dat hy sy beloning sal ontvang die oomblik as hy “wakker” word. Hy het dieselfde begrip gehad rondom die opstanding, tog het hy geweet dat daar ook 'n oordeel sal wees. Die gebruik van die uitdrukking, “die opstanding”, soos in 1 Korinthiërs 15, verduidelik 1 Korinthiërs 15:52 – **“die dode sal onverganklik opgewek word”**. Dit is interessant dat die term “die dode” somtyds (en veral in 1 Korinthiërs 15) verwys na die regverdige dooies, wat opgewek sal word om die ewige lewe by die oordeel te ontvang: 1 Korinthiërs 15:13,21,35,42; 1 Thessalonisense 4:16; Filippense. 3:11; Openbaring 14:13; 20:5,6.

1 Tessalonicense 4:16,17 lys die gebeure tydens Christus se wederkoms:-

1. Christus keer sigbaar terug.
2. Die dooies word opgewek.
3. Die verantwoordelikes wat leef tydens die wederkoms word weggevoer om geoordeel te word.

Die skenk van die ewige lewe vind plaas **nadat** ons by die regterstoel versamel is (Mattheüs. 25:31-34; 13:41-43); daarom kan onsterflikheid nie verkry word met die opstanding alleen nie, aangesien dit die versameling vooraf gaan. Ons het reeds aangetoon dat al die geregtiges hulle beloning op dieselfde tyd sal ontvang (Mattheüs 25:34; Hebreërs 11:39-40). Dit sal nie moontlik wees indien onsterflikheid reeds met die opstanding verkry word nie omdat die opstanding die versameling van al die lewende verantwoordelikes vooraf sal gaan.

Daar moet egter gelet word op die feit dat ons begrip van tyd menslik is; God word glad nie hierdeur gebind nie. Dit is moontlik om te ver te gaan in 'n poging om die presiese kronologie van gebeure uit te werk met Christus se wederkoms. Ons opstanding en verandering na onsterflikheid tydens die oordeel word beskryf as “in 'n oomblik, in 'n oogwink” (1 Korinthiërs 15:51,52). Dit is dus 'n logiese gevolg dat tyd in 'n ander dimensie sal verloop met Christus se wederkoms, ten minste vir diegene

wat voor die oordeelstoel sal verskyn. Dit is 'n algemene Bybelse beginsel dat elkeen wat voor die oordeelstoel sal verskyn rekenskap van sy of haar lewe sal moet gee en ook in gesprek met die regter, Jesus Christus, sal tree (Mattheüs 25:44 –46; Prediker 3:17; 12:14; Lukas 12:2,3; 19:23; Esegiël 18:21,22; 1 Timotheüs 5:24,25; Romeine 14:11,12). Gegee die aantal verantwoordelikes, moet ons aanneem dat tyd of stil sal staan of versnel sal word sodat ons almal oombliklik maar ook individueel geoordeel kan word.

Om hierdie rede is dit te verstane dat die opstanding soms na verwys word as die metode waardeur die geregtiges die ewige lewe sal ontvang. Dit word na verwys as die metode as gevolg van die spoed waarteen ons versamel sal word vanaf die graf na die oordeelstoel toe, en dan, deur God se genade, verander sal word na 'n onsterflike natuur.

Uit die verse wat vroeër bespreek is, is dit duidelik dat die ewige lewe geskenk word by die oordeelstoel eerder as by die opstanding. Dit is wat die Bybel leer. 1 Thessalonisense 4:17 praat van die geregtiges wat weggevoer word na die oordeelstoel toe met die geklank van die basuin, terwyl 1 Korinthiërs 15:52 dieselfde basuin geklank assosieer met die skenk van die ewige lewe. Dit verduidelik waarom Paulus die opstanding gelykstel met die aanvaarding by die oordeelstoel (sien Filippense 1:23).

## Inset 14: Die Wegraping

Daar is 'n algemene geloof onder die ‘evangelistiese’ kerke dat die geregtiges ‘weggeraap’ sal word met die wederkoms van Christus. Hierdie idee word ook geassosieer met die geloof dat die aarde vernietig sal word met Christus se wederkoms. Ons het reeds in inset 9 gesien dat dit nie moontlik is nie. Ons het ook reeds uitgewys dat die plek waar ons ons beloning sal ontvang en sal uitleef die aarde is en nie die hemel nie. Hierdie wanopvatting word gebaseer op die verkeerde interpretasie van 1 Thessalonisense 4:16,17: **“Want die Here self sal van die hemel neerdaal ……….. en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.”**

Behalwe vir die gevaar om so 'n geloof te baseer op 'n enkele aanhaling van die Bybel, moet daar ook op gelet word dat daar nêrens in hierdie gedeelte verwys word na die geregtiges wat na die hemel weggeraap word nie. Christus daal neer uit die hemel voordat die gelowiges hom tegemoet kom. Christus gaan vir ewig regeer op die troon van Dawid, in Jerusalem, en ons sal saam met hom wees hier op aarde. Dit maak eenvoudig nie sin dat ons vir ewig saam met hom sal wees iewers “in die lug” nie. Die lug strek in elk geval net 'n paar kilometers bo die aarde se oppervlak. Dit kan dus nie na die hemel, God se woning, verwys nie.

Die Griekse woorde wat met "weggevoer" vertaal word, beteken wel weggevoer of weggeraap maar dit dui geensins enige rigting aan nie. Die woorde kom ook voor in Levitikus 6:4 en Deuteronomium 28:31 (in die Griekse Ou Testament - Die Septuagint), waar dit die wegraping van goedere tydens 'n diefstal beskryf.

Dit kom ook voor in Handelinge 8:39: **“die Gees van die Here (het) Filippus skielik <u>weggevoer</u>, en die hofdienaar het hom nie meer gesien ……….Maar Filippus is in Asdod gevind**”. Hierdie is die verhaal van hoe Filippus wonderbaarlik verplaas is van een plek na 'n ander.

Met Christus se wederkoms sal die verantwoordelikes versamel word by die oordeelstoel. Ons sal nie gelaat word om ons eie weg soheentoe te vind nie. Dit is dus glad nie onmoontlik dat ons letterlik deur die lug daarheen sal reis nie. Jesus het geleer **“in die dag wanneer die Seun van die mens geopenbaar word….. sal (twee) op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word”** (Lukas 17:30,36). Hierdie skep dieselfde beeld van 'n skielike wegraping. Die dissipels het gevra **“Waar, Here?”**. Hy het hulle geantwoord **“Waar die liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom”** (Lukas 17:37). Met ander woorde, soos die aasvoël instinktief deur die lug vlieg en dan op die aarde neerdaal waar die karkas lê, net so sal die verantwoordelikes gebring word na die plek waar hulle hul Meester sal ontmoet tydens die oordeel.

Om mee af te sluit moet ons weer die belangrike leerstelling van die oordeelstoel van Christus beklemtoon; die verantwoordelikes moet eers daar verskyn voordat die geregtiges onder hulle beloon sal word. 'n Oppervlakkige lees van 1 Thessalonisense 4:16,17 kan lei tot die verkeerde gevolgtrekking dat al die verantwoordelikes weggeraap sal word in die lug

en vir ewig daar sal bly saam met Christus. Die waarheid is egter dat al die verantwoordelikes versamel sal word by die plek van oordeel, moontlik daarheen weggevoer deur die lug, en dan eers sal die geregtiges hul beloning ontvang – die ewige lewe.

## STUDIE 4:
## Vrae

1. Wat gebeur na die dood?
   a. Die siel gaan na die hemel toe
   b. Ons is bewusteloos
   c. Die siel word iewers gehuisves tot en met die oordeel
   d. Bose siele gaan na die hel en goeie siele gaan na die hemel

2. Wat is die siel?
   e. 'n Onsterflike deel van ons bestaan
   f. 'n Woord wat beteken ‘liggaam’, ‘persoon’, ‘wese’
   g. Presies dieselfde as gees
   h. Iets wat na die hemel of hel gaan na die dood

3. Wat is die gees van die mens?
4. Beskryf kortliks die natuur van die mens.
5. Haal twee Bybel verse aan wat bewys dat die dood 'n toestand van onbewustheid is.
6. Wat weet U van die oordeelstoel van Christus?
7. Wie sal opgewek en geoordeel word?
8. Wat is die hel?
9. Wat is Gehenna?

# Bybel Beginsels

# Studie Vyf

# Die Koninkryk van God

## 5.1 DIE KONINKRYK GEDEFINIEER

Ons vorige studies het gewys dat dit God se doel is om met Jesus se wederkoms die gelowiges met die ewige lewe te beloon. Hierdie ewige lewe sal op aarde geniet word; God se herhaaldelike beloftes in hierdie verband skep nooit die indruk dat die gelowiges hemel toe gaan nie. **"Die evangelie (goeie nuus) van die Koninkryk van God"** (Mattheüs 4:23) wat aan Abraham verkondig was, het gegaan oor God se beloftes van 'n ewige lewe op aarde, verkondig (Galasiërs 3:8). Die "Koninkryk van God" is derhalwe die tydperk na Jesus se wederkoms wanneer hierdie beloftes vervul sal word.

Alhoewel God uiteindelik die Koning van Sy totale skepping is het Hy aan die mens 'n vrye wil gegee om oor die wêreld en sy eie lewe na sy eie wense te heers. Die wêreld is vandag dus die **"Koninkryk van die mensdom"** (Daniël 4:17).

Met Jesus se wederkoms sal **"die koninkryke van die wêreld die eiendom van onse Here word en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid"** (Openbaring 11:15). Dan sal God se wense en wil volmaak en openlik in die aarde geskied. So beveel Jesus ons dan om as volg te bid : **"laat U koninkryk kom, laat U wil geskied, soos in die hemel (nou) net so ook op die aarde"** (Mattheüs 6:10). Dit is om hierdie rede dat die term "Koninkryk van God" gelykstaande is aan die **term "koninkryk van die hemele"** (Mattheüs 13:11 vergelyk Markus 4:11). Let op dat ons nooit lees van die "Koninkryk **in** die hemele" nie. Net soos God se wil volkome deur die engele in die hemele gehoorsaam word (Psalm 103:19-21), net so sal dit ook wees in die toekomstige Koninkryk van God, wanneer die aarde net deur geregtige mense wat gelykstaande aan die engele sal wees (Lukas 20:36), bewoon sal word.

Om die Koninkryk van God binne te gaan met Jesus se wederkoms is dus die eindresultaat van ons Christen lewe (Mattheüs 25:34; Handelinge 14:22); en as sulks is dit absoluut noodsaaklik om 'n korrekte begrip daarvan te hê. Filippus se verkondiging van Christus word beskryf as die verkondiging van **"die Koninkryk van God en die naam van Jesus Christus"** (Handelinge 8:5,12). Skrifgedeelte na skrifgedeelte herinner ons dat die " Koninkryk van God" die hoof tema van Paulus se prediking was

(Handelinge 19:8; 20:25; 28:23,31). Dit is dus uiters noodsaaklik dat ons die leerstelling van die Koninkryk van God verstaan aangesien dit die Evangelie boodskap is.

**"Ons moet deur baie verdrukkinge in die Koninkryk van God ingaan"** (Handelinge 14:22); dit is die lig aan die einde van die tonnel van hierdie lewe en dus die motivering om die opofferings te maak wat die ware Christen lewe vereis.

Nebukadnesar, koning van Babilon, wou die wêreld se toekoms geweet het (sien Daniël hoofstuk 2). Hy het 'n visioen van 'n groot beeld, wat uit verskillende metale gemaak was, gehad. Daniël het die kop van goud as verteenwoordigend van die koning van Babilon self geïnterpreteer (Daniël 2:38). Na hom sou daar 'n paar indrukwekkende ryke in die area rondom Israel verrys en tot 'n val kom. Dit sou eindig met 'n situasie waar die **"tone van die voete deels van yster en deels van klei is - 'n gedeelte van die koninkryk sal hard en 'n gedeelte sal bros wees"** (Daniël 2:42).

Die huidige balans van mag in die wêreld is verdeel tussen baie nasies, sommige sterk en ander swak. Daniël sien toe 'n klip wat die beeld op sy voete tref, dit vernietig en toe self groei tot 'n groot rots wat die hele aarde vul (Daniël 2:34,35). Hierdie klip verteenwoordig Jesus (Mattheüs 21:42; Handelinge 4:11; Efesiërs 2:20; 1 Petrus 2:4-8). Die "rots" wat hy oor die hele aarde sal skep verteenwoordig die ewige Koninkryk van God, wat Jesus met sy wederkoms sal vestig. Hierdie profesie is opsigself bewys dat die Koninkryk op aarde en nie in die hemel nie, sal wees.

Dat die Koninkryk eers ten volle in realiteit gevestig sal word met Jesus se wederkoms is ook die tema van baie ander skrifgedeeltes. Paulus praat van Jesus wat die lewende en die dode sal oordeel **"by sy verskying en sy Koninkryk "** (2 Timotheüs 4:1).

Miga 4:1 bou voort op Daniël se idee van God se Koninkryk as 'n groot rots "en aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die Here vassstaan op die top van die berge". Daar volg dan 'n beskrywing van hoe hierdie Koninkryk op aarde sal wees (Miga 4:1-4). God sal vir Jesus die troon van Dawid in Jerusalem gee; **"en Hy sal Koning wees . . . tot in ewigheid, en van sy Koninkryk sal daar geen einde wees nie"** (Lukas 1:33). Dit noodsaak dat daar 'n sekere punt moet wees wanneer Jesus begin

om vanaf Dawid se troon te heers en sy Koninkryk dus 'n aanvang neem. Dit sal met Jesus se wederkoms wees**. "Aan sy Koninkryk sal daar geen einde wees nie"** sluit aan by Daniël 2:44 *:* **"maar in die dae van die konings sal die God van die hemel 'n Koninkryk verwek wat in ewigheid nie vernietig sal word nie, en die heerskappy daarvan sal aan geen ander volk oorgelaat word nie . . . "**

Openbaring 11:15 gebruik dieselfde taal om te beskryf hoe, met die tweede koms, **"die koninkryke van die wêreld die eiendom van onse Here word en van Sy Christus, en Hy sal as Koning heers tot in alle ewigheid."** Daar moet dus 'n spesifieke tyd wees wanneer Jesus se heerskappy en Koninkryk op aarde sal begin; dit sal met Sy wederkoms wees.

## 5.2 DIE KONINKRYK BESTAAN NIE NOU AL NIE

Daar is die idee by baie dat God se Koninkryk nou al volledig bestaan en wel as die huidige gelowiges – die "kerk". Dit is waar dat ware gelowiges in die proses is om gered te word en 'n hoop het op 'n plek in die koninkryk . Daar kan egter nie twyfel wees dat ons nie nou volkome in die Koninkryk kan wees nie aangesien Jesus nog nie teruggekeer het om dit te vestig nie.

Dit behoort duidelik uit ons studie so ver te wees **dat "vlees en bloed nie die koninkryk van God kan beërwe nie"** (1 Korinthiërs 15:50). Ons is **"erfgename van die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom liefhet"** (Jakobus 2:5). Die doop maak ons erfgename van die beloftes wat aan Abraham gemaak is – beloftes wat die basiese Evangelie van die Koninkryk behels (Mattheüs 4:23; Galasiërs 3:8, 27-29). Beloftes van die Koninkryk met Jesus se wederkoms is volop in die Bybel.

Dit is dan wanneer die beloftes aan Abraham vervul sal word (Mattheüs 25:34 ; 1 Korinthiërs 6:9,10 ; 15:50 ; Galasiërs 5:21; Efesiërs 5:5). Die blote feit dat daar altyd van 'n toekomstige erfenis gepraat word, wys dat die Koninkryk nie 'n gelowige se huidige besitting kan wees nie.

Jesus het 'n gelykenis vertel om diegene wat gedink het dat die koninkryk onmiddellik sou verskyn tot regte insigte te bring. Hy sê **"'n man van hoë geboorte het na 'n ver land gereis om vir homself 'n koninskap te ontvang en dan terug te kom."**Hy het sy knegte agtergelaat met sekere

verantwoordelikhede :– **"En toe hy teruggekom, nadat hy die koninskap ontvang het, sê hy dat daardie diensknegte aan wie hy geld gegee het, by hom geroep moes word,"** en hy het hulle toe geoordeel (Lukas 19:11-27). Die man van hoë geboorte verteenwoordig Christus wat na die hemel ("*ver land*") gegaan het om 'n Koninkryk te ontvang waarmee hy sal terugkeer. Dit is dus onmoontlik vir die "diensknegte" om die Koninkryk nou te kan besit ten tye van hulle meester se afwesigheid. Die volgende is verdere bewyse hiervan :

- 🕮 **"My koninkryk is nie van hierdie wêreld (era) nie"** het Jesus gesê in Johannes 18:36. Maar selfs toe kon hy sê **"Ek is 'n koning"** (Johannes 18:37). Jesus se huidige koningskap beteken dus nie noodwendig dat sy Koninkryk ook nou gevestig is nie. Selfs die gelowiges in die eerste eeu word beskryf as die wat "**ook die koninkryk van God <u>verwag</u> het"** (Markus 15:43).

- 🕮 Jesus sê aan sy dissipels dat hy nie weer wyn sou drink **nie "tot op daardie dag wanneer ek dit met julle nuut sal drink in die koninkryk van my Vader"** (Mattheüs 26:29). Dit impliseer duidelik dat die koninkryk in die toekoms moet wees.

- 🕮 Jesus het vertel van tekens wat sy tweede koms vooraf sou gaan, en met die volgende woorde afgesluit, **"So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur"** (Lukas 21:31). Dit is onlogies as die koninkryk nou al, voor sy tweede koms, reeds bestaan.

- 🕮 **"Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan"** (Handelinge 14:22). Geen wonder dat alle lydende gelowiges opreg bid dat die koninkryk moet KOM nie (Mattheüs 6:10).

- 🕮 God roep ons **"tot Sy koninkryk en heerlikheid"** (1 Thessalonicense 2:12); en ons moet "toegang" tot daardie koninkryk soek deur nou 'n geestelike lewe te leef (Mattheüs 6:33).

## DIE KONINKRYK VAN GOD IS BINNE JULLE?

Ten spyte van die bogenoemde en ander bewyse verkies baie ortodokse Christene om hulle geloof, dat die Koninkryk van God nou in die harte van

gelowiges bestaan, op een enkele versgedeelte te baseer **: "En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle"** (Lukas 17:21).

Die konteks wys dat Jesus met die Fariseërs gepraat het, en die "julle" verwys dus na hulle. Hulle was definitief nie ware gelowiges nie – die koninkryk was beslis nie in **hulle** harte nie. Die Jode het 'n groot vertoon van hulle "ywer" om die Messias te vind gehad. Jesus se punt was dat hulle ironies genoeg gefaal het om te sien dat die koninkryk van God eintlik in hulle midde was, aangesien die koning van daardie toekomstige koninkryk (Jesus) in hulle midde was.

## 5.3 DIE KONINKRYK VAN GOD IN DIE VERLEDE

Die Koninkryk van God is 'n toekomstige beloning vir gelowiges. As sodanig is dit hul motivering tot 'n lewe wat toegewy word om die voorbeeld van Christus na te volg – iets wat korttermyn opoffering en ongerief sal behels. Dit is dus te verwagte dat hulle al hoe meer 'n begeerte sal koester om die wondere van die toekomstige Koninkryk te verstaan en te waardeer.

Die Bybel is vol beskrywings van hoe die Koninkryk sal wees en U sal dit 'n leeftyd se opwinding vind om dit te ontdek. Een manier hoe ons die basiese beginsels van die komende Koninkryk beter kan verstaan is om te begryp dat die Koninkryk van God in die verlede bestaan het. Dit was in terme van die volk Israel. Hierdie Koninkryk gaan weer met Jesus se wederkoms hervestig word. Daar is baie informasie in die Bybel oor die volk Israel, sodat ons in breë terme kan verstaan hoe God se toekomstige Koninkryk georganiseer sal word.

God word dikwels beskryf as **"die koning van Israel"** (Jesaja 44:6 vergelyk Jesaja 41:27; 43:15; Psalm 48:3; 89:19; 149:2). Dit volg dan dat die volk Israel Sy koninkryk was. Hulle het God se Koninkryk geword toe hulle 'n verbond met Hom gesluit het by die berg Sinai. Dit was kort nadat hulle vanuit Egipte, deur die Rooi See, ontsnap het. As Israel gewillig was om God te gehoorsaam, sou hulle vir Hom **"'n koninkryk van priesters en 'n heilige nasie wees"** (Eksodus 19:5,6).

Toe **"Israel uit Egipte getrek het, die huis van Jakob uit 'n volk met 'n vreemde taal, het Juda sy heiligdom geword, Israel sy ryksgebied. ".** (Psalm 114:1,2) Israel het, nadat hulle hierdie verbond aangegaan het, deur die wildernis geswerf en hulle toe in die beloofde land (Kanaän) gevestig. Aangesien God hulle Koning was, het "rigters", eerder as konings, van tyd tot tyd oor hulle regeer. Hierdie rigters (Gideon en Simson bv.) was nie konings nie, maar was deur God gelei om sekere dele van die land te regeer. Hulle was dikwels deur God opgeroep vir 'n spesifieke doel soos byvoorbeeld om die volk te lei tot bekering en om hulle van hulle vyande te verlos.

Toe die Israeliete vir Gideon gevra het om hulle koning te wees, het hy geantwoord: "Ek wil nie oor julle heers nie, en ook my seun mag nie oor julle heers nie: die HERE sal oor julle heers" (Rigters 8:23). Die laaste rigter was Samuel. Die Israeliete het hom gevra vir 'n menslike koning sodat hulle soos die nasies om hulle kon wees (1 Samuel 8:5,6). Deur die geskiedenis heen het God se kinders altyd hulle verhouding met Hom onderskat en eerder probeer om soos die wêreld om hulle voor te kom.

Hierdie versoeking is veral in vandag se wêreld geweldig groot. God se woorde aan Samuel **was ". . . maar hulle het My verwerp om nie koning oor hulle te wees nie"** (1 Samuel 8:7). God het egter aan hulle konings gegee waarvan Saul die eerste was. Na hom het die geregtige Dawid gevolg en 'n hele aantal konings het uit sy nageslag gevolg. Die konings wat geestelik was het begryp dat Israel steeds God se koninkryk was, al het hulle sy koningskap verwerp.

Hulle het dus besef dat hulle Israel namens God, eerder as in hulle reg, regeer het. As ons hierdie beginsel verstaan maak die beskrywing van Salomo se heerskappy in die volgende twee verse nou baie sin:

**"Geloofd sy die HERE u God wat behae in u gehad het om u op sy troon as koning vir die HERE u God te laat sit! Omdat u God Israel liefhet om dit vir ewig in stand te hou, het Hy u as koning oor hulle aangestel om reg en geregtigheid te doen"**. *(*2 Kronieke 9:8).

**"En uit al my seuns--want die HERE het my baie seuns gegee--het Hy my seun Salomo verkies om te sit op die troon van die koningskap van die HERE oor Israel. … So het Salomo dan op die**

**troon van die HERE gaan sit as koning in die plek van sy vader Dawid, en hy was voorspoedig; en die hele Israel was hom gehoorsaam"** *(*1 Kronieke 28:5; 29:23 ).

Salomo se heerskappy in groot vrede en voorspoed het heen gewys (of is tipies) van die toekomstige Koninkryk van God. Dit is hierom dat dit so beklemtoon word dat hy koning oor Israel was namens God. Jesus sal ook in die toekoms op dieselfde troon van God sit as koning oor Israel namens God (Mattheüs 27:37,42; Johannes 1:50; 12:13; 1 Korinthiërs 15:28-30).

Die goeie konings wat in die Ou Testament opgeteken is het heerskappy, wat tiperend is van Jesus se toekomstige Koninkryk, geniet. So dan sal Jesus in die toekomstige Koninkryk 'n tempel bou, net soos Salomo 'n tempel vir God in Jerusalem gebou het (sien Esegiël hoofstukke 40 to 48).

Net soos konings Hiskia en Salomo geskenke en heffings van die omliggende nasies ontvang het (1 Konings 10:1-4; 2 Konings 20:12), en die land van Israel sien blom het in voorspoed en vrugbaarheid (1 Konings 10:5-15; Jesaja 37:30), so sal dieselfde te sien wees in Jesus se wêreldwye Koninkryk – maar op 'n baie groter skaal.

## HUWELIKE

Ten spyte van Salomo se goeie begin toe hy nog jonk was, het hy foute begaan met betrekking tot sy huweliks verhoudinge met nie-Israelitiese vrouens. Hierdie huwelike het stelselmatig sy geestelike krag laat kwyn soos hy ouer geword het.

> **"En koning Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad; en wel behalwe die dogter van Farao, Moabitiese, Ammonitiese, Edomitiese, Sidoniese, Hetitiese- uit die nasies waarvan die HERE aan die kinders van Israel gesê het: Julle mag nie met hulle meng nie, en hulle mag nie met julle meng nie; hulle sal voorwaar julle hart verlei agter hulle gode aan--Salomo het hulle met liefde aangehang. En hy het sewe honderd vroue, vorstinne, gehad, en drie honderd byvroue, sodat sy vroue sy hart verlei het. En in die tyd van Salomo se ouderdom het sy vroue sy hart verlei agter ander gode aan, sodat sy hart nie volkome met die HERE sy God was soos die hart van sy vader Dawid nie. En Salomo het agter Astárte, die godin van die Sidoniërs, en agter Milkom, die verfoeisel van die**

> **Ammoniete, aan geloop. So het Salomo dan gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE en nie volgehou om die HERE te volg soos sy vader Dawid nie. Toe het Salomo 'n hoogte gebou op die berg wat oostelik van Jerusalem lê, vir Kamos, die verfoeisel van die Moabiete, en vir Molog, die verfoeisel van die kinders van Ammon. En so het hy gedoen vir al sy uitlandse vroue wat rook laat opgaan het en geoffer het aan hulle gode. Daarom was die HERE toornig op Salomo, omdat sy hart afgewyk het van die HERE, die God van Israel, wat twee maal aan hom verskyn het, en hom bevel gegee het omtrent hierdie saak om nie agter ander gode aan te loop nie; maar hy het die bevel van die HERE nie gehou nie. Daarom het die HERE vir Salomo gesê: Omdat dit so ver is met jou dat jy my verbond en my insettinge wat Ek jou beveel het, nie hou nie, sal Ek verseker die koningskap van jou afskeur en dit aan jou dienaar gee"** (1 Konings 11:1-11*).*

Salomo se verval in valse godsdiens was 'n lewenslange proses. Sy verhoudings met vroue wat nie sy kennis oor Israel se God gedeel het nie, het hom gelei om simpatiek te wees teenoor hulle valse gode. Sy liefde vir sy vroue het beteken dat hy nie meer hierdie gode as die geestelike verdorwenheid van die ware God gesien het nie.

Mettertyd het hy nie meer in sy hart die God van Israel aanbid nie - "Sy hart was nie volkome nie". Sy gewete het hom nie meer gepla toe hy vals gode aanbid het nie. Sy gebrek aan heelhartige toewyding aan die ware God was "sondig in die Here se aangesig" en het gelei daartoe dat God Sy verhouding met Salomo verbreek het. Israel was oor en oor gemaan om nie met vrouens van die omliggende nasies te trou nie (Eksodus 34:12-16; Josua 23:12,13; Deuteronomium 7:3).

Deur die doop in Christus word ons deel van die geestelike Israel. As ons enkelinge is moet ons net trou met iemand wat behoort aan geestelike Israel; met ander woorde trou "in die Here" (1 Korinthiërs 7:39) of te wel met ander gedoopte persone "in Christus". As ons alreeds getroud is wanneer ons gedoop word moet ons nie van ons lewensmaat skei nie; die huwelik word geheilig op grond van ons geloof (1 Korinthiërs 7:12-14)

As ons doelbewus kies om met iemand te trou wat nie die wil van God ken en glo nie, sal dit ons op die langtermyn afvallig maak. Salomo het nie die

streng waarskuwing van God omtrent huwelike met ongelowige vroue, "hulle sal VOORWAAR julle hart verlei", ter harte geneem nie (1 Konings 11:2; Eksodus 34:16). Ons het vroeër gewys hoe die ortodokse Christendom nie die Joodse basis van die Christen hoop waardeer nie; hulle ken nie die ware God van Israel nie. Ondertrouery met sulke mense lei gewoonlik tot 'n stelselmatige wegdraai van die ware leerstellings wat die basis van verlossing vorm.

Dit is om hierdie rede dat Isak en Jakob buitengewone moeite gedoen het om met vrouens te trou wat die ware geloof aangehang het. Isak het selfs gewag tot hy 40 jaar was voordat hy die regte vrou gevind het (Genesis 24:3,4; 28:1). Die kommer en ongelukkigheid van Esra en Nehemia, toe hulle hoor dat sommige Jode nie-Jode getrou het, wys die erns van die saak. (Esra 9:12; Nehemia 10:29,30) Ons het hierdie onderwerp nou aangeraak om die leser tot ernstige nadenke te lei. Die huwelik word in meer detail in Studie 11:4 bespreek.

## DIE OORDEEL VAN GOD

As gevolg van Salomo se afvalligheid het die koninkryk van Israel in twee verdeel; Salomo se seun, REHOBIAM, het oor die stamme van Benjamin en Juda regeer, terwyl JEROBIAM oor die ander tien stamme regeer het. Hierdie tien-stam koninkryk van Israel was ook Efraim genoem, terwyl die twee-stam koninkryk as Juda bekend gestaan het. Die mense van al hierdie stamme het meestal Salomo se slegte voorbeeld gevolg – hulle het "bely" dat hulle in die ware God glo maar terselfdertyd die afgode van die omliggende nasies aanbid.

Keer op keer het God by hulle gepleit om te bekeer deur Sy profete te stuur. Dit was egter tevergeefs. As gevolg hiervan het Hy hulle gestraf deur hulle uit die land te dryf na die lande van hulle vyande. Dit was toe die Assiriërs en Babelonieërs Israel binnegeval het :**- " En U was baie jare lankmoedig oor hulle, en U het hulle gewaarsku deur u Gees, deur middel van u profete; maar hulle het geen gehoor gegee nie. Daarom het U hulle oorgegee in die hand van die volke van die lande"** (Nehemia 9:30).

Die koninkryk van Israel (10 stamme) het geen goeie konings gehad nie. Jerobiam, Ahab, Jehoas, ens. word almal in die boek van Konings as

afgodsdienaars beskryf. Die laaste koning was Hosea en tydens sy heerskappy was Israel deur Assirië verslaan. Die tien stamme is toe weggevoer in ballingskap vanwaar hulle nooit teruggekeer het nie (2 Konings hoofstuk 17).

Die koninkryk van Juda (2 Stamme) het 'n paar goeie konings gehad (Hiskia en Josia, bv.), maar die meerderheid was ook sleg. As gevolg van hulle herhaaldelike en volgehoue sonde het God die koninkryk van Juda omvergewerp gedurende die heerskappy van koning Sedekia.

Dit het gebeur met die Babiloniërs wat Juda binnegeval het en hulle as gevangenes weggevoer het (2 Konings hoofstuk 25). Hulle het in Babilonië gebly as bannelinge vir 70 jaar, waarna hulle onder die leierskap van Esra en Nehemia weer na hul land teruggekeer het. Hulle het nooit weer 'n eie koning gehad nie maar die Babiloniërs, Grieke en Romeine het oor hulle regeer. Jesus was tydens die heerskappy van die Romeine gebore.

As gevolg van die Jode se verwerping van Jesus, het die Romeine die Jode in 70NC finaal verslaan en is hulle oor die hele wêreld verstrooi. Dit is slegs in die laaste 100 jaar dat hulle na hul land begin terugkeer het - 'n gebeurtenis wat die nabye wederkoms van Christus aangekondig het (sien bylae 3).

Esegiël 21:25-27 het die beëindiging van God se koninkryk, soos gesien in die volk van Israel, voorspel : **". En jy, onheilige, goddelose, vors van Israel, wie se dag gekom het in die tyd van die uiteindelike afrekening-so sê die Here HERE: Die tulband moet weg, en die kroon moet af! Dit bly nie so nie: Na bo met wat nederig is! Na onder met wat hoog is! Puinhoop, puinhoop, puinhoop sal Ek dit maak. Ook dit sal nie bly nie--totdat Hy kom wat daarop reg het, en aan Hom sal Ek dit gee."**

Skrifgedeelte na skrifgedeelte in die profete betreur die einde van God se koninkryk wat moes kom as gevolg van die volk se volgehoue sondigheid (Hosea 10:3; Klaagliedere van Jeremia 5:16; Jeremia 14:21; Daniël 8:12-14). Esegiël se profesie in hoofstuk 21 verwys na die toekoms, "TOTDAT hy kom wat daarop reg het, en aan hom sal ek dit gee", wanneer Jesus sal terugkeer en die beloftes aangaande hom wat aan Dawid gemaak is (2 Samuel 7:12-16 vergelyk Lukas 1:32-33), vervul sal word.

## RESTORASIE VAN ISRAEL

Daar is 'n wonderlike tema reg deur die Ou Testamentiese profete van die wederoprigting van God se Koninkryk met Jesus se wederkoms. Christus se dissipels het dit deeglik begryp uit wat Jesus vir hulle geleer het na sy opstanding (Handeling 1:3)

. **"Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?"** (Handelinge 1:6); met ander woorde "sal Esegiël 21:27 nou vervul word?" Jesus het geantwoord dat net God die tyd weet. Die engele het hulle na Jesus se hemelvaart, kort daarna, verseker dat hy (Jesus) sekerlik in die toekoms sou terugkeer (Handelinge 1:6-11).

Die restorasie (wederoprigting) van die Koninkryk van God / Israel sal dus met Jesus se wederkoms geskied. Derhalwe maak Petrus die volgende stelling in Handeling 3:20,21 **:"en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete."** Jesus se wederkoms sal die wederoprigting van die koninkryk van Israel, soos in detail in die profete voorspel, teweeg bring.

Die wederoprigting van God se koninkryk is waarlik die tema van "al God se heilige profete" :-

> **"En opgerig is deur goedgunstigheid 'n troon, en daarop sit een in getrouheid in Dawid se tent, 'n regter wat die reg soek en gou is in geregtigheid"** (Jesaja 16:5).
>
> **"In dié dag sal Ek die vervalle hut van Dawid weer oprig, en Ek sal sy skeure toebou en sy puinhope herstel, en Ek sal dit opbou soos in die ou tyd;"** (Amos 9:11).
>
> **"En sy seuns sal wees soos in die voortyd, en sy vergadering sal voor my aangesig bestendig wees; en Ek sal besoeking doen oor al sy verdrukkers"** (Jeremia 30:20).
>
> **"En die HERE sal besit neem van Juda as sy erfdeel op die heilige grond en Jerusalem weer verkies"** (Sagaria 2:12), en dit sal die

hoofstad van sy wêreld-wye Koninkryk wees (vergelyk Psalm 48:2; Jesaja 2:2-4).

**" En Ek sal die lot van Juda en die lot van Israel verander en hulle bou soos tevore. En Ek sal hulle reinig van al hulle ongeregtigheid waarmee hulle teen My gesondig het, en vergewe al hulle ongeregtighede waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het. En die stad sal vir My wees 'n vreugdevolle roem, 'n lof en 'n sieraad by al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie wat Ek aan hulle doen; en hulle sal bewe en ontroer word oor al die goeie en oor al die vrede wat Ek daaraan bewys. So spreek die HERE: In hierdie plek waarvan julle sê: Dit is woes, sonder mens en sonder dier--in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem wat verwoes is, sonder mens en sonder inwoner en sonder dier, sal weer gehoor word die stem van vreugde en die stem van vrolikheid, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, die stem van die wat sê: Loof die HERE van die leërskare, want die HERE is goed, want sy goedertierenheid is in ewigheid! --van die wat 'n lofoffer bring in die huis van die HERE; want Ek sal die lot van die land verander soos tevore, sê die HERE. So spreek die HERE van die leërskare: In hierdie plek wat woes is, sonder mens of dier, en in al die stede daarvan sal weer 'n weiveld vir die herders wees wat troppe kleinvee laat lê en rus. In die stede van die Gebergte, in die stede van die Laeveld en in die stede van die Suidland en in die land Benjamin en in die omstreke van Jerusalem en in die stede van Juda sal die troppe kleinvee weer by die teller verbygaan, sê die HERE"** (Jeremia 33:7-13).

Die wederkoms van Christus, om God se Koninkryk weer te vestig, is waarlik "die hoop van Israel" waaraan ons deelagtig moet word deur die doop.

## 5.4 DIE KONINKRYK VAN GOD IN DIE TOEKOMS

Afdelings 1 en 3 van hierdie studie het heelwat inligting verskaf om aan te toon hoe die Koninkryk van God daar gaan uitsien. Ons het gesien dat aan Abraham belowe is dat mense van oor die hele wêreld deur sy nageslag (Jesus) geseënd sal word.

Romeine 4:13 dui aan dat die hele wêreld beërwe sal word deur diegene wat in "Abraham se nageslag" (m.a.w. "in" Christus) is.Die beeld profesie van Daniël hoofstuk 2 verduidelik hoe Christus sal terugkeer as die klein rots en dat die koninkryk dan geleidelik oor die hele aarde sal versprei (vergelyk Psalm 72:8). Dit beteken dat die Koninkryk van God nie net in Jerusalem of in die land Israel, soos sommige aanvoer, gevestig sal wees nie.

Diegene wat Christus volg in hierdie lewe sal "konings en priesters" wees en op aarde regeer (Openbaring 5:10). Hulle sal oor nedersettings van verskillende grotes en getalle regeer; een sal oor tien stede regeer, 'n ander sal oor vyf stede regeer (Lukas 19:17). Christus sal sy heerskappy oor die aarde met hulle deel (Openbaring 2:27; 2 Timotheüs 2:12).

> **"Kyk, 'n koning sal regeer in geregtigheid, en die vorste sal heers volgens reg"** (Jesaja 32:1).

> **"Hulle word gelei met vreugde en gejuig; hulle gaan in die Koning se paleis in. In die plek van u vaders sal u seuns wees; U sal hulle aanstel as vorste in die hele land"** (Psalm 45:15,16).

Christus sal vir ewig op Dawid se hervestigde troon regeer (Lukas 1:32,33), met ander woorde hy sal Dawid se plek en posisie van heerskappy, wat in Jerusalem was, hê. Jerusalem sal dus die hoofstad van die toekomstige Koninkryk wees. Dit is in hierdie tyd dat die tempel weer gebou sal word (Esegiël 40-48). Terwyl mense God wêreldwyd sal prys (Maleagi 1:11), sal hierdie tempel die fokus-punt van die wêreld se eerbied en aanbidding wees. Nasies sal **"jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërskare, en om die huttefees te vier"** om die tempel in Jerusalem (Sagaria 14:16).

'n Jaarlikse pilgrimsreis na Jerusalem word ook voorspel in Jesaja 2:2-3: **"En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê:**

**Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan**

**wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem."**

Hierdie blyk 'n prentjie te wees van die vroeë dae van die Koninkryk, wanneer die Woord van God en die kennis van Christus se heerskappy deur sy naamgenote aan ander versprei word. Hier is 'n beeld van opregte entoesiasme met betrekking tot godsdienstige aanbidding.

Een van die grootste tragedies van ons tyd is dat meeste mense God vir politiese, sosiale, kulturele of emosionele redes "aanbid"; eerder as op grond van 'n ware begrip en kennis van God as hul Vader en Skepper. In die Koninkryk sal daar 'n wêreld-wye entoesiasme wees om die weë van God te leer en te ken; mense sal so gemotiveer wees deur hierdie begeerte dat hulle van oral in die wêreld sal reis na Jerusalem om meer kennis van God op te doen.

In plaas van die verwarring en onregverdigheid wat deur die mense se regssisteme en administrasie van geregtigheid veroorsaak word, sal daar een universieële regskode -"die wet, en die Woord van God"- wees wat deur Christus vanaf Jerusalem uitgevoer sal word. Die algemene gretigheid om die ware kennis van God te bekom sal die natuurlike spanning wat vandag tussen sekere nasies bestaan, verminder.

Die beskrywing van alle "volke wat optrek" na Jerusalem (Jesaja 2:3) is soortgelyk aan die van Jesaja 60:5 waar die Jode almal bymekaar kom saam met die nie-Jode om God in Jerusalem te aanbid. Dit pas perfek in met die Koninkryk profesie van Sagaria 8:20-23: **" So sê die HERE van die leërskare: Nog sal volke aankom en die inwoners van baie stede. En die inwoners van die een stad sal gaan na die ander en sê: Kom, laat ons heengaan om die aangesig van die HERE om genade te smeek en die HERE van die leërskare te soek. Ek wil ook gaan! So sal dan baie volke en magtige nasies kom om die HERE van die leërskare in Jerusalem te soek en die aangesig van die HERE om genade te smeek So sê die HERE van die leërskare:**

**In dié dae sal tien man uit al die tale van die nasies die slip van 'n Joodse man gryp en dit vashou en sê: Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor dat God met julle is. "**

Hierdie skep 'n beeld van die Joodse nasie wat die "kop en nie die stert nie" van die nasies gemaak word (Deuteronomium 28:13), as gevolg van hulle berou en gehoorsaamheid. Die Joodse grondslag van God se plan van verlossing sal dan deur almal waardeer word. Die onkunde hieroor in die Christendom sal skielik beëindig word. Mense sal dan entoesiasties hierdie dinge bespreek en aan die Jode sê "ons het gehoor God is met julle". Gesprekke sal oor geestelike dinge, eerder as die leë dinge wat die wêreld se huidige denke oorheers, gaan.

Met hierdie groter toewyding tot goddelikheid is dit geen wonder dat Christus **"sal oordeel tussen die nasies en regspreek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee, en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie; en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie"** (Jesaja 2:4).

Die absolute gesag van Christus en die totale regverdigheid van sy oordeel in dispute, sal tot gevolg hê dat nasies gewilliglik hulle wapentuig in landbou implimente sal verander en alle weermag opleiding sal staak. **"In sy dae sal die regverdige bloei en volheid van vrede, totdat die maan nie meer is nie "** (Psalm 72:7).

Geestelikheid sal dan verhewe word en respek betoon word aan diegene wat God se karaktertrekke van liefde, genade, geregtigheid ens. openbaar. Vergelyk dit met die wêreld se huidige ophemeling van diegene wat trots, selfgeldend en selfsugtig ambisieus is!  Die gewillige "smee van pikke uit swaarde" sal deel wees van 'n veel groter landboukundige verandering wat oor die aarde sal plaasvind. As gevolg van Adam se sonde was die grond vervloek om sy ontwil (Genesis 3:17-19). Dit het tot gevolg gehad dat die mens baie moeite moet doen om iets daaruit te produseer.

In die Koninkryk sal

> **"…. daar volheid van koring wees in die land, op die top van die berge; mag die vrug daarvan ruis soos die Líbanon; en mag hulle bloei uit die stad soos die plante van die aarde!  "** (Psalm 72:16), *en*
>
> **"Kyk, die dae kom, spreek die HERE, dat die ploeër die maaier inhaal, en die druiwetrapper die saadsaaier; en dat die berge**

**van mos sal drup, en al die heuwels daarvan oorvloei sal wees "** (Amos 9:13).

Die verbeterde vrugbaarheid van die aarde, en die vermindering van die vloek wat op die grond in Eden uitgespreek was, word in bogenoemde verse weerspieël. Die enorme vrugbaarheid van die land sal baie mense betrek. Die Koninkryk profesieë skep die indruk dat mense sal terugkeer na selfonderhoudende landboukundige lewenstyle:- **"Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskare het dit gespreek "** (Miga 4:4).

Hierdie self-onderhouding sal die misbruike wat in enige stelsel waar arbeid vir geld gebied word, uitskakel. Om 'n leeftyd te werk om ander ryk te maak sal iets van die verlede wees. **"En hulle sal huise bou en bewoon, en wingerde plant en die vrug daarvan eet: hulle sal nie bou dat 'n ander dit bewoon nie; hulle sal nie plant dat 'n ander dit eet nie; want die dae van my volk sal wees soos die dae van die bome, en my uitverkorenes sal die werk van hulle hande self geniet. Hulle sal hul nie tevergeefs vermoei of baar vir skielike ondergang nie; want hulle is 'n geslag van die wat deur die HERE geseën is, en hulle nakomelinge is by hulle"** (Jesaja 65:21-23).

Jesaja 35:1-7 bevat 'n ongeëwenaarde profesie oor hoe vrugbaar die land sal wees en hoe dit 'n ongekende blydskap sal teweegbring : **"Die woestyn en die dor land sal bly wees, en die wildernis sal juig en bloei soos 'n narsing; dit sal lustig bloei en juig, ja, met gejuig en gejubel; die heerlikheid van die Líbanon is aan hom gegee, die sieraad van Karmel en Saron; hulle dáár sal sien die heerlikheid van die HERE, die sieraad van onse God. Versterk die slap hande en maak die struikelende knieë vas. Sê aan die wat vervaard is van hart: Wees sterk, wees nie bevrees nie! Kyk, julle God kom met wraak, met goddelike vergelding; Hy self sal kom en julle verlos. Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis. En die gloeiende grond sal 'n waterplas word, en die dorsland fonteine van water; in die plek van die jakkalse waar hulle gelê en rus het, is gras met riete en biesies."**

Selfs die natuurlike agressie tussen diere sal verwyder word :

> **"Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos 'n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE"** (Jesaja 65:25).
>
> **"Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk "** (Jesaja 11:6-8).

Net soos die vloek wat op die natuurlike skepping geplaas was verlig sal word, net so sal die vloek wat op die mens geplaas was ook verlig word. So praat Openbaring 20:2,3 in simboliese taal van die duiwel (sonde en die effek daarvan), wat "gebind" of beperk word gedurende die millennium (1000 jaar).

Lewensjare sal sodanig toeneem dat iemand wat op die ouderdom van 100 sterf as 'n kind beskou sal word (Jesaja 65:20). Vrouens sal minder lyding tydens geboorte beleef (Jesaja 65:23). **"Dan sal die oë van die blindes geopen en die ore van die dowes ontsluit word. Dan sal die lamme spring soos 'n takbok, en die tong van die stomme sal jubel; want in die woestyn breek waters uit en strome in die wildernis"** (Jesaja 35:5,6). Dit sal so wees as gevolg van die gawes van die Gees wat weer besit word (vergelyk Hebreërs 6:5).

Dit kan nie oorgenoeg beklemtoon word dat die Koninkryk van God nie gesien moet word as 'n tropiese eiland paradys, waar die gelowiges lê en sonbrand in die heerlikheid van die natuur nie. Die fundmentele doel van die Koninkryk van God is om aan God heerlikheid te gee, totdat die hele aarde vol sal wees van Sy glorie "soos die waters die seebodem bedek" (Habbakuk 2:14). Dit is God se uiteindelike doel : **" Maar so waar as Ek leef en die hele aarde van die HERE se heerlikheid vol sal word"** (Numeri 14:21).

Glorie vir God beteken dat die inwoners van die aarde Hom by Sy naam sal ken, en Sy karaktertrekke waardeer en naleef. Omdat die wêreld in so 'n toestand sal wees, sal God toesien dat die natuurlike aarde dit ook reflekteer en **"Die ootmoediges( daarenteen) sal die aarde besit en hulle verlustig oor groot vrede"** (Psalm 37:11), eerder as om die "gemaklike" lewe te geniet. Die wat **"honger en dors na die geregtigheid, sal versadig word"** in die Koninkryk van God (Mattheüs 5:6).

Net die idee om die ewige lewe te besit in die Koninkryk word dikwels gebruik om mense te lok om ondersoek in te stel na die ware Evangelie Boodskap. Die besit daarvan in die Koninkryk sal egter 'n bysaak wees omdat die werklike rede hoekom 'n mens in die Koninkryk wil wees, sal wees om God te verheerlik. Soos die tyd verloop nadat ons gedoop is, moet ons waardering hiervan ontwikkel en groei. Selfs net tien jaar van 'n lewe van absolute perfeksie en 'n volmaakte skoon gewete met God, is al die trauma van hierdie lewe werd.

Dat so 'n perfekte lewe in 'n perfekte liggaam op 'n perfekte aarde vir ewig sal aanhou gaan 'n mens se verstand eenvoudig net te bowe. Om in die Koninkryk te wees behoort ons grootste motivering te wees, en dus moet ons wêreldse voordele van materialisme minag. Eerder as om oormatig te dink oor die onmiddellike toekoms, het Jesus die volgende advies gegee: **"… soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word….."** (Mattheüs 6:30-34). Enige iets waarvoor ons nou kan streef is onvergelykbaar met wat in die Koninkryk ondervind sal word.

Ons moet God se geregtigheid soek, met ander woorde, ons moet probeer om 'n liefde vir God se karakter te ontwikkel. Dit beteken dat ons in God se Koninkryk wil wees omdat geregtigheid daar vereer sal word, omdat ons moreel perfek wil wees; nie net omdat ons persoonlik die dood wil vryspring of 'n gemaklike lewe in die ewigheid wil hê nie. Te dikwels word die hoop van die Evangelie aangebied op 'n wyse wat aanklank vind by die mens se selfsugtige natuur. Ons motivering om in die koninkryk te wees wissel van dag tot dag. Wat ons hier voorstel is egter die ideaal; ons eerste prioriteit is om die Evangelie te leer en ons gehoorsaamheid daaraan te bewys deur gedoop te word uit liefdevolle gehoorsaamheid aan God. Ons waardering en begrip vir die hoop wat God ons bied en die presiese redes

hoekom ons in die Koninkryk wil wees, sal groei en ontwikkel na ons doop.

## 5.5 DIE MILLENNIUM

Die leser mag heelwaarskynlik op hierdie stadium van ons studie vra, "Is hierdie prentjie van die Koninkryk van God nie te menslik nie?" Mense in die Koninkryk van God sal nog kinders voortbring (Jesaja 65:23) en selfs nog sterf (Jesaja 65:20). Hierdie mense sal nog verskille hê wat Christus sal uitklaar (Jesaja 2:4); hulle sal nog steeds die grond moet bewerk om te oorleef, alhoewel dit baie makliker sal wees as nou.

Dit alles blyk ver verwyderd te wees van die beloftes dat die regverdiges die ewige lewe, en 'n natuur soos die van God sal ontvang, en gelykstaande aan die engele sal wees (Lukas 20:35,36). Die antwoord hierop lê in die feit dat die eerste deel van die Koninkryk van God vir 1000 jaar ('n millennium) (Openbaring 20:2-7) sal duur. Gedurende hierdie 1000 jaar sal daar twee groepe mense op die aarde leef:-

1. Die regverdiges (naamgenote) – diegene wat Christus aanvaarbaar gevolg het in hierdie lewe en die ewige lewe gegee sal word by die oordeelsdag.
2. Die gewone sterflike mense wat nie die ware Evangelie boodskap geken het tydens Jesus se wederkoms nie – hulle was nie verantwoordelik voor Jesus se regterstoel nie.

Met die ontvangs van die ewige lewe op die oordeelsdag sal die geregtiges nie meer kan sterf of kinders voortbring nie. Die beskrywings van mense wat wel hierdie ervaringe in die Koninkryk het, verwys dus na die tweede groep – die wat leef tydens Christus se wederkoms, maar wat nie van God se vereistes geweet het nie.

Die beloning van die geregtiges is om as konings en priesters op die aarde te regeer (Openbaring 5:10). Konings moet oor iemand regeer; diegene wat nie verantwoording kon doen met Jesus se oordeelsdag nie sal dus sterflik in die Koninkryk wees, en daar sal oor hulle regeer word. Deur "in Christus" te wees sal die geregtiges deel hê in Sy beloning – om konings te wees oor die hele aarde :- **"En aan hom wat oorwin en my werke tot die**

**einde toe bewaar, sal Ek mag oor die nasies gee, en hy sal hulle regeer met 'n ysterstaf; soos erdegoed word hulle verbrysel, net soos Ek ook van my Vader ontvang het"** (Openbaring 2:26,27).

Christus se gelykenis oor die ponde maak nou goeie sin. Die getroue diensknegte was beloon met tien en vyf stede om oor te regeer in die Koninkryk (Lukas 19:12-19). Kennis van God se weë sal nie onmiddellik versprei wanneer Jesus as Koning in Jerusalem verklaar word nie; mense sal na Jerusalem optrek om meer kennis oor God te bekom (Jesaja 2:2,3). Dit sal die plig van die geregtiges wees om die kennis van God en dus Sy Koninkryk te versprei.

In die Koninkryk van God in die Ou Testament ( die volk Israel) was dit die plig van die priesters om die kennis van God aan die volk te leer (Maleagi 2:5-7). Hulle was vir hierdie doel in verskeie dorpe in Israel geplaas. Die geregtiges sal hierdie rol van die priesters in die meer glorieryke Koninkryk van God wat nog moet kom, oorneem (Openbaring 5:10).

### Wat sal gebeur as Jesus vandag kom ?

1. Die verantwoordelike ontslapenes sal opgewek word en saam met die verantwoordelikes wat nog lewe na die regterstoel geneem word.
2. Die wat verantwoordelik en ongehoorsaam was sal met die dood gestraf word en die geregtiges sal die ewige lewe ontvang. Die nasies wat Christus teenstaan sal ook ge-oordeel word.
3. Die geregtiges sal dan oor die sterflikes wat nog lewe, wat nie voor God verantwoordelik is nie regeer en hulle die Evangelie leer as "konings en priesters" (Openbaring 5:10).
4. Bogenoemde sal vir 1000 jaar duur. Gedurende hierdie tyd sal die sterflikes die Evangelie hoor en dus verantwoordelik tot God word. Hierdie mense sal langer en gelukkiger lewens hê.
5. Aan die einde van die millennium sal daar 'n opstand teen Christus en sy naamgenote wees, maar God sal dit onderdruk (Openbaring 20:8,9).
6. Aan die einde van die 1000 jaar sal almal wat gedurende hierdie tyd gesterf het, opgewek en geoordeel word (Openbaring 20:5,11-15).
7. Die ongelowiges onder hulle sal vernietig word, en die geregtiges sal hulle by Jesus voeg en vir ewig lewe.

Die doel van God met die aarde sal dan vervul wees. Dit sal bewoon word deur onsterflike, geregtige mense. God se naam "YHWH ELOHIM", (wat "Hy wat in 'n groep magtiges geopenbaar sal word" beteken), sal dan vervul wees. Nooit weer sal sonde, en dus die dood, op aarde ervaar word nie. Die belofte van Gen 3:15 dat die slang totaal verbrysel sou word, sal dan vervul wees. Jesus sal regeer in die millennium totdat **" …. Hy al sy vyande onder sy voete gestel het. Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood. Want Hy het alles aan sy voete onderwerp, maar wanneer Hy sê dat alles onderwerp is, is dit duidelik dat Hy uitgesonder is wat alles aan Hom onderwerp het.**

**En wanneer alles aan Hom onderwerp is, dan sal ook die Seun self Hom onderwerp aan die Een wat alles aan Hom onderwerp het, sodat God alles in almal kan wees "** (1 Korinthiërs 15:25-28).

Die einde is dus wanneer Jesus die Koninkryk aan God oorhandig. Wat daarna sal volg word nie aan ons vertel nie; al wat ons weet is dat ons dan die ewige lewe en God se karakter sal hê, en dat ons God sal verheerlik en behaag. 'n Korrekte begrip van die Koninkryk van God is uiters noodsaaklik vir saligheid. Ons pleit dus by die leser om hierdie studie ernstig te oorweeg en die teksverwysings wat aangehaal is na te gaan.

God wil hê ons moet die Koninkryk beërwe. Sy hele doel is dat ons 'n werklike deel daarin moet hê. Die doop maak ons deel van die beloftes aangaande die Koninkryk . Dit is moeilik om te glo dat slegs 'n paar jaar van nederige gehoorsaamheid aan God vir ons 'n ewige lewe in die glorieryke Koninkryk kan teweeg bring.

Tog moet ons geloof in God se ontsaglike liefde vasstaan. Wat ook al ons kort termyn probleme mag wees, ons het sekerlik geen rede om die Evangelie se roeping te weerstaan nie.

**"Wat sal ons dan van hierdie dinge sê? As God vír ons is, wie kan teen ons wees?"** (Romeine 8:31).

**"Want ek reken dat die lyding van die teenwoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie"** *(*Romeine 8:18).

**"Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid;"** (2 Korinthiërs 4:17).

## INSET 15 :- Die Koninkryk is 'n letterlike werklikheid.

Die letterlike beskrywings van die Koninkryk wat ons in die Ou Testament profete vind, word dikwels deur teoloë en lede van baie kerke geïgnoreer. Dit word gesien as figuurlike taal wat 'n plek van beloning anders as die aarde beskryf, aangesien hulle glo dat hierdie planeet in 'n vuur van vlamme vernietig gaan word.

In antwoord hierop moet ons begryp dat 'n grondreël van Bybelstudie is dat 'n mens die Bybel letterlik moet opneem, tensy daar baie goeie rede is om 'n geestelike of simboliese interpretasie toe te pas. So byvoorbeeld lig die eerste hoofstuk van Openbaring ons duidelik in dat die visioen hoofsaaklik simbolies is (Openbaring 1:1) en dus moet ons die interpretasie daarvan op so 'n grondslag benader. Dit kan ook gewoonlik heel maklik uit die konteks van 'n versgedeelte gesien word of dit letterlik of simbolies moet wees. So byvoorbeeld is Jesaja 24:20, waar die aarde beskryf word as 'n "dronkaard wat waggel", duidelik figuurlike taal. Hier teenoor is die taal wat gebruik word om die Koninkryk te beskryf maklik om letterlik te verstaan en is daar geen aanduiding dat ons dit simbolies moet interpreteer nie.

Dit blyk dat die mens se ongeloof in die werklikheid van so 'n wonderlike koninkryk-tydperk op die aarde, hom noop om ander teorië te skep wat dit ontken. Die alternatief van 'n geestelike of hemelse koninkryk is vaag en ontbreek in detail en derhalwe is daar min om geloof in te hê. Min geloof word dus vereis of aangemoedig.

As die beskrywings van verlamdes wat weer loop en woestyne wat weer vrugbaar word net simbolies is, moet die vraag "simbolies van wat?" spesifiek en oortuigend beantwoord word. Hierdie skrifgedeeltes beskryf God se Koninkryk . As ons onseker is waarna die simboliek presies verwys,

ken ons nie die Evangelie (Goeie Nuus) oor die Koninkryk nie, en kan ons dus nie verwag om 'n deel daarin te hê nie.

Dit behoort verder baie duidelik te wees uit al die bewyse wat tot sover aangevoer is dat God 'n ewige doel met die mens en die aarde het ! Hy sal nie die planeet wat Hy aan Abraham en sy nakomelinge vir ewig belowe het, vernietig nie. Ons behoort dus te verwag dat daar letterlike beskrywings van die Koninkryk, wat op die aarde gevestig sal word, in die Bybel moet wees.

Die volgende vergedeeltes bevestig dit**:-"Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het--Hy is God! --wat die aarde geformeer en dit gemaak het--Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word--Ek is die HERE, en daar is geen ander nie"** (Jesaja 45:18).

Die skepping van die aarde sal tevergeefs gewees het as God dit vernietig. God se doel is egter om die aarde te vul met onsterflike wesens wat Sy karaktertrekke sal hê.

**"Die een geslag gaan, en die ander geslag kom, en die aarde bly vir ewig staan"** (Prediker 1:4).

**"En Hy het hulle (die elemente van die sSonnestelsel) in stand gehou vir altyd, vir ewig; Hy het 'n wet gegee wat geeneen oortree nie"** (Psalm 148:6).

Die duur van die Millennium (1000 jaar) soos in Openbaring 20:4 opgeteken, moet ook as letterlik aanvaar word ten einde te harmoniseer met verwysings in die profesië van die wese van hierdie periode. Selfs in Openbaring is nie elke getal noodwendig simbolies nie. Die menigte verwysings na "'n derde" in die boek is een voorbeeld. Die millennium word in Hebreërs 4:4-9 as 'n sabbatsdag van rus beskryf. Vir God is 'n dag soos 'n 1000 jaar (2 Petrus 3:8). Na ses "dae" van 'n duisend jaar in God se doel met die aarde, sal 'n Sabbats "dag" van die Millennium aanbreek.

Volgens die Bybel se datum vir die skepping, bring 6000 jaar (met ander woorde 6 "dae") ons tot by 2000 jaar na Christus (met ander woorde die skepping was ongeveer 4000 jaar voor Christus). Dit kan beteken dat die begin van die millennium iewers rondom 2000 NC kan wees. Vir ons almal

is die tyd beperk. Ons moet elke oomblik van ons kort lewe gebruik om ons voor te berei vir Jesus se koms.

## INSET 16 :- Opsomming van die Geskiedenis van Israel

**Abraham** Word uit Ur geroep; die eerste Jood. God maak aan hom beloftes rakende die land Kanaan, en sy nageslag. Hy sterf sonder om hierdie beloftes te ontvang.

**Isak** Abraham was bereid om sy seun Isak letterlik te offer. Omdat Abraham gelowig was, het God Sy belofte aan hom met 'n eed bevestig. Isak se bereidwilligheid om te sterf in opdrag van sy vader is 'n heenwysing na Christus. Die beloftes was aan Isak hernu (Genesis 26:3-5).

**Jakob** Was Isak se seun. Die beloftes was ook aan hom herhaal. Hy het 12 seuns gehad. Reuben was die oudste en Benjamin die jongste. Levi was die seun waarvan die priesters afstammelinge was. Josef was Jakob se gunsteling.

**Josef**: As 'n jong seun het hy twee drome gehad wat vir hom uitgebeeld het as heersend oor sy broers. Hulle het jaloers geword en hom as 'n slaaf verkoop. Hy beland in Egipte en word daar 'n heerser en organiseer die bewaring van koringvoorrade gedurende 7 jaar van hongersnood wat die land en omliggende dele tref. Gedurende hierdie tyd het Jakob en sy ander seuns saam met Josef in Egipte kom woon. Hulle en hulle kinders het in Gosen, 'n deel van Egipte, gewoon., Na Josef se dood, het Faro die Israeliete verdruk en van hulle slawe gemaak.

**Moses** Word in hierdie tyd gebore. Hy word in riete versteek as 'n baba en gevind deur Faro se dogter. Sy neem hom aan. As 'n jong man maak hy 'n Egiptenaar, wat besig was om 'n Israeliet te slaan, dood. Hy vlug na Midian en werk daar vir 40 jaar as 'n herder vir Jetro. God verskyn toe aan hom in 'n brandende bos. Hy word beveel om na Faro te gaan en die bevryding van Israel te eis. Hy

doen wondertekens om te bewys dat dit werklik God is wat hom gestuur het.

Faro wou Israel egter nie vrylaat nie en tien plae volg, onder andere paddas, hael, duisternis en ten laaste die dood van Egipte se eersgebore seuns. Die Israeliete moes 'n lam slag en die bloed aan die deur van hulle huise smeer. Dit het heengewys na die bloed van Jesus wat sondaars uit slawerny van die sonde sou lei (verlos). Hierdie fees het as die Pasga bekend gestaan.

**Eksodus**: Die Israeliete was na die tiende plaag toegelaat om Egipte te verlaat. Hulle is toe gelei deur God se engel wat bedags in 'n wolk en snags in 'n vuurkolom voor hulle uitgegaan het. Faro se leër het hulle egter agtervolg tot by die Rooi See. Die waters het wonderbaarlik geskei en die Israeliete deurgelaat, maar die Egiptenare wat hulle agtervolg het verswelg. Israel het toe deur die wildernis getrek op pad na die beloofde land toe.

God het hulle water uit 'n rots gegee om te drink en elke dag manna voorsien as brood. Toe hulle die berg Sinai bereik het God aan hulle die tien gebooie en die Wet van Moses gegee. Hulle was nou gekonstitueer as God se Koninkryk. Daarna het hulle instruksies ontvang om 'n tent (die tabernakel) te bou waar God aanbid moes word. 'n Hoë priester en priesters was aangestel wat offerandes aan God moes maak. Al die elemente van die tabernakel en die priesterskap het na Christus en sy verlossingswerk heengewys.

**Die Beloofde land** Was na die berg Sinai die volgende doelwit. Twaalf spioene was uitgestuur om die beloofde land te bespied. Tien van die twaalf het met hulle terugkoms gesê die land was te moeilik om in te neem. Net twee spioene, Josua en Kaleb, het genoeg geloof gehad om te sê dat hulle wel die land kan inneem as hulle op God en Sy beloftes vertrou. Omdat die Israeliete dieselfde houding as die 10 spioene gehad het, het hulle vir 'n verdere 40 jaar in die wildernis rondgeswerf todat almal wat ouer as 20 jaar was met die uittog uit Egipte, gesterf het.

**Josua** Was Moses se opvolger. Lei die "nuwe" Israel die beloofde land binne. Jerigo was die eerste stad wat ingeneem was. Ragab het hier gewoon en was gespaar omdat sy twee spioene gehuisves het en in die God van Israel geglo het. Nadat die Israeliete hulself in die beloofde land gevestig het, word hulle met tussenposes deur Rigters regeer. God was egter nog hulle koning. Hierdie rigters het mense soos Gideon, Simson en Jefta ingesluit. Hulle het almal vir Israel uit die hand van hul vyande gered wanneer die Israeliete berou gekry het oor hul sondes teen God.

Die geskiedenis van Israel is vol voorbeelde van Israel se ongehoorsaamheid aan God; straf deur omliggende nasies wat hulle verdruk, en dan berou oor hulle sondes. God bring dan redding maar Israel sondig dan weer. Die laaste rigter was **Samuel**. In sy tyd het die Israeliete God as Koning verwerp en vir 'n menslike koning, net soos die nasies om hulle, gevra.

**Die Konings**: Die eerste koning was **Saul** wat, alhoewel hy goed begin het, ongehoorsaam was aan God se gebooie en vir **Dawid** vervolg het. Na sy dood het Dawid koning geword. Hy was een van Israel se beste konings. God het groot beloftes aan hom gemaak. Na hom volg sy seun **Salomo** wat ook goed begin het. Hy word egter afvallig as gevolg van die baie vroue wat hy uit ander nasies neem. Na Salomo se dood verdeel die koninkryk in twee**: tien stamme vorm die Noordelike Koninkryk – Israel**. Jerobeam het eerste oor hulle geheers. **Twee stamme (Benjamin en Juda) vorm die Suidelike koninkryk van Juda** en koning Rehabeam heers eerste oor hulle.

Die koninkryk van Israel het geen goeie konings gehad nie. Hulle was voortdurend ongehoorsaam aan God. Hy stuur menige profete om met hulle te pleit en hulle te waarsku maar hulle wou nie bekeer nie. Die Assiriërs val hulle vervolgens binne en neem hulle weg in ballingskap. Hulle word oor die hele wêreld verstrooi.

Die koninkryk van Juda (2 stamme) het 'n paar goeie konings gehad (bv. Asa en Hiskia), maar was oor die algemeen ongehoorsaam aan God. Die Babiloniërs word derhalwe gestuur om hulle binne te val en hulle word na Babilonië gevange geneem

vir 70 jaar. Hulle het nooit weer 'n koning gehad nie. Na 70 jaar keer hulle terug na die land van Israel onder die leierskap van Esra, Nehemia, Josua (die hoë priester van daardie tyd) en Jerubabel die goewerneur. Israel was toe regeer deur Persië, toe die Grieke en laastens deur die Romeine. Hulle was onder Romeinse heerskappy toe Jesus gebore was.

Omdat die Jode vir Jesus verwerp en gekruisig het, stuur God die Romeine om Jerusalem in 70NC te vernietig en uiteindelik word al die Jode uit die land Israel verdryf. Onlangs het die Jode begin terugkeer na hulle land toe en dit is 'n gedeeltelike vervulling van profesië in die Ou Testament. Die hervestiging van die staat van Israel is 'n sekere teken dat Jesus binnekort sal terugkeer om die koninkryk van Israel as die **Koninkryk van God** te vestig.

# Studie 5
# VRAE

1. Watter van die volgende is die tyd vir die vestiging van God se Koninkryk ?

(a) dit was nog altyd gevestig
(b) met Jesus se wederkoms
(c) met Pinkster 50 dae na Jesus se hemelvaart
(d) in die harte van gelowiges wanneer hulle bekeer word.

2. Het die Koninkryk van God in die verlede bestaan? Indien wel, in watter vorm?

3. Wanneer het die Koninkryk in vraag 2 geëindig?

4. Wat is die Millennium?

(a) genade wat in ons harte heers
(b) 'n 1000 jarige ryk van gelowiges in die hemel
(c) die eerste 1000 jaar na die skepping
(d) die eerste 1000 jaar van God se toekomstige Koninkryk op aarde.

5. Hoe sal die Koninkryk daarna uitsien?

6. Wat sal die huidige gelowiges in die millennium doen?

(a) regeer oor die sterflikes
(b) heers in die hemel
(c) ons weet nie
(d) op 'n ander planeet gaan leef.

7. Was die Evangelie boodskap oor die Koninkryk van God :

(a) net in die Nuwe Testament verkondig
(b) net deur Jesus en die apostels verkondig
(c) net in die Ou Testament verkondig
(d) in beide die Ou- en Nuwe Testamente verkondig?

# Bybel Beginsels

## Studie Ses

# God en Onheil

## 6.1 GOD EN ONHEIL

In die Christendom, sowel as baie ander godsdiensgroepe, is daar vele mense wat glo dat daar 'n monster is wat die Duiwel of Satan genoem word, en wat die oorsaak van al die probleme in die wêreld en in ons eie lewens is. Hy word verantwoordelik gehou vir die sonde wat ons doen. Die Bybel leer duidelik dat God almagtig is. Ons het in Studie 1.4 gesien dat die Engele nie kan sondig nie. As ons dit regtig glo kan daar onmoontlik nie 'n bonatuurlike wese in die heelal wees wat teen die Almagtige God werk nie. As ons glo dat so 'n wese *wel* bestaan, dan is dit duidelik dat ons die oppergesag van God die Almagtige in twyfel trek. Hierdie saak is van die uiterste belang, en dit is noodsaaklik dat ons 'n korrekte begrip het van wie of wat die duiwel en satan is. Ons word vertel in Hebreërs 2:14 dat Jesus die duiwel deur sy dood vernietig het; as ons dan nie 'n korrekte begrip van die duiwel het nie, kan ons nie die werk of natuur van Jesus verstaan nie.

In die wêreld in die algemeen, maar veral onder die "Christene", bestaan die idee dat die goeie dinge van die lewe van God af kom, en dat die slegte dinge van die Duiwel of Satan kom. Dit is niks nuuts nie; dit is ook nie 'n idee wat beperk is tot die afvallige Christendom nie. Die Babiloniërs, byvoorbeeld, het geglo dat daar twee gode is; 'n god van goed en lig, en 'n god van onheil en donker, en dat die twee gedurig in stryd met mekaar is. Kores, koning van Persië, het juis dit geglo. Om dié rede het God vir hom gesê: **"Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie….wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep:Ek die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen"** (Jesaja 45:5-7, 22).

God skep vrede en Hy skep onheil. In hierdie sin is daar 'n verskil tussen "onheil" en sonde, wat die mens se skuld is; dit het in die wêreld gekom as gevolg van die mens, en nie God nie (Romeine 5:12).

God sê vir Kores en die mense van Babilon dat daar *geen* ander God buiten Hom is nie. Die Hebreeuse woord "EL", wat "God" vertaal word, se basiese betekenis is "krag, of "oorsprong van krag". Wat God hier sê is dat daar geen ander bron van krag bestaan, buiten Hom nie. Dit is om hierdie

rede dat 'n ware gelowige in God nie die idee van 'n bonatuurlike duiwel of demone kan aanvaar nie.

## God: die Skepper van Ramp en Onheil.

Daar is talle voorbeelde in die Bybel van God wat onheil of rampspoed in mense se lewens en in die wêreld bring. Amos 3:6 sê dat **as "daar 'n onheil in die stad voorval",** God dit bewerk het. As 'n stad byvoorbeeld deur 'n aardbewing getref word, word dit dikwels gesê dat dit "die duiwel" se werk is en dat hy die ramp veroorsaak het. Maar die ware gelowige moet verstaan dat dit God is wat daarvoor verantwoordelik is. So sê Miga 1:12 dat **"onheil neerdaal van die HERE na die poort van Jerusalem"**. In die boek Job lees ons hoe Job, 'n goeie man, alles verloor het wat hy gehad het. Die boek leer vir ons dat die onheil wat 'n mens in jou lewe ervaar nie direk proporsioneel is aan jou gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan God nie. Job het besef dat **" Die HERE het gegee, en die HERE het geneem"** (Job 1:21). Hy sê nie "Die HERE het gegee, en Satan het geneem" nie. Hy het vir sy vrou gesê: **"Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?"** (Job 2:10). Aan die einde van die boek troos Job se vriende hom oor **"al die onheil wat die HERE oor hom gebring het"** (Job 42:11 vgl. 19:21;8:4). Dus is God die bron van "onheil", in die sin dat Hy die probleme wat ons in ons lewens het, toelaat.

> **"Die Here tugtig hom wat Hy liefhet….as julle die tugtiging verdra… later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is"** (Hebreërs 12:6-11).

Dit wys dat die beproewinge wat God vir ons gee uiteindelik lei tot ons geestelike groei. Dit is 'n weerspreking van God se woord om te sê dat die duiwel 'n wese is wat vir ons dwing om te sondig en om ongeregtig te wees terwyl hy terselfdertyd kwansuis probleme in ons lewes bring wat daartoe lei dat ons die *"vredevolle vrug van geregtigheid*" ontwikkel. Die ortodokse idee van die duiwel het hier groot probleme.

Nog meer so waar skrifgedeeltes praat van iemand wat aan die Satan oorgelewer word **"sodat die gees gered kan word", of "hulle kan leer om nie te laster nie**" (1 Korinthiërs 5:5; 1 Timotheüs1:20). As Satan regtig

'n wese is wat daarop uit is om mense te laat sondig en wat 'n *negatiewe* geestelike uitwerking op mense het, waarom stel hierdie gedeeltes dan vir "Satan" in 'n *positiewe* lig? Die antwoord is dat 'n teëstander, 'n "Satan" of 'n probleem in 'n mens se lewe, dikwels positiewe geestelike gevolge in 'n gelowige se lewe kan hê.

As ons aanvaar dat onheil van God af kom, dan kan ons tot Hom bid en vra dat Hy iets doen oor die probleme wat ons het, bv. dat Hy hulle wegneem. As Hy dit nie doen nie, dan weet ons dat hulle van God gestuur is vir ons geestelike welstand. Maar as ons glo dat daar 'n bose wese is, wat die duiwel of satan genoem word, wat ons probleme veroorsaak, kan ons hulle onmoontlik nie oplos nie. Siekte, skielike dood of rampspoed moet dan net gesien word as blote ongeluk.

As die duiwel een of ander magtige, sondige Engel is, dan sal hy veel sterker as ons wees en sal ons geen keuse hê as om te ly onder hom nie. In teenstelling hiermee word ons getroos deur die wete dat onder God se beheer**," vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is "**(Romeine 8:28). Daar is dus nie so 'n ding soos "geluk" in die lewe van 'n gelowige nie.

## Die Oorsprong van die Sonde

Dit moet beklemtoon word dat *sonde* van binnekant onsself kom. Dit is ons eie skuld as ons sondig. Dit sou natuurlik baie lekker wees om te glo dat dit nie ons skuld is as ons sondig nie. Ons kan dan vrylik sondig en onsself verskoon met die gedagte dat dit eintlik die duiwel se skuld was en dat die skuld vir ons sonde heeltemal op hom gepak moet word. Dit gebeur soms in ons howe dat skuldiges pleit om vergifnis omdat hulle sê dat hulle deur die duiwel besete was en dus nie self verantwoordelik gehou kan word vir hulle dade nie. Heeltemal tereg word hierdie flou verskonings verwerp wanneer vonnisse gefel word.

Ons moet onthou dat die **"loon van die sonde die dood is"** (Romeine 6:23); sonde lei tot die dood. As dit nie ons skuld is wanneer ons sondig nie, maar die duiwel sin, dat moet 'n regverdige God vir die duiwel straf en nie vir ons nie. Maar die feit dat ons geoordeel word vir ons eie sondes wys dat ons verantwoordelik is vir ons eie sondes. Die idee dat die duiwel

'n spesifieke persoon buite ons is, eerder as die beginsel van die sonde binne ons, is 'n poging om die verantwoordelikheid van ons sondes weg te skuif van *onsself* af. Hierdie is net nog 'n voorbeeld van mense wat weier om te aanvaar wat die Bybel leer oor die menslike natuur: dat dit fundamenteel sondig is .

**"Daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat hom onrein kan maak nie…..want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord…..hebsug, dwaasheid: al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein "** (Markus 7:15-23).

Die gedagte dat daar *wel* iets buite ons is wat sondig is, wat ons binnekom en dan veroorsaak dat ons sondig, is teenstrydig met wat die Here Jesus baie duidelik hier leer. Dit is van *binne*, uit die hart van die mens, wat al hierdie bose dinge kom. Dit is hoekom God in die tyd van die sondvloed gesê het: **"die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af"**(Genesis 8:21).. Jakobus 1:14 sê vir ons hoe ons versoek word*:* **"Elkeen (dit is dieselfde proses vir elke mens) word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word. "** Ons word versoek deur ons eie begeerlikheid, ons eie bose begeerlikhede; nie deur enigiets van buite ons nie. **"Waarvandaan kom oorloë en vegterye onder julle?"** vra Jakobus, **"Kom hulle nie hiervandaan, van julle welluste nie?"** (Jakobus 4:1). Elkeen van ons het spesifieke persoonlike versoekings. Hulle moet derhalwe deur ons eie kwade begeertes veroorsaak word omdat hulle eie aan ons persoon is. Die gesegde dat ons ons eie ergste vyand is, is baie waar.

Die boek Romeine handel grootliks oor die sonde, die oorsprong daarvan, en hoe om dit te oorwin. Dit is hoogs betekenisvol dat daar skaars van die Duiwel of Satan in die boek melding gemaak word; in die konteks van die oorsprong van die sonde, noem Paulus die Duiwel of Satan glad nie. Net so is "die duiwel" 'n Nuwe Testamentiese begrip. As daar 'n eksterne wese is wat maak dat ons sondig, moet daar tog sekerlik omvattend van hom in die Ou Testament gepraat word. Maar daar is 'n baie grondige stilte hieroor. In die tyd van die Rigters, en van die Israeliete in die wildernis, het die Israeliete verskriklik gesondig. Maar God het hulle nie gewaarsku dat daar een of ander magtige bonatuurlike wese of krag is wat hulle kon binnevaar en laat sondig nie. Inteendeel, Hy het hulle aangemoedig om

volgens Sy woord te handel, sodat hulle nie sou verval in die weë van hul eie vlees nie (bv. Deuteronomium 27:9-10 ; Josua 22:5).

Paulus sê bedroef: **"In my, dit wil sê in my vlees, woon niks goeds nie…. Want die goeie wat ek wil, doen ek nie… maar as ek doen wat ek nie wil nie, dan doen ek dit nie meer nie, maar die sonde wat in my woon "** (Romeine. 7:18-21). Hy blameer nie sy sondigheid op 'n eksterne wese wat die duiwel genoem word nie. Hy vind dat sy eie sondige natuur die ware oorsprong van die sonde is : **"Dit is nie ek wat dit meer doen nie, maar die sonde wat in my woon. Ek vind dus hierdie wet : as ek die goeie wil doen, is die kwaad by my aanwesig (m.a.w. binne in my)."**

Wat hy sê is dat dit wat keer dat hy geestelik word, van iets kom wat hy "*die sonde wat in my woon"* noem. Elke denkende, godvresende mens sal tot dieselfde gevolgtrekking kom. Selfs 'n uiters voorbeeldige Christen soos Paulus het nie 'n verandering van natuur ondervind toe hy bekeer is nie, en hy het nie 'n posisie bereik waar hy nie kon sondig nie. Die moderne "evangeliese" beweging beweer dat hulle in so 'n posisie is, en daardeur plaas hulle vir Paulus onder die wat "verlore" is, as gevolg van wat hy hier in Romeine 7:15-21 sê. Hierdie verse is 'n groot probleem vir hulle aansprake. Dawid, sonder twyfel ook 'n regverdige man, praat ook net so van die volgehoue sondigheid van sy natuur **: "In ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang"** (Psalm 51:7).

Die Bybel is baie duidelik oor die fundamentele sondige natuur van die mens. As ons dit kan insien, is daar geen rede om 'n denkbeeldige persoon buite ons menslike natuur te versin, en die verantwoordelikheid vir ons sondes op hom te plaas nie. Jeremia 17:9 sê dat die mens se hart so bedrieglik en verdorwe is dat ons nie eers die mate van ons eie sondigheid kan besef nie.

Jesus het ook die menslike natuur as fundamenteel sleg gebrandmerk in Mattheüs. 7:11. Prediker 9:3 is so duidelik as wat kan wees**: "Die hart van die mensekinders is vol boosheid**". Efesiërs 4:18 gee die rede vir die mens se natuurlike vervreemding van God :"**deur die onkunde wat <u>in</u> hulle is, vanweë die verharding van hulle <u>hart</u>".** Dit is as gevolg van ons harte wat geestelik blind en onkundig is, die manier van die denke in ons, dat ons vervreemd van God is. In lyn hiermee praat Galasiërs 5:19 van ons sondes as **":die werke van die vlees"** ; dit is ons eie vlees, ons eie wese en

natuur, wat veroorsaak dat ons sondig. Nie een van hierdie skrifgedeeltes leer dat die oorsaak van sonde wat binne ons is, die gevolg is van die duiwel wat dit daar ingesit het nie; sondige neigings is iets wat ons almal het, van ons geboorte af; dit is 'n fundamentele deel van die mens.

## 6.2 DIE DUIWEL EN SATAN

Somtyds word die oorspronklike woorde van 'n Bybel-teks onvertaal gelaat. "Mammon" in Mattheüs 6:24 is 'n voorbeeld hiervan. Die woord "satan" is 'n onvertaalde Hebreeuse woord wat "teenstander" beteken, terwyl "duiwel" 'n vertaling is van die Griekse woord "diabalos", wat 'n leuenaar, 'n vyand of iemand wat vals beskuldig, beteken. As ons glo dat Satan en die Duiwel iets buite ons is, wat verantwoordelik is vir die sonde, dan moet ons elke slag as ons hierdie woorde in die Bybel lees, hulle laat verwys na hierdie bose persoon. Die Bybelse gebruik van hierdie woorde wys dat hulle gebruik kan word as gewone byvoeglike naamwoorde wat gewone mense beskryf. Hierdie feit maak dit onmoontlik om te redeneer dat die woorde duiwel en satan, soos in die Bybel gebruik, van 'n magtige, sondige persoon buite ons praat.

### Die Woord "Satan" in die Bybel

Ons lees in 1 Konings 11:14 **:"En die HERE het vir Solomo as teëstander (dieselfde Hebreeuse woord wat elders as "Satan" vertaal word) verwek Hadad die Edomiet"** . Ook lees ons in 1 Konings 11:23,25 *:* **"God het ook as teëstander (weer die woord "Satan") vir hom verwek …… …….. hy was 'n teëstander ('n Satan) van Israel".**

Dit beteken nie dat God hier 'n bonatuurlike persoon of 'n Engel verwek het om 'n Satan / teenstander vir Salomo te wees nie; Hy het gewone mense in opstand teen Salomo laat kom. Mattheüs 16:22,23 is nog 'n voorbeeld. Petrus het vir Jesus probeer ompraat om nie Jerusalem toe te gaan en aan die kruis te sterf nie. Jesus het omgedraai en vir Petrus gesê : **" Gaan weg agter my, Satan! ….. jy bedink nie die dinge van God nie, maar die dinge van die mense."**

Petrus is dus 'n Satan genoem. Die beskrywing van hierdie gebeure is glashelder; Christus het nie met 'n Engel of 'n monster gepraat toe hy hierdie woorde gespreek het nie; hy het met Petrus gepraat.

Die woord "Satan" beteken bloot teenstander en dus kan 'n goeie persoon, selfs God, 'n satan genoem word. In wese is daar noodwendig niks sondig in die woord self nie. Die sondige konnotasies wat die woord "Satan" het, is deels as gevolg van die feit dat ons eie sondige natuur ons grootste "Satan" of teenstander is, en ook omdat die gebruik van die woord verwys na iets wat met sonde verband hou. God self kan 'n Satan vir ons wees by wyse van beproewinge wat Hy is ons lewes kan bring, of deur in die weg te staan van iets verkeerds wat ons dalk wil doen. Maar die feit dat God 'n "Satan" genoem kan word, beteken nie dat Hy sondig is nie. Die boeke van Samuel en Kronieke is parallelle weergawes van dieselfde gebeure.

2 Samuel 24:1 sê : **"Die HERE ….. het Dawid teen hulle aangehits"** sodat hy 'n sensus van Israel moes maak. Die parallelle weergawe in 1 Kronieke 21:1 sê**: "toe het Satan teen Israel opgetree en Dawid aangehits om Israel te tel."** In die een skrifgedeelte doen God die aanhitsing, in die ander doen Satan dit.

Die enigste gevolgtrekking is dat God soos 'n "Satan" of teenstander teen Dawid gehandel het. Hy het dieselfde vir Job gedoen deur beproewinge in sy lewe te bring, sodat Job oor God kon sê: **"deur die sterkte van u hand behandel U my as vyand:"** (Job 30:21). **-** "Vyand" hier, is dieselfde woord wat in ander plekke "Satan" vertaal word. Wat Job basies hier gesê het, was: "U handel soos 'n satan teen my".

## Die Woord "Duiwel" in die Bybel

Jesus het gesê, **""Het ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel! En Hy het bedoel Judas Iskariot …."** wat 'n gewone, sterflike mens was. Hy het nie van 'n persoonlike wese met horings gepraat, of van 'n sogenaamde "gees" nie. Die woord duiwel verwys eenvoudig hier net na 'n bose man. 1 Timotheüs 3:11 gee vir ons nog 'n voorbeeld. Die vrouens van diakens moes nie kwaadspreek of skinder nie; die oorspronklike Griekse woord hier is "*diabalos*" wat elders as "*duiwel*" vertaal word. Paulus waarsku net so vir Titus dat die ouer vroue in die gemeente nie kwaadspreeksters of "duiwels" moet wees nie (Titus 2:3). Hy

het ook vir Timotheüs gesê : **"In die laaste dae ….. sal mense kwaadsprekers (ook duiwels - dieselfde Griekse woord) wees"** (2 Timotheüs 3:1,3).

Dit beteken nie dat mense in bonatuurlike wesens sal verander nie, maar dat hulle al hoe meer goddeloos sal word. Dit behoort dan nou buie duidelik te wees dat die woorde "duiwel" en "satan" nie na 'n gevalle Engel of 'n sondige wese buite ons verwys nie.

## Die Sonde, Satan en die Duiwel

Die woorde "satan" en "duiwel" word figuurlik gebruik om die natuurlike, sondige neigings binne ons (waarvan ons in Studie 6:1 gepraat het) te beskryf. Hierdie sondige neigings is ons hoof "satan" of teenstander. Die verband tussen die duiwel en ons kwade begeertes (die sonde binne ons) kom duidelik na vore in verskeie skrifgedeeltes:

**"Aangesien die kinders (onsself) dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy (Jesus) dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood (sy dood) hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het - dit is die duiwel"** (Hebreërs 2:14).

Die duiwel word hier beskryf as dit wat verantwoordelik is vir die dood. *Maar* **"die loon van die sonde is die dood"** (Romeine 6:23). Daar moet dus 'n parallel wees tussen die sonde en die dood. Net so lees ons in Jakobus 1:14 dat dit ons eie bose begeerlikheid is wat ons versoek, wat tot die sonde lei, en dus tot die dood; maar Hebreërs 2:14 sê dat dit die duiwel is wat die dood bring.

Dieselfde vers sê ook dat Jesus ons natuur gehad het, sodat hy die duiwel kon vernietig. Vergelyk dit met Romeine 8:3: **"God het deur sy eie seun in die gelykheid van die sondige vlees (dit is, ons menslike natuur) te stuur … die sonde veroordeel in die vlees."** Dit wys dat die duiwel, en die sondige neigings wat binne ons menslike natuur is, dieselfde ding is. Dit is van die uiterste belang om te verstaan dat Jesus net soos ons versoek was. As ons die leerstelling van die duiwel verkeerd verstaan, beteken dit dat ons nie regtig die natuur en die werk van Jesus kan waardeer nie. Dit was net omdat Jesus ons menslike natuur gehad het – die "duiwel" binne ons – dat ons 'n hoop het op redding (Hebreërs 2:14-18; 4:15).

Deur die begeertes van sy eie natuur (die Bybelse duiwel) te oorwin, kon Jesus die duiwel aan die kruis tot niet maak (Hebreërs 2:14). As die duiwel **wel** 'n persoonlike wese is, dan kan hy nie meer bestaan nie. Hebreërs 9:26 sê dat Christus verskyn het **"om die sonde deur sy offer weg te doen."** Hebreërs 2:14 is in ooreenstemming hiermee en verklaar dat Christus deur sy dood die duiwel in homself tot niet gemaak het. Deur sy dood het Jesus **"die liggaam van die sonde "** (Romeine 6:6), dit is die menslike natuur, in vooruitsig tot niet gemaak. **"Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel"** (1 Johannes 3:8), want om in te gee vir ons eie natuurlike, sondige begeertes, lei tot sonde (Jakobus 1:14,15), wat die Bybel 'die duiwel' noem. **"Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek"** (1 Johannes 3:8)

As ons reg is as ons sê dat die duiwel ons eie bose begeertes is, dan is die werke van ons sondige begeertes, met ander woorde wat hulle tot gevolg het, ons sondes. Dit word bevestig deur 1 Johannes 3:5 **"Hy (Jesus) het verskyn om ons sondes weg te neem."** Dit wys dat **'ons sondes'** en **'die werke van die duiwel'** dieselfde is. Handelinge 5:3 gee vir ons nog 'n voorbeeld van hierdie verband tussen die duiwel en ons sondes. Petrus sê vir Ananias**: "Waarom het Satan jou hart vervul?"** Dan sê Petrus in vers 4: "**Waarom is dit dat jy hierdie saak in jou hart voorgeneem het?"** Om iets sleg in ons hart voort te bring is dieselfde as wanneer Satan ons hart vul. As ons self iets uitdink, bv. 'n sondige plan, dan begin dit binne ons. As 'n vrou swanger word, bestaan die kind nie buite haar nie; dit begin binne haar. Jakobus 1:14,15 gebruik dieselfde figuur wanneer hy beskryf hoe ons begeerlikheid baar en die sonde voortbring, en dit bring dan die dood. Psalm 109:6 vergelyk 'n sondige persoon met 'n 'satan' : **"Stel 'n goddelose oor hom en laat 'n teëstander (die oorspronklike Hebreeuse woord hier is Satan) staan aan sy regterhand."**

## Verpersoonliking

'n Mens kan egter in alle redelikheid vra: "Maar hoekom praat die Bybel dan asof die duiwel 'n persoon is?" Dit is heeltemal reg; Hebreërs 2:14 praat van **"hom wat mag oor die dood het – dit is die duiwel."** Feit is dat selfs minimale Bybel-lees sal wys dat verpersoonliking dikwels gebruik

word om van 'n abstrakte idee te praat asof dit 'n persoon is. So lees ons in Spreuke 9:1 van 'n vrou genoem 'wysheid', wat 'n huis bou, en in Romeine 6:23 word die sonde vergelyk met 'n betaalmeester wat die dood as loon gee. Hierdie verskynsel word verder bespreek in Inset 5. Ons duiwel, die 'diabolos', verteenwoordig dikwels ons sondige begeertes. Tog kan daar nie so iets wees soos abstrakte diabolisme nie; die sondige begeertes wat in 'n mens se hart is, kan nie apart van hom bestaan nie; daarom word 'die duiwel' verpersoonlik. Die sonde word dikwels verpersoonlik as 'n meester (bv. Romeine 5:21; 6:6). Dit is dan verstaanbaar dat die ' duiwel' ook verpersoonlik word aangesien 'die duiwel' ook na die sonde verwys.

So ook praat Paulus daarvan dat ons as't ware twee weses binne ons het (Romeine 7:15-21): die man van die vlees, 'die duiwel', wat veg met die man van die Gees. Tog is dit duidelik dat daar nie twee letterlike, persoonlike wesens is wat binne in ons baklei nie. Die sondige deel van ons natuur word verpersoonlik as *' die bose'* (Mattheüs 6:13) – die Bybelse duiwel. Dieselfde Griekse uitdrukking wat hier vertaal word as ' die bose', word as 'die slegte mens' in 1 Korinthiërs. 5:13 vertaal, en dit wys dat wanneer 'n mens toegee aan die sonde, dan word hy self 'n bose persoon, of 'n ' duiwel'.

## 'Duiwel' en 'Satan' in 'n Politieke Verband.

Die woorde ' duiwel' en ' satan' word ook gebruik om die goddelose, sondige wêreld-orde waarin ons leef, te beskryf. Die sosiale, politieke en pseudo-godsdienstige ordes van die mensdom, kan van gepraat word in terme van ' die duiwel'. Die duiwel en satan in die NT verwys dikwels na die politieke en sosiale mag van die Joodse of Romeinse stelsels. So lees ons van die duiwel wat gelowiges in die gevangenis werp (Openbaring 2:10), en die Romeinse owerhede wat gelowiges laat opsluit. In hierdie selfde konteks lees ons van die kerk in Pergamus wat geleë was waar Satan se troon was (Openbaring 2:13) – dit is die setel van regering vir 'n Romeinse kolonie in Pergamus, waar daar ook 'n groep gelowiges was. Ons kan nie sê dat Satan homself, as hy bestaan, persoonlik 'n troon in Pergamus gehad het nie.

Individuele sonde word beskryf as die oortreding van God se Wet (1 Johannes 3:4). Maar sonde wat gesamentlik as 'n politieke en sosiale mag, gekant teen God, uitgedruk word, is 'n mag sterker as enkelinge; dit is

hierdie kollektiewe mag wat soms verpersoonlik word as 'n magtige wese wat die duiwel genoem word. In hierdie sin het Iran en ander Islamietiese magte die Vereenigde State, ' die groot Satan' genoem – dit is – die groot teenstander van hulle saak, in politiese en godsdienstige terme. Dit is hoe die woorde *'duiwel'* en *'satan'* dikwels in die Bybel gebruik word.

Dit is noodsaaklik in hierdie onderwerp, meer as enige ander, om ons insig te baseer op 'n gebalanseerde uitkyk van die hele Bybel, eerder as om reuse leerstellings te bou op 'n paar verse wat uitdrukkings en woorde bevat wat lyk asof hulle na die algemene geloof van die duiwel verwys. Dit word sterk aanbeveel dat Studie 6.1, sowel as hierdie afdeling, versigtig en biddend oorgelees word. Dit is so dat 'n mens 'n redelike begrip kan kry van AL die gedeeltes wat verwys na die duiwel en satan. Hierdie woorde kan gebruik word as gewone byvoeglike naamwoorde, of hulle verwys in sommige plekke na die sonde wat binne ons eie menslike natuur gevind word. Van die skrifgedeeltes wat die meeste misverstaan en aangehaal word, om populêre idees te steun, word behandel in die insette wat hierdie studie volg. Mense wat dit moeilik vind om ons gevolgtrekkings te aanvaar, moet hulle self vra:

(1) Word die sonde verpersoonlik? Dit is heel duidelik dat dit gedoen word.

(2) Is dit waar dat 'satan' gebruik kan word net as 'n byvoeglike naamwoord? Die antwoord is ja. Waarom dan kan dit nie aanvaar word dat die sonde verpersoonlik word as ons vyand / satan nie? Die wêreld word dikwels verpersoonlik in Johannes se briewe en Evangelie; kan daar 'n beter benaming vir hierdie verpersoonliking wees as 'satan' of ' die duiwel' ?

## 6.3 DUIWELS

Die vorige twee afdelings het verduidelik waarom ons nie glo dat die duiwel of satan 'n persoonlike wese of monster kan wees nie. As ons aanvaar dat daar nie so 'n wese is nie, dan volg dit tog dat duiwels, of demone, wat voorgehou word as dienaars van die duiwel, ook nie bestaan nie. Baie mense dink dat God vir ons al die goeie dinge van die lewe gee, terwyl die duiwel en sy trawante vir ons die slegte gee, en die goeie dinge wat God vir ons gee weg vat. Die Bybel leer duidelik dat God die bron van

alle krag is (sien studie 6.1), en dat Hy verantwoordelik is vir beide die goeie en die slegte dinge in ons lewens:-

> **"Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die HERE, is dit wat al hierdie dinge doen**" (Jesaja 45:6,7).
>
> **" . . . omdat onheil neerdaal van die HERE na die poort van Jerusalem**" (Miga 1:12).
>
> **" Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie?"(**Amos 3:6).

Wanneer ons dan beproef word, moet ons aanvaar dat dit van God kom en moet ons dit nie op 'n duiwel blameer nie. Job was 'n man wat baie van die goeie dinge waarmee God hom geseën het, verloor het, maar tog sê hy nie: : "Hierdie duiwels het alles wat God my gegee het, weggeneem." nie. Nee, luister wat hy gesê het :

> **"Die HERE het gegee, en die HERE het geneem: die Naam van die HERE sy geloofd! "** (Job 1:21).
>
> **"Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie**?" (Job 2:10).

As ons eers verstaan dat alle dinge van God is, en dat Hy soms nie al die probleme in ons lewens sal wegneem nie, selfs al vra ons Hom, kan ons seker wees dat Hy dit so wil sodat ons karakters opgebou word en dat ons op die ou end net kan baat daardeur:- **"En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here (nie duiwels nie !) tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie"** (Hebreërs 12:5-8).

## God : die Bron van alle Krag

God is die bron van alle krag :-

> **"Ek is die HERE, en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie;" (**Jesaja 45:5) (die Hebreeuse woord vir "god" beteken "krag")
>
> **" Ek omgord jou, hoewel jy My nie geken het nie, Is daar 'n God buiten My? Ja, daar is geen rotssteen nie; Ek ken geeneen nie"** (Jesaja 44:8).
>
> **". . . weet dat die HERE God is; daar is geen ander buiten Hom nie "** (Deuteronomium. 4:35).

Sulke verse kom oor en oor in die Bybel voor. Omdat God die enigste god is en omdat Hy die bron van alle krag is, is Hy 'n jaloerse God en herinner Hy ons ook dikwels hieraan. (Byv. Eksodus 20:5 ; Deuteronomium. 4:24*).*

God word jaloers wanneer Sy mense begin glo in ander gode, wanneer hulle vir Hom sê "U is 'n groot God, 'n magtige God, maar eintlik glo ek dat daar ander gode buiten U is, al is hulle nie so magtig soos U nie." Dit is hoekom ons nie kan glo dat daar demone of 'n duiwel bestaan nie. Dit is presies die fout wat Israel gemaak het. Baie van die Ou Testament handel oor God se misnoeë met Israel omdat hulle in ander gode ook geglo het. Die Bybel wys vir ons dat die 'duiwels' wat mense vandag aan glo, net soos die vals gode is waarin Israel geglo het.

### Duiwels is Afgode.

In 1 Korinthiërs verduidelik Paulus waarom Christene niks met afgod aanbidding, of geloof in sulke dinge, te doen moet hê nie. In Bybeltye het mense geglo dat duiwels, of bose geeste, klein gode was wat aanbid kon word om te keer dat probleme in hulle lewens kom. Hulle het daarom beelde gemaak van duiwels, wat dieselfde as afgode was, en hulle dan aanbid.

Dit verduidelik waarom Paulus woorde soos ' duiwel' en ' afgod' verwissel in sy brief:-**"Nee, maar dat die heidene wat dit offer, aan duiwels offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê dat julle met die duiwels**

**gemeenskap moet hou nie . . . Maar as iemand aan julle sê: Dit is afgodsoffer – moet dit dan nie eet nie . . . "** (1 Korinthiërs 10:20,28).

Met ander woorde afgode en duiwels is vir alle praktiese doeleindes dieselfde. Let op hoe Paulus sê dat hulle aan "duiwels (afgode) en nie aan God nie" geoffer het. Die afgode was nie God nie, en omdat daar net een God is, volg dit dat duiwels geen regte krag het nie, en is hulle nie gode nie. Die punt word sterk beklemtoon in 1 Korinthiërs 8:4:- **"Wat dan die eet van die offervleis aan die afgode betref, weet ons dat 'n afgod niks in die wêreld is nie, en dat daar geen ander God is nie, behalwe Een. "**

'n Afgod, of 'n duiwel , het geen bestaan nie. Daar is net een ware God, of mag, in die wêreld. Paulus gaan aan in verse 5 en 6:-**"Want al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is--soos daar baie gode en baie here is--**(net soos mense vandag glo in baie verskillende soorte duiwels of geeste – een duiwel kan veroorsaak dat jy jou werk verloor, 'n ander dat jou vrou jou verlaat, ens.) **tog is daar vir ons (die ware gelowiges) maar een God, die Vader uit wie alles is, en ons tot Hom, en een Here Jesus Christus deur wie alles is**, (die goeie en die slegte, soos ons in vorige verwysings gesien het)".

Verdere bewys dat mense in die Nuwe Testament tye geglo het dat duiwels 'gode' was, word gevind in Handelinge 17:16-18; hier sien ons hoe Paulus in Athene gepreek het, 'n stad 'vol afgodsbeelde', m.a.w. hulle het baie verskillende afgode aanbid. Nadat die mense gehoor het hoe Paulus die Evangelie preek, het hulle gesê, **"Dit lyk of hy 'n verkondiger is van vreemde gode (duiwels) – omdat hy aan hulle die evangelie van Jesus en die opstanding verkondig het."**

Die mense het gedink dat "Jesus" en "die opstanding" nuwe afgode of duiwels was. As 'n mens die res van die hoofstuk lees, sien jy hoe Paulus vir hierdie mense die waarheid leer, en hoe hy verduidelik dat God nie in hulle afgode of tempels woon nie. Onthou, God is die enigste bron van krag. As Hy nie in duiwels, of demone is nie, dan het hierdie demone geen krag nie omdat daar geen ander bron van krag in die heelal is nie. Met ander woorde – hulle bestaan nie.

## Ou Testament 'Duiwels' was Afgode.

In die Ou Testament is nog bewyse dat 'duiwels' dieselfde as afgode is. Deuteronomium 28:22-28, 59-61 waarsku dat een straf vir die aanbidding van afgode, kranksinnigheid of geestesversteuring sou wees. Dit verduidelik die verband wat daar is tussen duiwels en geestes siektes in die Nuwe Testament. Maar dit moet verstaan word dat die taak van duiwels verband hou met siekte, en nie die sonde nie. Ons lees nie dat Christus duiwels van afguns, moord ens. uitgedryf het nie. Daar moet ook op gelet word dat die Bybel van mense praat wat 'n duiwel / kwaal het , en nie dat duiwels die siekte veroorsaak nie. Dit is opvallend dat die Griekse vertaling van die Ou Testament (die Septuagint) die woord 'daimonion' vir afgode in Deuteronomium 32:177 en Psalm 106:37 gebruik; dit is ook die woord wat as 'duiwels' in die Nuwe Testament vertaal word. Psalm 106:36-39 beskryf Israel se foute en vergelyk die afgode van Kanaän met duiwels:- **"Hulle(Israel) het hulle afgode gedien, en dit het vir hulle 'n strik geword. Bowendien het hulle hul seuns en hul dogters aan die duiwels geoffer en onskuldige bloed vergiet--die bloed van hul seuns en hul dogters wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer het--sodat die land deur bloedskuld ontheilig is. En hulle het onrein geword deur hul werke en gehoereer deur hul dade."**

Dit is baie duidelik dat duiwels net 'n ander naam vir afgode is. Die aanbidding van duiwels word deur God beskryf as die aanbidding van "hul werke . . . hul dade" omdat geloof in duiwels die gevolg was van menslike verbeelding; die afgode wat hulle geskep het, was "hulle werke." Mense wat vandag in duiwels glo, glo in dinge wat deur die mens se verbeelding geskep word, eerder as dit wat God vir ons leer. Deuteronomium 32:15-23 beskryf God se woede wanneer Sy mense in duiwels glo. Israel het **"die steenrots van sy heil geminag. Hulle het deur vreemde gode sy ywer gewek; deur gruwels Hom geterg. Hulle het aan die duiwels geoffer, wat nie God is, gode wat aan hulle nie bekend was nie . . . En Hy (God) het gesê: Ek wil my aangesig vir hulle verberg . . . want 'n heeltemal verkeerde geslag is hulle, kinders in wie geen trou is nie. Hulle het my ywer gewek deur wat nie – God is, My geterg deur hulle nietige afgode . . . Ek sal onheile op hulle ophoop."**

Ons sien dus hoe God duiwels beskryf as afgode en gruwels – dinge wat tevergeefs in geglo word, wat geen bestaan het nie. Om in duiwels te glo dui op 'n gebrek aan geloof in God. Dit is nie maklik om te glo dat God alles in die lewe voorsien nie, beide die goeie en die slegte. Dit is makliker

om te dink dat die slegte dinge van iemand anders kom, want sodra ons sê dat dit van God af kom, dan moet ons geloof hê dat God hulle sal wegneem of dat hulle uiteindelik vir ons tot voordeel sal wees.

## Nuwe Testament Duiwels

Maar, kan u vra, "Wat van al die gedeeltes in die Nuwe Testament wat so duidelik van duiwels praat?" Ons moet een ding verstaan: die Bybel kan homself nie weerspreek nie, dit is die Woord van die Almagtige God. As ons duidelik vertel word dat dit God is wat ons probleme bring of toelaat, en dat Hy die bron van alle krag is, dan kan die Bybel nie terselfde tyd vir ons sê dat duiwels of geeste – klein gode wat vir God teenstaan – hierdie dinge op ons bring nie.

Dit is veelseggend dat die woord 'duiwels' net vier keer in die Ou Testament voorkom, en elke slag afgod-aanbidding beskryf; dit kom egter baie keer voor in die Nuwe Testament. Die rede hiervoor, stel ons voor, is dat, in die tyd wat die Evangelie geskryf is, dit die taalgebruik was om enige siekte wat nie verstaan kon word nie, aan duiwels toe te skryf. As duiwels regtig bestaan, en verantwoordelik is vir ons siektes en probleme, dan sou ons meer van hulle in die Ou Testament gelees het. Maar ons lees glad nie van hulle, in hierdie konteks, daar nie.

### Duiwels in die Nuwe Testament

Om te sê dat duiwels uit iemand gedryf is, is om te sê dat persone genees is van 'n geestelike kwaal, of 'n siekte wat hulle in daardie tyd nie kon verstaan nie. Mense wat in die eerste eeu geleef het, was geneig om alles wat hulle nie kon verstaan nie op denkbeeldige wesens, wat hulle ' duiwels' genoem het, te blameer. Omdat geestelike siektes moeilik was om te verstaan as gevolg van mense se gebrek aan mediese kennis, het hulle van sulkes gepraat as ' van die duiwel besete.'. In Ou Testament tye, het bose geeste verwys na 'n knellende geestestoestand (Rigters 9:23 ; 1 Samuel 16:14 ; 18:10). In Nuwe Testament tye, as mense van bose geeste of van ' die duiwel besete' gepraat het, het hulle gepraat van persone wat ly aan geeste siektes. Die verband tussen duiwel en siekte kan gesien word in die volgende:**" En toe dit aand geword het, het hulle baie na Hom (Jesus) gebring, wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe; sodat vervul sou word wat gespreek is deur Jesaja, die**

**profeet, (In die Ou Testament) toe hy gesê het: Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra "** (Mattheüs 8:16,17).

Dus is menslike krankhede en siektes dieselfde as om deur ' duiwels' of ' bose geeste' besete te wees.Mense het gedink dat Jesus mal was, en gesê dit moet wees omdat hy 'n duiwel in hom het – **"Hy is van die duiwel besete en is kranksinnig"** (Johannes 10:20 ; 7:19,20 ; 8:52). Hulle het dus geglo dat kranksinnigheid veroorsaak word deur duiwels.

## Genesing van Siekes.

Wanneer mense wat van "duiwels besete was" genees is, word gesê dat hulle nou 'by hulle verstand' was – Markus 5:15 ; Lukas 8:35. Dit impliseer dat om van "duiwels besete te wees" 'n ander manier was van sê dat iemand geestelik versteurd was, m.a.w. nie by hulle regte verstand nie.

Die wat deur "duiwels besete was" is "gesond gemaak" – Mattheüs. 4:24 *;* 12:22 ; 17:18. Weereens met die implikasie dat, om van die duiwel besete te wees, bloot 'n ander manier was om 'n siekte te beskryf. In Lukas 10:9 het Jesus vir sy 70 dissipels gesê om uit te gaan en "siektes gesond" te maak, wat hulle toe gedoen het. Hulle het terug gekeer en gesê, **"ook die duiwels onderwerp hulle aan ons in u Naam"** (vers 17) Weereens word duiwels en siektes gelyk gestel. Somtyds het die dissipels mense genees in die naam van Jesus en hier het ons 'n voorbeeld daarvan (sien ook Handelinge 3:6 ; 9:34).

## Die taal van die Dag

So sien ons dan dat in die Nuwe Testament dit die taalgebruik van daardie dae was om van iemand te praat as "van die duiwel besete" as hulle geestelik siek was, of 'n kwaal gehad het wat niemand kon verstaan nie. In daardie tyd was die Romeinse en Griekse geloof dat duiwels mense besit het, en dus kranksinnigheid veroorsaak het. "Christene" wat glo in die bestaan van duiwels, sê inderwaarheid dat hierdie heidense geloof heeltemal korrek was. Die Bybel is geskryf in taal wat mense kan verstaan. Omdat dit die taal van daardie dae gebruik, beteken dit nie dat die dissipels of Jesus, in duiwels geglo het nie. Ons het in Afrikaans die uitdrukking "van die maan gepla" wanneer ons van iemand praat wat 'n geestelike

afwyking het. Maar dit beteken nie dat ons glo dat kranksinnigheid deur die maan veroorsaak word nie.

As hierdie woorde neergeskryf word en oor 2000 jaar gelees word – as Jesus nog nie terug gekom het nie – kan mense dalk dink dat ons geglo het dat die maan malligheid veroorsaak. Maar hulle sou verkeerd wees omdat ons bloot die taal van ons dae gebruik, soos Jesus 2000 jaar gelede gedoen het. Ons praat ook van iemand wat van lotjie getik is, of in die groendakkies behoort. Maar dit beteken nie dat ons dink dat iemand met 'n loot geraps is, of in 'n plek met 'n groen dak moet wees nie. Dit is duidelik dat Jesus Christus nie op die 25ste Desember gebore is nie; tog gebruik die skrywer die term Kersfees wanneer van daardie dag gepraat word, alhoewel ek nie glo dat ons hierdie dag moet gebruik as herdenking van Christus se geboorte nie.

Die name van die dae van die week kom van heidense afgodsaanbidding – bv. "Sondag" beteken "die dag wat opgedra word om die son te aanbid"; "Saterdag" was die dag waarop die planeet Saturnus moes aanbid word; Maandag vir die maan; ens. Deur hierdie name te gebruik beteken nie dat ons deel in die heidense geloof van die mense wat oorspronklik ons huidige taal begin het nie. Toe Daniël se naam verander is na Beltsasar, 'n naam wat verwys na 'n heidense God, het die geïnspireerde Skrif in Daniël 4:19 hom by hierdie nuwe naam genoem, sonder om daarop te wys dat hierdie woord verband hou met vals denke. Ons praat van "die Pous" om 'n persoon te identifiseer, al dink ons dat dit verkeerd is om te glo dat hy werklik 'n 'pous' of vader is (Mattheüs 23:9).

Daar was 'n mite in Esegiël se tyd dat die land Israel verantwoordelik was vir die teenspoed van die mense daarin. Dit was onwaar, en tog redeneer God met Israel, en gebruik Hy die idee wat toe gewild was, **" So spreek die Here HERE: Omdat hulle vir julle sê: 'n Menseter is jy en een wat sy eie nasie kinderloos maak-- daarom sal jy (die land) nie meer mense opeet nie . . . , spreek die Here HERE"** (Esegiël 36:13,14).

Daar was 'n algemene heidense geloof dat die see 'n groot monster was wat die aarde wou verswelg. Alhoewel dit duidelik onwaar is, gebruik die Bybel dikwels hierdie figuur om sy oorspronklike lesers te help om dit wat voorgesit word te verstaan : Jeremia 5:22 ; Psalm 89:9 ; Habakkuk 3:10. Assiriese mitologie het hierdie opstandige seemonster Rahab genoem; en

dit is presies die naam wat aan die Egiptiese seemonster gegee is in Jesaja 51:*9*.

Aangesien die Bybel deur God geïnspireer is, is dit onmoontlik dat die Bybel bloot die heidense invloed weergee wat bestaan het in die tyd wat dit geskryf is. Dit moet wees dat God bewustelik verwys na kontemporêre gelowe, om te wys dat HY die uiteindelike bron van krag is; dit is HY wat die ' seemonster' beheer, sodat dit SY wil doen. God het dus die fundamentele fout in hierdie mense se gelowe reggestel, naamlik dat daar nie magte aan die werk was in die wêreld wat nie onder God se beheer was nie, en wat derhalwe by implikasie, magte van onheil was.

Maar in hierdie geval gaan die Bybel nie uit sy pad uit om die dwaasheid van so 'n geloof, dat daar 'n seemonster in die see skuil, af te kraak nie. Daar is baie sulke voorbeelde. In Job 26:13 word van 'n slang gepraat, en word waarskynlik verwys na die heidense gelowe van die tyd. Daar word nie probeer om die dwaasheid van hierdie idees te ontbloot nie, en ook nie om 'n wetenskaplike verklaring te gee nie. Die punt word egter gemaak dat GOD hierdie dinge beheer. Die houding van Christus teenoor die geloof in duiwels was identies; sy wonderwerke het duidelik gewys dat die krag van God absoluut en volledig was, nie-teenstaande die bygelowe van die tyd.

Mense wat glo dat die Nuwe Testament verwysings na duiwels 'n bewys is dat sulke wesens werklik bestaan, moet dan ook glo in 'n seemonster en dat weerlig eintlik 'n groot slang is. Hierdie is sekerlik 'n sterk punt wat ons maak; daar moet erkenning gegee word aan die feit dat die Bybel die taal gebruik van die tyd waarin dit geskryf is, sonder om noodwendig die gelowe te aanvaar wat die basis van daardie taalgebruik is.

Ons het gesien dat die gebruik van ons eie taal ook so kan wees. Die Bybel doen dit om die soort basiese waarhede wat ons in Studies 6.1 en 6.2 na gekyk het, te bevestig – dat God almagtig is; dat Hy verantwoordelik vir ons beproewinge is; dat sonde van binne ons kom. Ons moet aanvaar dat die Bybel taal gebruik wat na valse gelowe verwys, maar dat dit gedoen word om te wys dat Yahweh die enigste ware God is, ver verhewe bo die kleinlike gelowe van die mens. Met dit in gedagte, is dit verbasend hoeveel voorbeelde daar in die Nuwe Testament is van die taal van daardie dae wat gebruik word en wat nie reggestel is nie. Hier is 'n paar voorbeelde :-

Die Farisiërs het Jesus daarvan beskuldig dat hy wonderwerke doen deur die krag van 'n vals god met die naam Beëlsebul. Jesus het gesê **"En as Ek deur Beëlsebul duiwels uitdryf, deur wie dryf julle seuns hulle uit?"** (Mattheüs. 12:27) . 2 Konings 1:2 sê vir ons duidelik dat Beëlsebul 'n vals god van die Filistyne was. Jesus het nie gesê "Nou kyk, 2 Konings 1:2 sê dat Beëlsebul 'n vals god was, so julle aantyging kan nie waar wees nie."

Nee, hy het gepraat asof Beëlsebul bestaan het, want hy wou graag sy boodskap oordra aan die mense vir wie hy gepreek het. Net so het Jesus op dieselfde manier gepraat van duiwels uitdryf – hy het nie aanhou sê "eintlik bestaan die goed nie", hy het bloot die Evangelie in die taal van die dag verkondig.

Handelinge 16:16 is die woorde van Lukas, onder inspirasie: **" 'n slavin met 'n waarsêende gees."** Hy sê nie "terloops, die meisie het nie regtig die vermoë om die toekoms te voorspel nie …". Net so sê die Evangelie nie dat Jesus "duiwels uitgedryf het, maar wat, terloops, nie regtig bestaan het nie"; dit is net die taal van die tyd vir siektes.

In Lukas 5:32 sê Jesus vir die sondige Jode: "Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie …" Wat hy bedoel het was, "Ek het nie gekom om die wat glo dat hulle regverdig is te roep nie." Jesus het met hulle op hulle eie vlak gepraat, al het hy, tegnies, taal gebruik wat onwaar was. In Lukas 19:20-23 gebruik Jesus die onware woorde van die een talent man in die gelykenis, om met hom te redeneer, maar hy korrigeer nie die verkeerde woorde wat die man gebruik het nie.

Die Bybel praat dikwels van die son wat "opkom" en "ondergaan"; alhowel dit nie wetenskaplik korrek is nie. So ook word siekte van gepraat as "duiwels", maar dit is tegnies "verkeerde" taalgebruik. Handelinge 5:3 vertel hoe Ananias die Heilige Gees bedrieg het – iets wat eintlik onmoontlik is. Tog, wat Ananias gedink het hy doen, word van gepraat as 'n feit, al was dit nie.

Daar is baie Bybelse voorbeelde van taalgebruik wat verstaanbaar was toe dit geskryf is, maar wat vir ons nou vreemd is. Bv. "huid vir huid" in Job 2:4 het verwys na die gebruik in daardie tyd van handeldryf in velle met dieselfde waarde. Of in Deuteronomium. 23:18 word 'n manlike

prostituut na verwys as 'n hond (hondeprys). Net so is die taalgebruik van duiwels nog 'n voorbeeld.

Jesus het dikwels mense se verkeerde gelowe op die oog af aanvaar, sonder om hulle dadelik te weerspreek, maar dan die waarheid demonstreer. Ons het gewys dat dit ook God se benadering was toe hy met die heidense gelowe van die Ou Testament gehandel het. Christus se houding teenoor duiwels in Nuwe Testament tye was dieselfde; sy God-gegewe wonderwerke het dit baie duidelik gemaak dat siektes deur God veroorsaak is, nie 'n ander mag nie, siende dat dit God was wat die magtige krag gehad het om hulle te genees.

Paulus het Griekse digters aangehaal, bekend vir die onBybelse snert wat hulle kon voortbring, om mense wat geglo het wat die digters geleer het, te verbyster (Titus 1:12; Handelinge 17:28). Wat ons hier voorstel word saamgevat in Paulus se reaksie toe hy 'n altaar gesien het vir die aanbidding van "'n onbekende God", dit is enige heidense god wat mag bestaan, maar wat die mense van Athene dalk misgekyk het. Eerder as om hulle op die dwaasheid van hulle geloof te wys, vertel hy van die enigste ware God, wat hulle nie geken het nie (Handelinge 17:22,23).

Efesiërs 2:2 praat van "die owerste van die mag van die lug." Dit sinspeel duidelik op die mitologiese begripte van Zoroaster – die tipe van ding wat Paulus se lesers eers geglo het. Paulus sê dat hulle eers gewandel het **"volgens die owerste van die mag van die lug."** In dieselfde vers definieer hy dit as "*die gees* (denkwyse, 'n houding) *wat . . . werk*" in die natuurlike mens. Hulle het eers geglo in die heidense konsep van 'n hemelse gees-owerste; nou maak Paulus die punt dat die mag wat hulle van tevore onder was, hulle eie sondige verstand was. So word die heidense idee na verwys en van gepraat, sonder om dit spesifiek te bestraf, terwyl die waarheid oor die sonde gewys word.

Handelinge 28:3-6 vertel hoe 'n dodelike slang vir Paulus aan sy hand gebyt het. Die omstanders het besluit dat Paulus 'n moordenaar was "wat die goddelike wraak nie laat lewe nie." Hulle het die situasie heeltemal verkeerd verstaan. Paulus het nie in detail verduidelik wat die posisie was nie; hy het 'n wonderwerk gedoen en die slang afgeskud sonder om iets oor te kom.

Die wonderwerke van Jesus het die verkeerde siening van die mense, bv. oor duiwels, blootgestel, sonder om hulle in soveel woorde reg te help. So maak die Jode in Lukas 5:21 twee verkeerde stellings: dat Jesus godslasterlik was, en dat God alleen sondes kon vergewe. Jesus het hulle nie woordeliks reg gehelp nie; hy het eerder 'n wonderwerk gedoen wat die valsheid van hulle stellings bewys het.

Dit is duidelik dat Jesus geglo het dat dade beter is as woorde. Hy het selde vals idees veroordeel, so het hy byvoorbeeld nie die Wet van Moses veroordeel weens die gebrek daarvan om saligheid te bied nie. Maar hy het deur sy dade, byvoorbeeld genesing op die Sabbat gewys wat die Waarheid was. Toe hy verkeerdelik beskuldig is dat hy 'n Samaritaan was, het Jesus dit nie ontken nie (Johannes 8:48,49 vergelyk 4:7-9) al was sy Joodsheid, as die nasaat van Abraham, noodsaaklik vir God se plan vir saligheid (Johannes 4:22).

Selfs toe die Jode die verkeerde gevolgtrekking (moedswillig !) gemaak het dat Jesus "hom met God gelykgestel het" (Johannes 5:18), het hy dit nie uitdruklik ontken nie; hy het eerder getuig dat sy wonderwerke gewys het dat hy 'n man was wat namens God gehandel het, en dus was hy NIE gelyk aan God nie. Net so het Jesus se wonderwerke gewys dat om in duiwels te glo, verkeerd was. Christus se wonderwerk van die genesing van die siek man by die bad, het die dwaasheid gewys van die Joodse mite dat 'n engel op bepaalde tye die water van die bad by Betesda geroer het en sodoende genesende eienskappe daaraan gegee het. Hierdie mite word opgeteken sonder direkte ontkenning van die waarheid daarvan; die optekening van Christus se wonderwerk bring die valsheid daarvan aan die lig (Johannes 5:4).

2 Petrus 2:4 praat van sondige mense wat na Tartarus (dit word in baie weergawes as 'hel' vertaal), gaan. Tartarus was 'n denkbeeldige plek in die onderwêreld; tog help Petrus nie hierdie idee reg nie, maar gebruik hy dit eerder as 'n simbool van algehele vernietiging en straf vir sonde. Christus se gebruik van die woord GEHENNA was soortgelyk (sien Studie 4:9).

**Veroorsaak Duiwels regtig Siektes ?**

Elkeen wat glo dat duiwels bestaan moet vir hulleself die vraag vra : "Wanneer ek siek is, word dit deur duiwels veroorsaak?" As u dink dat die Nuwe Testament verwysings na duiwels oor geeste gaan wat rond beweeg en kwaad doen, dan moet u "ja" sê. In daardie geval, hoe kan u die feit verklaar dat baie siektes wat die gevolg van duiwels is, nou genees of beheer kan word deur medisyne? Malaria is 'n klassieke voorbeeld. Die meeste mense in Afrika het tot onlangs toe geglo dat malaria veroorsaak word deur duiwels, maar ons weet dat malaria genees kan word deur kinine en ander medisyne. Sê u dan dat as die duiwels die klein geel tabletjies by jou keel sien afgaan, hulle bang word en wegvlieg? Sommige van die siektes wat Jesus genees het, wat beskryf word as die gevolg van duiwel besetenheid, is vallende siekte of klem in die kaak – altwee kan genees word deur medisyne. Jesus het nie in duiwels geglo nie, maar hy het 2000 jaar gelede die taal van die dag gebruik om sy boodskap oor te dra.

## INSET 17 : TOORDERY

Hierdie onderwerp word behandel om grotendeels die in Afrika en ook ander dele van die wêreld, waar toordery 'n algemene verskynsel in die alledaagse lewe is, te help. Dit word aangeneem deur alle ware Bybelstudente dat toevlug tot hekse, toordokters of geeste onaanvaarbaar is. Maar ek besef dat toordokters dikwels goedkoper en meer toeganklik is as mediese dokters en dat dit, tesame met hulle oënskynlike sukses, vir hulle 'n meer aantreklike alternatief maak. Ons moet die probleem vanuit 'n logiese, Bybelse oogpunt beskou. Dit is die enigste manier wat ons die krag sal vind om die versoeking te weerstaan om hierdie mense te gebruik.

<u>Die Aanspraak van Toordery.</u>

Eerstens moet die aansprake op sukses wat hierdie hekse maak, ontleed word. Ons kan seker wees dat hulle baie oordryf. Hulle genesing word nooit openlik gedoen sodat almal dit kan sien nie. As hulle regtig suksesvol was, sou hulle in hospitale oor die hele wêreld gewerk het.

Die presiese toestand van die wat hulle sê hulle genees, word ook nooit bekend gemaak nie – hoeveel hulle toestand verbeter is nooit duidelik nie. Mense wat met hierdie versoeking worstel moet hulleself vra of hulle definitiewe bewyse het van die toordokter se krag. Bv. het jy <u>gesien</u> (nie net

gehoor nie) dat 'n man wat sy arm in 'n saagmeul verloor het, en nadat hy by die toordokter was, terugkeer met 'n nuwe arm wat perfek werk?

Dit is die soort bewys wat ons moet hê voor ons vir hulle enige geloofwaardigheid kan gee. Deuteronomium 13:1-3 is nog kragtiger : Israel is geleer dat as 'n heks 'n teken of wonder verrig wat lyk asof dit 'n wonderwerk kan wees, hulle steeds nie daardie persoon moet glo tensy hy of sy die ware lering volgens God spreek nie. Dit is duidelik dat toordokters nie die waarheid, soos geopenbaar in die Bybel, glo nie – derhalwe moet ons nie in die versoeking kom om te glo dat hulle regtig mag het nie, aangesien alle krag en mag slegs van God is (Romeine 13:1 ; 1 Korinthiërs 8:4-6).

Tweedens is die tipe klagtes waarmee hulle handel insiggewend. Die mens gebruik maar sowat 1 % van sy brein-krag. Dit wil voorkom asof dit buite ons mag is om bewustelik die res aan te wend (iets wat ons sonder twyfel in die Koninkryk sal doen). Sonder om dit te besef, kan ons verstand, ons denke, 'n amper fisiese uitwerking op ons liggame hê. So kan psigiaters (wat die verstand bestudeer) mense genees wat aan bloed siektes ly deur hulle te kry om intens te glo dat hulle bloed normaal word en behoorlik werk. Dokters gee toe dat daar nou en dan sulke genesing plaasvind sonder gewone medisyne. Net so kan spanning tot maag-swere en hoofpyne lei. Deur ons gedagtes te ontspan of op 'n sekere manier te oefen, kan ons die kwale laat verdwyn. Maar as ons arm byvoorbeeld in 'n saagmeul afgesny word, sal geen geestelike poging dit weer laat terugkom nie.

Toordokters kan slegs 'n uitwerking hê op kwale wat deur ons denke beheer word. Omdat ons nie ten volle begryp hoe ons verstand werk nie, lyk dit vir ons asof hierdie toordokters een of ander fisiese mag het. Maar dit is nie so nie; dit is die invloed op mense se denke wat hierdie effek tot gevolg het.

## **Die Bron van Krag**

Die feit is dat alle krag van God kom. Goeie sowel as slegte dinge soos siektes kom van Hom af – nie hekse of toordokters nie. Hierdie is 'n baie algemene tema in die Skriftuur – Jesaja 45:5-7 ; Miga 1:12 ; Amos 3:6 ;Eksodus 4:11 ; Deuteronomium 32:39; Job 5:18. Dit sal beslis die moeite werd wees om elkeen van hierdie gedeeltes sorgvuldig te lees. Dit volg dus dat dit na God is wat ons ons moet wend in gebed as ons siek is, terwyl ons

alles doen wat menslik moontlik is deur die gebruik van medisyne, om die probleem reg te maak. As ons toordokters toe gaan, wend ons ons na mense wat beweer dat hulle beheer het oor 'magte van duisternis' wat hulle in staat stel om ons te genees. Maar ons weet dat die magte waarin hulle glo nie bestaan nie. God is die bron van mag. Om ons tot toordokters te wend is om te glo dat God nie almagtig is nie en dat dit nie Hy is wat siekte op ons bring nie maar ander magte, wat toordokters beweer hulle kan beïnvloed.

Om so te dink maak ons vir God baie ontevrede, want Hy weet dat Hy die siekte gebring het en dat Hy almagtig is. Israel het in God geglo, maar hulle het ook geglo dat daar ander magte was wat in hulle lewens gewerk het, en hulle het afgode, wat vir hierdie magte gemaak is, aanbid. Dit het vir God so kwaad gemaak dat Hy hulle verwerp het. Tensy ons nie algehele geloof in Hom het nie, is dit vir God asof ons glad nie in Hom glo nie. Om te sê dat ons in die ware God van Israel glo, maar terselfde tyd die bestaan van ander magte apart van God aanvaar, en as ons toelaat dat 'n toordokter hierdie magte probeer beïnvloed om vir ons te help, is om presies soos Israel van ouds te handel. Die lang, tragiese geskiedenis van Israel se verafgoding is opgeteken sodat ons daaruit kan leer. Ons moet niks te doen hê met die wat in sulke magte glo nie. **"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem;"** (2 Korinthiërs 6:14-17).

As ons regtig die poging en die opoffering maak om onsself van hierdie dinge af te sonder, dan het ons die wonderlike versekering dat ons regtig die kinders van God is. 'n Natuurlike ouer is instinktief besorg as sy kind siek is. Is dit regtig so moeilik om te glo dat ons Hemelse Vader nog meer so sal wees? Dit is 'n feit dat hekse en toordokters net invloed het oor die wat in hulle glo. So kan iemand wat 'n geliefde verloor het miskien na 'n medium toe gaan en vra om die dooie persoon te sien. Die medium sal vir hulle sê om hulle oë toe te maak en om hulle voor te stel dat hulle die gesig

van die persoon duidelik sien. Die kliënt kan dan dalk op 'n foto van die oorledene konsentreer wat hy baie goed onthou. Die medium kan dan so van die dooie praat dat die kliënt glo hy lewe. Maar onthou, daar is nooit onteensegtelike bewys dat die persoon wel lewe nie.

Die towernaars wat vir Farao en Nebukadneser hulle drome uitgelê het, sou nooit hulle posisies beklee het as hulle nie redelik suksesvol was nie. Hulle het sonder twyfel hierdie tegniek van 'gedagte lees' dikwels gebruik. Maar wanneer God betrokke geraak het, het hulle hierdie vermoë verloor.

Net so het Balak geglo in Bileam se vermoë om mense te vervloek – hy het vir hom 'n groot som geld geoffer vir sy dienste en gesê :- "die een wat jy vervloek, is vervloek" (Numeri 22:6). Maar Bileam, wat op 'n manier 'n soort toordokter was, het gevind dat sy normale vermoë hom verlaat het toe hy met die mense van Israel te doen gehad het.

## ***Towery in die Bybel***

Prakties beteken dit dat as ons 'n toordokter wil besoek, ons algehele geloof in hom moet hê. En as ons dit doen, beteken dit dat ons nie in die almag van die ware God glo nie. Paulus praat van towery as "werke van die vlees", in dieselfde kategorie as afgodery, owerspel en hoerery (Galasiërs 5:19-21). SY kommentaar is dat "die wat sulke dinge doen, die Koninkryk van God nie sal beërwe nie."

Vroeër, onder die Wet van Moses, was die opdrag dat alle hekse, of enig-iemand wat met towery te doen gehad het, of die wat hulle kinders deur die vuur laat gaan het, summier moes sterf (Deuteronomium 18:10-14 ; Eksodus 22:18). Ons moet dus ver wegbly van goëlaars en waarsêers en mediums wat dooies raadpleeg. Om vir God te beledig soos die Israeliete gedoen het deur hulle geloof in afgode en towery (Deuteronomium 32:16-19), is ondenkbaar.

## INSET 18: WAT HET IN EDEN GEBEUR?

Genesis 3:4-5: **“Toe sê die slang vir die vrou: julle sal gewis nie sterwe nie; maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.”**

## Algemene interpretasie

Dit word verkeerdelik aanvaar dat die slang hier 'n engel is wat gesondig het, en wat “Satan” genoem word. Nadat hy uit die hemel gewerp is oor sy sonde, het hy aarde toe gekom en vir Eva versoek om te sondig.

## Kommentaar

1. Die gedeelte praat van “die slang”. Die woorde “Satan” en “duiwel” kom nie in die hele boek van Genesis voor nie. Die slang in Eden was 'n letterlike dier.

2. Nooit word die slang beskryf as 'n engel nie.

3. Dit is dus nie verbasend dat daar in Genesis geen verwysing is na enigiemand wat uit die hemel gewerp is nie.

4. Die sonde bring die dood (Romeine 6:23). Engele kan nie sterf nie (Lukas 20:35-36), dus kan engele nie sondig nie. Die beloning van die regverdiges is om soos die engele te wees, en om nie meer te kan sterf nie. As die engele kon sondig, dan sou die regverdiges ook kon sondig en derhalwe die moontlikheid hê om te kan sterf. Dit sou beteken dat hulle nie regtig die ewige lewe kan hê nie.

5. Die karakters wat betrokke is in die Genesis verhaal van die sondeval van die mens is: God, Adam, Eva en die slang. Niemand anders word genoem nie. Daar is geen aanduiding dat enige iemand binne die slang gegaan het om dit te maak doen wat dit gedoen het nie. Paulus sê dat die slang **“Eva deur sy (eie) listigheid bedrieg het**” (2 Korinthiërs 11:3). God het vir die slang gesê: **“Omdat jy dit gedoen het** .....” (Genesis 3: 14). As “Satan” die slang gebruik het, waarom word hy nie genoem nie en waarom is hy nie gestraf nie?

6. Adam het vir Eva blameer vir sy sonde**: “Sy het my van die boom gegee”** (Genesis 3:12). Eva het die slang blameer**: “Die slang het my**

**bedrieg, en ek het geëet"** (Genesis 3:13). Die slang het nie die duiwel blameer nie - hy het geen verskoning gemaak nie.

7. As dit gesê word dat slange vandag nie die vermoë het om te praat of om te redeneer nie, soos die slang in Eden gehad het, onthou dat:-

(a) Aan 'n donkie die mag gegee is om te praat en te redeneer met 'n man (BILEAM): **"Die (normaalweg) stom lasdier het met die stem van 'n mens gepraat en die waansinnigheid van die profeet verhinder"** (2 Petrus 2:16), en

(b)Die slang was een van die intelligentste van al die diere (Genesis 3:1). Die vloek daarop sou die vermoë wat dit gehad het om met Adam en Eva te praat, weggeneem het.

8. God het die slang geskape (Genesis 3:1); 'n ander wese wat "Satan" genoem is, het nie in 'n slang verander nie. As ons dit glo, dan sê ons in werklikheid dat een persoon die lewe van 'n ander kan binnegaan en dit beheer. Dit is 'n heidense idee, nie 'n Bybelse een nie. As dit gesê word dat God nie die slang sou skep weens die groot sonde wat dit Adam en Eva verlei het om te doen nie, onthou dan dat die sonde in die wêreld gekom het deur die mens (Romeine 5:12); die slang was dus amoreel, met ander woorde dit het geen sin van moraliteit gehad nie, en het gepraat na aanleiding van die natuurlike waarnemings wat dit gemaak het. As sulks was dit nie voor God verantwoordelik nie en kon die slang dus nie sondig nie.

Party mense sê dat die slang van Genesis 3 verband hou met die serafs. Maar die normale Hebreeuse woord vir "slang", wat in *Genesis 3* gebruik word, hou geen verband met die woord vir "serafs" nie. Die Hebreeuse woord wat "serafs" vertaal word beteken basies "brandend" of "giftig" en word "giftige slang" in Numeri 21:8 vertaal, maar dit is nie die woord wat as "slang" vertaal word in *Genesis. 3* nie. Die Hebreeuse woord vir koper kom van dieselfde oorsprong as die woord vir "slang" in *Genesis 3*. Koper verteenwoordig sonde (Rigters 16:21, 2 Samuel 3:34; 2 Konings 25:7; 2 Kronieke 33:11; 36:6), en dus kan die slang gekoppel word aan die idee van sonde, maar nie 'n sondige engel nie.

**VOORGESTELDE VERKLARINGS oor die betekenis van hierdie teksgedeelte:**

1. Daar is geen rede om te twyfel dat wat ons oor die skepping en die sondeval in die vroeë hoofstukke van Genesis lees, letterlik geneem moet word nie. "Die slang" was letterlik 'n slang. Die feit dat ons vandag slange kan sien wat op hulle mae seil, in vervulling van die vloek wat op die oorspronklike slang geplaas is, bewys dit. Net so sien ons mans en vrouens wat ly onder die vloeke wat op hulle in daardie tyd geplaas is. Ons kan verstaan dat Adam en Eva letterlik 'n man en 'n vrou was, soos ons vandag mans en vrouens ken. Derhalwe was die oorsponkilike slang 'n letterlike, maar meer intelligente dier as die slange van vandag.

2. Die volgende is verdere aanduidings dat die vroeë hoofstukke van Genesis letterlik gelees moet word:-

- Jesus het verwys na die vertelling van Adam en Eva se skepping as die basis van wat hy oor die huwelik en egskeiding geleer het (Mattheüs. 19:5-6); daar is geen sprake dat hy dit figuurlik gelees het nie.

- **"Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie (deur die slang)verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom"** (1 Timotheüs 2:13,14) - dus het Paulus ook Genesis letterlik gelees. Hy skryf vroeër oor **hoe "die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het**" (2 Korinthiërs 11:3) - let op dat Paulus nie sê dat die "duiwel" vir Eva bedrieg het nie.

- Is daar hoegenaamd enigiets wat dui daarop dat die vertelling van die skepping en sondeval figuurlik gelees moet word? Volgens Genesis 1 is die wêreld in 6 dae geskep. Dat hierdie letterlike dae van 24 uur is, word bewys deur die feit dat die verskillende dinge wat op verskillende dae geskep is, nie sonder mekaar kon bestaan vir langer as 'n paar dae nie. Die plante wat op die derde dag gemaak is sou afhanklik wees van bye, ens. wat eers op die sesde dag gemaak is. 'n Groot gaping tussen hulle skepping sou dus onvanpas wees. Dat die dae nie periodes van 1000 jaar of meer was nie kan gesien word in die feit dat Adam op die sesde dag geskape is, maar gesterf het na die sewende dag to hy 930 jaar oud was (Genesis 5:5). As die sewende dag 'n periode van 1000 jaar was, sou Adam ouer as 1000 jaar moes wees toe hy sterf.

- Verdere bewys vir letterlike dae van die skepping kan gevind word in die Sabbat Wet van Eksodus 20:10,11. Die Sabbat moes 24 uur van rus wees want God het op die sewende dag gerus, nadat hy vir ses dae gewerk het (soos Israel moes doen voor die Sabbat).

3. Omdat die slang vervloek is om op sy maag te seil (Genesis 3:14), kan die implikasie wees dat dit voorheen bene gehad het; voeg hierby sy vermoë om te redeneer, kan dit dan wees dat hy die diersoort naaste aan die mens was. Maar dit was beslis 'n dier (Genesis 3:1 en 14).

4. Miskien het die slang van die boom van kennis geëet, wat sy listigheid sou verklaar. Eva het gesien dat **"die boom goed was om van te eet en 'n boom wat 'n mens kan begeer om verstand te kry"** (Genesis 3:6). Hoe sou sy dit kon sien tensy sy die resultaat kon sien van iets wat dit reeds gedoen het? Dit kan wees dat Eva verskeie gesprekke met die slang gehad het, voor die een wat in Genesis 3 voorkom. Die eerste woorde wat opgeteken is van die slang aan Eva is**, "is dit ook so dat God gesê het ..........?"** (Genesis 3:1). Die woord "*ook*" is moontlik 'n aanduiding dat hierdie 'n voorsetting was van 'n vorige gesprek wat nie opgeteken is nie.

## INSET 19: LUCIFER

" Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die hemel, my troon verhef bo die sterre van God en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. Ek wil klim bo die hoogtes van die wolke, my gelykstel met die Allerhoogste!" (Jesaja 14:12-14).

### Die Algemene Interpretasie:

Dit word aangeneem dat Lucifer eers 'n magtige engel was wat voor Adam se tyd gesondig het, en neergewerp is aarde toe, waar hy nou moeilikheid maak vir God se mense.

### Opmerkings:

1. Die woorde “duiwel”, “Satan” en “engel” kom nooit in hierdie hoofstuk voor nie. Die woord “Lucifer” is ook nêrens in die hele skriftuur te vind nie.

2. Daar is geen bewys dat Jesaja 14 enigiets beskryf wat in die tuin van Eden plaas gevind het nie; as dit so is, hoekom moet ons vir 3000 jaar wag van Genesis se tyd af, voordat ons hoor wat werklik daar gebeur het?

3. Dit word van "môrester" gesê dat hy bedek is met maaiers en wurms (*vers11*) en getart word (*vers 16*) omdat hy geen meer mag het na sy uitwerping uit die hemel nie (*verse 5-8);* daar is dus geen rede om te glo dat Lucifer, of the duiwel, nou op aarde is en besig is om gelowiges te verlei nie.

4. Waarom is die duiwel gestraf toe hy gesê het**: “Ek wil opklim in die hemel”** *(vers 13),* as hy alreeds daar was?

5. Die "môrester" sou in die graf verrot: **“Jou trots is neergewerp in die doderyk ...... onder jou is wurms as 'n bed gesprei”** *(vers 11*). Die duiwel, of môrester, of Lucifer kan nie 'n engel wees nie, want engele kan die sterf nie (Lukas 20:35-36); die taalgebruik pas meer by 'n mens.

6. Verse 13 en 14 hou verband met 2 Thessalonicense 2:3-4, wat gaan oor **“die mens van sonde”** - derhalwe is “môrester” 'n ander mens - nie 'n engel nie.

**Voorgestelde verklarings:-**

1. Verskeie moderne vertalings van die Bybel (byvoorbeeld die Engelse NIV) sit hoofstukke 13-23 van Jesaja uiteen as 'n kommentaar oor verskeie nasies, byvoorbeeld Babilon, Tirus en Egipte. Jesaja 14:4 gee die konteks van die verse waarna ons kyk: **“dan sal jy hierdie spotlied (gelykenis) aanhef oor die koning van Babel .......”.** Die profesie gaan dus oor die menslike koning van Babel, wat beskryf word as “môrester”. Dit sê van sy val: **“Die wat jou sien, beskou jou, ...... en sê: Is dit die man wat die aarde laat sidder het.......?”** *(vers 16*). Dus is dit duidelik dat "môrester" 'n mens is.

2. Omdat "môrester" 'n menslike koning was, kon **" al die konings van die nasies ....... vir jou (die koning van Babel) sê: ook jy het kragteloos geword soos ons; jy het soos ons geword"***(Verse 9,10)..* Môrester was dus 'n koning soos enige ander koning.

3. Onthou dat hierdie 'n **"spotlied (gelykenis) oor die koning van Babel"** is (vers 4). Môrester (dit is wat die woord Lucifer beteken), is die helderste van die sterre. In die gelykenis besluit hierdie ster in sy trots om **"op te klim in die hemel, my troon verhef bo die (ander) sterre van God"** *(vers 13).* Dit is hieroor dat die ster neergewerp word aarde toe. Die ster verteenwoordig die koning van Babel. Daniël hoofstuk 4 verduidelik hoe Nebukadnesar, die koning van Babel, met trots die magtige koninkryk wat hy opgebou het, betrag, oortuig daarvan dat hy die ander nasies deur sy eie krag oorwin het, sonder om te dink daaraan dat dit God was wat vir hom die sukses gegee het. **"U, o koning ........ wie se grootheid (trots) toegeneem het en ryk tot aan die hemel"** *(vers 22).* Dit is om hierdie rede dat hy **"uit die mensdom verstoot is en plante geëet het soos die beeste ...... sy hare lank geword het soos die vere van arende, en sy naels soos die van voëls"** *(vers 33).*

4. Hierdie skielike verootmoediging van een van die wêreld se magtigste leiers na 'n waansinninge malmens was so 'n dramatiese gebeurtenis dat dit vergelyk is met die val van die môrester van die hemel of aarde toe. Sterre is simbolies van magtige persone, byvoorbeeld Genesis 37:9; Jesaja 13:10 (dit gaan oor die leiers van Babel); Esegiël 32:7 (die Egiptiese leier); Daniël 8:10, vergelyk vers 24. Opstyging na die hemel en val van die hemel is Bybelse idiome wat dikwels gebruik word wanneer verwys word na trots of verootmoediging respektiewelik - sien Job 20:6; Jeremia 51:53 (oor Babel); Klaagliedere 2:1; Mattheüs 11:23 (oor Kapernaum).

5. Vers 17 beskuldig die môrester daarvan dat hy **"die wêreld soos 'n woestyn gemaak en sy stede verwoes het, wat sy gevangenes nie losgelaat het huis toe nie".** Hierdie is beskrywings van Babel se militêre beleid wat hele gebiede tot die grond toe gesloop het (soos wat hulle met Jerusalem gemaak het), en gevangenes na ander gebiede vervoer het sodat hulle nie na hul tuisland kon terugkeer nie (soos hulle met die Jode gemaak het).

6. Vers 12 sê dat die môrester **“teen die aarde neergeslaan lê”** – soos 'n boom wat neergevel is. Dit is 'n skakel met Daniël 4:8-16, waar Nebukadnesar en Babel vergelyk word met 'n boom wat afgekap word.

## INSET 20: DIE VERSOEKINGE VAN JESUS

**" Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword. En die versoeker het na Hom gekom en gesê: As U die Seun van God is, sê dat hierdie klippe brode word. Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan en sê vir Hom: As U die Seun van God is, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen 'n klip stamp nie. Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie. Weer neem die duiwel Hom saam na 'n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid, en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien"** (Mattheüs. 4:1-11*)*.

<u>Die Algemene Interpretasie:</u>

Hierdie gedeelte word gesien as 'n wese, die “duiwel”, wat vir Jesus versoek het om te sondig deur sekere dinge aan hom voor te stel en hom in situasies van versoeking te lei.

**Kommentaar:-**

*1.* Jesus is **“in alle opsigte versoek net soos ons”** (Hebreërs 4:15), en: **“elkeen word versoek as hy deur sy eie begeerlikheid weggesleep en verlok word”** (Jakobus 1:14). Ons word versoek deur die “duiwel”, m.a.w. ons eie begeerlikheid, of sondige begeertes, en so was Jesus. Ons word nie versoek deur 'n goddelose wese wat skielik langs ons staan en ons

aanhits om te sondig nie - sonde en versoeking kom "**van binne, uit die hart van die mens"** (Markus 7:21).

2. Die versoekinge kon nie letterlik gewees het nie:-

✓ Mattheüs 4:8 impliseer dat Jesus na 'n hoë berg gelei is om al die koninkryke van die wêreld en hulle heerlikheid te aanskou. Daar is geen berg hoog genoeg om die hele wêreld te sien nie en boonop is die aarde 'n sfeer - mens kan van geen punt af die wêreld op een slag sien nie.

✓ 'n Vergelyking tussen Mattheüs 4 en Lukas 4 wys dat die versoekinge in 'n verskillende orde beskryf is. Markus 1:13 sê dat Jesus veertig dae in die woestyn was, waar hy deur die Satan versoek is, terwyl ons in Mattheüs 4:2-3 lees dat **"nadat hy veertig dae en veertig nagte gevas het .... die versoeker (Satan) na hom gekom het".**

Omdat die Skriftuur homself nie kan weerspreek nie, kan ons aflei dat hierdie versoekinge hulle self herhaal het. Die versoeking om klippe in brood te verander is 'n duidelike voorbeeld. Die versoekinge het in Jesus se gedagtes plaasgevind. Omdat hy ons natuur gehad het, sou die gebrek aan kos hom geestelik sowel as fisies affekteer het, en sou hy hom maklik dinge kon begin verbeel. 'n Lang tyd sonder kos kan lei tot ylhoofdigheid (vergelyk 1 Samuel 30:12). Die ooreenkoms tussen brood en klippe word genoem deur Jesus in Mattheüs 7:9, en hulle kon maklik in sy toestand verwar word. Maar hy het altyd beheer behou deur die Woord in herinnering te bring.

✓ Jesus het heel waarskynlik die gebeure tydens sy versoekinge oorvertel aan die Evangelieskrywers, en om die intensiteit van wat hy deurgemaak het te beklemtoon kon hy die figuurlike benadering gebruik het wat ons sien in Mattheüs 4. en Lukas 4.

✓ Dis onwaarskynlik dat die duiwel vir Jesus deur die woestyn en deur die strate van Jerusalem gelei het, en dat hulle toe saam op die dak van die tempel gaan staan het, alles voor die oë van nuuskierige Jode. En as hierdie versoekinge verskeie kere plaasgevind het in die veertig dae, sowel as aan die einde van daardie periode (wat ten minste twee keer was, aangesien Mattheüs en Lukas hulle in verskillende volgorde plaas), hoe sou Jesus tyd gehad het om na die naaste hoë berg (wat Hermon sou wees in die verre noorde van Israel) te gaan, dit uit te klim, na die woestyn

terug te keer, en dan die hele proses weer te herhaal ? Sy versoekinge het almal in die woestyn plaasgevind - hy was daar vir veertig dae, deurentyd deur die duiwel versoek (wat hom slegs aan die einde laat staan het - Mattheüs 4:11). As Jesus elke dag deur die duiwel versoek was, en die versoekinge in die woestyn plaasgevind het, dan volg dit dat Jesus nie die woestyn kon verlaat om Jerusalem toe te gaan of om na 'n hoë berg te reis nie. Hierdie dinge kon dus nie letterlik gebeur het nie.

✓ As die duiwel 'n fisiese persoon is wat geen respek vir God se Woord het nie en wat daarop uit is om mense te laat sondig, hoekom het Jesus dan vir hom Skriftuur aangehaal om hom te oorwin? Volgens die algemene beskouing sal dit nie die duiwel weg stuur nie. Let op dat Jesus elke slag 'n teksgedeelte uit die Bybel aangehaal het.

As die duiwel die verkeerde begeertes in Jesus se hart was, dan is dit verstaanbaar dat, deur die Woord in sy hart te hê en homself daaraan te herinner, hy hierdie verkeerde begeertes kon oorwin. Psalm 119:11 is so van pas dat dit dalk 'n spesifieke profesie van Christus se ondervindinge in die woestyn is: **"Ek het u woord in my hart gebêre dat ek teen U nie sal sondig nie"**.

✓ Mattheüs 4:1 sê dat Jesus **"deur die Gees weggelei (is), die woestyn in, om versoek te word deur die duiwel".** Dit was die Gees van God wat hy kort tevore ontvang het (Mattheüs 3:16). Dit is ondenkbaar dat die Gees van God vir Jesus die woestyn in gelei het om deur 'n bomenslike wese, wat in opposisie teen God staan, versoek te word.

**Voorgestelde Verklarings:-**

1. Toe Jesus in die Jordaan deur Johannes gedoop is, het hy die krag van die Heilige Gees ontvang (Mattheüs 3:16). Onmiddellik toe hy uit die water kom, is hy die woestyn in gelei om versoek te word.

2. Omdat hy geweet het dat hy die mag het om klippe in brood te verander, van geboue af te spring sonder om seer te kry, ens., moes hierdie versoekinge in sy gedagtes gewoed het. As dit 'n persoon was wat hierdie dinge voorgestel het, en Jesus het geweet dat dit 'n sondige persoon was, dan sou die versoekinge baie minder subtiel gewees het as wat hulle sou wees as hulle van sy eie gedagtes gekom het.

3. Die versoeking om die koninkryk vir homself te neem sou baie sterker wees as dit van binne Christus gekom het. Jesus se gedagtes sou vol van die Skriftuur wees, en in sy geteisterde toestand, veroorsaak deur die feit dat hy nie geëet het nie, sou dit 'n versoeking wees om skrifgedeeltes verkeerd te vertolk, en hulle te gebruik as regverdiging vir 'n maklike manier om uit die situasie waarin hy was, te kom. Dit word beklemtoon in Daniël (4:17, 25, 32; 5:21) dat **"die allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil";** Jesus sou geweet het dat net God, en niemand anders nie, vir hom die koninkryk kon gee.

4. Dit sou dus nie veel van 'n versoeking wees as 'n goddelose monster daarop aanspraak gemaak het dat hy vir Jesus die koninkryk kon gee nie. Christus het goed geweet dat net God daardie mag het. Jesus het egter geweet dat dit sy Vader se goeie wil was om vir hom, Jesus, die koninkryk te gee, en dit moes deur die "duiwel" binne Jesus gesuggereer wees dat hy die koninkryk onmiddellik kon ontvang. Jesus kon redeneer dat God in elk geval alle gesag aan hom gaan gee (Johannes 5:26,27), so hy kon net sowel nou die Koninkryk vestig.

5. Omdat hy so bekend was met die Skriftuur, sou Christus die ooreenkoms tussen homself en Elia, wie se veggees na 40 dae in die woestyn ingegee het (1 Konings 19:4-8) en Moses, wat sy onmiddellike erfenis van die land na 40 jaar in die woestyn verbeur het, gesien het. Jesus was na 40 dae in 'n soortgelyke posisie as hulle - hy het 'n werklike moontlikheid van mislukking in die gesig gestaar. Moses en Elia het gefaal oor menslike swakheid - nie as gevolg van 'n persoon wat "die duiwel" genoem word nie. Dit was hierdie selfde menslike swakheid, die "Satan" of teëstander, wat vir Jesus versoek het.

6. **"Toe sê die duiwel vir Hom: As U die Seun van God is ......"** (Lukas 4:3). Dit moes 'n aanhoudende versoeking in Christus se gedagtes wees om te wonder of hy regtig die Seun van God was, aangesien almal gedink het dat hy die seun van Josef was (Lukas 3:23; Johannes 6:42). Hy was die enigste mens wat nie 'n menslike pa gehad het nie.

7. Die versoeking is deur God vir Christus se geestelike groei daargestel. Die gedeeltes wat deur Jesus aangehaal word om homself te versterk teen sy sondige begeertes ("duiwel"), is almal van dieselfde deel van

Deuteronomium, wat betrekking het op Israel se ondervindinge in the woestyn. Jesus het 'n duidelike parallel tussen sy ondervindinge en hulle s'n gesien:-

| **Deuteronomium 8** | **Mattheüs 4 / Lukas 4** |
|---|---|
| Vers 2<br>**"En jy moet dink aan die hele pad waarlangs die HERE jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het tot jou verootmoediging en beproewing, om te weet wat in jou hart is, of jy sy gebooie sal hou of nie. "** | **"Jesus deur die Gees weggelei", "veertig dae", "in die woestyn".** Jesus het homself bewys deur die versoekinge. Hy het oorwin deur die Skriftuur wat in sy hart was, aan te haal (Psalm 119:11). |
| **Vers 3**<br>**"En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan".** | **"Hy het naderhand honger geword".** In Johannes 6 word manna vertolk deur Jesus as verteenwoordigend van die Woord van God - waarvan Jesus geleef het in die woestyn. Jesus het geleer dat hy geestelik deur die Woord van God geleef het. **"Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan"** *(Mattheüs 4:4).* |
| **Vers 5**<br>**"Erken dan in jou hart dat die HERE jou God jou onderrig soos 'n man sy seun onderrig,"** | Jesus het diep oor sy ondervindinge nagedink. God het sy Seun, Jesus, onderrig - 2 Sam. 7:14; Psalm 89:33. |

So het Jesus dan vir ons gewys hoe om die Woord te lees en te bestudeer - hy het homself in die posisie van Israel in die woestyn ingedink, en het die lesse wat uit hulle ervaring geleer kan word op homself in sy beproewinge toegepas.

## INSET 21: OORLOG IN DIE HEMEL

**"En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp"** (Openbaring 12:7-9).

Die Algemene Interpretasie:
Hierdie is een van die algemeenste gedeeltes wat gebruik word om aan te voer dat daar 'n rebellie in die hemel tussen die engele was, met die gevolg dat die duiwel en sy engele neergewerp is aarde toe en waar hulle, in die gestalte van 'n slang, probleme en sonde op aarde veroorsaak het.

## Kommentaar:-

1. Alles wat ons sover in die studie geleer het, moet in hierdie teksgedeelte aangewend word. Ons het gesien dat engele nie kan sondig nie en dat daar geen opstand in die hemel kan wees nie. Dus moet hierdie gedeelte, wat die engiste van sy soort is, vertolk word op 'n manier wat nie sondige engele behels nie, ook dat daar nie sondige engele is wat mense op aarde laat sondig nie, aangesien sonde van binne ons self kom, nie van buite ons nie (Markus 7:20-23).

2. Die slang is uit die hemel gewerp, wat veronderstel dat dit oorspronklik daar was. Maar die letterlike slang in Eden is geskep deur God uit die stof van die aarde (Genesis 1:24-25). Daar is geen aanduiding dat die duiwel van die hemel af gedaal en in die slang in gegaan het nie.

3. Dis belangrik om daarop te let dat hier geen verwysing is na engele wat sondig of in opstand teen God kom nie, net 'n oorlog in die hemel. Dit is onmoontlik vir enig iemand om teen God in die Hemel te veg.

4. Na die drama van verse 7-9, sê vers 10 **"Toe hoor ek 'n groot stem in die hemel sê: Nou het die heil en die krag en die koningskap die eiendom van onse God geword, en die mag van sy Christus; want die aanklaer van ons broeders is neergewerp, hy wat hulle aanklaag voor onse God, dag en nag."** As verse 7-9 aan die begin van die wêreld plaas gevind het, voor die tyd van Adam en Eva, hoe kan dit gesê word dat heil

en die koninkryk van God na Satan se val gekom het? Na Adam se sonde het die mensdom se treurige geskiedenis van sonde en mislukking begin - 'n toestand wat alles behalwe as "*heil en die koningskap*" beskryf kan word. Daar is vreugde dat die duiwel - die aanklaer - neergewerp is aarde toe. Waarom moet daar blydskap wees as sy koms aarde toe die begin van sonde en rampspoed vir die mens was? As 'n val van hemel na aarde egter figuurlik, in plaas van letterlik, verstaan word, as verteenwoordigend van 'n val van gesag (soos Jesaja 14:12; Jeremia 51:53; Klaagliedere 2:1; Mattheüs 11:23), kan baie meer sin van hierdie versgedeelte gemaak word. As al hierdie dinge gebeur het voor die tyd van Adam of dan voor die val van die mens, hoe kon die duiwel "ons broers" beskulding, siende dat hulle toe nog nie bestaan het nie?

5. Daar is geen aanduiding dat al hierdie dinge in the Tuin van Eden gebeur het nie. 'n Belangrike punt word gemaak in Openbaring. 1:1 en 4:1- dat die Openbaring 'n voorspelling is van dit "wat gou moet gebeur". Dit is derhalwe nie 'n beskrywing van wat in Eden gebeur het nie, maar 'n profesie van dinge wat een of ander tyd na die eerste eeu moes gebeur, toe die Openbaring deur Jesus gegee is. As ons regtig nederig is teenoor die Woord, sal ons sien dat hierdie argument alleen, alle pogings om Openbaring 12 na die tuin van Eden te laat verwys, die nek inslaan. Die vraag moet ook beantwoord word waarom die identiteit van die duiwel, en inligting oor wat in Eden gebeur het, terug gehou word tot aan die einde van die Bybel voor dit openbaar word.

6. **"Die groot draak ... die ou slang" (Openbaring 12:9). Die draak het "sewe koppe and tien horings"** *(vers 3)* gehad, en kon dus nie letterlik die slang wees nie. Die feit dat dit *"die ou slang"* genoem word, wys dat dit die kenmerke van daardie slang in Eden gehad het, in die sin dat dit 'n bedrieër was, soos die slang. Net so is **"die angel van die dood (is) die sonde"** (1 Korinthiërs 15:56), maar dit beteken nie dat die dood 'n letterlike skerpioen of slang is nie. Dit het die kenmerke van die slang weens die verband wat dit het met die sonde.

7. Die duiwel het neergedaal aarde toe en was uiters **aggresief "omdat hy weet dat hy min tyd het"** *(vers 12).* As die duiwel neergewerp is in Eden, sou hy die geleentheid gehad het om die mens regdeur die eeue te teister - en dit strook nie met die "min tyd" in vers 12 nie.

8. Hoe kon die duiwel **"die hele wêreld verlei"** *(vers 9*) voor hy uit die hemel gewerp is, as daar niemand in die wêreld was voor Adam nie?

9. Vers 4 sê dat die draak 'n derde van die sterre van die hemel meegesleep het, en hulle op die aarde gegooi het met sy stert. As dit letterlik gelees word - en Openbaring 12 moet letterlik gelees word om die algemene vertolking te steun - dan moet hierdie draak enorm wees. 'n Derde van die heelal kon op sy stert pas! Meeste sterre is ver groter as die aarde - hoe dan kon 'n derde van hulle op ons aarde val? En onthou, al hierdie dinge het gebeur of sal gebeur, na die eerste eeu AD, toe die profesie gegee is.

10. In die lig hiervan en baie ander dinge in Openbaring 12 wat dood eenvouding nie letterlik geneem kan word nie, is dit nie verbasend nie dat ons in vers 1 lees dat hierdie 'n boodskap is wat in simboliek gegee word - dit praat van 'n *"groot teken*" wat verskyn het.

11. Wanneer 'n mens lees wat die duiwel doen wanneer hy op die aarde is, is daar niks wat sê dat hy mense laat sondig nie; om die waarheid te sê, verse 12-16 wys dat die duiwel onsuksesvol was in sy pogings om moeilikheid op die aarde te veroorsaak nadat hy daar aangekom het nie. Dit is teenstrydig met die populêre interpretasie.

12. Een van die sleutel vrae van hierdie teksgedeelte is of die "hemel" wat hier van gepraat word, letterlik of figuurlik is. Ons het vroeër verduidelik dat "hemel" figuurlik kan verwys na 'n plek van gesag. Omdat Openbaring so 'n simboliese boek is, kan ons verwag dat dit hier ook die geval is.

Die vrou van vers 1 is **"bekleed met die son, en die maan was onder haar voete, en op haar hoof 'n kroon van twaalf sterre."** Hierdie hemelligame, sowel as die vrou, wat klaarblyklik in die hemelruim hang, kan nie letterlik wees nie. Sy kon nie letterlik met die son bekleed wees nie, of sterre so groot soos die aarde op haar letterlike kop gehad het nie.

Nog 'n teken verskyn in die hemel in vers 3 - 'n rooi draak. Dit word oor die algemeen aanvaar as die letterlike hemel, maar hoekom moet dit wees as dieselfde hemel in vers 1 voorkom, en dit is duidelik figuurlik? Vers 4 wys dat die draak 'n derde van die sterre van die hemel op die aarde gooi. Dit kan onmoontlik nie na letterlike sterre of 'n letterlike hemel verwys nie.

Die Koninkryk van God gaan op die aarde gevestig word (Daniël 2:44; Mattheüs 5:5), iets wat nie moontlik sal wees as die aarde vernietig word deur reuse sterre wat daarop val nie.

Die vrou in die "hemel" het toe haar kind gebaar, wat **"weggeruk is na God en Sy troon"** *(vers 5*). God se troon is in die hemel. As die vrou reeds in die hemel was, waarom moes haar kind "weggeruk" word hemel toe? Sy moes 'n simbool van iets op aarde gewees het. Dan vlug sy *"na die woestyn" (vers 6*). As sy in die letterlike hemel was, beteken dit dat daar 'n woestyn in die hemel is. Dit pas soveel beter as sy in 'n figuurlike, hemelse plek is, en dan vlug na 'n letterlik of figuurlike woestyn op die aarde. Dan kom ons by *vers 7* - **"daar het oorlog in die hemel gekom."** Al die ander verwysings na "*die hemel*" in Openbaring 12 is figuurlik en dit is net redelik om hierdie oorlog in 'n figuurlike hemel te sien. Dit moet so wees, aangesien daar geen opstanding of sonde in die letterlike hemel kan wees nie (Mattheüs 6:10; Psalm 5:5-6; Habakkuk 1:13). Die algemene siening is dat sondige engele in die hel opgesluit is; maar hier is hulle in die hemel. Hulle kan dus nie letterlike engele wees nie.

'n Vraag wat mense wat aan die ortodokse idee van die duiwel glo hulle self moet vra is: "kan ek 'n kort Bybelse geskiedenis van die duiwel gee, volgens my vertolking van Skrifgedeeltes?" Volgens 'ortodokse' redenasie is die antwoord gewoonlik soos volg:

(a) Die duiwel was 'n Engel in die Hemel wat uitgegooi is, en in die tuin van Eden beland het, volgens Genesis.

(b) Hy het aarde toe gekom en is getroud in Genesis 6.

(c) In Job se tyd, so word dit gesê, het hy toegang gehad tot beide die Hemel en die aarde.

(d) Teen die tyd van Jesaja 14 word hy uit die hemel, op die aarde gegooi.

(e) In Sagaria 3 is hy weer in die Hemel.

(f) In Mattheüs 4 is hy op die aarde. Hy word uitgewerp ten tye van Jesus se dood, volgens die populêre siening, "die prins van die wêreld", wat in daardie tyd uitgegooi is.

(g) Daar is 'n profesie van die duiwel wat "neergewerp" is in Openbaring 12.

(h) Die duiwel word "gebind" in Openbaring 20, maar hy en sy engele is reeds gebind in Genesis, volgends die algemene siening van Judas

vers 6. As hy toe gebind is met “ewige boeie”, hoe is dit dan dat hy weer gebind word in Openbaring 20?

Dit behoort dan nou duidelik te wees dat die algemene siening dat die duiwel uit die Hemel gewerp is omdat hy gesondig het, nie waar kan wees nie, aangesien ons lees dat hy steeds in die Hemel is na elke uitwerping. Dit is belangrik om beide die “Hemel” en die duiwel in 'n figuurlike sin te verstaan.

**Voorgestelde verklarings:-**

1. Om hierdie hoofstuk ten volle uit te lê is nie nou van pas nie. 'n Volle verduideliking van hierdie verse verg 'n begrip van die hele boek van Openbaring, sodat hulle in die regte konteks verstaan kan word.

2. Die konflik in die figuurlike hemel - dit is 'n plek van gesag - was derhalwe tussen twee groepe, elk met hulle eie volgelinge, of engele. Onthou dat ons gewys het dat die duiwel en satan dikwels met die Romeinse of Joodse stelsels vereenselwig word.

**3.** Dat die duiwel-draak een of ander politieke mag verteenwoordig, word aangedui deur die feit dat dit **“sewe krone op sy koppe”** het (*vers 3).* Openbaring 17:9, 10 sê ook oor hierdie draak: **“Hier kom die verstand wat wysheid het, te pas”** - m.a.w. moenie hierdie dier as 'n letterlike wese probeer verstaan nie **- “ die sewe koppe is sewe berge ....... en hulle is sewe konings.”** Een van die konings wat slegs vir 'n kort tyd daar sal wees, het moontlik verband met die duiwel - draak wat “*min tyd het*” in Openbaring 12:12.

# STUDIE 6: VRAE

1. Wie is op die ou end verantwoordelik vir ons probleme en swaarkry?
(A) God (B) Toeval (C) 'n Sondige wese met die naam Satan
(D) Sondige wesens wat geeste genoem word.

2. Wat is verantwoordelik vir ons versoeking om te sondig?
(A) Ons eie menslike natuur (B) God (C) Bose Geeste
(D) 'n Sondige wese wat Satan genoem word.

3. Wat beteken die woord "duiwel"?
(A) Sonde (B) Die slang (C) Vals beskuldiger / kwaadprater (D) Lucifer.

4. Wat beteken die woord "Satan"?
(A) Sondaar (B) Teenstander
(C) 'n Dier
(D) Koning van die Geeste.

5. Kan die woord "Satan" vir goeie mense gebruik word?

6. Waarna kan "Satan" en "duiwel" figuurlik verwys?

7. Hoe verstaan ons "Geeste" soos dit in die Nuwe Testament voorkom?
(A) Sondige Engele
(B) Siektes
(C) Die taal van daardie dae vir siektes wat mense gedink het deur "geeste" veroorsaak is
(D) Geestelike wesens.

8. Hoe verstaan u die slang in die tuin van Eden?

# Bybel Beginsels

# Studie Sewe

# Die oorsprong van Jesus

**Deel 2**

"Die dinge aangaande die naam van Jesus Christus"

**(Handelinge 8:12)**

## 7.1 OU TESTAMENTIESE PROFESIEË OOR JESUS

Studie 3 het verduidelik hoe God se doel m.b.t. die verlossing van die mens in Jesus Christus gesentreer is. Die beloftes wat God aan Eva, Abraham en Dawid gemaak het, verwys almal na Jesus as hul letterlike nageslag. Die hele Ou Testament wys inderdaad vooruit na, en profiseer oor Christus. Die Wet van Moses, wat Israel voor Jesus se bestaan moes gehoorsaam, het vooruit na Jesus gewys: **"Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof**" (Galasiërs 3:24).

So byvoorbeeld moes 'n lam sonder enige gebrek tydens Pasga geslag word (Eksodus 12:3-6). Dit het die offer van Jesus, **"die Lam van God wat die sonde van die wêreld sou wegneem"**, verteenwoordig (Johannes 1:29; 1 Korinthiërs 5:7). Die foutlose toestand wat van al die diere-offers vereis was, het vorentoe gewys na die perfekte karakter van Jesus (Eksodus 12:5 vergelyk 1 Petrus 1:19).

Die Psalms en profete in die Ou Testament bevat menige profesieë oor hoe die Messias sou wees. Hulle fokus ook op hoe hy sou sterf. Die Jode se weiering om die idee van 'n Messias wat moes sterf te aanvaar, kan alleenlik toegeskryf word aan hulle onkunde oor hierdie profesieë, 'n paar wat ons nou voorlê:

| Ou Testamentiese Profesie | Vervulling in Christus |
|---|---|
| *Psalm 22:1 – "My God, my God, waarom het U my verlaat,?"* | Hierdie was die presiese woorde van Jesus op die kruis (*Mattheüs 27:46*). |
| *Psalm 22:7-9 – "Maar ek is 'n wurm en geen man nie, 'n smaad van die mense en verag deur die volk. Almal wat my sien, spot met my; hulle steek die lip uit, hulle skud die hoof en sê "Laat dit aan die HERE oor! Laat Hy* | Die Jode het Jesus geminag en bespot (*Lukas 23:35; 8:53*); hulle het hulle koppe geskud (*Mattheüs 27:39*) en gesê "hy vertrou in God, laat die hom red" (Mattheüs 27:43). |

| | |
|---|---|
| *hom red, laat Hy hom bevry: Hy het mos behae in hom* !" | |
| *Psalm 22:16,17 - ... my tong kleef aan my verhemelte; ..... hulle het my hande en my voete deurgrawe.* | Jesus was bitter dors op die kruis (*Johannes 19:28*). Die hande en voete wat deurboor is wys na die kruisiging. |
| *Psa 22:19 – Hulle verdeel my klere onder mekaar en werp die lot ..."* | Die presiese vervulling hiervan word in *Mattheüs 27:35* gevind. |
| Let daarop dat *Psalm 22:23* spesifiek in *Hebreërs 2:12* aangehaal word as sou dit betrekking hê op Jesus. | |
| *" Vreemd het ek vir my broers geword en 'n onbekende vir die seuns van my moeder.*<br>*Want die ywer vir u huis het my verteer, en die smaadhede van die wat U smaad, het op my geval" (Psalm 69:9,10).* | Dit beskryf duidelik die gevoel van vervreemding wat Jesus t.o.v. sy eie familie en van die Jode gehad het. *(Johannes 7:3-5; Mattheüs 12:47-49).* Dit word in *Johannes 2:17* aangehaal. |
| *"En hulle het aan my gal gegee as my spys, en vir my dors het hulle my asyn laat drink" (Psalm 69:22).* | Dit het gebeur terwyl Christus aan die kruis gehang het *(Mattheüs 27:34*). |
| Die hele *Jesaja 53* is 'n merkwaardige profesie van Jesus se dood en wederopstanding waarvan elke vers 'n vervulling het. Net twee voorbeelde word hier aangegee: | |
| *"Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders--ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie"* (*Jesaja 53:7).* | Christus, die Lam van God, het stil gebly gedurende sy verhoor (*Mattheüs 27:12,14*). |
| *"En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees* | Jesus was saam met kriminele gekruisig (*Mattheüs 27:38*), maar in die graf van 'n ryk man begrawe (*Mattheüs 27:57-60*). |

| | |
|---|---|
| *het nie"* (*Jesaja 53:9*). | |

Dit is geen wonder nie dat die Nuwe Testament ons herhinner dat **die "wet en die profete"** van die Ou Testament die basis vir ons kennis oor Christus is nie (Romeine 1:2,3; Handelinge 26:22; 28:23; Romeine 16:25,26). Jesus self het gewaarsku dat as ons nie **"Moses en die profete"** verstaan nie, ons hom nie kan verstaan nie (Lukas 16:31; Johannes 5:46,47).

Die feit dat die Wet van Moses vorentoe na Jesus gewys het, en die profete oor hom geprofeteer het, is bewys genoeg dat Jesus nie fisies voor sy geboorte bestaan het nie. Die vals leerstelling dat Jesus voor sy geboorte bestaan het, maak die herhaaldelike beloftes dat hy die nageslag (nakomeling) van Eva, Abraham en Dawid sou wees, sinneloos.

As hy reeds in die hemel bestaan het ten tye van hierdie beloftes, sou God verkeerd gewees het om hierdie mense 'n nakomeling te belowe wat die Messias sou wees. Die geslagsregisters van Jesus in Mattheüs 1 en Lukas 3 wys dat Jesus die nakomeling is van die mense aan wie God die belofte gemaak het.

Die beloftes aan Dawid rakende Jesus maak die fisiese bestaan van Jesus ten tye van hierdie beloftes onmoontlik :- **" As jou dae vol is en jy met jou vaders ontslaap het, sal Ek jou nakomeling wat uit jou liggaam sal voortkom, laat optree en sy koningskap bevestig.**

**Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koninklike troon bevestig tot in ewigheid. Ek sal vir hom 'n vader wees, en hy sal vir My 'n seun wees**;"… (2 Samuel 7:12,14).

Let op die toekomstige sin waarin hierdie beloftes gemaak word. Aangesien God Jesus se Vader sou word, is dit onmoontlik dat die Seun van God reeds ten tye van die beloftes kon bestaan. Dat hierdie nakomeling "uit die vrug van sy liggaam" sou kom, wys dat Jesus 'n letterlike en fisiese nakomeling van Dawid sou wees. **"Die HERE het aan Dawid gesweer in waarheid (Hy sal daarvan nie terugkom nie): Van die vrug van jou liggaam sal Ek laat sit op jou troon"** (Psalm 132:11).

Salomo het hierdie belofte gedeeltelik vervul, maar aangesien hy reeds bestaan het ten tye van die belofte (2 Samuel 5:14), sou hierdie belofte eers

ten volle in Jesus vervul word (Lukas 1:31-33**). "Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land"** (Jeremia 23:5) – dit is die Messias.

Voorbeelde van soortgelyke profesieë wat oor Jesus se toekomstige bestaan handel, is die volgende:- **"'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel"** (Deuteronomium 18:18). Hierdie profesieë word in Handelinge 3:22,23 aangehaal en identifiseer die "profeet" as Jesus. **"Daarom sal die HERE self aan julle 'n teken gee: Kyk, die maagd sal swanger word en 'n seun baar en hom Immánuel noem"** (Jesaja 7:14). Dit is duidelik vervul met Jesus se geboorte (Mattheüs 1:23).

## 7.2 DIE MAAGDELIKE GEBOORTE

Die verhaal van Jesus se geboorte sluit die moontlikheid dat hy voorheen fisies bestaan het uit. Diegene wat die verkeerde lering van die "drie-enigheid" aanhang, glo dat daar op 'n stadium drie persone in die hemel was.

Een van hulle het toe verdwyn en op 'n manier as 'n fetus in die baarmoeder van Maria verskyn. Dit het toe net twee van die persone van die Godheid in die hemel agtergelaat.

Ons het gesien in die Bybel dat alle bestaan – God ingesluit - 'n bestaan in 'n fisiese, liggaamlike vorm is. Ons moet dus tot die gevolgtrekking kom, op die basis van die "drie-enigheid" lering, dat Christus op een of ander manier fisies na die aarde gekom het en Maria se baarmoeder binnegedring het. Hierdie komplekse teologie is buite die lering van die Skrif. Die verhaal van Jesus se geboorte gee geen rede, wat ookal, dat ons moet dink dat hy fisies die hemel verlaat het om in Maria as baba te ontstaan nie. Die gebrek aan bewyse hiervoor is 'n groot 'vermiste skakel' in die lering van die 'drie-enigheid'.

Die engel Gabriël het aan Maria verskyn met die boodskap :- **" En kyk, jy sal swanger word en 'n Seun baar, en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee, en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie. Toe sê Maria vir die engel: Hoe kan dit wees aangesien ek geen man het nie? En die engel antwoord en sê vir haar: Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, Seun van God genoem word"** (Lukas 1:31-35).

Twee keer word dit beklemtoon dat Jesus die Seun van God sou word met sy geboorte; uiteraard het die Seun van God nie bestaan voor sy geboorte nie. Weereens moet daar na die verskeie toekomstige verwysings in die teks gelet word. As Jesus alreeds fisies bestaan het toe die engel die boodskap gebring het, sou hy alreeds "groot" gewees het. Jesus was die "*nakomeling*" van Dawid (Openbaring 22:16); die Griekse 'genos' impliseer dat Jesus uit Dawid 'gegenereer' was.

**Die Bevrugting van Maria**

Maria het bevrug geraak sonder om gemeenskap met 'n man te hê. Dit was as gevolg van die Heilige Gees (God se krag) wat op haar ingewerk het. Josef was dus nie die werklike vader van Jesus nie.

Dit moet verstaan word dat die Heilige Gees nie 'n persoon is nie (Sien Studie 2). Jesus was nie die Seun van die Heilige Gees nie, maar wel die Seun van God, deur God se inwerking van Sy gees op Maria (Lukas 1:35). Die gebruik van die woord "daarom" impliseer dat Jesus nie sou bestaan het as dit nie was dat die Heilige Gees op Maria ingewerk het nie.

Die feit dat Jesus "bevrug" was in Maria se baarmoeder (Lukas 1:31), is ook 'n bewys dat hy nie voor hierdie tyd kon bestaan het nie. As 'n idee in ons ontstaan, begin dit by ons. So het Jesus ontstaan. Hy het begin as 'n fetus in die baarmoeder van Maria, net soos enige ander menslike wese. Johannes 3:16 vertel dat Jesus die 'eniggebore Seun' van God is. Miljoene mense wat hierdie vers kan opnoem besef nie wat dit eintlik impliseer nie. As Jesus "gebore"was, het hy "ontstaan" ('n woord wat nou verwant hou met 'gebore') toe hy in Maria se baarmoeder ontstaan het. As Jesus God se eniggebore seun is, is dit 'n duidelik bewys dat God ouer as hy is – God het

geen begin nie (Psalm 90:2), en dus kan Jesus nie God self wees nie (Studie 8 brei meer uit op hierdie punt).

Dit is beduidend dat Jesus "gebore", eerder as geskape was (soos Adam in die tuin van Eden). Dit verduidelik die noue verhouding wat God met Jesus gehad het (2 Korinthiërs 5:19). Jesaja 49:5,6 is 'n profesie rakende Christus as die lig van die wêreld wat hy in Johannes 8:12 vervul het. Ons lees dat die HERE hom "van die moederskoot af geformeer het om Sy kneg te wees." Christus was dus "geformeer" deur God in Maria se moederskoot, deur die krag van Sy Heilige Gees. Maria se moederskoot was duidelik die plek van Christus se fisiese ontstaan.

Ons het in Studie 7.1 gesien dat Psalm 22 Christus se gedagtes op die kruis voorspel het. Hy het dit bepeins dat God "my uit die moederskoot uitgetrek het . . . van die skoot van my moeder af is U my God" (Psalm 22:10,11). Ten tye van sy dood het Christus teruggekyk na sy oorsprong – in die moederskoot van sy ma Maria, geformeer deur die krag van God. Die blote feit dat die Evangelies vir Maria as Christus se "moeder" beskryf, spreek teen die idee dat Jesus voor sy geboorte bestaan het.

Maria was 'n gewone menslike wese met normale menslike ouers. Dit word bewys deurdat sy 'n niggie gehad het wat geboorte gegee het aan Johannes die doper, 'n gewone man (Lukas 1:36). Die Rooms Katolieke lering dat Maria nie 'n gewone menslike natuur gehad het nie, beteken dat Christus nie beide "seun van die mens" en "seun van God" kon gewees het nie. Hierdie is egter titels wat gereeld van Jesus in die Nuwe Testament gebruik word. Hy is die "seun van die mens" omrede hy 'n geheel en al menslike moeder gehad het, en "seun van God" omdat God hom, d.m.v. Sy wonderbaarlike krag, in 'n maagd verwek het.

Die Evangelies dui telkens Maria se menslikheid aan. Christus het haar ten minste twee keer berispe vir 'n gebrek aan geestelike insig (Lukas 2:49; Johannes 2:4). Sy het nie al sy leringe begryp nie (Lukas 2:50). Dit is juis wat ons sou verwag van 'n vrou met ons natuur wat die moeder van die Seun van God was. Dus sou haar seun meer geestelik as sy wees. Josef het gemeenskap met Maria gehad na Christus se geboorte (Mattheüs 1:25), en

daar is geen rede om te vermoed dat hulle nie 'n normale huwelik van toe af gehad het nie.

Die feit dat daar van Christus se "moeder en sy broers" in Mattheüs 12:46,47 melding gemaak word, wys dat Maria nog ander kinders na Jesus gehad het. Jesus was net haar eersgeborene. Die leringe van die Rooms Katolieke dat Maria 'n maagd gebly het en toe na die hemel opgevaar het, is dus glad nie Bybels nie. As 'n menslike wese sou Maria oud geword en gesterf het; boonop lees ons ook nog in Johannes 3:13 dat geen mens nog ooit na die hemel opgevaar het nie. Die feit dat Jesus 'n menslike natuur gehad het (Hebreërs 2:14-18; Romeine 8:3), beteken dat sy ma dit ook moes gehad het aangesien sy Vader (God) dit nie gehad het nie.

## 7.3 Christus se Posisie in God se Plan

God besluit nie om planne op die ingewing van die oomblik te maak nie, of om addisioneel dele by te voeg soos Sy doel met die mensdom vorder nie. God het 'n volledige plan geformuleer van die begin van die skepping af (Johannes 1:1).

Sy begeerte om 'n seun te hê was dus deel van Sy plan van die begin af. Die hele Ou Testament openbaar verskillende aspekte van God se plan van verlossing in Christus.

Ons het herhaaldelik gewys dat God telkens Sy doel in Christus, deur die beloftes , die profesieë van die profete, en die Wet van Moses, in die Ou Testament openbaar. Dit was omdat God geweet het dat Hy 'n seun sou hê dat Hy alles geskape het (Hebreërs 1:1,2). Die woord "deur" in die Afrikaanse teks is eerder "om wie se onthalwe" in die oorspronklike Grieks en sekere vertalings soos byvoorbeeld die "Revised Authorised Version" toon dit dan ook so aan. Dit is te verwagte dat God se openbaring aan die mens deur al die jare, soos aangeteken in die Ou Testament, vol van verwysings na Christus sal wees.

Die verhewenheid van Christus en sy fundamentele belangrikheid vir God is vir ons moeilik om ten volle te begryp. Dit is egter waar om te sê dat Christus in die plan en gedagtes van God "bestaan" het van die begin af, maar dat Jesus eers fisies bestaan het met sy geboorte. Hebreërs 1:4-7,13,14

beklemtoon dat Jesus nie 'n engel was nie. Tydens sy lewe op aarde was hy minder as die engele (Hebreërs 2:7), maar hy was verhewe tot groter eer as hulle aangesien hy God se eniggebore seun was (Johannes 3:16). Ons het vroeër gewys dat die engiste vorm van bestaan wat in die Skrif geleer word 'n fisiese bestaan is, en dus het Christus nie as 'n 'gees' voor sy geboorte bestaan nie. 1 Petrus 1:20 som dit so op:- **" wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil,……"**

Jesus was die sentrale kern punt van die Evangelie. Ons lees in Romeine :-
**" Paulus, 'n dienskneg van Jesus Christus, 'n geroepe apostel, afgesonder tot die evangelie van God wat Hy tevore beloof het deur sy profete in die heilige Skrifte, aangaande sy Seun wat gebore is na die vlees uit die geslag van Dawid en na die Gees van heiligheid met krag verklaar is as die Seun van God deur die opstanding uit die dode, Jesus Christus, onse Here,…"** (Romeine 1:1-4).

Die geskiedenis van Christus kan dus as volg opgesom word:
1. Beloof in die Ou Testament – met ander woorde in God se plan ;
2. Geskape as 'n fisiese persoon deur 'n maagdelike geboorte, as die nakomeling van Dawid ;
3. Toon 'n perfekte karakter ("gees van heiligheid") gedurende sy sterflike lewe ;
4. Was as gevolg van hierdie karakter opgewek, en is weer deur die apostels se verkondigings as die Seun van God verklaar.

**Die Voorkennis van God**

Dit sal ons baie help om te waardeer hoe ten volle Christus in God se gedagtes was in die begin, toe hy nog nie fisies bestaan het nie, as ons begryp dat God alles weet wat nog in die toekoms sal gebeur. Hy het volkome "voorkennis". God kan derhalwe van dinge dink en praat wat nie bestaan nie, asof hulle wel bestaan. So is Sy absolute kennis van die toekoms. God **kan " … die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan"** (Romeine 4:17). Jesaja haal Hom aan:- **"wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen"** ( Jesaja

46:10). Dit is hierom dat God van die dooies kan praat asof hulle lewe, en van mense kan praat asof hulle lewe voor hul geboorte.

Die "raadsplan", of woord van God, het Jesus van die begin af voorspel; hy was altyd in God se plan. Dit was dus 'n voldonge feit dat Christus op 'n sekere toekomstige tyd fisies gebore sou word; God sou Sy verklaarde doel in Christus vervul. Die sekerheid van God se voorkennis word dus weerspieël in die sekerheid van Sy woord.

Die Bybelse Hebreeus het 'n "profetiese teenswoordige tyd" wat die verlede tyd gebruik om toekomstige dinge wat God beloof, te beskryf. So sê Dawid dan,
**" Dit is die huis van die HERE God, en dit is die brandofferaltaar vir Israel"** (1 Kronieke 22:1), toe die tempel nog net deur God beloof was. Sy geloof in God se woord van belofte was so sterk dat Dawid die teenswoordigetyd gebruik het om toekomstige dinge te beskryf. Die Skrif is vol voorbeelde van God se voorkennis.

God was so seker dat Hy die beloftes aan Abraham sou vervul dat Hy aan hom gesê het **:" Aan jou nageslag gee Ek hierdie land,..."** (Genesis 15:18). Dit was op 'n tydstip toe Abraham nog nie eers 'n nageslag gehad het nie. Tydens hierdie selfde periode, voordat die nakomeling (Isak / Jesus) gebore is, het God verder belowe :- **"Ek maak jou 'n vader van menigte nasies"** (Genesis 17:5). Waarlik, God noem die dinge wat nie is nie, asof hulle wel is.

Christus sê tydens sy bediening hoe God **"alles in sy hand gegee het"** (Johannes 3:35), alhoewel dit toe nog nie heeltemal die geval was nie. " Alle dinge **het** U onder sy voete gestel. Want in die onderwerping van alle dinge aan hom het Hy niks uitgesonder wat aan hom nie onderworpe is nie. Maar nou sien ons nog nie dat alle dinge aan hom onderwerp is nie" (Hebreërs 2:8).

God het vertel van Sy plan van verlossing deur Jesus " soos Hy gespreek het deur die mond van sy heilige profete van ouds af" (Lukas 1:70). Omdat hierdie mense so nou met die plan van God geassosieer was, word daar van hulle gepraat asof hulle letterlik van die begin af bestaan het, al is dit nie die geval nie. Ons kan eerder sê dat die profete in God se plan was, reg van die begin af. Jeremia is 'n goeie voorbeeld. God het aan hom gesê: "

Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak" (Jeremia 1:5).

God het dus alles oor Jeremia geweet voor hy geskape was. Net so kon God oor die Persiese koning Kores praat voor sy geboorte, terwyl Hy taal gebruik wat die idee mag skep dat die koning ten tye van God se uitspraak alreeds bestaan het (Jesaja 45:1-5). Hebreërs 7:9,10 is nog so 'n voorbeeld van die taalgebruik waar van iemand gepraat word asof hy reeds bestaan nog voor hy gebore is.

Net soos daar van Jeremia en die profete gepraat word asof hulle bestaan het voor die skepping, as gevolg van hulle deel in God se plan, net so word ware gelowiges ook beskryf al sou hulle voor die skepping bestaan.

Dit is egter duidelik dat ons nog nie toe werklik fisies bestaan het nie, maar slegs in die denke (plan) van God. God " wat ons gered en geroep het met 'n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is" (2 Timotheüs 1:9).

God het " soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil " (Efesiërs 1:4,5).

In die lig hiervan is dit nie verbasend dat van Christus gepraat word asof hy van die begin af in God se denke (plan) bestaan het nie, alhoewel hy nie toe al fisies bestaan het nie. Net soos Jesus van die begin af geken was (1 Petrus 1:20), net so was die gelowiges (Efesiërs 1:4). Dieselfde Griekse woord word vir die woord "geken" en "uitverkies" in hierdie verse gebruik. Dit is vir ons moeilik om hierdie beginsel te begryp omdat ons nie maklik kan verstaan hoe God buite die konsep van tyd opereer nie. "Geloof" is die vermoë om na dinge uit God se oogpunt, sonder die beperkinge van tyd, te kyk.

## 7.4 "IN DIE BEGIN WAS DIE WOORD" (JOHANNES 1:1-3)

"**In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie"** "(Johannes 1:1-3).

Hierdie verse, as ons hulle reg verstaan, bevestig en brei uit op die gevolgtrekkings wat ons in die vorige afdeling bereik het. Hierdie gedeelte word egter heeltemal misverstaan en die gevolg is dat soveel mense verkeerdelik glo dat Jesus in die hemel bestaan het voor sy geboorte. Die regte interpretasie van hierdie verse hang af van wat die term "die Woord" in die konteks van die verse beteken.

Dit kan nie direk na 'n persoon verwys nie aangesien 'n persoon nie gelyke tyd by God en ook God self kan wees nie. Die Griekse woord "logos" wat hier as "Woord" vertaal word, beteken nie opsig self "Jesus" nie. Dit word meestal as "dit wat gesproke, gesê was, of gesê is, of gesê word" vertaal. Die "Woord" word verwys na as "hy" omdat "logos" 'n manlike vorm in die Grieks is. Dit beteken egter nie dat dit na die man Jesus verwys nie. Die Duitse Bybel noem dit "das Wort" (neutrale vorm). Die Franse Bybel vertaal dit as "la parole" (vroulike vorm) en derhalwe dui die woord nie noodwendig 'n manlike persoon aan nie.

**"In die begin"**

"Logos" verwys streng gesproke na innerlike gedagtes wat uiterlik gespreek word (in woorde gespreek word). In die begin was God een met Sy woord, Hy was Sy woord. Hy het gespreek volgens Sy wil en Sy doel. Sy doel met die aarde was gesentreer in Jesus wat nog in die toekoms gebore sou word. God se gees bring Sy gedagtes ten uitvoer. Daar is dus 'n noue verbintenis tussen God se woord en Sy gees. Daar moet egter op gelet word dat Jesus as persoon nie "die woord" was nie, maar dat Jesus die een was wat "die woord" van God in die vlees geopenbaar het. Jesus se hoofdoel was om namens sy vader te praat (een van die hooftemas in die evangelie van Johannes). Met Jesus se geboorte het die woord van God dus 'n vleeslike gestalte verkry in Jesus wat sy Vader verteenwoordig het. God se woord kon dus nou "gesien" word in die persoon van Sy enigegebore seun. Hebreërs 1:1 beaam hierdie beginsel: " Nadat God baiekeer en op baie

maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun. "

God het dus met die mens gepraat deur sy Seun. Keer op keer word dit beklemtoon dat Jesus God se woorde gespreek het en op God se bevel wonderwerke gedoen het, ten einde God aan ons te openbaar (Johannes 2:22; 3:34; 7:16; 10:32,38; 14:10,24).

Paulus het Christus se opdrag om die Evangelie oor hom (Jesus) "aan alle nasies" te verkondig, gehoorsaam :- **" Aan Hom dan wat magtig is om julle te versterk volgens my evangelie en die prediking van Jesus Christus, ooreenkomstig die openbaring van die verborgenheid wat eeue lank verswyg is, maar nou geopenbaar is en deur die profetiese Skrifte bekend gemaak is onder al die heidene, volgens die bevel van die ewige God, tot gehoorsaamheid van die geloof "** (Romeine 16:25,26 vergelyk 1 Korinthiërs 2:7).

Die ewige lewe was net moontlik gemaak vir die mens deur die verlossingswerk van Christus (Johannes 3:16; 6:53); tog was dit van die begin af God se plan, wetende dat Jesus in die toekoms die nodige offer sou wees. Die volle realisering van daardie offer het egter eers na die geboorte en dood van Jesus geskied " in die hoop van die ewige lewe wat God, wat nie kan lieg nie, van ewigheid af beloof het, en op die regte tyd sy woord bekend gemaak het deur die prediking wat aan my toevertrou is …." (Titus 1:2,3).Ons het gesien hoe daar van God se profete gepraat word asof hulle altyd bestaan het (Lukas 1:70), in die sin dat "die woord" wat hulle gespreek het by God van die begin af bestaan het (as Sy gedagtes en voornemens).

**Die Woord was God.**

Ons is nou in 'n posisie om te kyk in watter sin die "woord God was". Ons planne en gedagtes is in wese onsself omdat dit eie aan ons is. "Ek gaan stad toe" is woorde of kommunikasie wat my voorneme verklaar. Soos God dink, so is Hy. Hierdie beginsel geld ook vir die mens (Spreuke 23:7). God se woord (en dus ook Sy denke) **is** God. Die Bybel maak gereeld hierdie assosiasie tussen God en Sy woord. " Die stem van die HERE laat die woestyn bewe; die HERE laat die woestyn van Kades bewe" (Psalm 29:8), en " Maar julle het na My nie geluister nie, spreek die HERE" (Jeremia

25:7). Wat God eintlik hier sê is "Julle het nie na MY WOORD wat deur die profete gespreek is, geluister nie."

Dawid het die woord van God as sy lamp en lig beskou (Psalm 119:105), en tog sê hy ook: **" Want U is my lamp, o HERE! En die HERE laat my duisternis opklaar"** (2 Samuel 22:29). Dit wys weereens dat God en Sy woord een is of te wel, God is Sy woord. Dit is dus te verstane dat God se woord as Hyself verpersoonlik word.

God is die waarheid self (Johannes 3:33; 8:26; 1 Johannes 5:10), en dus is God se woord ook waarheid (Johannes 17:17). Op dieselfde wyse identifiseer Jesus homself so nou met sy woorde dat hy sy woord(e) verpersoonlik:

**" Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag"** (Johannes 12:48). Jesus praat van sy woord asof dit 'n persoon, hyself, is.

God se woord word net so verpersoonlik as God self in Johannes 1:1-3: " In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. Hy was in die begin by God. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie."

God het egter alles geskep deur die bevel van Sy woord. Dit is duidelik uit Genesis 1 dat God die Skepper was deur middel van Sy woord en nie deur Christus persoonlik nie. Die woord word beskryf as dit wat geskep het. " Deur die Woord van die HERE is die hemele gemaak en deur die Gees van sy mond hulle hele leër. …. want Hy het gespreek, en dit was; Hy het gebied, en dit staan" (Psalm 33:6,9). Selfs vandag nog is dit deur middel van God se woord dat die natuurlike skepping voortbestaan : " wat sy bevel na die aarde stuur, sy woord loop baie vinnig. Hy gee sneeu soos wol; Hy strooi ryp soos as. Hy werp sy ys heen soos stukke--wie kan bestaan voor sy koue? Hy stuur sy woord en laat hulle smelt; Hy laat sy wind waai, die waters loop" (Psalm 147:15-18).

## Inset 22: Die Historiese Jesus

As, soos sommige beweer, daar geen bewyse is dat Jesus van Nasaret ooit bestaan het nie, dan is die bestaan van die Christendom moeilik verklaarbaar. Dit is veel gevra van enigiemand om te glo dat miljoene mense oor die laaste 2000 jaar hulle geloof op iemand baseer wat nooit bestaan het nie. Verder nog het baie van hierdie mense so 'n intense geloof in Jesus gehad dat dit hulle motiveer het om hul geloof wêrelwyd te verkondig, ten spyte van die gevaar van vervolging en selfs die dood. Christene en Jode het oor die algemeen geen probleem om te aanvaar dat Mohammed eens geleef het nie, alhoewel hulle nogtans sy leringe verwerp. Ons aanvaar inderdaad dat meeste beroemde historiese karakters wel geleef het, sonder om aan te dring op 'n kritiese ondersoek na die bewyse.

So byvoorbeeld word historiese gebeure dikwels geanaliseer waar grondige bewyse maar skaars is. Die "battle of Hastings", wat in 1066 plaasgevind het, is een so 'n voorbeeld.

Die feit dat sommige so naarstigtelik die bestaan van Jesus wil ontken is sekerlik 'n aanduiding van 'n oorreaksie en 'n begeerte om 'n gerieflike verskoning te vind om nie die redes vir sy koningskap te aanvaar nie. Dit is veral waar in die lig van die feit dat die Jode van die eerste eeu self die bestaan van 'n persoon wat Jesus genoem was, erken het. Die volgende historiese bewyse vir die bestaan van Jesus van Nasaret wys dat hy op geen manier wegredeneer kan word as 'n "teologiese uitvindsel" van die mens nie.

1) Tagitus was 'n Romeinse historikus wie se twee boeke oor die eerste eeu ("Annals" en die "Histories") albei melding maak van Jesus en die Christendom. Hy skryf in die "Annals" (ongeveer 115 NC) :

"'n Klas gehaat vir hul afskuwelikhede, genoem Christene deur die massa. Christus, van wie die naam sy oorsprong het, het die hoogste straf ontvang gedurende die heerskappy van Tiberuis in die hande van een van sy prokurators, Pontius Pilatus." Tiberius het geheers van 14-37 NC ; dit was gedurende hierdie tydperk dat Jesus gekruisig was.

Tagitus beskryf ook hoe die geloof van die groep “nie net in Judea uitgebreek het nie, maar ook in Rome.” Hy gaan verder en beskryf hoe die Christene gehaat is en dat menige in Rome doodgemaak was. Dit stem alles

ooreen met die Nuwe Testament beskrywing van Jesus, die dissipels en hoe die apostels ten eerste die Evangelie na Judea en toe na die Romeinse wêreld uitgedra het, en sodoende geweldige teenstand en vervolging ervaar het.

2) Suetonius, ook 'n Romeinse historikus, skryf as volg oor die heerskappy van Claudius (41-54 AD) : " Omdat die Jode in Rome aanhoudend onrus as gevolg van die aanhitsing van Chrestus veroorsaak het, het hy (Claudius) hulle uit die stad verban". " Chrestus" is 'n ander manier om "Christus" te spel. Handelinge 18:2 beskryf hoe 'n Joodse egpaar, Aquila en Priscilla, Rome moes verlaat a.g.v. die vervolging van die Jode .

   Later lewer Suetonius kommentaar oor die vervolging van Christene ten tye van Nero : " Na 'n groot vuur in Rome ……… is Christene gestraf, 'n sekte wat 'n nuwe en skadelike godsdienstige geloof verkondig." Hierdie verwysing na die bestaan van 'n groep wat in die eerste eeu "Christene" genoem word, bewys dat 'n persoon genaamd "Christus" vroeër in dieselfde eeu bestaan het.

3) F.F. Bruce ( " Christian Origins" pp 29,30) wys op die feit dat 'n geskiedkundige, Thallus (52 NC) na die geskiedenis van die Mediteriaanse Ooste verwys. Bruce wys elders ("The New Testament Documents", pp 113), dat 'n kenner genaamd Juluis Africanus vir Thallus aanhaal en sy beskrywing van die duisternis tydens Jesus se kruisiging bespot en toeskryf aan 'n eklips van die son. Dit blyk dus dat Thallus oor die kruisiging van Jesus geskryf het voor hy sy geskiedenis in 52AD geskryf het.

4) Pliny, 'n Romeinse regeringsamptenaar, skryf in detail oor 'n baie aktiewe groep mense wat Christene genoem was in die laaste jare van die eerste eeu. Hy verwys na 'n herhinnerings fees (die nagmaal) wat hulle gehou het : - "Hulle het die gewoonte gehad om op 'n sekere gegewe dag, voor dit lig was, bymekaar te kom en dan verse van 'n gesang aan Christus te sing" (Briewe van Pliny, soos vertaal deur Wilmoth, vol 2, X:96). Die Romeinse heersers Trojan en Hadrian meld albei die probleme wat hulle met die Christene gehad het. (Sien " Briewe van Pliny", vol 2, X:97 en "Eusebius' Ecclesiastical History, IV:IX)

Die bestaan van hierdie groep sedert die eerste eeu en hulle buitegewone deursettingsvermoë tydens vervolging, dui sterk daarop dat hulle die volgelinge van 'n werklik geskiedkundige persoon, wat in die eerste eeu geleef het, was.

5) Die Talmud, 'n Joodse heilige boek, verwys na die dood van Jesus (Sanhedrin 43 a). Dit word erken dat hierdie deel van die Talmud dateer uit die vroeë periode van die boek se samestelling (m.a.w. 70-200 NC) : “Op die aand van die Pasga was Yeshu (Jesus) gehang. Vir veertig dae voor dit gebeur het, het 'n boodskapper verkondig, ‘
Hy gaan gestenig word omdat hy heksery beoefen en Israel tot dwaling bring. Laat enigiemand wat iets in sy guns kan sê na vore kom om sy ontwil.’ Aangesien niks in sy guns na vore gebring was nie is hy op die aand van die Pasga gehang.”

“Gehang” is 'n idioom vir kruisiging - dit word so gebruik in die Nuwe Testament (Galasiërs 3:13; Lukas 23:39). Hierdie aanhaling beskryf hoe die Jode Jesus wou stenig ( in ooreenstemming met die Joodse Wet van Moses), maar dat hulle hom tog gekruisig het. Die verduideliking hiervoor word in die Nuwe Testament gegee, waar daar beskryf word hoe die Jode die Romeinse wet moes gebruik om die dood van Jesus te bewerkstellig - m.a.w. deur middel van kruisiging.

Sanhedrin 43a beskryf ook hoe vyf van Jesus se dissipels veroordeel is en die doodstraf gekry het, en dit wys weereens dat die Jode tradisioneel geglo het in die bestaan van die historiese Jesus. Sanhedrin 106b sê selfs dat Jesus 33 jaar oud was toe hy dood is, presies soos die Nuwe Testament bevestig.

Maier ("First Easter" bls 117,118) haal aan uit die vyfde eeuse Joodse dokument "Toledoth Jesu", wat beweer dat die dissipels probeer het om die liggaam van Jesus te steel na sy dood, maar dat 'n tuinier genaamd Juda van hul plan te hore gekom het, die liggaam van Jesus elders begrawe het, en dit toe later aan die Jode oorhandig het. Justin Martyr skryf in 150 AD dat die Jode spesiale boodskappers uitgestuur het om te verkondig dat die liggaam van Jesus gesteel was ("Dialogue with Trypho" 108), en Tertullian ("On Spectacles", 30) skryf ook hiervan in 200 AD.

Al hierdie bewyse toon dat die Jode van die vroeë eeue NC in die bestaan en geweldadige dood van die historiese Jesus geglo het.

6. Die Griekse dramaturg Lucian, skryf in die tweede eeu en spot met die Christene wat nou nog 'n man aanbid wat gekruisig is ("Lucian, The Death of Peregrine", 11-13, in "The works of Lucian", vol 4, vertaal deur Fowler en Fowler).

7. Josephus is die mees bekende gekiedskrywer van die eerste eeu. In sy "Antiquities", geskryf in 90 –95 NC, noem hy Jakobus "die broer van Jesus, wat Christus genoem was …". Elders skryf hy, in terme wat duidelik ooreenstem met die Nuwe Testament se beskrywing van Jesus :-

"Daar was in hierdie tyd 'n wyse man, Jesus, . . . want hy was een wat verbasende werke gedoen het . . . Hy was Christus . . . hy het lewendig aan hulle verskyn die derde dag, soos die heilige profete hierdie en tien duisend ander wonderlike dinge omtrent hom voorspel het."

Hierdie beskrywing is so na aan die Nuwe Testament dat sommige dit as 'n interpolasie beskou. Daar is egter steeds goeie redes om hierdie beskrywing te gebruik as bewys dat 'n man met die naam Jesus van Nasaret in die eerste eeu geleef het, nl. :

- Eusebius (Ecclesiastical History, 1:XI) haal hierdie deel van Josephus aan. Gerespekteerde kenners beskou hierdie deel as oorspronklik en toon aan dat dit in dieselfde styl as die res van Josephus se werk geskryf is (Sien Daniël Rops, "The silence of Jesus' Contemporaries", p 21, J.N.D. Anderson, "Christianity : The Witness of History" p.20; F. F. Bruce, "The New Testament Documents" pp 108, 109). Daar is geen tekstuele bewyse dat dit 'n interpolasie is nie.

## Inset 23 – "Ek het uit die hemel neergedaal"

**"Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee. . . . Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het "** (Johannes 6:33, 38).

Hierdie en ander soortgelyke verse word misbruik om die verkeerde idee, dat Jesus in die hemel bestaan het voor sy geboorte, te bewys. Die volgende punte moet egter in ag geneem word :-

1. Hierdie woorde word letterlik vertolk om die "drie-eenheid" te bewys. As dit egter so is, beteken dit dat Jesus op een of ander manier deur die lug aarde toe gesweef het. Die Bybel sê egter niks oor so iets nie, en dit sal die woorde, wat vertel dat Jesus as 'n baba in Maria se baarmoeder ontstaan het, sinneloos maak. Johannes 6:60 beskryf die leringe oor die manna as "woorde, hard om na te luister", met ander woorde ons moet begryp dat dit figuurlike taal is wat gebruik word.

2. In Johannes 6 verduidelik Jesus dat die manna simbolies van homself was. Die manna is van God gestuur in die sin dat Hy verantwoordelik was vir die skepping daarvan op die aarde. Dit het nie letterlik (fisies) vanuit die troon van God in die Hemel afgesweef aarde toe nie. Die manna het op die aarde ontstaan (Numeri 11:7-9). Net so het Christus "uit die hemel gedaal" deurdat God sy oorsprong bewerkstellig het deur middel van Sy Heilige krag, sodat hy (Jesus) uit 'n maagd gebore kon word op aarde (Lukas 1:35).

3. Jesus sê **"die brood wat Ek sal gee, is my vlees . . ."** (Johannes 6:51). Mense voer aan dat dit die "God" gedeelte van Jesus was wat uit die hemel gekom het. Jesus sê egter dat dit sy "*vlees*" was wat die brood is wat uit die hemel neergedaal het. Net so vergelyk Jesus die brood van die hemel met homself as **"die seun van die MENS"** (Johannes 6:62), nie "God die seun nie."

4. In dieselfde gedeelte van Johannes 6 is daar talle bewyse dat Jesus nie gelyk aan God is nie. **"Soos die lewende Vader my gestuur het"** (Johannes 6:57), wys dat Jesus en God nie gelykes is nie. Verder is Johannes die doper ook **"van God gestuur"** (Johannes 1:6), maar dit beteken nie dat hy vanuit die hemel neergedaal het en deel van God was nie.

   Die term **"en Ek deur die Vader lewe"** in Johannes 6:57 spreek ook nie van Jesus wat gelyk is aan God met betrekking tot ewigheid nie.

## Inset 24 : HET JESUS DIE AARDE GESKAPE?

**" Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping; want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte--alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape. En Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand. En Hy is die Hoof van die liggaam, naamlik die gemeente; Hy wat die begin is, die Eersgeborene uit die dode, sodat Hy in alles die eerste kan wees "** (Kolossense 1:15 – 18).

Hierdie is 'n voorbeeld van skrifgedeeltes wat die indruk kan skep dat Jesus die aarde geskep het.

1. As dit waar is dan is daar baie ander teenstrydige verse wat duidelik leer dat Jesus nie voor sy geboorte bestaan het nie. Die Genesis verhaal wys duidelik dat God die Skepper was. Jesus is die "*eersgeborene*" – dit impliseer 'n begin. Daar is geen bewys dat Jesus God se eersgeborene was voor die skepping nie. Verse soos 2 Samuel 7:14 en Psalm 89:27 het voorspel dat 'n letterlike nageslag van Dawid die eersgeborene van God **sou word**. Hy het duidelik nie bestaan toe hierdie verse geskryf was nie.

Jesus het **"die Seun van God geword met krag"** met sy opstanding uit die dood (Romeine 1:4). God het **" dit aan ons, hulle kinders, vervul deur Jesus op te wek, soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer "** (Handelinge 13: 32,33).

*2.* Jesus het dus God se eersgeborene geword met sy opstanding. Let ook op dat 'n seun wat aan sy vader se regterhand staan verband hou met sy eersgeborenheid (Genesis 48:13-16) en dat Jesus tot God se regterhand verhewe is na sy opstanding (Handelinge 2:32,33 en Hebreërs 1:3).

*3.* Dit is in hierdie sin dat Jesus beskryf word as die eersgeborene uit die dood (Kolosense 1:18), 'n term wat gelyk is aan **"die Eersgeborene van die hele skepping"** (Kolosense 1:15). Hy praat derhalwe van homself as **"die eersgeborene uit die dode . . . die begin van die skepping van God"** (Openbaring 1:5 ; 3:14). Jesus was die eerste van 'n nuwe skepping van onsterflike mans en vrouens wie se opstanding en volle geboorte as onsterflike seuns en dogters van God, moontlik

gemaak is deur die dood en opstanding van Jesus (Efesiërs 2:10; 4:23,24 ; 2 Korinthiërs 5:17).

" Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms " (1 Korinthiërs 15:22,23).

Dit is dieselfde idee as Kolossense 1. Jesus was die eerste persoon wat uit die dood opgestaan het en onsterflikheid verkry het. Hy was die eerste van die nuwe skepping en die ware gelowiges sal sy voorbeeld volg met sy wederkoms.

4. Die skepping waarvan in Kolosense 1 gepraat word, verwys na die nuwe skepping, eerder as die van Genesis. Deur die werk van **Jesus "was alle dinge geskep . . .trone, heerskappye, owerhede, magte…"** ens. Paulus gee nie riviere, berge, voëls ens. as voorbeelde van Jesus se skepping nie. Die elemente van die nuwe skepping verwys na dit wat die gelowige in God se Koninkryk sal besit. "Trone . . . heerskappye " ens. verwys na hoe die onsterflike gelowiges **"konings en priesters"** sal wees en **"op die aarde (sal) heers"** (Openbaring 5:10). Hierdie dinge is moontlik gemaak deur die werk van Jesus. **" want in Hom is alle dinge geskape wat in die hemele en op die aarde is, wat sienlik en onsienlik is, trone sowel as heerskappye en owerhede en magte-- alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape "** (Kolosense 1:16).

In Efesiërs 2:6 lees ons van die gelowiges in Christus **wat "in hemelse plekke"** sit. Hierdie verse spreek van die verhewe geestelike posisie wat hulle nou het en ook in die toekoms sal ondervind, wat alles deur Jesus moontlik gemaak is. Die "hemele en aarde" bevat "al die dinge wat versoening deur die bloed van Christus se kruis nodig gehad het" (Kolosense 1:16,20). Dit wys dat die **"alle dinge . . . in die hemel"** verwys na die gelowiges wat nou "in die hemelse plekke in Jesus Christus sit", eerder as alle fisiese dinge wat God in die begin geskep het.

## Inset 25: "Voordat Abraham was, is Ek."

**"Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek "** (Johannes 8:58).

Hierdie woorde word dikwels verkeerd geïnterpreteer om te leer dat Jesus voor Abraham bestaan het. Nadere ondersoek wys egter dat die teenoorgestelde waar is.

1. Jesus het nie gesê "Voor Abraham was, **was** ek" nie. Hy was die beloofde nageslag van Abraham. Dit maak die beloftes van God aan Abraham onlogies as ons sê dat Jesus fisies voor Abraham se tyd bestaan het.

2. Die konteks van Johannes 8:58 is Jesus se gesprek met die Jode oor Abraham. So ver dit hulle betref het, was Abraham die belangrikste man wat ooit geleef het. Jesus sê : "Ek is **<u>nou</u>**, soos ek hier staan, meer belangrik as Abraham". Soos hy daar gestaan het was Jesus die een wat vereer moes word – eerder as Abraham. Hy sê dus "Ek is NOU meer belangrik as wat Abraham ooit was". Dit is moontlik om "voordat", in terme van tyd te interpreteer in die sin dat Christus reeds in God se plan bestaan het, lank voordat Abraham bestaan het. Jesus was dus in terme van belangrikheid "voor" Abraham.

3. Bewyse hiervoor word in Johannes 8:56 gevind :-
   **"Abraham, julle vader, het hom verheug dat hy my dag sou sien; en hy het dit gesien en het hom verbly."** Die enigste tyd waar ons lees dat Abraham gelag het en bly was, was toe hy die belofte ontvang het dat hy 'n nageslag sou hê. Hy het verstaan dat die belofte uiteindelik na Jesus heen gewys het (Genesis 17:17). Hy het dus Jesus in die toekoms "gesien" in terme van die belofte wat aan hom gemaak is. Hy sê ook dan in Genesis 22:14 : " Die HERE sal voorsien! Sodat vandag nog gesê word: Op die berg van die HERE sal dit voorsien word. " Dit was in hierdie sin dat Jesus van Abraham praat asof hy (Abraham) vir hom (Christus) "gesien" het.

*4.* Dit word dikwels beweer dat Jesus na die Heilige Naam van God verwys as hy sê "ek is". Ons het in Inset 3 verduidelik dat Jesus en gewone mense inderdaad God se naam kan dra sonder dat dit beteken dat hulle God self is. Dit kan egter ook wees dat Jesus eenvoudig die

teenwoordige tyd van die werkwoord 'wees' gebruik. Dieselfde Griekse konstruksie kom 'n paar verse later voor. Die bure van 'n blinde man wat gewoonlik gesit en bedel het en toe genees is, wou van mekaar weet of hy inderdaad die blinde man was. Sommige sê toe**:" Dit is hy. Ander weer: Hy lyk na hom. Hy antwoord: Dit is ek"** (Johannes 9:9).

## Inset 26: MELGISEDEK

Menige Bybelstudent het al die woorde van die apostel Petrus beaam waar hy die volgende skryf: **" En ag die lankmoedigheid van onse Here as saligheid, soos ons geliefde broeder Paulus ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskryf het, net soos in al die briewe. Hy spreek daarin oor hierdie dinge, waarvan sommige swaar is om te verstaan, wat die ongeleerde en onvaste mense verdraai, net soos die ander Skrifte, tot hul eie verderf "** (2 Petrus 3:15,16).

Dit is sekerlik van toepassing op Paulus se kommentaar oor Melgisedek wat in Hebreërs 5 opgeteken staan. Paulus self erken dat hy oor diep dinge praat wat net deur baie volwasse gelowiges begryp sou word (Hebreërs 5:10,11,14). Dit is dus nie raadsaam om fundamentele doktrines op die lering van sulke verse te baseer nie. So ook moet die versgedeeltes oor Melgisedek nie te prominent in die gedagtes wees van diegene wat nog die basiese leerstelling moet leer nie.

> **" Want hierdie Melgisédek was koning van Salem, priester van God, die Allerhoogste, wat vir Abraham tegemoetgegaan het by sy terugkeer toe hy die konings verslaan het, en hom geseën het; aan wie Abraham ook 'n tiende deel van alles gegee het--hy was in die eerste plek, volgens uitleg, koning van die geregtigheid en dan ook koning van Salem, dit is koning van vrede; sonder vader, sonder moeder, sonder geslagsregister, sonder begin van dae of lewenseinde, maar gelykgestel aan die Seun van God, bly hy priester altyddeur "** (Hebreërs 7:1-3).

Hieruit redeneer sommige dat Jesus fisies voor sy geboorte bestaan het en dus geen menslike ouers gehad het nie. Jesus het 'n Vader (God), 'n moeder (Maria) en 'n geslagsregister (Mattheüs 1 en Lukas 3 en Johannes 7:27)

gehad. Melgisedek kan dus nie na hom persoonlik verwys nie. En Melgisedek was in elk geval **"… <u>gelykgestel</u> aan die Seun van God, ….. "** (Hebreërs 7:3).

Hy was nie Jesus self nie, maar het sekere soortgelyke eienskappe as Jesus gehad wat deur die skrywer gebruik word om vir die leser 'n beginsel te leer. **"En nog baie duideliker is dit as daar 'n ander priester opstaan na die ewebeeld van Melgisédek "** (Hebreërs 7:15), *is dit* Jesus wat as 'n priester verorden is **"….. volgens die orde van Melgisédek "** (Hebreërs 5:5,6).

Die taal van die boek Hebreërs oor Melgisedek kan eenvoudig nie letterlik geneem word nie. As Melgisedek letterlik nie 'n vader of moeder gehad het nie, dan kon die enigste persoon wie hy kon wees net God self gewees het. God is die enigste persoon sonder 'n begin (1 Timotheüs 6:16; Psalm 90:2). Volgens Hebreërs 7:4 was Melgesidek egter 'n man en het hy aan God offerandes gemaak. As hy 'n mens genoem word moes hy letterlike ouers gehad het. Die feit dat hy "sonder vader, sonder moeder …" was, verwys dus na die feit dat sy herkoms en ouers nie in die Skrif aangeteken is nie. Koningin Ester se ouers word ook nie aangeteken nie en haar agtergrond word in 'n soortgelyke manier beskryf. Mordegai**: "… was die opvoeder van Hadássa, dit is Ester, die dogter van sy oom, want sy het geen vader of moeder gehad nie; en die jongmeisie was skoon van gestalte en mooi van aansien, en by die dood van haar vader en haar moeder het Mórdegai haar as sy dogter aangeneem"** (Ester 2:7).

Die boek Genesis stel gewoonlik die familie agtergrond van die karakters wat genoem word, deeglik voor. Melgisedek verskyn egter op die toneel sonder enige "aankondiging"- sonder dat sy ouers genoem word. Hy verdwyn dan net so skielik van die toneel af. Daar is egter geen twyfel dat hy hoë respek waardig was nie – selfs die vername Abraham het tiendes aan hom betaal en was deur hom geseën. Hy was dus verhewe bo Abraham (Hebreërs 7:2,7).

Paulus het 'n spesifieke rede waarom hy van Melgisedek praat. Daar was 'n werklike probleem in die eerste eeu wat die Melgisedek voorbeeld kon oplos. Die Jode het geredeneer: "Julle Christene vertel ons dat hierdie Jesus

nou ons hoë priester kan wees wat ons gebede en werke aan God kan offer. 'n Priester moet egter 'n geslagsregister hê wat bekend is en wat bewys dat hy van die stam Levi afkomstig is. Julle erken self dat Jesus van die stam Juda is (Hebreërs 7:14). Jammer, Abraham is vir ons 'n beter voorbeeld en leier (Johannes 8:33,39) en ons respekteer dus nie vir Jesus nie".

Paulus antwoord hierop as volg : "Maar onthou Melgisedek. Die Genesis verhaal wys dat so 'n vername priester geen geslagsregister gehad het nie en dat die Messias beide koning en priester sal wees. So 'n priesterskap is dus volgens die voorbeeld van Melgisedek (Hebreërs 5:6 vergelyk Psalm 110:4). Abraham was ondergeskik aan Melgisedek. Julle moet dus julle klem verskuif vanaf Abraham na Jesus, en ophou om geslagsregisters as so belangrik te sien (vergelyk 1 Timotheüs 1:4). As julle mooi dink oor hoe veel Melgisedek 'n tipe van Jesus is (met ander woorde die detail van sy lewe het na Jesus heen gewys) sal julle 'n beter begrip vir die werk van Christus hê". Ons kan dit as 'n les vir onsself neem.

# STUDIE 7
# VRAE

1. Noem 2 Ou Testament profesieë aangaande Jesus. ______________________ en _______________________

2. Het Jesus fisies bestaan voor sy geboorte?

3. In watter opsig kan dit gesê word dat Jesus voor sy geboorte 'bestaan' het ?
   (a) As 'n engel b) As deel van 'n drie-eenheid c) As 'n gees d) In die denke en voorneme van God.

4. Watter van die volgende stellings oor Maria is waar ?
   (a) Sy was 'n perfekte, sondelose vrou
   (b) Sy was 'n gewone vrou
   (c) Sy was deur die Heilige Gees bevrug met die kind Jesus
   (d) Sy dra nou ons gebede aan Jesus op.

5. Het Jesus die aarde geskape?

6. Hoe verstaan U *Johannes 1:1-3 "In die begin was die woord*"? Wat beteken dit **nie**?

7. Hoekom dink U is dit belangrik om seker te wees of Jesus fisies voor sy geboorte bestaan het al dan nie?

# Bybel Beginsels

# Studie Agt

# Die natuur van Jesus

# 8.1 DIE NATUUR VAN JESUS: INLEIDING

Dit moet een van die grootste tragedies in Christen denke wees dat die Here Jesus Christus nie die respek en verheerliking wat hom toekom, as gevolg van sy oorwinning oor die sonde, ontvang het nie. Die algemene leerstelling van die "drie-enigheid" stel dit dat Jesus God is. Aangesien God nie kan versoek word nie (Jakobus 1:13) en daar geen moontlikheid is dat Hy ooit kan sondig nie, beteken dit dat Christus nie regtig teen die sonde moes veg nie. Sy lewe op aarde was dus 'n skyn - hy het menswees ervaar, maar sonder die ware gevoel vir die geestelike en fisiese dilemma van die mensdom, siende dat hy nie persoonlik daardeur geraak is nie.

Met die ander uiterste, kan groepe soos die Mormone en die Jehovah Getuies nie die wonder van Christus, as die eniggebore Seun van God, behoorlik waardeer nie. As sulks kon hy nie 'n engel of die natuurlike Seun van Josef wees nie. Party mense sê dat Christus in sy leeftyd die natuur van Adam voor die sondeval gehad het. Behalwe dat daar geen Bybelse bewys vir hierdie siening is nie, is daar geen waardering vir die feit dat Adam deur God van stof geskape is, terwyl Jesus "*geskape*" is deurdat God hom in Maria se baarmoeder verwek het.

Alhoewel Jesus nie 'n menslike vader gehad het nie, is hy gebore en was hy net soos ons in alle ander opsigte. Baie mense kan nie aanvaar dat 'n man van ons sondige natuur 'n volmaakte karakter gehad het nie. Dit is hierdie feit wat 'n struikelblok vir 'n ware geloof in Christus is. Om te glo dat Jesus van ons natuur was, maar sondeloos in karakter, en dat hy altyd sy versoekinge oorwin het, is nie maklik nie. Dit vat baie nadenke oor die Evangelie vertellings van sy volmaakte lewe, en die vele Skrifgedeeltes wat ontken dat hy God was, om 'n goeie begrip en 'n sterk geloof in die ware Christus te ontwikkel. Dit is veel makliker om te glo dat hy God en dus outomaties volmaak was. Hierdie siening ontneem Jesus egter die grootheid van sy oorwinning teen die sonde en die menslike natuur.

Hy het 'n menslike natuur gehad; hy het in al ons sondige neigings gedeel (Hebreërs 4:15), tog het hy hulle oorwin deur sy totale verbintenis tot God se weë.

Hy het God aanhoudend gevra vir hulp om die sonde te oorwin, en dit het God graag gegee, in so 'n mate **dat "God in Christus die wêreld met Homself versoen het"** deur sy eie Seun (2 Korinthiërs. 5:19).

## 8.2 VERSKILLE TUSSEN GOD EN JESUS

Daar is 'n fyn lyn tussen die Skrifgedeeltes wat verwys na **"God in Christus"** en die wat Jesus se mensheid beklemtoon. Laasgenoemde groep maak dit onmoontlik om Skriftuurlik te bewys dat Jesus God is soos die leer van die drie-eenheid verkeerdelik verklaar. (Hierdie uitdrukking is gebruik by die Raad van Nicea in 325 AD, waar die idee dat God 'n drie-eenheid is vir die eerste keer bekend gemaak is; die vroeë Christene het nie van so iets geweet nie). Die woord "drie-eenheid" kom nêrens in die Bybel voor nie. Studie 9 sal dieper ingaan in Christus se totale oorwinning oor die sonde, en God se deel daarin. Soos ons nou met hierdie studies begin, laat ons onthou dat ons saligheid daarvan afhang dat ons die korrekte begrip het van die regte Jesus Christus (Johannes 3:36; 6:53; 17:3). As ons eers sy oorwinning oor die sonde en die dood behoorlik verstaan, kan ons in hom gedoop word om in hierdie verlossing te deel.

Een van die duidelikste opsommings van die verhouding tussen God en Jesus word in 1 Timotheüs 2:5 gevind : **"Daar is EEN God en een middelaar tussen God en die mense, die MENS Christus Jesus."** As ons mooi dink oor die woorde wat beklemtoon is, sal ons tot die volgende gevolgtrekkings kom:-

- Omdat daar net EEN God is, is dit onmoontlik dat Jesus God kan wees; as die Vader God is en Jesus is ook God, dan is daar twee Gode. **"Tog is daar vir ons maar een God, die Vader"** (1 Korinthiërs. 8:6**).** **"God die Vader"** is derhalwe die enigste God. Dit is dus onmoontlik dat daar 'n aparte wese is, wat "God die Seun" genoem word, soos die valse leer van die drie-eenheid verklaar. Net so word Yahweh in die Ou Testament uitgebeeld as die een God, die Vader (bv. Jesaja 63:16; 64:8).

- Saam met hierdie een God is daar 'n middelaar, die mens Christus Jesus - **". . . en een middelaar".** Die woord "*en*" dui 'n verskil tussen Christus en God aan.
- Die feit dat Christus die "**middelaar**" is, beteken dat hy 'n tussenganger is. 'n Middelaar tussen die sondige mens en God wat sondeloos is, kan nie sondelose God Homself wees nie; dit moes 'n sondelose mens wees, van sondige menslike natuur.
- "Die mens Christus Jesus" laat geen twyfel oor hierdie verduideliking nie. Selfs al het Paulus na die opvaring van Jesus geskryf, praat hy nie van "die God Christus Jesus" nie.
- Ons word verskeie kere herinner daaraan dat **"God nie 'n mens is nie"** (Numeri 23:19 ; Hos. 11:9); tog is dit baie duidelik dat Christus "die Seun van die mens" was omdat hy dikwels "die mens Christus Jesus" in die Nuwe Testament genoem word. In Lukas 1:32 was hy "die seun van die Allerhoogste". Omdat God die "Allerhoogste" is, wys dit dat slegs Hy hierdie posisie het; Jesus as "die Seun van die Allerhoogste", dui aan dat hy nie God in persoon kon wees nie. Die blote taal van Vader en Seun wat gebruik word van God en Jesus maak dit duidelik dat hulle nie dieselfde kan wees nie. 'n Seun kan wel sekere ooreenkomste met sy vader hê, maar hy kan nie een en dieselfde persoon wees, of so oud soos sy vader wees nie.

In lyn hiermee is daar 'n aantal ooglopende verskille tussen God en Jesus, wat baie duidelik wys dat Jesus nie God was of is nie:-

| **GOD** | **JESUS** |
|---|---|
| *"God kan deur die kwaad nie versoek word nie" (Jakobus 1:13).* | *Christus was "in alle opsigte versoek net soos ons" (Hebreërs 4:15).* |
| *God kan nie sterf nie - Hy is onsterflik van natuur (Psalm 90:2 ; 1 Timotheüs 6:16).* | *Christus was dood vir drie dae (Mattheüs 12:40 ; 16:21).* |
| *God kan nie deur 'n mens gesien word nie (1 Timotheüs 6:16 ; Eksodus 33:20).* | *Mense het vir Jesus gesien en hom aangeraak (1 Johannes 1:1 beklemtoon dit).* |

Wanneer ons versoek word, het ons 'n keuse van twee dinge; ons sondig of ons is gehoorsaam aan God. Ons verkies dikwels

ongehoorsaamheid aan God; Christus het dieselfde keuses gehad, maar het gekies om altyd gehoorsaam te wees.

Hy het dus die moontlikheid gehad om te sondig, alhoewel hy dit nooit gedoen het nie. Dit is ondenkbaar dat God enigsins kan sondig. Ons het gewys dat die nakomeling van Dawid wat in 2 Samuel 7:12-16 belowe is, definitief Christus was. Vers 14 praat van die moontlikheid daarvan dat Christus kon sondig : **"As hy verkeerd handel (sal) ek hom straf."**

## 8.3 JESUS SE NATUUR

Die woord "natuur" verwys na wat ons van nature, fundamenteel is. Ons het in Studie 1 gewys dat die Bybel van twee nature praat - die van God, en die van die mens. Van nature kan God nie sterf of versoek word nie. Dit is duidelik dat Christus gedurende sy lewe nie God se natuur gehad het nie. Hy was dus geheel en al van menslike natuur. Van ons definisie van die woord "natuur" behoort dit duidelik te wees dat Christus nie twee nature op dieselfde tyd gehad het nie. Dit was noodsaaklik dat Christus soos ons versoek word (Hebreërs 4:15) sodat deur sy volkome oorwinning oor versoeking, hy vergifnis vir ons kon kry. Die verkeerde begeertes wat die basis is van ons versoekinge, kom van binne ons (Markus 7:15-23), van binne ons menslike natuur (Jakobus 1:13-15). Dit was dus nodig dat Christus van menslike natuur moes wees sodat hy hierdie versoekinge kon ervaar en oorwin.

Hebreërs 2:14-18 verduidelik dit**:-"Aangesien die kinders (ons) dan vlees en bloed deelagtig is (menslike natuur), het hy (Christus) dit (die menslike natuur) ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat hy deur die dood hom tot niet kon maak . . die duiwel . . . Daarom moes hy in alle opsigte aan sy broers gelyk word, sodat hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees . . . om die sondes van die volk te versoen. Want deurdat hy self onder versoeking gely het, kan hy die help wat versoek word."**

Hierdie gedeelte plaas buitengewone klem op die feit dat Jesus menslike natuur gehad het: **"Hy het dit ook (vlees en bloed) <u>op dieselfde manier</u> deelagtig geword"** (Hebreërs 2:14). Dit was noodsaaklik dat Christus

menslike natuur moes hê. Hy moes **"in alle opsigte aan sy broeders gelyk word"** (Hebreërs 2:17) sodat God vir ons vergifnis kon gee deur Christus se offer. Om te sê dat Jesus nie totaal en al van menslike natuur was nie, is om onkundig te wees oor die basiese begrip van die goeie nuus van Christus.

Wanneer gedoopte gelowiges sondig, kan hulle na God toe kom en hulle sondes bely in gebed deur Christus (1 Johannes 1:9). God is bewus daarvan dat Christus in versoeking gekom het om te sondig presies soos hulle, maar dat hy volmaak was en versoekings wat hulle voor swig, oorwin het. Juis hieroor kan God ons vergewe (Efesiërs 4:32). Dit is dus uiters noodsaaklik om te verstaan hoe Christus net soos ons versoek is en dit kon net moontlik wees as hy ons natuur gehad het. Hebreërs 2:14 sê duidelik dat Christus 'n **"vlees en bloed"** natuur gehad het om dit moontlik te maak. **"God is Gees"** (Johannes 4:24) van natuur en alhoewel Hy 'n materieële liggaam het, het Hy as "*Gees*" nie vlees en bloed nie. Omdat Christus 'n natuur van vlees gehad het, kon hy onmoontlik nie God se natuur gedurende sy leeftyd gehad het nie.

Vorige pogings deur mense om God se woord te hou, d.w.s om versoeking totaal te oorwin, het almal misluk. Daarom het God **"deur Sy eie seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit terwille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees"** (Romeine 8:3).

"*Sonde*" verwys na die natuurlike geneigdheid tot sonde wat ons van nature het. En **"die loon van die sonde is die dood".** Om uit hierdie toestand gered te word, het die mens hulp van buite nodig gehad. Hy was nie self in staat daartoe om volmaak te word nie. God het derhalwe tussen beide getree en vir ons Sy eie Seun, wat ons "sondige vlees" gehad het, gegee. Net soos ons het Jesus die drang gehad om te sondig. Maar anders as enige ander mens, het Christus elke versoeking oorwin, alhoewel die moontlikheid om te faal en te sondig altyd daar was, presies net soos dit met ons is.

Romeine 8:3 praat van Christus se menslike natuur as **"sondige vlees".** Net voor dit (Romeine 7:18-23), praat Paulus van die vlees waarin **"niks goeds woon nie"**, en hoe die vlees van nature in stryd is met

gehoorsaamheid aan God. In hierdie konteks is dit dan so merkwaardig om te lees dat Christus **"sondige vlees"** gehad het (Romeine 8:3). Dit is juis hieroor, en sy oorwinning van daardie vlees , dat ons 'n weg het om van ons vlees bevry te word; Jesus was intens bewus van die sondigheid van sy eie natuur. Hy is eenkeer aangespreek as "*Goeie meester*", met die implikasie dat hy "goed" en volmaak van nature was.

Hy het geantwoord: **"Waarom noem jy my goed? Niemand is goed nie, behalwe Een, naamlik God"** (Markus 10:17,18). Op 'n ander geleentheid het mense begin praat oor hoe wonderlik hy is, na 'n reeks wonderwerke wat hy gedoen het. Jesus het nie probeer munt slaan hieruit nie **"omdat hy almal geken het en omdat hy nie nodig gehad het dat iemand van die mens sou getuig nie; want hy self het geweet wat in die mens is"** (Johannes 2:23-25). Weens sy groot kennis van die menslike natuur, wou Christus nie hê dat mense hom persoonlik loof nie, omdat hy geweet het hoe sondig sy eie menslike natuur was.

## 8.4 DIE MENSLIKHEID VAN JESUS

Die Bybel gee vir ons talle voorbeelde van hoe Jesus algehele menslike natuur gehad het. Ons lees dat hy moeg was en by 'n fontein moes gaan sit om water te drink (Johannes 4:6). **"Jesus het geween"** met Lasarus se dood (Johannes 11:35). Maar die grootste bewys van sy menslikheid vind ons in sy laaste ure van lyding : **"Nou is my siel ontsteld"**, het hy erken, terwyl hy vir God gebid het dat hy nie hierdie dood aan die kruis hoef deur te maak nie (Johannes 12:27). In Mattheüs. 26:39 het hy gebid en gesê: **"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by my verbygaan; nogtans nie soos ek wil nie, maar soos U wil."** Dit is 'n aanduiding dat Christus se "*wil*", of begeertes, in sommige maniere verskil het van die van God.

Sy hele lewe deur het Christus sy wil aan die van God onderwerp, ter voorbereiding vir hierdie finale toets aan die kruis: **"Ek kan uit myself niks doen nie. Soos ek hoor, oordeel ek; en my oordeel is regverdig,**

**omdat ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat my gestuur het"** (Johannes 5:30). Hierdie verskil tussen Christus se wil en die van God is bewys genoeg dat Jesus nie God was nie.

Dit word van ons verwag om ons hele lewe lank te groei in ons kennis van God, terwyl ons leer deur ons lewenservaringe en beproewinge. Hierin was Jesus ons groot voorbeeld. Hy het nie sy kennis van God met een slag op een of ander tower manier gekry nie, net so min soos dit met ons kan gebeur. Van kinds af het hy **"toegeneem in wysheid en grootte (dit is geestelike volwassenheid, sien Efesiërs 4:13), en in genade by God en die mense"** (Lukas 2:52). **"En die kindjie het gegroei en sterk geword in die Gees en vol van wysheid"** (Lukas 2:40).

Hierdie twee verse wys dat Christus se fisiese groei parallel met sy geestelike ontwikkeling was; die groei proses het beide natuurlik en geestelik in hom plaasgevind. As die Seun God is, soos die Athanasiaanse Formulier verklaar, sou dit nie moontlik wees nie. Selfs teen die einde van sy lewe het Christus erken dat hy nie presies weet wanneer sy tweede koms sal plaasvind nie, alhoewel die Vader wel weet (Markus 13:32).

Gehoorsaamheid aan God se wil is iets wat ons almal moet leer oor 'n periode van tyd. Christus moes hierdie proses, waarin hy gehoosaamheid aan sy Vader geleer het, ook deurmaak, net soos enige seun dit moet doen. **"Al was hy die seun, het hy gehoorsaamheid (dit is gehoorsaamheid aan God) geleer uit wat hy gely het; en nadat hy volmaak is (dit is geestelik volwasse gemaak is), . . . het hy 'n bewerker van ewige saligheid geword"** as gevolg van sy voltooide en algehele geestelike groei (Hebreërs 5:8,9). Filippense 2:7,8 (wat ons verder behandel in Inset 27) praat van hierdie selfde proses van geestelike groei in Jesus, wat 'n hoogtepunt bereik met sy dood aan die kruis. Hy **"het homself ontledig deur die gestalte (gedrag) van 'n dienskneg aan te neem . . . het homself verneder deur gehoorsaam te word . . . tot die dood van die kruis."**

Die taal wat hier gebruik word illustreer hoe Jesus bewustelik vorentoe gebeur het in sy geestelike ontwikkeling. Hy het homself meer en meer onderdanig gemaak, totdat hy uiteindelik gehoorsaam <u>geword het</u> aan God

se wens dat hy aan die kruis moes sterf. Hy het dus volmaak geword deur sy lyding op die korrekte manier te hanteer.

Hiervan is dit duidelik dat Jesus 'n bewustelike, persoonlike poging moes maak om regverdig te wees; God het hom nie gedwing om dit te doen nie want dan sou hy bloot 'n marionet wees. Jesus het ons werklik lief gehad, en het vir die rede sy lewe op die kruis gegee. Die gedurige klem op die liefde wat Christus vir ons gehad het sou nie eg wees as God him forseer het om aan die kruis te sterf nie (Efesiërs 5:2,25 ; Openbaring 1:5 ; Galasiërs 2:20). As Jesus God was, sou hy geen keuse gehad het as om volmaak te wees en dan aan die kruis te sterf nie. Dat Jesus wel hierdie keuses gehad het, maak dat ons sy liefde kan waardeer en 'n persoonlike verhouding met hom kan hê.

Dit was omdat Christus gewillig was om sy lewe uit vrye wil te gee, dat God so 'n behae in hom gehad het. **"Daarom het die Vader my lief, omdat Ek my lewe aflê . . . Niemand neem dit van my af nie maar Ek lê dit uit Myself af**" (Johannes 10:17,18). Dit is moeilik om te verstaan hoe God soveel behae in Christus se vrywillige gehoorsaamheid kon hê as Jesus God was, en gelewe het in menslike vorm as een of ander simbool van die sondige mens (Mattheüs. 3:17; 12:18; 17:5). Hierdie gedeeltes wat God se behae in Sy Seun se gehoorsaamheid beskryf , is genoeg bewys dat Christus die moontlikheid gehad het om ongehoorsaam te wees, maar bewustelik gekies het om gehoorsaam te wees.

## Christus moes ook gered word.

Weens sy menslike natuur, het Jesus, net soos ons, siekte, moegheid, ens. ervaar. Dit volg dus dat as hy nie aan die kruis gesterf het nie, hy in elk geval sou moes sterf (van ouderdom bv.). In die lig hiervan, moes Jesus deur God van die dood gered word.

Omdat Jesus so intens bewus was hiervan, het hy **"gebede en smekinge met sterk geroep en trane aan Hom (God) geoffer, wat Hom uit die dood kon red"** (Hebreërs 5:7). Die feit dat Jesus by God moes pleit om hom van die dood te red, skakel die moontlikheid dat hy God in persoon was, heeltemal uit. Na Christus se opstanding, kon hy **"nie meer sterf nie**

**en het die dood nie oor hom geheers nie”** (Romeine 6:9), wat impliseer dat dit tevore wel die geval was.

Baie van die *Psalms* is profeties van Jesus. In hulle is daar heelwat gevalle waar Christus se behoefte aan redding, deur God, beklemtoon word :-

- Psalm 91:11,12 word aangehaal in Mattheüs. 4:6. Vers 16 van hierdie Psalm voorspel hoe God vir Jesus saligheid sal gee: **“Met lengte van dae (dit is die ewige lewe) sal Ek hom versadig, en Ek sal hom my heil laat sien.”**

- Psalm 69:22 verwys na Christus se kruisiging (Mattheüs. 27:34); die hele Psalm beskryf Christus se gedagtes aan die kruis **“Verlos my, O God . . . kom nader na my siel, verlos dit . . . laat u hulp, O God, my beskerm”** (verse 2,19,30).

- Psalm 89 vertel van God se beloftes aan Dawid wat betrekking het op Jesus. Aangaande Jesus, voorspel Psalm 89:27 **“Hy is dit wat My (God) sal noem: U is my Vader, my God en die rots van my heil (redding).”** Christus se gebede aan God om hom te red, is verhoor; God het hom gehoor as gevolg van sy persoonlike geestelikheid, nie oor sy plek in 'n “drie-eenheid” nie (Hebreërs 5:7). Dat <u>God</u> vir Jesus uit die dood laat opstaan het, en hom verheerlik het met onsterflikheid, is 'n belangrike tema in die Nuwe Testament :-
    - **“God . . . het Jesus opgewek . . . Hom het God as leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog”** (Handelinge 5:30,31).
    - **“God . . . het sy kind Jesus verheerlik . . . God het hom uit die dode opgewek”** (Handelinge 3:13,15).
    - **“Hierdie Jesus het God opgewek**” (Handelinge 2:24,32,33).

    - Jesus self was bewus van al hierdie dinge toe hy vir <u>God</u> gevra het om hom te verheerlik (Johannes 17:5 vergelyk 13:32; 8:54).
- As Jesus God Homself was, dan sou al hierdie klem onnodig wees, siende dat God nie kan sterf nie. Dit sou nie nodig wees vir Jesus om gered te word as hy God was nie. Dat dit God was wat vir Jesus verhewe het, is bewys van God se gesag oor

hom, en die feit dat God en Jesus nie gelykes is nie. Daar is geen manier wat Christus "ewige God" is, soos so baie kerke leer nie. Ons stel dit aan die leser dat die bewyse oorweldigend is dat Christus ons menslike natuur gehad het.

## 8.5 DIE VERWANTSKAP VAN GOD MET JESUS

Kom ons kyk na die verwantskap tussen God en Jesus, vir wie God uit die dode laat opstaan het. As hulle gelyk was en saam vanaf ewigheid bestaan het, soos die leer van die drie-eenheid verklaar, dan sou ons verwag dat hulle verwantskap die van gelykes moet wees. Ons het egter reeds genoegsame bewys gesien dat dit nie die geval kan wees nie. Die verwantskap tussen God en Christus is soortgelyk aan die tussen 'n man en vrou wat getroud is: **"Christus (is) die hoof van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus"** (1 Korinthiërs 11:3). Soos die man die hoof is van die vrou, so is God die hoof van Christus, alhoewel hulle dieselfde eenheid m.b.t. doelstellinge het, soos wat tussen 'n man en sy vrou moet bestaan. Dus **"behoort Christus aan God"** (1 Korinthiërs 3:23), soos die vrou aan haar man behoort.

God die Vader word dikwels na Christus se God verwys. Die feit dat God beskryf word as **"die God en Vader van onse Here Jesus Christus"** (1 Petrus 1:3 ; Efesiërs 1:17), selfs na Christus se opvaring na die hemel, wys dat dit nou hulle verwantskap is, net soos dit in Christus se sterflike lewe gewees het. Mense wat glo in die drie-enigheidsleer sê soms dat Jesus net gedurende sy lewe op aarde 'n laer status as God gehad het. Maar die briewe in die Nuwe Testament is 'n hele paar jaar na Christus se hemelvaart geskryf, en steeds word van God gepraat as Christus se God en Vader.

Jesus beskou steeds vir die Vader as sy God. Openbaring, die laaste boek van die Nuwe Testament, is ten minste 30 jaar na Christus se verheerliking en hemelvaart geskryf, tog praat dit van God **as "sy (Christus se) God en Vader"** (Openbaring 1:6). In hierdie boek het die opgestane en verheerlikte Christus boodskappe aan die gelowiges gegee. Hy praat van **"die tempel van my God . . . die Naam van my God . . . die stad van**

**my God"** (Openbaring 3:12). Dit bewys dat Jesus selfs nou aan die Vader as Sy God dink, en dus is hy (Jesus) nie God nie.

Tydens Jesus se sterflike lewe was die verwantskap met sy Vader soortgelyk. Hy het gesê hy vaar op **na "my Vader en julle Vader, na <u>my</u> God en julle God**" (Johannes 20:17). Aan die kruis het Jesus sy menslikheid ten volle openbaar**: "My God, My God, waarom het U my verlaat?"** (Mattheüs. 27:46). Sulke woorde is onmoontlik om te verstaan as hulle deur God self gespreek is. Die feit dat Jesus **"smekinge met sterk geroep en trane"** aan God gerig het, wys die ware aard van hulle verhouding (Hebreërs 5:7 ; Lukas 6:12). Uit die aard van die saak kan God nie vir Homself bid nie. Ons het gewys dat Christus se verwantskap aan God gedurende sy sterflike lewe basies dieselfde was as wat dit nou is. Christus het vir God gesien as sy Vader en sy God, en het tot Hom gebid; dit is ook nou die posisie, na Christus se opstanding en hemelvaart. Tydens sy lewe op aarde was Christus God se kneg (Handelinge 3:13,26 (Engelse NIV); Jesaja 42:1; 53:11). 'n Dienskneg doen sy meester se wil, en is geensins gelyk aan hom nie (Johannes 13:16). Christus beklemtoon dat al die mag en gesag wat hy het, van God is, en hy sê in Johannes 5:30 en 19 : **"Ek kan uit Myself niks doen nie . . . ek soek die wil van die Vader wat My gestuur het . . . die Seun kan niks uit Homself doen nie."**

## INSET 27 : "WAT IN DIE GESTALTE VAN GOD WAS"

**"Jesus . . . wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem"** (Filippense 2:5-11).

Dit word voorgegee dat hierdie verse beteken dat Jesus God was , maar dat hy met sy geboorte 'n mens geword het. As dit waar is, dan moet elke punt wat in Studies 7 en 8 gemaak is verwerp word. Ons stel dit aan die leser, dat een vers nie toegelaat kan word om algemene Bybelleer te weerspreek nie. Hierdie is feitlik die <u>enigste</u> skrifgedeelte wat gebruik kan word om verkeerdelik te redeneer dat Jesus homself verplaas het vanaf sy posisie as

God in die hemel na 'n baba in Maria se baarmoeder. Die verduidelikings wat volg verklaar wat hierdie gedeelte regtig beteken.

1. Daar is 'n aantal uitdrukkings in hierdie Skrifgedeelte wat die idee van 'n drie-eenheid heeltemal weerspreek:
   (a) **"God het hom ook uitermate verhoog (dit is vir Jesus) . . . en 'n naam gegee wat bo elke naam is"** *(v.9)* wys dat Jesus nie homself verhewe het nie - God het dit gedoen. Dit volg dus dat hy nie in 'n verhewe posisie was voor God dit vir hom by sy opstanding gegee het nie.
   (b) Die hele proses van Christus se verootmoediging en sy latere verheerliking deur God was **"tot heerlikheid van God die Vader"** *(v.11)*. God die Vader is dus nie gelyk aan Jesus nie.

2. Daar moet baie noukeurig na die konteks van hierdie Skrifgedeelte gekyk word. Paulus begin nie net uit die bloute uit van Jesus praat nie. Hy verwys na Jesus se **denke**, na sy gesindheid, in Filippense 1:8. Dan begin Paulus in Filippense 1:27 praat van die belangrikheid van ons **denke**, ons gesindheid. Dit word uitgebrei in die begin verse van hoofstuk 2: **"deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin . . . Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie <u>gesindheid</u> moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was"** (Filippense 2:2-5). Paulus praat dus van die belangrikheid daarvan om 'n **<u>gesindheid</u>** soos die van Jesus te hê, wat toegewy is aan nederige diens aan ander. Die verse wat volg is derhalwe 'n kommentaar op die nederige **gesindheid** wat Jesus gehad het, dit praat nie van enige verandering van natuur nie.

3. Jesus was **"in die gestalte van God".** Ons het in Studie 8.3 gewys dat Jesus van menslike natuur was, en hierdie woorde kan dus nie beteken dat Christus 'n Goddelike natuur gehad het nie. Dit kan net hier genoem word dat heelwat moderne vertalings van die Bybel neig om te parafraseer, eerder as om die presiese betekenis van die oorspronklike Grieks weer te gee. Die resultaat is 'n vertaling wat "maklik lees", terwyl die ware betekenis verlore gaan. Filippense 2:5-8 is 'n klassieke voorbeeld hiervan.

Dat "**gestalte**" (Grieks 'MORPHE') nie na essensiële natuur kan verwys nie, word bewys deur Filippense 2:7 wat praat van Christus wat **"die gestalte van 'n dienskneg"** aanneem. Hy het die gestalte van God gehad, maar hy het die gestalte van 'n dienskneg aangeneem. Die wesenlike natuur van 'n dienskneg is net soos die van enige ander mens. In harmonie met die konteks kan ons dit so vertolk : alhoewel Jesus volmaak was en heeltemal soos God gedink het, was hy gewillig om die gedrag, of houding, van 'n dienskneg aan te neem. 'n Paar verse later spoor Paulus ons aan om **"gelykvormig aan sy (Christus se) dood te word"** (Filippense 3:10). Ons moet die "morphe", die gestalte van Christus hê wat hy getoon het. Dit kan nie beteken dat ons moet deel in die natuur wat hy toe gehad het nie, omdat ons alreeds menslike natuur het. Ons hoef nie onsself te verander om menslike natuur te hê nie, maar ons moet ons manier van **dink** verander, sodat ons die "morphe" of gesindheid kan hê wat Christus gehad het.

Die Griekse woord "morphe" beteken 'n beeld, indruk of ooreenkoms. Die Bybel praat van **"mense wat 'n gedaante ("morphe") van Godsaligheid het"** (2 Timotheüs 3:5). Galasiërs 4:19 praat van **"Christus wat in julle 'n gestalte verkry".** Omdat hy 'n volmaakte karakter gehad het, 'n volmaakte Goddelike manier van dink, was Jesus **"in die gestalte van God".** Om hierdie rede **"het (hy) dit geen roof geag**" om te dink of te weet dat in hierdie sin hy een met God was nie. Die feit dat **"hy dit geen roof geag het om aan God gelyk te wees nie"** bewys die teorie dat Jesus God was, totaal verkeerd.

Jesus het dit nooit 'n gedagte gegee om gelyk aan God te wees nie; hy het geweet dat hy aan God onderdanig was, en nooit, ooit, gelyk aan Hom nie.

4. Christus **"het homself ontledig"**, verwys na die voorspelling van sy kruisiging in Jesaja 53:12 : **"omdat hy sy siel uitgestort het in die dood."** Hy het **"die gestalte (gesindheid) van 'n dienskneg"** aangeneem deur die houding wat hy teenoor sy volgelinge openbaar het (Johannes 13:14), wat tot die hoogste demonstreer is deur sy dood aan

die kruis (Mattheüs 20:28). Jesaja 52:14 het Christus se lyding aan die kruis voorspel: **"so misvormd was sy voorkoms, geen mens meer nie, en sy gestalte was nie soos die van 'n mensekind nie"**. Hy het homself toenemend nederig gemaak, selfs tot die dood toe, en dit was 'n proses wat deur sy hele lewe plaasgevind het, nie net by sy geboorte nie. Ons het gewys dat die konteks van hierdie gedeelte verband hou met Christus se gesindheid, sy sienswyse, die nederigheid wat aan ons voorgehou word as 'n voorbeeld om te volg. Hierdie verse praat dus van Jesus se lewe op aarde, in dieselfde menslike natuur as ons, en hoe hy homself nederig gemaak het, ten spyte van 'n verstand wat algeheel ingestel was met die van God.

5. As Christus in natuur God was, en dit toe agtergelaat het om menslike natuur aan te neem, soos trinitariërs hierdie gedeelte probeer vertolk, kon hy nie "heeltemal God" wees terwyl hy op aarde was nie. Tog glo trinitariërs dat hy dit was. Al hierdie feite wys op die weersprekings wat geskep word in hierdie mensgemaakte dogma van die drie-eenheid.

6. Laastens, net iets oor die **uitdrukking "wat in die gestalte van God was"**. Die Griekse woord wat vertaal word "*wat . . . was*", beteken nie "wat oorspronklik, van ewigheid was" nie. Handelinge 7:55 praat van Stefanus wat **"vol was van die Heilige Gees".** Hy was op daardie stadium vol van die Heilige Gees, en was so vir 'n tyd tevore; maar hy was nie altyd vol daarvan nie. Ander voorbeelde kan gevind word in Lukas 16:23; Handelinge 2:30; Galasiërs 2:14. Christus**, "wat in die gestalte van God was",** beteken net dat hy in God se gestalte (geestelik) was; dit sê nie dat hy in daardie gestalte van ewigheid af was nie.

# STUDIE 8
# VRAE

1. Leer die Bybel dat God 'n drie-eenheid is ?

2. Gee drie verskille tussen God en Jesus.

3. In watter van die volgende opsigte het Jesus van ons verskil?
   (a) Hy het nooit gesondig nie (b)Hy was God se eniggebore seun
   (c) Hy kon nooit sondig nie (d) Hy is deur God gedwing om regverdig te wees.

4. In watter van die volgende opsigte was Jesus soos God?
   (a) Hy het God se natuur gehad toe hy op aarde geleef het
   (b) Hy het 'n volmaakte karakter gehad soos God
   (c) Hy het net soveel soos God geweet
   (d) Hy was presies gelyk aan God.

5. In watter van die volgende opsigte was Jesus soos ons?
   (a) Hy het al ons versoekinge en menslike ondervinding gehad
   (b) Hy het as 'n jong kind gesondig
   (c) Dit was nodig dat hy gered word
   (d) Hy het menslike natuur gehad.

6. Watter van die volgende verklarings is waar?
   (a) Jesus het 'n volmaakte natuur en 'n volmaakte karakter gehad.
   (b) Jesus het 'n sondige natuur maar 'n volmaakte karakter gehad
   (c) Jesus was beide totaal God en totaal mens
   (d) Jesus het die natuur van Adam gehad voor hy gesondig het.

7. Het Jesus die moontlikheid gehad om te kan sondig?

# Bybel Beginsels

# Studie Nege

# Die Werk van Jesus

## 9.1 DIE OORWINNING VAN JESUS

Die vorige studie het gewys hoe Jesus 'n menslike natuur gehad het, en soos ons versoek was. Die verskil tussen ons en hom was dat hy sonde totaal oorwin het. Alhoewel hy 'n sondige natuur gehad het, het hy altyd 'n volmaakte karakter openbaar. Die wonder hiervan behoort ons te inspireer. Die Nuwe Testament beklemtoon herhaaldelik die perfekte karakter van Jesus :

- Hy was nie **"'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde"** (Hebreërs 4:15).

- God **" het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom. . . . En julle weet dat Hy verskyn het om ons sondes weg te neem, en geen sonde is in Hom nie"** (2 Korinthiërs 5:2; 1 Johannes 3:5).

- **"Hy wat geen sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie…"** (1 Petrus 2:22).

- **"Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het"** (Hebreërs 7:26).

Die vier Evangelies toon aan hoe Jesus se tydsgenote sy perfekte karakter, wat hy in sy woorde en dade openbaar het, erken het. Pilatus se vrou het besef dat hy 'n regverdige man was en dat hy nie straf verdien het nie (Mattheüs 27:19). Die Romeinse soldaat wat Jesus se gedrag op die kruis aanskou het, moes erken: **"Waarlik, hierdie man was regverdig"** (Lukas 23:47).

Jesus het op 'n keer die Jode met die volgende vraag gekonfronteer: **"Wie van julle oortuig My van sonde? En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie?"** (Johannes 8:46). Hulle kon hom nie antwoord nie.

As gevolg van Jesus se volmaakte karakter het hy God in die vlees geopenbaar (1 Timotheüs 3:16). Hy het opgetree en gespreek soos God sou spreek en optree as God 'n mens sou wees. Jesus was dus die perfekte "weerkaatsing" van God. **"Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;"** (Kolossense 1:15). Dit is om die rede dat dit nie nodig is vir die mens om God fisies te sien nie. Jesus verduidelik self: **" Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader?"** (Johannes 14:9).

Omdat ons in 'n sondige wêreld lewe en self sondig is, is dit moeilik om die totaliteit en grootsheid van Jesus se geestelike verhewendheid te waardeer; 'n man met ons natuur het die geregtigheid van God ten volle openbaar. Om dit te glo verg meer geloof as om net te glo dat Jesus God self was. Dit is te verstane dat die leerstellings van die drie-eenheid en die "Godheid van Christus" so gewild is, aangesien hulle so maklik is om te aanvaar.

Omdat Jesus ons natuur gehad het moes hy sterf. Hy was 'n nakomeling van Adam en al Adam se nakomelinge moet sterf (1 Korinthiërs 15:22). Al Adam se nakomelinge moes sterf as gevolg van sy sonde, aangesien almal nou 'n sondige natuur geërf het (Romeine 5:14-19).

Almal behalwe Christus verdien die doodstraf omdat ons almal sondig. Jesus moes sterf omdat hy ons natuur en die "vloek" van die dood gedeel het. God kon hom egter opwek omdat hy nie gesondig het nie (Handelinge 2:24). Christus was " na die Gees van heiligheid met krag verklaar as die Seun van God deur die opstanding uit die dode," (Romeine 1:4). Dit was as gevolg van Jesus se volmaakte karakter, sy "gees van heiligheid" dat hy glorieryk uit die dood opgestaan het.

Christus het nie net aan die kruis gesterf omdat hy ons menslike natuur gehad het nie. Hy het vrywillig sy perfekte lewe as 'n gawe aan ons geskenk: Hy het sy liefde bewys deur vir ons sondes te sterf (1 Korinthiërs 15:3), wetende dat hy deur sy dood vir ons die redding uit die dood sou bewerkstellig (Efesiërs 5:2,25; Openbaring 1:5; Galasiërs 2:20).

Omdat Jesus sondeloos was, was hy ook die eerste persoon wat die gevolge van sonde (die dood) kon oorkom, deur uit die dood op te kon staan en die

ewige lewe te beërwe. Almal wat hulle met Christus vereenselwig, deur die doop en 'n Christelike lewenswyse, het ook 'n hoop op 'n soortgelyke opstanding en beloning.

Hierin lê die wonderlike betekenis van Jesus se opstanding. Dit is die "versekering" dat ons uit die dood sal opstaan en geoordeel word, (Handelinge 17:31) en deel sal hê aan die ewige lewe as beloning, as ons nou soos hy probeer leef (2 Korinthiërs 4:14; 1 Korinthiërs 6:14; Romeine 6:3-5). As sondaars verdien ons die dood (Romeine 6:23). Tog, as gevolg van Christus se volmaakte lewe, gehoorsame dood en opstanding, is God in staat om ons die gawe van die ewige lewe aan te bied, in ooreenstemming met Sy beginsels van geregtigheid.

Om ons sondes weg te neem ken God geregtigheid aan ons toe (Romeine 4:6), as ons geloof het in Sy beloftes van redding. Ons weet dat sonde die dood bring. Derhalwe moet ons werklik glo dat God ons daarvan sal red. Ons moet glo dat God ons as geregtig sal reken al is ons nie. Christus was volmaak; deur werklik in Christus te wees kan God ons as volmaak beskou al is ons nie werklik nie. God het **" Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom"** (2 Korinthiërs 5:21). Met ander woorde, ons moet in Christus wees deur die doop en dan 'n Christelike lewe lei.

Dit is alles moontlik gemaak deur Christus se opstanding uit die dood. Hy was die "eerste vrugte" van 'n oes van die mensdom, wat onsterflikheid sal verkry as gevolg van wat hy bereik het (1 Korinthiërs 15:20). Hy is die "*eersgeborene*" van 'n nuwe geestelike familie wat God se natuur sal ontvang (Kolossense 1:18 vergelyk Efesiërs 3:15). Jesus se opstanding het dit vir God moontlik gemaak om gelowiges in Christus as geregtig te ag aangesien hulle deur sy geregtigheid bedek word. Dit was Christus **" . . wat oorgelewer is ter wille van ons misdade en opgewek is ter wille van ons regverdigmaking"** (Romeine 4:25).

Dit verg diepe bepeinsing en 'n sterk geloof in hierdie dinge om werklik oortuig te wees dat God ons as volwaardig sal ag. Christus kan ons **"sonder gebrek voor sy heerlikheid stel", en "heilig en sonder gebrek en onberispelik voor Hom(God) stel"** (Judas 24; Kolossense 1:22).

Gegewe ons sondige natuur en gereelde geestelike mislukkings, verg dit 'n ferm geloof om dit werklik te glo. Dit is 'n behoorlike insig van Christus se opstanding wat ons geloof behoort te motiveer. **" . . . julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees"** (1 Petrus 1:21). Dit is slegs deur die korrekte doop in Christus dat ons **"in Christus"** kan wees en derhalwe deur sy geregtigheid bedek kan wees. Met die doop assosieer ons onsself met sy dood en opstanding (Romeine 6:3-5), en dit is ons redding uit ons sondes aangesien ons geregverdig word (Romeine 4:5).

Die wonderlike aspekte wat ons in hierdie afdeling na gekyk het, is buite ons bereik as ons nie gedoop is nie. Met die doop vereenselwig ons ons met die bloed van Christus aan die kruis uitgestort : **" Dit is hulle wat uit die groot verdrukking kom, en hulle het hul klere gewas en hul klere wit gemaak in die bloed van die Lam"** (Openbaring 7:14).

Simbolies word hulle dan in 'n wit kleed geklee, wat die geregtigheid van Christus verteenwoordig (Openbaring 19:8). Dit is moontlik om hierdie wit kleed vuil te maak as gevolg van ons sonde (Judas vers 23); wanneer ons dit na ons doop doen moet ons weer deur die bloed van Jesus skoon gewas word deur God om vergifnis te vra.

Na die doop moet ons steeds strewe om in die geseënde posisie, wat ons met ons doop betree het, te behou. Daar is dus 'n nodigheid vir daaglikse self-ondersoek, gebed en 'n soeke na vergifnis. Deur dit te doen sal ons nederig en vol vetroue wees dat ons as gevolg van ons "bedekking" met Jesus se geregtigheid, in die Koninkryk van God sal wees.

Ons moet strewe om in Christus te bly tot die dag van ons dood, of Christus se wederkoms, **"en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof;"** (Filippense 3:9).

Die herhaaldelike klem dat geloof ons by God geregtig maak, wys dat ons op geen manier ons saligheid kan verdien nie; ons redding is op grond van

God se genade**, " Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie"** (Efesiërs 2:8,9).Ons geregtigheid en reverdigmaking is "gawes" van God (Romeine 5:17). So ook is ons redding.

Ons motivering om enige werke in diens van God te doen is dus uit dankbaarheid vir wat God vir ons gedoen het deur ons as geregtig te reken deur Christus, en sodoende aan ons die ewige lewe te skenk. Dit is fataal om te dink ons sal gered word omdat ons werke doen. Ons sal eenvoudig nie die ewige lewe beërwe as ons so dink nie. Ware geloof lei tot werke as 'n onafwendbare "byproduk" (Jakobus 2:17).

## 9.2 DIE BLOED VAN JESUS

Dit word dikwels in die Nuwe Testament genoem dat ons regverdiging en redding deur die bloed van Jesus Christus geskied (bv. 1 Johannes 1:7; Openbaring 5:9; 12:11; Romeine 5:9). Om die belangrikheid van Jesus se bloed te waardeer moet ons verstaan dat dit 'n Bybelse beginsel is dat die **"lewe van alle vlees in die bloed is"** (Levitikus 17:14).

Sonder bloed kan geen liggaam bestaan nie. Dit is dus simbolies van die lewe. Dit verduidelik hoekom Christus se woorde van Johannes 6:53 so gepas is :- **" Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie."**

Sonde het die dood tot gevolg (Romeine 6:23). Dit was die rede dat daar van Israel verwag was om bloed te giet vir hul sondes - om hulle te herhinner daaraan dat sonde die dood tot gevolg het.

**"En byna alles word met bloed gereinig volgens die wet, en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie"** (Hebreërs 9:22).

As gevolg hiervan was die vyeblare waarmee Adam en Eva hulle in die tuin van Eden bedek het, onvoldoende. God het eerder 'n lam se dood, om velle te voorsien, vereis om hulle sonde te bedek (Genesis 3:7, 21). Net so was

Abel se diere offerande aanvaar, eerder as Kain se offer van vrugte, omdat Abel geglo het dat sonder bloed daar nie vergifenis van sonde kan wees nie (Genesis 4:3-5).

Hierdie gebeure wys vooruit na die uiterste belangrikheid van die bloed van Christus. Dit was veral so met die gebeure van die paasfees waartydens die Israeliete die bloed van 'n geslagte lam aan hulle deurkosyne moes smeer om van 'n gewisse dood gered te word. Hierdie bloed het heengewys na die bloed van Christus waarmee ons onsself moet "bedek". Voor Jesus se tyd moes die Jode, volgens die Wet van Moses, diere offer. Hierdie gieting van bloed was egter net om beginsels uit te wys. Sonde is strafbaar met die dood (Romeine 6:23).

Dit was nie moontlik dat 'n mens 'n dier kon doodmaak as plaasvervanger vir sy eie verdiende dood nie. Die dier het geen waardering gehad vir wat reg of verkeerd is nie en was dus nie ten volle verteenwoordigend van die sondaar nie: " want die bloed van stiere en bokke kan onmoontlik die sonde wegneem" (Hebreërs 10:4).

Die vraag ontstaan nou - Hoekom moes die Jode diere offer vir hulle sondes? Paulus som die antwoorde hierop in Galasiërs 3:24 op :**" Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof."** Die diere wat geoffer moes word, moes sonder gebrek wees (Levitikus 1:3,10 ; Eksodus 12:5). Dit het vooruit gewys na Jesus toe -" 'n lam sonder gebrek" (1 Petrus 1:19). Die bloed van die diere het dus die bloed van Jesus verteenwoordig. Dit was aanvaar as offers vir sonde in soverre hulle na Christus se volmaakte offer heengewys het.

God kon dus op grond hiervan die mense wat voor Christus se tyd gelewe het, vergewe. Sy dood was **" ….vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, ..."** (Hebreërs 9:15) - met ander woorde, die Wet van Moses (Hebreërs 8:5-9). Al die offers wat onder die Wet geoffer was het vorentoe na Jesus, die perfekte offer, gewys, wat "die sonde deur sy offer weggedoen het (Hebreërs 9:26 ; 13:11,12 ; Romeine 8:3 vergelyk 2 Korinthiërs 5:21).

Ons het reeds in Afdeling 7.3 gesien hoe die Ou Testament, veral die Wet van Moses, vooruit gewys het na Christus. Onder die Wet kon die Israeliete vir God net deur die Hoë Priester nader. Die Hoë Priester was die middelaar tussen God en diegene onder die ou verbond - net soos Christus is onder die nuwe verbond (Hebreërs 9:15). **" Want die wet stel as hoëpriesters aan mense met swakhede, maar die woord van die eedswering wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan, wat vir ewig volmaak is"** (Hebreërs 7:28).

Omdat hierdie hoë priesters self sondaars was, was hulle nie in 'n posisie om ware vergifnis vir hulle mede Jode te verkry nie. Die diere wat geoffer is was ook nie ware verteenwoordigers van sondaars nie. Wat vereis was, was 'n volmaakte mens wat in alle opsigte verteenwoordigend van sondaars was en wat 'n aanvaarbare offer kon gee waruit die mensdom voordeel kon kry, deur hulle daarmee te vereenselwig. Net so was 'n volmaakte hoë priester vereis wat met sondaars kon simpatiseer omdat hy net soos hulle versoek was (Hebreërs 2:14-18).

Jesus voldoen volkome aan hierdie vereistes
**" Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;"** (Hebreërs 7:26).

Hy het nie nodig om aanhoudend vir sy eie sondes te offer nie, en ook kan hy nie meer sterf nie (Hebreërs 7:23,27). In die lig hiervan noem die Skrif Jesus ons priester :-

**" Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree"** (Hebreërs 7:25).

Omdat hy ons menslike natuur gehad het kan hy as ons ideale priester optree, **" as een wat kan saamvoel met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self ook met swakheid bevange is (was)"** (Hebreërs 5:2). Dit stem ooreen met die stelling in Hebreërs 2:14, **" Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het--dit is die duiwel"**

Soos die Joodse hoë priesters net vir Israel ingetree het, net so tree Christus net op as middelaar vir "geestelike Israel"' - diegene wat ná geloof in die

Evangelie gedoop is. Hy is 'n hoë priester oor die “huis van God” (Hebreërs 10:21) wat bestaan uit diegene wat wedergebore is deur die doop (1 Petrus 2:2-5), en die ware hoop van die Evangelie het (Hebreërs 3:6). Die waardering van die wonderlike voordele van Christus se priesterskap behoort ons dus aan te moedig om in hom gedoop te word - daarsonder kan hy nie vir ons as middelaar optree nie.

Nadat ons in Christus gedoop is behoort ons gretiglik gebruik te maak van Jesus se priesterskap; ons het ook sekere verantwoordelikhede in hierdie verband.

**" Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n lofoffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely"** (Hebreërs 13:15).God se plan, om Jesus as ons priester te voorsien, het ten doel gehad dat ons Hom moet verheerlik. Ons moet dus gereeld gebruik maak van ons toegang tot God deur Jesus om Hom te prys. Hebreërs 10:21-25 lys 'n hele aantal verantwoordelikhede wat ons het omrede Jesus ons hoë priester is :-

**" en ons 'n groot Priester oor die huis van God het, laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte gewete en die liggaam gewas met rein water. Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou; en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons, ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom. "**

'n Waardering van hierdie dinge sal ons 'n nederige vertroue gee dat ons werklik gered sal word as ons gedoop is en in Christus bly :- **" Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word"** (Hebreërs 4:16).

## 9.3 'n OFFERANDE VIR ONS EN HOMSELF

Die Joodse hoë priester moes 'n offerande maak - eerstens vir sy eie sondes en daarna vir die sondes van die volk (Hebreërs 5:1-3). Jesus se offerande

het dieselfde tweedledige doel gehad. Alhoewel Jesus self geen sondes gehad het nie, het hy nogtans 'n menslike natuur gehad, en moes hy van die dood gered word. Hierdie redding was deur God voorsien op grond van Jesus se eie offerande. Jesus het dus gesterf, beide om sy eie redding te bewerkstellig, en ook om ons redding moontlik te maak.

Vele skrifgedeeltes verwys hierna. Die volgende is 'n lys verse wat bewys dat Christus se offer vir sy eie ontwil, en ook ons ontwil was. Die lys is veel langer as wat nodig is om die punt te bewys, maar dit is baie belangrik om Jesus se menslikheid reg te verstaan : Die Hoëpriester moes **" net soos vir die volk, so ook vir homself vanweë die sondes offer …... So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer"** (Hebreërs 5:3,5).

**" wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het "** (Hebreërs 7:27).

**" Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode teruggebring het, "** (Hebreërs 13:20).

Dit moet in ag geneem word dat al die verwysings na die stort van bloed deur diere offerandes op een of ander manier verband hou met Christus se offer.

Die altaar, 'n simbool van Christus, was een keer 'n jaar versoen deur bloed (Eksodus 30:10) - dit wys hoe Jesus homself deur sy eie offer afgesonder het. Inderdaad, die hele tabernakel het Christus verteenwoordig en moes deur bloed gereinig word (Hebreërs 9:22). Die fisiese meubels in die tabernakel het geen sonde gedoen nie, maar het reiniging nodig gehad vanweë hulle assosiasie met sonde. So is dit ook met Jesus.

Die Hoëpriester self moes sy bediening begin deur met bloed besprinkel te word en so het Jesus ook sy eie offer nodig gehad ten einde sy bediening in die hemel vir ons te begin (Levitikus 8:23). Dat Jesus vir homself versoening moes bring beteken nie dat hy persoonlik gesondig het nie. Om 'n persoonlike sonde offer te bring het nie altyd impliseer dat die persoon

wat die offer bring gesondig het nie (in Levitikus 12 byvoorbeeld moes 'n vrou na geboorte 'n sondeoffer bring).

## 9.4 JESUS AS ONS VERTEENWOORDIGER

Ons het gesien dat die offerande van diere nie heeltemal verteenwoordigend van die sondige mens was nie. Jesus was verteenwoordigend van ons, en moes **" in alle opsigte aan sy broeders gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan, om die sondes van die volk te versoen"** (Hebreërs 2:17). Dit gaan voort : **"Hy het die dood vir elke mens gesmaak"** (Hebreërs 2:9).

As ons sondig (bv. ons humeur verloor), kan God ons om Christus se onthalwe vergewe (Efesiërs 4:32). Dit is omdat God ons beskou asof ons “in” Jesus is, en dus deur Jesus se geregtigheid bedek is. God kan ons dus genadig wees omdat Jesus ons sondelose verteenwoordiger is. As Jesus God was, eerder as 'n mens met 'n totale menslike natuur, kon hy nie ons verteenwoordiger wees nie. Hierdie is nog 'n voorbeeld van waar een verkeerde idee na 'n ander lei. As gevolg hiervan het teoloë baie ingewikkelde verklarings ontwikkel om Jesus se dood te verduidelik.

Die algemene siening van die afvallige Christendom is dat die mens se sonde hom by God in 'n posisie van skuld geplaas het wat hy nie kan betaal nie. Christus het toe deur sy dood aan die kruis hierdie skuld betaal.Menige Evangelis het dit al as volg uitgedruk: “Dit was asof ons almal teen die muur aangetree was, gereed om deur die duiwel geskiet te word. Jesus storm toe in; die duiwel skiet hom toe in plaas van vir ons en ons is nou vry.”

Hierdie uitgebreide teorieë is sonder enige grondige Bybelse ondersteuning. Daar is ook 'n ooglopende teenstrydigheid - as Jesus namens ons gesterf het, behoort ons nie te sterf nie.  Aangesien ons steeds menslike natuur het moet ons nog sterf; redding van die sonde en die dood sal eers finaal by die oordeelsdag verkry word as ons onsterflikheid verkry.  Ons het dit nie

verkry ten tye van Jesus se dood nie. Die Bybel leer dat redding moontlik is deur Jesus se dood EN opstanding - nie net deur sy dood nie. Christus het vir ons gesterf - eenmalig. Die teorie van plaasvervanging sou beteken dat hy vir elkeen van ons persoonlik moes sterf.

As Christus 'n skuld betaal het met sy bloed, word ons redding iets wat ons as ons reg kan eis. Die feit dat saligheid 'n gawe is wat deur God se genade en vergifnis te weeg gebring word, word uit die oog verloor as ons Jesus se offer as 'n skuldbetaling beskou. Dit blyk dan asof 'n woedende God tevrede gestel is toe Hy die fisieise bloed van Jesus sien. Wat God egter sien, as ons berou het, is Sy seun as ons verteenwoordiger wie ons probeer navolg.

Die woorde **"Christus het vir ons gesterf"** (Romeine 5:8), word ongelukkig misverstaan as sou Christus in ons plek gesterf het. Daar is verskeie verbintenisse tussen Romeine 5 en 1 Korinthiërs 15 (bv. vers12 = 1 Korinthiërs 15:21 ; :vers 17 = 1 Korinthiërs 15:22). "Christus het vir **ons** gesterf" (Romeine 5:8) is gelyk aan **"Christus het vir ons <u>sondes</u> gesterf"** (1 Korinthiërs 15:3). Sy dood was nodig om 'n weg te bewerkstellig waarvolgens ons vergifnis van sondes kan verkry. Dit is in hierdie sin dat "Christus vir ons gesterf het." Dit woord "vir" beteken nie noodwendig "in plaas van" nie.

## 9.5 JESUS EN DIE WET VAN MOSES

Jesus was die volmaakte offer vir sonde en is die ideale Hoë Priester wat ware vergifnis vir ons verkry. Die ou sisteem van diere-offerandes en hoë priesters is dus na Jesus se dood mee weggedoen (Hebreërs 10:5-14). **" Want met verandering van die priesterskap (van die Leviete na Christus) kom daar noodsaaklik ook verandering van wet"** (Hebreërs 7:12).

Christus was **" een wat dit geword het nie kragtens die wet van 'n vleeslike gebod nie, maar uit die krag van die onvernietigbare lewe"** (Hebreërs 7:16).

Dus **" aan die een kant is daar die opheffing van die voorafgaande gebod weens die swakheid en nutteloosheid daarvan, omdat die wet niks volkome gemaak het nie; maar aan die ander kant is daar die invoering van 'n beter hoop waardeur ons tot God nader"** (Hebreërs 7:18,19).

Dit is duidelik hieruit dat die wet van Moses beëindig is met Jesus se dood. Om op 'n menslike priesterskap of diere-offerandes te vertrou, beteken dat ons nie die volheid van Christus se oorwinning aanvaar nie. So 'n geloof beteken dat ons nie Jesus se offer as totaal suksesvol aanvaar nie, en dat ons voel dat werke nodig is om ons verlossing te bewerkstellig, eerder as 'n geloof in Christus alleen. **" En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe"** (Galasiërs 3:11 vergelyk Habakuk 2:4).

Ons eie pogings om aan die letter van God se wet gehoorsaam te wees sal ons nie regverdig nie; sekerlik het elke leser van hierdie woorde alreeds daardie wette oortree. As ons die wette van Moses wil onderhou moet ons probeer om alles daarvan te onderhou. Ongehoorsaamheid aan net 'n deel daarvan beteken veroordeling aan die wat onder die wet is :- **"Want almal wat uit die werke van die wet is, is onder die vloek; want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskryf is in die boek van die wet om dit te doen nie"** (Galasiërs 3:10).

Die swakheid van ons menslike natuur beteken dat ons dit onmoontlik vind om die wet van Moses ten volle te onderhou. Ons is egter deur Christus se volkome gehoorsaamheid daaraan vrygespreek van enige verpligting om dit te hou. Ons redding is as gevolg van God se gawe deur Jesus, eerder as ons persoonlike werke van gehoorsaamheid. **" Want God het - wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees - deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees,"** (Romeine 8:3). Dus sien ons : **" Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word …"** (Galasiërs 3:13).

As gevolg hiervan word daar nie meer van ons vereis om enige deel van die wet van Moses te onderhou nie. Ons het in Studie 3.4 gesien dat die nuwe

verbond in Christus die ou verbond van Moses vervang het (Hebreërs 8:13). Deur sy dood het Christus **" die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim (het) deur dit aan die kruis vas te nael, nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het. Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus"** (Kolossense 2:14-17).

Dit is baie duidelik - as gevolg van Jesus se dood aan die kruis was die wet uit die weg geruim sodat ons enige druk om enige dele daarvan te onderhou (bv. die Sabbat en feeste), kan weerstaan. Soos met die res van die wet was die doel hiervan om vooruit te wys na Christus. Na sy dood was hulle vervul en is daar dan nou geen rede om hulle te onderhou nie.

Die vroeë Christen kerk van die eerste eeu was onder konstante druk van die ortokose Jode om dele van die wet te onderhou. Dwarsdeur die Nuwe Testament is daar herhaaldelike waarskuwings om sodanige voorstelle te weerstaan. In die lig hiervan is dit merkwaardig dat daar vandag verskeie denominasies is wat gedeeltelike gehoorsaamheid van die wet voorhou. Ons het voorheen gewys dat enige poging om die wet van ouds te onderhou moet poog om die HELE wet te onderhou, anders word ons outomaties verdoem as gevolg van ongehoorsaamheid daaraan (Galasiërs 3:10).

Daar is 'n element in ons menslike natuur wat neig om te hou van die idee dat ons geregverdig kan word deur werke; ons hou daarvan om te voel dat ons iets **doen** met betrekking tot ons saligheid. Die gee van tiendes, herhaling van gebede, gebede in sekere posture, ens. is derhalwe gewild in sommige godsdienste.

Saligheid deur geloof in Christus **alleen** is 'n leerstelling uniek aan ware Bybel-gebaseerde Christendom. Waarskuwings teen die hou van enige gedeeltes van die wet van Moses ten einde saligheid te verkry is volop in die Nuwe Testament. Sommige het geleer dat Christene besny moes word volgens die wet van Moses; en so “die wet onderhou”.

Jakobus ontken prontuit hierdie idee namens die ware gelowiges :- **“Aangesien ons gehoor het dat sommige wat van ons uitgegaan het, aan**

**wie ons geen opdrag gegee het nie, julle met woorde ontstel en julle gemoedere verontrus deur te sê dat julle besny moet word en die wet moet onderhou, …. “** (Handelinge 15:24).

Petrus spreek diegene wat geleer het dat die wet gehoorsaam moes word, as volg aan :- **“Nou dan, waarom versoek julle God deur op die nek van die dissipels 'n juk te lê wat ons vaders en ook ons nie in staat was om te dra nie? Maar ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook"** (Handelinge 15:10,11).

Onder inspirasie is die apostel Paulus net so uitgesproke en beklemtoon hy dieselfde punt oor en oor :-

**“terwyl ons weet dat die mens nie geregverdig word uit die werke van die wet nie, maar alleen deur die geloof in Jesus Christus, selfs ons het in Christus Jesus geglo, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof in Christus en nie uit die werke van die wet nie; omdat uit die werke van die wet geen vlees geregverdig sal word nie"** (Galasiërs 2:16),

**“En dat niemand deur die wet by God geregverdig word nie, is duidelik; want die regverdige sal uit die geloof lewe”** (Galasiërs 3:11),

**“en dat elkeen wat glo, deur Hom geregverdig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregverdig kon word nie”** (Handelinge 13:39).

Dit is 'n duidelike teken van dwaling van baie gelowe dat baie van hulle gebruike gebaseer is op elemente van die wet van Moses - ten spyte van die leringe dat die wet nie onderhou moet word nie, aangesien dit deur Christus weggedoen is.  Ons sal nou kyk na 'n paar voorbeelde van hoe die wet van Moses die basis vorm van hedendaagse "Christen" praktyke.

**PRIESTERS:**
Die Rooms Katolieke en die Anglikaanse kerke gebruik 'n stelsel van menslike priesters. Die Rooms Katolieke beskou die Pous as hulle ekwivalent van die Joodse hoë priester. Die Bybel verklaar egter :- “.. daar is **een** Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,” (I Timotheüs 2:5). Dit is dus onmoontlik dat die Pous of enige ander priesters ons middelaars kan wees op dieselfde basis as die priesters onder die ou verbond. Christus is nou ons Hoë Priester in die hemel, en hy offer ons gebede aan God. Daar is absoluut geen Bybelse bewys dat die gesag van die geïnspireerde apostels in die eerste eeu, Petrus byvoorbeeld, oorgedra was aan daaropvolgende geslagte of spesifiek die Pous nie.

Die gawes van die Heilige Gees is onttrek en alle gelowiges het gelyke toegang tot die Woord (sien Studies 2.2 en 2.4). Hulle is dus almal broers en geeneen het 'n meer geestelike verhewe posisie as 'n ander nie. Inderdaad, alle ware gelowiges is deel van 'n nuwe priesterskap omrede hulle in Christus gedoop is, en hulle nou die lig van God aan 'n wêreld in duisternis voorhou (I Petrus 2:9). Hulle sal derhalwe koning-priesters in die Koninkryk, wat Jesus op aarde sal vestig met sy koms, wees (Openbaring 5:10).

Die Katolieke gebruik om hulle priesters “Vader” te noem (‘Pous’ beteken ook ‘vader’), is lynreg in teenstelling met Christus se woorde, “ En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is” (Mattheüs 23:9). Jesus waarsku juis daarteen om enige medemens die tipe geestelike respek te toon wat deur moderne priesters vereis word :- **“Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders”** (Mattheüs 23:8).

Die swierige gewaad wat deur priesters, biskoppe ens. gedra word, se oorsprong is in die spesiale klere wat deur die priesters en die hoë priester onder die wet van Moses gedra was. Die klere het heengewys na die volmaakte karakter van Christus, en soos met die res van die wet is die doel daarvan nou vervul. Dit is tragies dat klerasie wat die glorie van Christus moes uitwys nou gedra word tot die glorie van die mans wat dit dra.

Die Katolieke idee dat Maria 'n priester is, is totaal verkeerd. Ons gebede is in Christus se naam, nie Maria s'n nie (Johannes 14:13,14; 15:16; 16:23-26). Christus is ons enigste Hoë Priester, nie Maria nie. Jesus het Maria streng aangespreek toe sy hom wou oorhaal om dinge vir ander te doen (Johannes 2:2-4). God bring mense na Christus toe – nie Maria nie (Johannes 6:44).

**TIENDES**

Hierdie gebruik was ook deel van die Wet van Moses, waardeur die Jode 'n tiende van hulle goedere aan die priestelike stam van Levi gegee het (Numeri 18:21). Aangesien daar nou geen rituele priesterskap bestaan nie kan dit nie verpligtend wees om tiendes aan kerkleiers te betaal nie. Hier het een verkeerde idee (aangaande priesters) tot 'n ander verkeerde idee (tiendes) gelei. God self het nie ons offerandes nodig nie aangesien alles aan Hom behoort (Psalm 50:8-13). Ons gee net terug aan God wat Hy aan ons gegee het (1 Kronieke 29:14).

Dit is onmoontlik vir ons om ons redding te verkry as 'n resultaat van ons materieëele offers (finansieëele bydraes). In dankbaarheid teenoor God vir Sy gawe aan ons, behoort ons ons lewens op te offer – nie net 'n tiende van ons geld nie.

Paulus het 'n voorbeeld in hierdie verband gestel en werklik beoefen wat hy gepreek het: **“Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer - dit is julle redelike godsdiens”** (Romeine 12:1).

**VLEIS**

Die Joodse Wet het sekere vleissoorte as onrein geklassifiseer. Hierdie praktyk word vandag nog deur sekere denominasies beoefen – veral met betrekking tot varkvleis. Omdat Jesus **“ die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, "…..**daarom**, "laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie,”** (Kolossense 2:14-16).

Jesus het dit duidelik gestel dat niks wat 'n mens eet hom geestelik kan besmet nie. Dit wat uit die hart kom is wat 'n mens onrein maak (Markus 7:15-23). Sodoende verklaar Jesus dus alle voedsel as "rein" (Markus 7:19). Petrus word in Handelinge 10:14,15 dieselfde les geleer as Paulus in Romeine 14:14 :- **"Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein."**

Paulus redeneer vroër, in Romeine 14:1,2, dat dit 'n teken van geestelike swakheid is om sekere vleissoorte te weier. Ons houding teenoor kossoorte " bring ons nie nader by God nie; want as ons eet, het ons geen oorvloed nie, en as ons nie eet nie, ly ons geen gebrek nie" (1 Korinthiërs 8:8).

Die grootste waarskuwing is dat die gebruik om sekere vleissoorte af te keur, sou kom van Christene wat dwaal :- " wat verbied om te trou en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het om met danksegging gebruik te word deur die gelowiges en die wat die waarheid ken" (1 Timotheüs 4:3).

## 9.6 DIE SABBAT

Een van die "Christen" gebruike van vandag, en dit sluit aan by die Wet van Moses, is die dat die Sabbat gehou moet word. Sommige groepe beweer dat ons die Joodse Sabbat presies moet hou soos die Wet van Moses dit definieer. Baie ander glo dat Christene 'n spesifieke dag van die week behoort te hê waarop hulle God moet aanbid – en hulle doen dit op 'n Sondag.

Die eerste punt wat onthou moet word is dat die Sabbat die laaste dag van die week was toe God na ses dae van die skepping gerus het (Eksodus 20:10,11). Sondag is die <u>eerste</u> dag van die week en dit sal dus nie korrek wees om dit as die <u>Sabbat</u> te hou nie. Die Sabbat was spesifiek **"gegee om 'n teken te wees tussen My en hulle, dat hulle kan weet dat dit Ek, die HERE, is wat hulle heilig"** (Esegiël 20:12). As sulks was dit nooit bedoel om bindend te wees op nie-Jode nie.

Die vroeë  Christene wat weer die Wet wou onderhou, word deur Paulus as volg vermaan : - **“ maar nou dat julle God ken, of liewer deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? Julle neem dae (byvoorbeeld die Sabbat) en maande en tye en jare waar. Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het”** (Galasiërs 4:9-11).

Dit is hoe ernstig dit is om die Sabbat te probeer hou om jou saligheid te bekom.  Dit is duidelik dat die hou van die Sabbat irrelevant tot saligheid is :- **“Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees.  Hy wat die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here; en wie eet, eet tot eer van die Here, want hy dank God; en wie nie eet nie, eet nie tot eer van die Here, en hy dank God”** (Romeine 14:5,6).

Om hierdie rede is dit te verstane dat ons nie lees dat die vroeë gelowiges die Sabbat gehou het nie.  Inteendeel, dit word duidelik gestel dat hulle **op "die eerste dag van die week"**,

met ander woorde Sondag, saamgekom en brood gebreek het (Handelinge 20:7).  Dit was 'n wyd verspreide praktyk aangesien Paulus die gelowiges in Korinthe laat weet het om kollekte op te neem **"op die eerste dag van die week"** (1 Korinthiërs 16:2), met ander woorde, die dag waarop hulle gereeld vergader het.

Alle gelowiges word as priesters beskou (1 Petrus 2:9) – die priesters in die Ou Testament hoef nie die Sabbat te gehou het nie (Mattheüs 12:5). As ons die Sabbat wil hou moet ons dit behoorlik doen – ons het vroeër gewys dat dit nutteloos is om die Wet van Moses gedeeltelik te hou aangesien dit tot ons veroordeling lei (Galasiërs 3:10; Jakobus 2:10).  Saligheid is deur die wet van Jesus te onderhou – nie deur die wet van Moses nie.  Israel was nie toegelaat om enige werk op die Sabbat te doen nie :-

**“ Ses dae lank kan daar werk verrig word, maar op die sewende dag moet daar vir julle 'n heiligheid, 'n dag van volkome rus wees tot eer van die HERE. Elkeen wat daarop werk verrig, moet gedood word.**

**Julle mag op die sabbat geen vuur aansteek in enigeen van julle woonplekke nie"** (Eksodus 35:2,3).

**"Toe sê hy vir hulle: Dit is wat die HERE gespreek het: Môre is dit rusdag, 'n heilige sabbat van die HERE. Wat julle wil bak, bak dit; en wat julle wil kook, kook dit; en bêre vir julle alles wat oor is, om dit te bewaar tot die môre toe"** (Eksodus 16:23).

Hulle was dus verbied om kos op die Sabbat voor te berei. In Numeri 15:32 – 36 lees ons van 'n man wat gestraf is met die dood omdat hy hout bymekaar gemaak het op die Sabbat (heel waarskynlik om vuur te maak om kos gaar te maak).

Die denominasies wat leer dat die hou van die Sabbat bindend op hul lede is, behoort dus vir die wat die wet verbreek met die dood te straf. Daar moet ook geen kook van kos of die gebruik van energie in enige vorm wees nie.

Ortodokse Jode van vandag stel 'n voorbeeld van die soort gedrag wat op 'n Sabbat verwag word; hulle bly die hele dag binnehuis behalwe vir godsdienstige redes en is nie persoonlik betrokke by kos voorbereiding nie. Hulle reis ook nie. Meeste 'Christene' wat daarop aanspraak maak dat hulle die Sabbat hou skiet ver tekort m.b.t. die Jode se voorbeeld.

Dit word dikwels gesê dat die Sabbat een van die tien gebooie is wat aan Moses gegee was en dat, alhoewel die res van die wet mee weggedoen is, die tien gebooie nog gehou moet word. Die Sewendedagse Adventiste onderskei tussen die 'morele wet' van die tien gebooie en die sogenaamde 'seremonieële wet' wat hulle glo weg mee gedoen is. Hierdie onderskeid word nie in die Bybel geleer nie. Dit kan gewys word dat die tien gebooie (insluitend die Sabbat) deel was van die ou verbond wat Christus weg mee gedoen het.

- Deuteronomium 4:13 sê **" Toe het Hy (God) aan julle sy verbond verkondig wat Hy julle beveel het om te doen, die tien woorde, en dit op twee kliptafels geskrywe"** Dit moet weer daarop gelet word dat

hierdie verbond, gegrond op die tien gebooie, tussen God en Israel gemaak was, en nie die nie-Jode van vandag nie.

- Moses het die berg Horeb bestyg om die twee tafels waarop die tien gebooie geskryf was, te ontvang. Later sê Moses die volgende hieroor**: " Die HERE onse God het by Horeb met ons 'n verbond gesluit "** (Deuteronomium 5:2), m.a.w. deur daardie 10 gebooie.

- Dit was in hierdie tyd dat God **" op die tafels die woorde van die verbond, die tien woorde, geskrywe (het)"** (Eksodus 34:28). In hierdie selfde verbond was besonderhede ingesluit oor die sogenaamde "seremonieële" wet (Eksodus 34:27). As ons redeneer dat dit nodig is om die verbond wat in die tien gebooie is, te hou, dan moet ons elke detail van die hele Wet onderhou, aangesien dit alles deel is van dieselfde verbond. Dit is natuurlik onmoontlik om dit te kan doen.

- In Hebreërs 9:4 lees ons van **"die tafels van die verbond".** Die tien gebooie was op hierdie tafels van klip geskryf wat die "ou verbond" uitgemaak het.

- Paulus verwys na hierdie verbond as **"geskryf op klip",** met ander woorde op die tafels van klip. Hy noem dit **"… die bediening van die dood,…… die bediening wat veroordeel,……. wat moes vergaan,…."** (2 Korinthiërs 3:7-11). Die verbond wat met die tien gebooie geassosieer word, kan sekerlik geen hoop op saligheid gee nie.

- Net een van die tien gebooie word "die wet" in Romeine 7:7 genoem : **"want ek sou ook die begeerlikheid nie geken het nie as die wet nie gesê het: Jy mag nie begeer nie…."**

Die voorafgaande verse in Romeine 7:1-6 beklemtoon hoe die 'wet' mee weggedoen is met Christus se dood – die 'wet' sluit dus die tien gebooie in. Die gees van (beginsels agter) die tien gebooie bestaan nog maar die hou van rituele (soos bv. die Sabbat dag) het verval. Sodoende word die gees van nege (9) van die tien gebooie in die Nuwe Testament bevestig. Gebooie nommers 3,5,6,7,8 en 9 kan byvoorbeeld in 1 Timotheüs 1 gevind word en gebooie nommers 1,2 en 10 in 1 Korinthiërs 5. Die vierde gebod (ten opsigte van die Sabbat) word egter nooit in die Nuwe Testament as verpligtend op ons genoem nie.

Die volgende lys versgedeeltes toon aan hoe die ander nege gebooie (maar nie die Sabbat nie) in die Nuwe Testament bevestig word :-

Eerste gebod - *Efesiërs 4:6 ; 1 Johannes 5:21 ; Mattheüs 4:10*
Tweede gebod - *1 Korinthiërs 10:14 ; Romeine 1:25*
Derde gebod - *Jakobus 5:12 ; Mattheüs 5:34, 35*
Vyfde gebod - *Efesiërs 6:1,2 ; Kolossense 3:20*
Sesde gebod - *1 Johannes 3:15 ; Mattheüs 5:21*
Sewende gebod - *Hebreërs 13:4 ; Mattheüs 5:27,28*
Agste gebod - *Romeine 2:21 ; Efesiërs 4:28*
Negende gebod - *Kolossense 3:9 ; Efesiërs 4:25; 2 Timotheüs 3:3*
Tiende gebod - *Efesiërs 5:3 ; Kolossense 3:5.*

## INSET 28 : DIE KRUIS

Die Rooms Katolieke kerk heg groot mistieke waarde en beduidenis aan die kruis. Dit is totaal sonder Bybelse gronde. Die het tot gevolg dat die kruis 'n 'gelukbringer', 'n fisiese teken dat God met ons is, geword het. Mense glo dat deur die kruis as hangertjies te dra of die teken van die kruis uit te voer, God met hulle sal wees. Die ware krag van die kruis is egter deur met Christus se dood te assosieer deur middel van die doop, eerder as om die fisiese vorm van die kruis te herroep.

## INSET 29 WAS JESUS OP DIE 25ste DESEMBER GEBORE?

Nog 'n groot fout van populêre Christendom gaan oor Jesus se geboortedag. Die herders het met hul kudde in die veld geslaap ten tye van Jesus se geboorte (Lukas 2:8) – hulle sou dit nie tydens Kerstyd, wat gedurende die winter in Israel plaasvind, gedoen het nie. Christus het vir 33 ½ jaar geleef en toe tydens die paasfees gesterf. Hy moes dus 6 maande voor die Paasnaweek gebore gewees het – in die omgewing van September / Oktober.

Desember 25 was oorspronklik die datum van 'n heidense fees in voor-Christense Europa. Die boek van Handelinge wys hoe ware Christene deur die heidene vervolg was. Die apostels het gewaarsku dat sommige Christene heidense gelowe sou aanneem ten einde hul geloof meer aanvaarbaar te maak vir die heidene (bv. Handelinge 20:30 ; 1 Johannes 2:18 ; 2 Thessalonicense 2:3 ; 2 Petrus 2:1-3). Die aanneming van Desember 25 as 'n Christenfees is 'n uitstaande voorbeeld hiervan. Kersbome, geskenke ens. kan alles teruggevoer word na heidense praktyke wat op Desember 25 beoefen is.

Dit volg dus dat ware Christene nie die geboorte van Christus op Desember 25 moet 'vier' nie. In die praktyk sal ware gelowiges openbare vakansiedae gebruik om in gemeenskap met ander gelowiges te verkeer waar moontlik.

# STUDIE 9
# VRAE

1. Hoekom was die dood van Jesus, eerder as die van enige ander man, vereis vir ons redding ?

2. Hoekom was die diere offers in die Wet van Moses nie voldoende om sondes weg te neem nie ?

3. Was Jesus ons verteenwoordiger of plaasvervanger met sy dood ?

4. Watter van die volgende stellings is waar –

(a) Christus het in ons plek gesterf

(b) Christus het ons verteenwoordig, God kan ons dus vergeef om sy ontwil

(c ) Christus was soos ons maar het ons nie verteenwoordig nie

(d) Christus se dood beteken dat God nie meer enige mens skuldig sal hou vir sy sonde nie.

5. Het Jesus gebaat by sy eie dood ?

6. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het hy . . .

(a) Die kleiner gebooie in die Wet beeïndig, maar nie die 10 gebooie nie

(b) Die Wet van Moses beeïndig maar nie die Joodse feeste nie

(c ) Die Wet van Moses (insluitende die 10 gebooie) beëindig

(d) Geen effek op die posisie van die Wet van Moses gehad nie.

7. Moet ons die Sabbat nou hou ?

8. Gee redes vir U antwoord op vraag 7.

# Bybel Beginsels

# Studie Tien

# Die Doop

## 10.1 DIE LEWENSBELANGRIKHIED VAN DIE DOOP

Menigmaal in vorige studies het ons die lewensbelangrikheid van die doop genoem; die doop is die eerste stap van gehoorsaamheid aan die Evangelie boodskap. Hebreërs 6:2 praat van die doop as een van die mees basiese leringe. Die bespreking het ons tot nou toe gelaat omdat ware doop net kan plaasvind wanneer die basiese waarhede omtrent die Evangelie reg begryp is. Ons studies t.o.v. die basiese leringe is nou afgehandel; as jy werklik geassosieer wil wees met die groot hoop wat die Bybel bied deur Jesus Christus, is die doop absoluut nodig.

**"Die salighied is uit die Jode "** (Johannes 4:22) in die sin dat die belofte van saligheid net aan Abraham en sy saad gemaak is. Ons kan alleenlik hierdie beloftes aan ons belowe hê as ons deel word van díe nageslag deur die doop in Jesus Christus (Galasiërs 3:22-29).

Jesus het daarom sy volgelinge beveel: **"Gaan die hele wereld in en verkondig die evangelie** (wat ingesluit is in die belofte aan Abraham - Galasiërs3:8 ) **aan die ganse mensdom**. **Hy wat glo en hom laat doop sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word"** (Markus16:15-16). Die woord "en" wys dat geloof in die Evangelie alleen ons nie sal red nie; die doop is nie 'n opsionele ekstra in Christelike lewe nie, dit is 'n voorvereiste vir saligheid. Dit is nie te sê dat die doop self ons sal red nie;dit moet gevolg word deur 'n lewe toegewy aan God se Woord. Jesus het dit beklemtoon: **"Voorwaar voorwaar Ek se vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie"** (Johannes 3:5)

Hierdie geboorte "uit water" (Grieks 'van uit' ) verwys na 'n persoon wat opkom uit die waters van die doop; hierna moet hy weer gebore word uit die gees. Dit is 'n aanhoudende proses: **"Wedergebore...uit die lewende Woord van God..."** (1Petrus1:23). Dus is dit deur ons volgehoue reaksie teenoor die Woord dat ons weergebore word (sien Studie 2.2).

Ons word **"..in Christus gedoop"** (Galasiërs 3:27) ; in sy naam (Handelinge 19:5; 8:16; Mattheüs 28:19). Let op dat ons in Christus gedoop word en nie in die Christadelphians of enige menslike instansie nie.

Sonder die doop is ons nie **"in Christus"** nie en daarom nie gedek deur sy reddende werk nie (Handelinge 4:12). Petrus gee 'n treffende vergelyking rondom hierdie feit: hy vergelyk die ark in die tyd van Noag met Christus. Soos die ark Noag en sy familie gered het van die oordeel oor sondaars, so-ook sal die doop in Christus gelowiges red van die ewege dood. (1Petrus 3:21). Soos Noag in die ark ingegaan het, so gaan ons, deur gedoop te word, in Christus in. Almal wat nie die ark binne gegaan het nie is vernietig. Die wat naby die ark gestaan het of 'n vriend van Noag was, is nie gered daardeur nie. Die enigste manier om gered te word was om in die ark te wees. Dit is duidelik dat die wederkoms van Christus , wat deur die vloed versinnebeeld is (Lukas17:26-27), baie naby is. (sien Inset 3). Om in Christus **"in te gaan"** is duidelik baie dringend. Woorde is nie sterk genoeg om die dringendhied van die situasie uit te druk nie. Die vergelyking met die ark stel dit die kragtigste.

Die vroeë Christene het Christus se bevel om deur die wêreld te reis en mense te vertel van die Evangelie en om hulle te doop, gehoorsaam. Die boek Handelinge is bewys hiervan. Die feit dat mense onmiddellik gedoop is nadat hulle die evangelie boodskap gehoor en aanvaar het, is 'n bewys van die dringendheid van die doop (bv. Handelinge 8:12, 36 - 39 ; 10 : 47 ; 16 : 15 ).

As ons eers besef dat sonder die doop ons studies van die woord niks werd is nie, verstaan ons die dringendheid daarvan. Die doop is 'n ontsagtelik belangerikke stap om gered te word. Dit word in die geïnspireerde Woord van God uitgelig hoe, ten spyte van baie menslike redes om die doop uit te stel, en baie moeilikhede wat gepaard gaan daarmee, dit so belangerik is dat dit wel uitgevoer word met God se hulp.

Die tronkbewaarder van Filippi was skielik in 'n krisis-situasie gedompel toe 'n massiewe aardbewing sy tronk in puin lê. Die gevangenes het die geleentheid gehad om te ontsnap - iets wat hom sy lewe kon kos.

Sy geloof het skielik vir hom die belangrikste geword - soveel so dat hy in dieselfde uur, onmiddellik gedoop is (Handelinge 16:33). As iemand ooit 'n verskoning gehad het om die doop uit te stel, dan was dit hy. Die ergste aardbewing in Griekeland in 3000 jaar, 'n horde gevangenes wat verbete probeer uitkom, en die feit dat hy dalk doodgemaak gaan word omdat hy nie sy pligte nakom nie, was vir hom nie belangerik genoeg om die doop uit te stel nie. Hy het duidelik gesien wat die belangrikste is om te doen in sy lewe. So het hy die onmiddellike gevare oorkom (bv. die aardbewing) en die druk van die traumatiese situasie waarin hy homself bevind het, en is hy gedoop. Baie weifelende kandidate kan hieruit 'n les leer.

Die feit dat hy so 'n daad uit geloof gedoen het, is bewys dat hy 'n goeie kennis van die evangelie gehad het, siende dat egte geloof slegs kom deur die woord te hoor (Romeine 10:17 , Handelinge 17:11).

Handelinge 8:26 - 40 beskryf hoe 'n Etiopiese hofdienaar sy Bybel bestudeer het, terwyl hy op sy wa deur die woestyn ry. Hy het Filippus ontmoet wat die Evangelie aan hom verduidelik het, en ook die noodsaaklikheid van die doop. Menslik gesproke moes dit onmoontlik gewees het om die man in die waterlose woestyn te doop. **"En terwyl hulle voortreis op die pad, kom hulle by water"** miskien 'n oase, waar die doop moontlik sou wees (Handelinge 8:36). Hierdie insident bewys die ongegronde idee, dat die doop deur middel van onderdompeling net in gebiede met baie water kan plaasvind, verkeerd. God sal altyd 'n realistiese manier bewerkstellig sodat Sy bevele gehoorsaam kan word.

Die apostel Paulus het 'n dramatiese visioen van Christus gesien en is gedoop kort daarna (Handelinge 9:18). Weereens moes die versoeking groot gewees het om nie gedoop te word nie. Hy het 'n hoë sosiale profiel gehad en 'n belowende loopbaan in Judaisme, maar hierdie hooggeplaaste het gekies om onmiddellik te verander en sy vorge lewenswyse openlik te laat vaar. Hy het selfs oor sy besluit om gedoop te word die volgende gesê:

**"Maar wat vir my wins was, het ek om Christus wil skade geag...... (vir) wie ek alles prysgegee het (die dinge wat hy eers as "wins" gesien**

**het), en as drek beskou om Christus se wins te verkry.....ek vergeet die dinge wat agter is (die dinge van sy vorige lewe) en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus"** (Filippense 3:7,8,13,14)

Dit klink na die taal van 'n atleet wat wil wen. Sulke konsentrasie en geestelike en fisieke inspanning moet ons lewens kenmerk na die doop. Dit moet verstaan word dat die doop die wegspring is in die wedloop na die Koningkryk van God; dit is nie die begin van 'n passiewe ontspanne lewe as "Christen" nie. Die doop assosieer ons met die kruisiging en opstanding van Jesus (Romeine 6:3-5) – dit is  dus baie dinamies.

As 'n moeë, geestelik triomfantlike ou man, was Paulus se herinneringe**: "ek (was) aan die hemelse gerig nie ongehoorsaam nie"** (Handelinge 26:19). Soos dit vir hom 'n werkliheid was, so moet dit vir ons wees as ons behoorlik gedoop is: dit is 'n besluit wat 'n mens nooit oor spyt sal wees nie. Ons lewens deur sal ons weet dat ons die regte ding gedoen het. Daar is min dinge in die lewe waarvan ons so seker kan wees. Die vraag moet ernstig beantwoord word - Waarom moet ek nie gedoop word nie ?

## 10.2 Hoe moet ons gedoop word ?

Daar is 'n algemene siening dat die doop d.m.v besprinkeling van water aan hul voorkoppe, aan babas toegedien kan word. Dit is egter in skrille kontras met die Bybel se vereiste van die doop.

Die Griekse woord "baptizo" wat as "doop" vertaal word in die Bybel beteken NIE om besprinkel te word nie. Dit beteken om totaal onderdompel te word in 'n vloeistof. Die woord word in klassieke Grieks gebruik in terme van skepe wat sink en sodadanig "gedoop" (onderdompel) word in water.Dit word ook gebruik in terme van 'n kledingstuk wat van een kleur na 'n ander gekleur word, deurdat dit in die kleurstof gedompel word en heeltemal toe is onder die vloeistof.

Om kleurstof op te sprinkel sal nie werk nie. Dat onderdompeling inderdaad die regte manier van doop is, is duidelik in die volgende verse :

- **"En Johannes was ook besig om te doop in Enan naby Salim, omdat daar baie water was. En die mense het daar gekom en is gedoop"** (Johannes 3:23). Dit wys dat "baie water " nodig is vir die doop. As dit deur bespringkeling gedoen word, sou hy met net 'n emmer water reg gekom het vir honderede mense. Die mense het hier op die wal van die Jordaan rivier bymekaargekom, eerder as wat Johannes rondgeloop het met 'n houer water.

- Jesus was ook deur Johannes in die Jordaan rivier gedoop: **"En nadat Jesus gedoop was, het Hy dadelik uit die water opgeklim..."** (Mattheüs 3:13-16). Sy doop was duidelik deur middel van onderdompeling. Een van die redes waarom Jesus gedoop is, was om 'n voorbeeld te wees, sodat niemand in alle erns kan sê dat hulle hom volg sonder om self gedoop te word deur middel van onderdompeling nie.

- Filippus en die hofdienaar van Ethiopië het **" altwee in die water afgeklim.... En hy het hom gedoop. En toe het hulle uit die water opgeklim"** (Handelinge 8:38 - 39). Onthou dat die hofdienaar gevra het om gedoop te word nadat hy die water gesien het: **"Daar is water; wat verhinder my om gedoop te word? "** (Handelinge 8:36). Dit is amper seker dat die man nie 'n reis deur die woestyn sou aanpak sonder die nodige water nie. As die doop besprinkeling was, sou die oase nie nodig gewees het nie.

- Die doop is 'n begrafnis, (Kolossense 2:12) waarin ons heeltemal toegegooi word.

- Die doop word ook die "afwas" van sonde genoem (Handelinge 22:16). Ware bekering word verbind met 'n wassing in Openbaring 1:5; Titus 3:5; 2 Petrus 2:22; Hebreërs 10:22. Hierdie taalgebruik bewys sonder twyfel dat die doop deur onderdompeling plaasvind.

  In die Ou Testament kry ons gedeeltes wat beskryf dat die aanvaarbare manier om God te nader deur een of ander vorm van was vooraf gegaan is.

Die priesters moes totaal en al gewas word in 'n bad voordat hulle tot God genader het (Levitikus 8:6 ; Exodus 40:32).Die Israeliete moes hulleself

was om ontslae te raak van sekere onreinhede (Deuteronomium 23:11) wat sonde verteenwoordig het. 'n Man genaamd Naäman was 'n nie-Joodse melaatse wat genesing verlang het van die God van Israel. So verteenwoordig hy die mens in sonde verval. Hy sou doodgaan. Sy redding ( so het Elisa beveel) sou kom wanneer hy homself sewe maal in die Jordaan rivier was. Aanvanklik het hy hierdie idee moeilik gevind om te aanvaar. Hy het iets meer dramaties verwag, of ten minste 'n groter en meer bekende rivier. Byvoorbeeld die Abana. Net so is dit dalk moeilik vir ons om te glo dat ons deur so 'n eenvoudige handeling gered kan word. Dit is meer aantreklik om te dink dat ons gered sal word deur assosiasie met 'n groter kerkgroep (die Albana rivier), eerder as 'n eenvoudige handeling en 'n ware verbintenis met die hoop van Israel. Nadat hy homself in die Jordaan gewas het, lees **ons " sy vlees het teruggekeer soos die vlees van 'n jong seun, en hy het rein geword**" (2 Konings 5:9-14).

Daar behoort nou geen twyfel te wees dat die doop verwys na totale onderdompeling in die water, nadat ons eers die basiese boodskap van die Evangelie verstaan het. Hierdie Bybels gegronde definisie maak geen melding van die persoon wat die ander een fisies doop nie. Omdat ons glo dat die doop volgens die Evangelie onderdompeling beteken, is dit teoreties moontlik om jouself te doop. Omdat die doop net die doop is wanneer ons dit reg verstaan, is dit belangerik om deur 'n persoon gedoop te word wat ook die ware leerstellings glo. Hy kan vastel wat die graad van die persoon se kennis is voor hy gedoop word.

Daarom is daar 'n tradisie onder Christadelphians om 'n onderhoud te voer met die kandidaat vir die doop. 'n Lys vrae soos gevind aan die einde van elke studie in hierdie boek, kan moontlik die basis vorm vir so 'n "onderhoud".

Christadelphians het al duisende kilometers afgelê om selfs net een persoon te help om gedoop te word – so wonderlik is die kans dat een persoon die hoop van die ewige lewe verstaan en aanvaar dat ons nie deur getalle afgesit word nie. Kwaliteit eerder as kwantiteit is die sleutel tot ons benadering.

## 10.3 Die betekenis van die doop.

Een van die redes vir die doop deur middel van onderdompeling, is dat dit ons begrawing simboliseer - dit hou verband met die dood van Christus en wys ons is "dood" m.b.t. ons vorige lewe van sonde en onkunde.

Deur uit die water op te kom word ons verbind aan die opstanding van Christus en die opstanding wanneer Christus terug kom, asook 'n nuwe lewe wat volg na die doop. Geestelik triomfeer ons oor die sonde, deur Christus wat vir ons gesterf en opgestaan het. **"Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormingheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur die aan sy opstanding"** (Romeine 6:3-5).

Omdat die saligheid alleenlik moontlik gemaak is deur Christus se dood en opstanding, is dit lewensbelangrik dat ons onsself daarmee assosieer as ons gered wil word. Die simboliese dood en opstanding in Christus, wat die doop bied, is die enigste manier om dit te bewerkstellig. Aandag moet gevestig word daarop dat ons nie in hierdie doel gaan slaag met besprinkeling nie. Met die doop word die ou mens gekruisig (ons ou manier vn lewe), saam met Christus aan die kruis (Romeine 6:6); God het ons lewend gemaak saam met Christus (Efesiërs 2:5). Maar steeds het ons 'n sondige natuur na die doop, en daarom sal die vleeslike manier van lewe altyd na vore kom. Die "kruisiging" van die vlees is dus 'n proses wat aanhou, en slegs begin by die doop. Derhalwe het Jesus vir die wat glo gesê om elke dag sy kruis op te neem en Hom te volg, soos dit was in die optog na Golgota (Lukas 9:23 ; 14:27).

Alhoewel 'n lewe van ware kruisiging met Christus nie maklik is nie, is daar 'n wonderlike vertroosting en blydskap deur ons verbintenis met Christus se opstanding. Chistus het vrede gebring **"..deur die bloed van sy kruis .."** (Kolossense 1:20)**, "..die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan**...**"** (Filippense 4:7). Met dit in gedagte, het Jesus belowe*:* **"Vrede laat Ek julle na, my vrede gee Ek julle: nie soos die wêreld (vrede) gee (nie), gee Ek aan julle"** (Johannes 14:27). Hierdie vrede en

ware geestelike geluk balanseer die pyn en moeilikhede van openlike assosiasie met die gekruisigde Christus: **"want soos die lyde van Christus oorvloedig is in ons, so is ons troos ook oorvloedig deur Christus"** (2 Korinthiërs 1:5).

Daar is ook vryheid in die wete dat ons natuurlike self regtig dood is, en daarom leef Jesus aktief in ons deur elke beproewing. Die apostel Paulus kon uit sy lang lewe vol ondervinding getuig: **"Ek is met Christus gekruisig en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God"** (Galasiërs 2:20)

**"Waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red,...deur die opstanding van Jesus Christus"** (1 Petrus 3:21). Omdat ons assosiasie met Christus se opstanding in die ewige lewe ons toegang gee tot dieselfde, by sy wederkoms. Dit is in hierdie opstanding waarin ons gered sal word. Jesus het dit baie eenvoudig gestel: **"Omdat Ek lewe en julle sal lewe"** (Johannes 14:19). Paulus sê ook: **"Want as ons, terwyl ons nog vyande was, met God versoen is deur die dood van sy Seun, veel meer sal ons deur sy lewe gered word nou dat ons versoen is"** (Romeine 5:10). Keer op keer word dit beklemtoon dat, deur met Christus se dood geassosieer te word deur middel van die doop, en ons daaropvolgende lewenswyse, ons sal deel in die glorie van die opstanding.

## 10.4 DIE DOOP EN SALIGHEID

Aangesien die doop ons met Jesus se dood vereenselwig, beteken dit dat dit alleenlik deur die doop is dat ons toegang kan hê tot vergifnis van sondes. Ons word **" saam met Hom (Christus) begrawe (is) in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het.**

**En julle, wat dood was deur die misdade en die onbesnedenheid van julle vlees, het Hy saam met Hom lewend gemaak deurdat Hy julle al die misdade vergeef het"** (Kolossense 2:12,13). Ons **word " ….gewas ….geregverdig in die Naam van die Here Jesus "** (1 Korinthiërs 6:11). M.a.w. die doop in die naam van Jesus is die wyse waarop ons sondes

weggewas word.  Dit was in Numeri 19:13 gesimboliseer, waar diegene sonder die water van reiniging moes sterf.  Ons het in studie 10.2 gewys hoe die doop 'n wegwas van sondes is (vergelyk Handelinge 22:16).

Die beskrywing van gelowiges wat skoon gewas word van hulle sondes, deur die bloed van Christus, verwys dus na hul doop (Openbaring 1:5 ; 7:14). In die lig hiervan is dit te verstane dat Petrus se reaksie op die vraag **"wat sal ons doen?"** die volgende was:  **"… Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot (vir die) vergewing van sondes, …."** (Handelinge 2:37,38). Die doop in die naam van Jesus Christus is vir die vergifnis van sondes;  daarsonder kon daar geen vergifnis van sondes wees nie en die ongedoopte moet derhalwe die loon van die sonde ontvang  (Romeine 6:23).

Daar is geen redding behalwe in die naam van Jesus nie (Handelinge 4:12), en ons kan alleenlik deel hê aan daardie naam deur in die naam gedoop te word.  Dit beteken dat nie-Christen gelowe op geen manier tot saligheid kan lei nie. Christus se opstanding tot die ewige lewe was 'n teken van sy persoonlike oorwinning oor sonde.  Met die doop vereenselwig ons onsself hiermee en dus word ons geag as om saam met Christus opgewek te wees, en dat die sonde nie meer mag oor ons het nie - net soos dit nie oor hom mag gehad het nie.

Na die doop word is ons dus vrygemaak van die sonde**, " …. Want die sonde sal oor julle nie meer heers nie"** (Romeine 6:18,14). Ons sondig egter nog wel na die doop (1 Johannes. 1:8,9); die sonde is nog steeds in staat om ons te verslaaf sou ons van Christus wegdraai.  Ons deel dus tans in Christus se dood en lyding, alhoewel die doop wys dat ons ook geassosieer is met Christus se opstanding, wat ons hoop om te deel met sy wederkoms.

Dit is slegs in vooruitskouing dat ons vry is van sonde. **" Hy wat glo en hom laat doop, <u>sal</u> gered word;…"** (Markus 16:16) met Jesus se tweede koms. Uiteindelike redding vind nie direk na die doop plaas nie, maar by die oordeelsdag (1 Korinthiërs 3:15).  Inteendeel, daar sou nie 'n nodigheid vir die oordeel gewees het as ons redding met die doop "beklink" was nie. "…. wie volhard tot die einde toe, hy **sal** gered word" (Mattheüs 10:22).

Selfs na sy doop moes Paulus (en ander Christene) strewe na redding (Filippense 3:10-13 ; 1 Korinthiërs 9:27); hy praat van die **hoop** op die ewige lewe (Titus 1:2 ; 3:7 ; 1 Thessalonisense 5:8 ; Romeine 8:24) en dat ons **erfgename** van redding kan wees (Hebreërs 1:14).

Met die oordeelsdag sal die regverdiges die ewige lewe **ingaan** (Mattheus 25:46). Let op Paulus se logika in Romeine 13:11. Hy redeneer dat ons na die doop kan weet dat elke dag wat ons leef en volhard een dag nader aan die tweede koms van Christus is, en sodoende kan ons ons verbly **dat " die saligheid nou nader by ons is as toe ons gelowig geword het"** (Romeine 13:11). Ons redding is dus nie nou al in ons besit nie. Ons redding is voorwaardelik; ons sal gered word as ons vas hou aan die ware geloof (Hebreërs 3:12-14), as ons die basiese leerstellings wat die Evangelie behels onthou (1 Timotheüs 4:16 ; 1 Korinthiërs 15:1,2), en as ons die dinge doen wat so 'n wonderlike hoop gestand doen (2 Petrus 1:10).

Die Griekse werkwoord wat as "gered" vertaal word, word soms in die voortdurende tyd gebruik. Dit wys dat ons redding 'n voortdurende proses is wat plaasvind as gevolg van ons volgehoue gehoorsaamheid aan die Evangelie. Die gelowiges word derhalwe na verwys as sou hulle "gered word" deur hulle reaksie tot die Evangelie (1 Korinthiërs 1:18, sien ook Handelinge 2:47 en 2 Korinthiërs 2:15). Hierdie Griekse woord vir "gered" word slegs in die verlede tyd gebruik met betrekking tot die redding wat Christus moontlik gemaak het aan die kruis en waarmee ons onsself deur die doop kan assosieer (2 Timotheüs 1:9 ; Titus 3:5). Hierdie beginsels word almal duidelik uitgewys in God se handelinge met Israel, wat die basis vorm vir Sy verhouding met geestelike Israel, met ander woorde die ware gelowiges.

Israel het Egipte verlaat (verteenwoordigend van die wêreld en die vals gelowe wat ons aanhang voor ons gedoop word). Hulle het toe deur die Rooi See gegaan en in die wildernis van Sinai gereis tot in die beloofde land, waar hulle as God se Koninkryk gevestig is. Hulle kruising oor die Rooi See is tiperend van ons doop (1 Korinthiërs 10:1,2); hulle reis in die wildernis wys heen na ons huidige lewe in hierdie sondige wêreld, en die beloofde land wat hulle beërwe het is 'n voorskouing na die Koninkryk van God wat nog gevestig moet word.

Judas vers 5 beskryf hoe menige van hulle gedurende hulle swerwinge in die wildernis omgekom het: **" Maar ek wil julle daaraan herinner, al weet julle dit nou eenmaal, dat die Here, nadat Hy die volk uit Egipteland gered het, daarna die wat ongelowig was, omgebring het." Israel was dus "gered"** vanuit Egipte en so word diegene wat gedoop word van die sonde "uitgered". As ons enige van die Israeliete toe sou vra "Is jy gered?", sou hulle "ja" kon antwoord, maar dit sou nie beteken dat hulle alreeds definitief in die beloofde land sou wees nie.

Net soos Israel in hulle harte na Egipte teruggekeer het (Handelinge 7:39), en na 'n lewe van self bevrediging en valse leerstellinge terug verval het, kan die wat uit die sonde gered is met hul doop ook wegval uit die geseënde posisie wat hulle beklee.

Die moontlikheid dat ons op dieselfde manier as Israel in die wildernis kan faal word in 1 Korinthiërs 10:1-12 ; Hebreërs 4:1,2 en Romeine 11:17-21 uitgelig. Daar is verskeie voorbeelde in die Skrif van mense wat eens deur die doop van hulle sondes gered was, maar dan in 'n posisie verval het wat hulle veroordeling sou beteken met Jesus se wederkoms. (So bv. Hebreërs 3:12-14; 6:4-6 ; 10:20-29). Die "eenkeer gered, vir altyd gered" leerstelling van die vurige Evangelistiese predikers word blootgestel vir die onwaarheid wat dit is deur sulke skrifgedeeltes.

Soos met alle dinge is 'n korrekte balans nodig as ons wil vasstel tot watter mate ons deur die doop "gered" word. Dit moet nie as 'n "kans" op redding gesien word nie – m.a.w. dat ons 'n beter kans het op redding as ons gedoop is as wanneer ons nie gedoop is nie.

Deur in Christus gedoop te wees word ons in vooruitsig gered; ons het dan werklik 'n **sekere** hoop om in God se Koninkryk te wees as ons in Christus bly. Ter enige tyd na ons doop behoort ons die nederige vertroue te hê dat ons sekerlik in die Koninkryk aanvaar sal word met Christus se wederkoms. Ons kan egter nie van die uiteinde verseker wees nie aangesien ons die volgende dag mag wegval; ons weet nie wat ons geestelike toekoms in hierdie lewe is nie.

Ons moet alles moontlik doen om die goeie gewete wat ons met ons doop voor God het, te behou. Die doop is " 'n bede tot God om 'n goeie gewete"

(1 Petrus 3:21); - die doop kandidaat onderneem (belowe) om daardie skoon gewete voor God so te hou.

Alhoewel die doop van kardinale belang is om ons toegang te gee tot die redding wat in Jesus moontlik gemaak is, moet ons versigtig wees om nie die indruk te gee dat ons deur die een handeling of "werk" van die doop alleen gered sal word nie. Ons het vroeër gewys dat 'n lewe van volgehoue gemeenskap met Christus se kruisiging nodig is:- **" as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie "** (Johannes 3:5).

'n Vergelyking hiervan met 1 Petrus 1:23 wys dat die geboorte van die gees wat na die doop plaasvind, moet verwys na ons geleidelike vernuwing deur die Woord. Saligheid kom nie net as gevolg van die doop nie; dit is die resultaat van genade (Efesiërs 2:8), geloof (Romeine 1:5), en hoop (Romeine 8:24).

Dit word soms gestel dat die saligheid net d.m.v. geloof verkry kan word en dat 'n "werk" soos die doop dus irrelevant is. Jakobus 2:17-24 maak dit egter duidelik dat so 'n redenasie 'n valse onderskeid tref tussen geloof en werke. 'n Ware geloof in bv. die Evangelie word bewys as egte geloof deur die werke wat dit tot gevolg het (bv. om gedoop te word). " Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? " (Jakobus 2:24). In baie gevalle waar mense gedoop was het hulle eers gevra wat hulle moet doen om gered te word; die antwoord het altyd die doop ingesluit (Handelinge 2:37; 9:6; 10:6; 16:30).

Om die "werk" van die doop "te doen" is dus 'n nodige "bewys" van ons geloof in die Evangelie. Die werk om ons te red is deur God en Christus gedoen maar ons **moet "… werke (te )doen wat by die bekering pas"** (Handelinge 26:20 vergelyk Markus 16:15,16).

Ons het vroeër daarop gewys dat die term om jou **"sondes weg te was"** na God verwys wat ons vergewe as gevolg van ons doop in Christus. In sommige versgedeeltes word dit genoem dat ons ons sondes d.m.v. ons geloof en bekering afwas (Handelinge 22:16; Openbaring 7:14; Jeremia 4:14; Jesaja 1:16). In ander verse sien ons dat dit God is wat ons sondes weg was (Esegiël 16:9; Psalm 51:3,9; 1 Korinthiërs 6:11). Dit wys dat God ons sondes sal afwas as ons ons deel doen deur gedoop te word. Die

"daad" of handeling van die doop is dus 'n uiters noodsaaklike stap om die Evangelie van God se genade (onverdiende guns) soos dit in Sy Woord aan ons gebied word, aan te gryp.

## INSET 30: HER-DOOP

Sommige mense voel huiwerig om gedoop te word as hulle alreeds volgens hulle denke 'n soort "doop" ondergaan het. Dit kan of wees dat hulle as babas besprinkel was of in 'n ander kerk onderdompel was. Daar moet egter voor die doop 'n bekering en 'n korrekte geloof in die ware Evangelie wees (Handelinge. 2:38; Markus 16:15,16). Die doop is slegs 'n doop as hierdie dinge aanwesig is voor die onderdompeling in water.

Mattheüs 28:19,20 maak dit duidelik dat die aanhoor van 'n verduideliking van die lering van Christus die doop vooraf moet gaan. 'n Jong kind is nie in staat om die Evangelie te verstaan of tot bekering te kom nie. Besprinkeling is ook in elk geval nie doop nie. 'n Swemmer wat in 'n swembad induik word onderdompel, maar dit is nie 'n doop nie omdat die persoon dit nie doen in reaksie op die vereiste van die Evangelie nie. Dieselfde geld vir diegene wat onderdompel word terwyl hulle valse leringe glo; hulle was onderdompel maar nie gedoop nie.

Daar is net "een geloof" m.a.w. een "stel" ware leringe wat die ware Evangelie uitmaak. Derhalwe is daar net "een doop" – die doop wat volg na die glo van die "een geloof". Daar is net **"een liggaam (m.a.w. een ware kerk) net soos julle geroep is in een hoop van julle roeping. Een Here, een geloof, een doop, een God, . . ."** (Efesiërs 4:4-6). Daar is nie twee of meer gelowe (of hope) nie – alhoewel baie so glo aangesien hulle sê dat dit nie saak maak of jy glo jy gaan hemel toe of dat die ewige lewe op aarde sal wees nie. Daar is net "een God" – Jesus is dus nie God nie. Dit volg dus dat ons, as ons gedoop was en nie die ware leringe soos die Koninkryk van God, die natuur van Jesus, ens. verstaan het nie, ons "doop" nie geldig was nie.

Handelinge 19:1-5 wys hoe sommige mense wat deur Johannes gedoop is, weer gedoop moes word omdat hulle kennis oor sekere leringe totaal ontbreek het. Net soos hierdie mense wat weer gedoop was mag sommige vandag voel dat hulle met hul eerste "doop" 'n opregte bekering gehad het en 'n nuwe begin gemaak het. Dit mag so wees maar dit neem nie die nodigheid weg dat hulle die "een (ware) doop" moet ondergaan nie. Die doop wat net kan geskied nadat die elemente van die "een geloof" begryp is.

## INSET 31: DIE VLAK VAN KENNIS WAT VEREIS WORD VOOR DIE DOOP

Baie lesers het dalk al mense in Evangelistiese kerke teëgekom wat redeneer dat leringe onbelangrik is t.o.v. saligheid. Hulle voer aan dat slegs 'n mondelinge getuienis van "Ek glo Jesus Christus is die Seun van God" die basiese voorvereiste vir saligheid is. Oppervlakkig klink dit moontlik a.g.v. die wyse waarop sommige bekeringe in die boek Handelinge opgeteken staan. So 'n benadering is ook aanloklik vir die idees van "liefde" en "verdraagsaamheid" wat voorrang geniet in ons dag en tyd. Hierdie studie wys in meer detail uit hoe belangrik leerstellinge egter is.

## HOEKOM SO VINNIG?

Daar kan geen twyfel wees dat 'n vinnige lees van Handelinge die indruk skep dat baie van die dope geskied het sonder breedvoerige instruksie aangaande die Evangelie, en met slegs 'n kort belydenis van geloof in Christus as God se Seun. Om net die vier woorde "Ek glo in Christus" uit te spreek is duidelik betekenisloos as 'n weg tot redding. Meeste Evangeliste sal toegee dat daar 'n bietjie meer kennis of waardering in die denke van die persoon wat hierdie woorde uiter moet wees, ten einde die woorde sinvol te maak. Dit is dus moeilik om te redeneer dat die skrifgedeeltes wat die belydenisse van geloof, dat Jesus die Seun van God is,

'n bewys is dat slegs die woorde van die belydenis geuiter hoef te word om 'n mens se redding te verkry.

Die volgende punte kan help om hierdie oënskynlike vinnige bekerings te verduidelik:
Die verhaal in Handelinge – soos in baie ander dele van die Skrif – is uit die aard van die saak baie kort. Dit is interessant om van die toesprake in Handelinge hardop te lees en die tyd wat dit neem aan te teken. Dit is seker dat hierdie toesprake in realiteit baie langer was as die paar minute wat die neem om dit hardop te lees. Die kern van die toesprake word dus weergegee terwyl ander dele daarvan nie opgeteken is nie. 'n Paar voorbeelde:

1. Paulus se toespraak in Handelinge 22 neem 4 minute om te lees; sy toespraak voor Felix een minuut; sy toespraak voor Agrippa 4 minute; Petrus se toespraak met Pinksterdag neem net 4 minute om te lees; sy gesprek met Kornelius 3 minute en sy verkondiging in Handlinge 3:12-26 lees 'n mens in 2 minute. Hierdie laaste toespraak was egter lank genoeg om die nuus oor die inhoud daarvan na die priesters, die hoof van die tempel en die Saduseers te stuur, en vir hulle om toe na die toneel van die toespraak te kom (Handelinge 4:1). Die feit dat 'n meer breedvoerige onderrig van doopkandidate nie opgeteken staan nie, beteken nie dat hulle dit nie ontvang het nie.

2. Daar is rede om te glo dat die massa doop van die Jode in Jerusalem met die eerste Pinkster 'n spesiale geval was. Daar is geen bewyse dat sulke gevalle later in die eerste eeu weer voorgekom het nie.

Omdat hierdie mense Jode was, het hulle 'n redelike kennis van die Ou Testament en God se weë gehad. Die diepte van Paulus se brief aan die Hebreërs wys dat hulle in staat was om menige verwysings na die Ou Testament te begryp. Dit is verbasend dat Paulus na hul kennis van Malgesidek verwys as die melk van die woord en dat hy kla dat hy dit nie in meer detail kan bespreek nie a.g.v. hulle geestelike onvolwassenheid (Hebreërs 5:11,12). Dit gee 'n aanduiding van die vlak van hul kennis op die dag van Pinkster.

Ons hoop te wys dat die verkondiging van die naam van Christus en die belydenis daarvan, soos in Handelinge beskryf, gelykstaande was aan 'n breër insig oor belangrike leerstellinge. Dit wil voorkom uit 1 Korinthiërs 1:17 dat Paulus (en ander apostels?) in samewerking met 'n effektiewe span

opvolg-instrukteurs en dopers gewerk het. Hy het dus net 'n relatiewe kort tydjie in elke plek waar hy gepreek het deurgebring.

## DIE NAAM VAN JESUS

Die Naam van God sluit baie lering in m.b.t. Sy weë en Homself. Die Naam van Jesus Christus is ook nie net 'n noemnaam nie, maar 'n dieper verklaring van sekere leerstellings. Geloof in die naam van Jesus word geassosieer met die doop (Johannes 3:5, 18, 23). Galasiërs 3:26, 27 verbind geloof in Christus onherroeplik met die doop in hom **" Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; want julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus beklee"** (Galasiërs 3:26, 27).

Verdere verbintenisse tussen geloof en die doop word gevind in Handelinge 19:4; 10:42 vergelyk vers 48; 2:37, 38; Lukas 24:47. Apollos het Johannes se doop "geken" (Handelinge 18:25) wat impliseer dat sy doop nie slegs 'n handeling was nie maar dat dit onderrig behels het. Handelinge 8:5 **"En Filippus het afgekom in 'n stad van Samaría en Christus aan hulle verkondig,"** klink asof hy net gesê het "glo in Jesus"; maar "Christus" word in Handelinge 8:12 as volg gedefinieer: **"Maar toe hulle Filippus geglo het, wat die evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus verkondig het, is hulle gedoop, manne sowel as vroue."**

Let op dat "die Evangelie" nie net 'n kort verklaring oor Christus is nie. Om Christus te verkondig het, het ook die lering van die doop ingesluit. Johannes 6:40 sê dat dit die wil van God is dat " elkeen wat die Seun aanskou (verstaan) en in Hom glo, die ewige lewe mag hê" terwyl Jesus later sê dat **" As iemand gewillig is om sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet ….."** (Johannes 7:17). Om die leringe te ken is dus dieselfde as om die Seun te "sien". Christus se woorde: **"…. jy het my woord bewaar en my Naam nie verloën nie"** (Openbaring 3:8) wys ook dat die woorde van Christus gelykstaande is aan sy naam.

Om "in Christus te glo" sluit dus skriftuurlik die doop in : **" Want julle is almal kinders van God deur die geloof in Christus Jesus; want (m.a.w. omdat) julle almal wat in Christus gedoop is, het julle met Christus**

**beklee"**(Galasiërs 3:26,27). Paulus praat asof hulle geloof in Christus 'n natuurlike aksie van die doop tot gevolg sou hê. Om dus in Christus te glo is 'n proses van insig wat deur gehoorsaamheid gevolg word, eerder as 'n vinnige mondelingse belydenis van "Ek glo in Christus". Dit word ook uitgewys in Johannes 6:35 **" wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie,"** wat geloof in Christus gelykstel aan "om na hom te kom" wat weer wys dat geloof 'n proses is.

Om Christus te verkondig het dus 'n reeks leringe behels. Lukas 9:11 beskryf derhalwe Christus wat die Evangelie van die Koninkryk van God verkondig (vergelyk Mattheus 4:23), terwyl die gelykstaande versgedeelte in Markus 6:34 verwys na Jesus wat hulle "baie dinge" geleer het – nie net 'n kort verklaring oor Christus wat in 'n minuut gemaak kan word nie. So lees ons dan **" nadat hulle aan daardie stad die evangelie verkondig en 'n aantal dissipels gemaak het, (geleer het, Grieks) …."** (Handelinge 14:21), wat verkondiging en onderrig gelyk stel. Sulke taal sou onnodig gewees het as die Evangelie net 'n paar eenvoudige verklaringe was. Paulus se verkondiging in Berea het tot gevolg gehad dat mense die skriftuur daagliks ondersoek het om te verifieer wat Paulus hulle geleer het (Handelinge 17:11). Die Evangelie wat Paulus verkondig het was totaal gebaseer op die Ou Testament en dit was a.g.v. die mense se proses van Bybelstudie na die aanhoor van die Evangelie dat hulle geglo het **: " Baie van hulle het dan ook gelowig geword, ….."** (Handelinge 17:12).

Wanneer ons met mense praat wat weinig kennis van die Bybel het, en wat dit nie dikwels ondersoek na bespreking daarvan nie, is dit nie verbasend dat die tydperk van hulle onderrig veel langer is as die van die eerste eeu nie. **" Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is uit God gebore; .."** (1 Johannes 5:1) kom duidelik ooreen met verse soos **" Volgens sy wil het Hy ons voortgebring deur die woord van die waarheid,…"** (Jakobus 1:18), en **"want julle is wedergebore ….. deur die lewende woord van God….dit is die woord wat aan julle verkondig is"** (1 Petrus 1:23,25). Dit bewys dat om te glo dat Christus die Seun van God is, beteken dat die Evangelie, soos vervat in die Woord van God, verstaan word.

## DIE KONING VAN DIE KONINKRYK

Die klem om "in Christus te glo" word meer betekenisvol as dit eers begryp word dat die titel "Christus" in sommige versgedeeltes sinoniem is met die

Koninkryk van Christus. So het Jesus dan vir die Fariseërs gesê dat hulle nie vir die Messias moes soek nie aangesien hy reeds in hulle midde was. Hy stel dit as volg: **" ….. die koninkryk van God is in julle midde"** (Lukas 17:21 in die oorspronklike Grieks). Dit wys dat "die Koninkryk" gelyk gestel kan word aan die koning van die Koninkryk. Johannes se verkondiging dat die Koninkryk van God naby was, verwys dus na sy inleiding van die koms van Christus.

Die klip wat Nebukadnesar se beeld tref verteenwoordig God se Koninkryk (Daniël 2:44); dit is die klip / Koninkryk wat " al daardie koninkryke (sal) verbrysel en daar 'n einde aan maak,…" (Daniël 2:44). Dit wys dat die klip die Koninkryk is wanneer dit die beeld tref, en ook nadat dit die beeld vernietig. Op dieselfde wyse verwys Esegiël se gelykenis van die wynstok na 'n steggie wat afgesny en geplant word en dit 'n groot boom word, **"sodat al die voëls van allerhande vere daaronder kan woon; in die skaduwee van sy takke sal hulle woon"** (Esegiël 17:22,23).

Dit moet na Christus verwys, die steggie van Jesaja 53:2; en tog is daar ooglopende ooreenkomste met Jesus se gelykenis van die mosterd saad, waarin die Koninkryk van God aan 'n klein saadjie wat tot 'n groot boom groei, gelyk gestel word.

Hierdie ooreenkoms tussen die woord oor die Koninkryk en Jesus self wys dat hy homself as die lewende woord van die Koninkryk beskou het. In die lig hiervan is dit te verstane dat "om in Jesus te glo" en om in die volle Evangelie van die Koninkryk van God te glo, identies is.

## WAT IS DIE EVANGELIE?

Ons gaan nou, dit wat deur die eerste eeuse gelowiges as essensiële leringe beskou is, in meer detail bespreek. Dit moet besef word dat daar 'n stel leringe ten tye van die Nuwe Testament was wat soortgelyk aan 'n "geloofsverklaring" was. Nog 'n belangrike faktor om in gedagte te hou is dat daar broers was wat die gawe van profesie – die oordra van direkte openbaringe van God onder inspirasie – gehad het. Daar is rede om te glo dat met tyd, van hierdie geïnspireerde uitsprake by die bestaande leringe gevoeg is.

**'n Stel leringe.**

Paulus kon sê dat diegene in die Romeinse gemeente ten **minste " van harte gehoorsaam geword (het) aan die voorbeeld van die leer wat aan julle oorgelewer is,"** (Romeine 6:17) voor hulle doop. Die Grieks vir "voorbeeld" word ook as "patroon" vertaal – asof dit verwys na 'n stel leringe wat elders gekopieer was. Paulus se verwysing hierna dui op die belangrikheid van 'n gedefinieerde stel leringe wat voor die doop verstaan moes word, en dat dit ook nie net 'n paar kort stellings was wat voor die doop opgenoem moes word nie.

Sommige in die gemeente het **"'n gedaante van godsaligheid gehad, maar die krag daarvan verloën"** (2 Timotheus 3:5), wat daarop dui dat hulle die basiese leringe verstaan het, maar nie die werklike krag van die Waarheid in hulle daaglikse lewens erken het nie. Paulus herinner die Galasiërs: **"… julle voor wie se oë Jesus Christus afgeskilder is as onder julle gekruisig"** (Galasiërs. 3:1). Die Grieks vir "afgeskilder" beteken letterlik "om in woorde uitgespel te word", asof die oorspronklike onderrig van die Galasiërs d.m.v. 'n geskrewe handboek gelei was.

Met sy definieering van die lering van die opstanding, sê Paulus **" Want in die eerste plek het ek aan julle oorgelewer wat ek ook ontvang het,**

**dat Christus vir ons sondes gesterf het volgens die Skrifte "** (1 Korinthiërs 15:3). Dit wys dat hy 'n openbaring oor hierdie dinge ontvang het, en dit toe aan hulle oorgelewer het as leringe wat as fundamenteel aanvaar moes word. 2 Petrus 2:21,22 is heel gepas in hierdie verband: **"Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van die geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van die heilige gebod wat aan hulle oorgelewer is. Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol. "** Hier word "die weg" en die "heilige gebod" wat aan hulle "oorgelewer" was, geassosieer met die doop asof die weg en die gebod voor die doop geken was.

Ons het gewys dat daar nie net een gebod was om voor die doop te verstaan het nie. Die woord "gebod" in die enkelvoud mag dus beteken dat daar 'n stel leringe was wat duidelik gedefinieer was, en wat voor die doop verstaan moes word. Daar is verskeie versgedeeltes wat praat van die "ontvangs" van onderrig oor leringe en "die Evangelie": Galasiërs 1:9,12; Filippense 4:9; Kolossense 2:6; 1 Thessalonicense 1:6; 2:13; 4:1. Dit bevestig dat "die Evangelie" 'n samevatting van 'n spesifieke stel leringe was wat eerstens deur die apostels "ontvang" is en daarna deur diegene aan wie hulle dit verkondig het.

### "Die Geloof"

Judas praat ook van **" die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is"** (Judas 3). "Die geloof" is dus gelykstaande aan die "vorm van leringe" wat aan hulle gelewer was voor die doop. Dit was dus nog 'n term (frase) in die eerste eeu wat na hierdie stel leringe verwys het.

Paulus se aanmoediging "**Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou"** (Hebreërs 10:23), kan moontlik terug verwys na hulle openbare belydenis van "die geloof" voor hulle doop.

Om vas te hou aan die "betroubare woord" (Titus 1:9), sou in die eerste plek verwys na behoud van hierdie "Geloofsbelydenis" wat hulle oorspronklik geleer het. Die **"gemeenskaplike geloof"** (Titus 1:3) wys dat

hierdie leringe deur alle gelowiges gedeel was; daar was net "een geloof" (Efesiërs 4:5). "Die geloof" en die naam van Christus word verbind in Handelinge 3:16. Beide in die praktyk (1 Timotheüs 6:10) en lering (1 Timotheüs 4:1) het Paulus gewaarsku dat sommige van "die geloof" sou weg dwaal. Die eerste fase van hierdie wegdwaling sou wees om te sê dat die definieering van "die geloof" nie moontlik is nie.

## PRAKTIESE SAKE

Praktiese kwessies was ook deel van hierdie stel leringe. "Die geloof in Christus" het die redenasie oor "geregtigheid, geduld, en die komende oordeel" ingesluit (Handelinge 24:24,25). Paulus praat oor die instruksies m.b.t. die nagmaal net soos hy oor die lering van die wederopstanding praat: **"Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het"** (1 Korinthiërs 11:23). Dit blyk dat daar 'n aantal van hierdie praktiese aspekte was wat Paulus later in sy advies oor die plek van sisters in die gemeente ingesluit het: "En ek prys julle, broeders, dat julle in alles aan my dink en aan die leringe vashou soos ek dit aan julle oorgelewer het. Maar ek wil hê dat julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus" (1 Korinthiërs 11:2,3).

Dit dui daarop dat die verduideliking van hierdie sake voor die doop moet wees, en dat hulle deel was van 'n stel leringe waarop aangedring is in die eerste eeu. Die Griekse woord vir "leringe" word ook vertaal as "oorlewing" in 2 Thessalonisense 3:6 en " voorskrifte" in 2 Thessalonicense2:15. Dit wys weer op die kardinale belang om aan hierdie stel leringe te glo en van diegene wat dit nie gehoorsaam nie te skei. " een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê" (Titus 1:9).

Ons weet dat daar "valse profete" in die vroeë gemeentes was wat aanspraak daarop gemaak het dat hulle openbaringe van God gehad het oor leringe wat kwansuis by die aanvaarde stel leringe gevoeg moes word.

Paulus beklemtoon dus wat "betroubare woorde" van geïnspireerde openbare lering is (Titus 1:9; 3:8; 2 Timotheüs 2:11; 1 Timotheüs 4:9), wat waardig is vir aanvaarding (1 Timotheüs 1:15; 4:9). Dit is hoekom

Johannes waarsku dat nie "elke gees" wat op inspirasie aanspraak maak geglo moet word nie (1 Johannes 4:1).

**Spesifieke besonderhede.**
Die volgende is duidelike voorbeelde van waar leringe anders as 'n "eenvoudige geloof in Christus" geleer was, as deel van die Evangelie wat voor die doop verstaan moes word:-

- 🕮 **"in die dag wanneer God die verborge dinge van die mense deur Jesus Christus sal oordeel, volgens my evangelie"** (m.a.w. die een wat Paulus verkondig het; Romeine 2:16). Die lering van die oordeelsdag en verantwoordelikheid word dus ook as 'n "eerste beginsel" geag. Sien ook Handelinge 24:25; Hebreërs 6:1,2.

- 🕮 Die idee dat die besnydenis nodig was vir saligheid word deur Paulus beskryf as 'n "ander evangelie" (Galasiërs 1:6). Om dus te weet dat ons nie die Wet van Moses moet onderhou nie (bv. die Sabbat), is deel van die verstaan van die ware Evangelie.

- 🕮 Die "Evangelie van die Koninkryk" gaan nie net oor Christus nie maar ook oor sy komende Koninkryk; Jesaja 52:7 (vergelyk Romeine 10:15) beskryf die verkondiger van die Evangelie wat praat van die tyd wanneer daar van Sion gesê sal word "Jou God heers" – m.a.w. in die Koninkryk.

- 🕮 Die korrekte insig oor die "fynere punte" van Christus se natuur was 'n saak van tug (2 Johannes 7-10); as gevolg hiervan het die Evangelie die dinge (meervoud) aangaande Christus behels (Handelinge 8:12). Weereens, om net te sê "ons glo in Christus" is nie genoeg nie.

- 🕮 Die belangrikheid van die beloftes oor die Koninkryk is ʼn kern deel van die Evangelie. Dit is deur die beloftes dat die Evangelie aan Abraham verkondig was (Galasiërs 3:8) en ook aan Israel (Hebreërs 4:2). Paulus verwys derhalwe na sy verkondiging oor die beloftes aan Dawid as die "woord van verlossing" (Handelinge 13:23,26). Die beloftes was dus 'n uiters belangrike deel van die reddingsboodskap.

  So sê Paulus dan ook **" En ons bring julle die goeie tyding (die Evangelie) van die belofte wat aan die vaders gedoen is,"** (Handelinge 13:32). So ook in Romeine 1:1-4 **"Die Evangelie van**

**God . . . aangaande Sy Seun Jesus Christus, . . . van die nageslag van Dawid."**

🕮 Om die beloftes te verstaan vereis 'n sekere mate van kennis van die geskiedenis van Israel. Paulus se verkondiging in Antiochië (Handelinge 13) is 'n samevatting van Israel se geskiedenis met spesiale klem op die beloftes, en hoe Jesus hulle vervul het. Sy verkondiging was dus op Israel se geskiedenis gebaseer, terwyl hy die skrifte uitgelê het en gewaarsku het teen die gevolge van die oordeelsdag, sou 'n mens nie op sy woord reageer nie (Handelinge 13:40,41). Die inhoud van ons evangelie boodskap behoort dieselfde te wees.

## GEVOLGTREKKINGS

Die belangrikheid van al hierdie punte kan nie genoeg beklemtoon word nie. "Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor" (1 Timotheüs 4:13-16).

'n Lys van belangrike leerstellings soos die in Bylae 1 van hierdie boek is vanselfsprekend nie geïnspireer nie. Dit is egter 'n billike opsomming van baie van die spesifieke items wat in Bybel gedeeltes genoem word as deel van "die geloof", "die tradisies", ens. Hierdie studie het hopelik gewys dat daar 'n definitiewe nodigheid bestaan vir 'n stel leringe wat almal aanvaar en nie huiwerig sal wees om hulself aan te verbind nie. Die inhoud van hierdie stel leringe behoort ons onderrig aan kandidate vir die doop uit te maak. Dit is ook dan net regverdig teenoor hulle om d.m.v. 'n bespreking, voor die doop, vas te stel of hulle ten volle verstaan wat aan hulle geleer is. Dikwels word die gelowiges vermaan om aan "die geloof" vas te klou in tye van nood. "Die fondasie van God staan vas". Ons bekendheid met die eerste beginsels en die wonderlike wyse waarop God se volle doel alles saamvoeg, behoort ons aanmoediging te gee.

Slegs met 'n gereelde verkondiging en her-studie van hierdie dinge sal ons hierdie voordeel en diepe gevoel van versekering hê. So kon Paulus dan in sy uur van donkerte en eensaamheid sê **" Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou"** (2 Timotheüs 4:7; sien ook 2 Timotheüs 1:12).

VOETNOTA**:-** Om die Here Jesus te bely.

**" As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word"** (Romeine 10:9).

Die volgende punte moet genoem word:-

- ✞ Ons het gewys dat "*die Here Jesus*" 'n sinoniem is vir 'n stel leringe wat die "**Evangelie aangaande die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus",** insluitend die doop, behels. (Handelinge 8:5 vergelyk vers 12). Die "belydenis" waarvan Paulus praat kon weliswaar tydens die doop plaasgevind het. Paulus sou in so 'n geval na Markus 16:16 verwys het : "Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word."

- ✞ Om die wederopstanding van Christus te verstaan, is 'n insig van wat die Bybel oor die hel en die natuur van die mens leer, nodig.

- ✞ Romeine 10:8,9 is parallel met vers 13: "Want: Elkeen wat die Naam van die Here (op homself, in die Grieks) aanroep, sal gered word." Paulus word beskryf as sou hy die naam van die Here oproep toe hy gedoop is (Handelinge 22:16). Net die doop gee ons toegang om in die naam van die Here te wees (Mattheüs 28:19).

- ✞ Nadat die belangrikheid van die doop vroeër in Romeine hoofstuk 6 beklemtoon is, is dit onmoontlik dat Paulus nou hier in hoofstuk 10 sal leer dat dit onnodig is vir 'n mens se verlossing.

## INSET 32: Die dief aan die kruis

Die dief het aan Jesus gesê: **"Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom. En Jesus antwoord hom: Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees"** (Lukas 23:42,43).

Hierdie verse word deur baie aangehaal om te bewys dat die doop nie nodig is vir redding nie, en dat ons reguit Hemel toe gaan as ons sterf. Behalwe

vir die talle ander bewyse dat dit nie die geval is nie, wys díe gedeelte by nadere beskouïng die volgende:-

1. Die opdrag om in Christus se dood gedoop te word was na Christus se wederopstanding gegee (Markus 16:15,16). Die dief het nog onder die Wet van Moses geleef toe Jesus met hom gepraat het.

2. Die ware doop is in die dood en opstanding van Jesus. Siende dat nie een van hierdie twee gebeurtenisse nog plaasgevind het toe Jesus met die dief gepraat het nie, was die doop in Christus nog nie moontlik nie.

3. Die doop simboliseer ons sterwe saam met Christus (Romeine 6:3-5). Die dief was die enigste persoon wat dit letterlik gedoen het.

4. Die dief het Jesus gevra om hom te onthou wanneer hy (Jesus) in sy Koninkryk sou kom. Hy het dus geweet van die Evangelie van die Koninkryk van God wat Jesus verkondig het (Mattheus 4:23). Hy het ook geweet dat daar 'n oordeelsdag sou wees. Hy was definitief nie oningelig nie. Hy het geweet dat verlossing in die dag van die opstanding en deur die oordeel van Christus gebring sou word.

5. Jesus het geantwoord dat die dief met hom in die "Paradys" sou wees. Hierdie Griekse woord verwys altyd na 'n ideale toestand op die **aarde**. Dit word gebruik aangaande die tuin van Eden wat herstel word en in die toekomstige Koninkryk van God op aarde gesien sal word (Openbaring 2:7). Gedurende hierdie Koninkryk van God sal die aarde laat terugkeer na 'n paradys-toestand, soos die tuin van Eden was (Jesaja 51:3; Esegiël 36:35), omdat die vloek weggeneem sal wees (Openbaring 22:3).

6. Die Griekse Ou Testament (Septugiant) gebruik ook dieselfde woord "paradys" om idilliese toestande op aarde te beskryf in Prediker 2:5; Nehemia 2:8; Hooglied 4:13; Genesis 13:10.

   Die "Paradys" het met die Hemel geassosieer geraak as gevolg van die gebruik van die woord in fiksie verhale soos "Paradise lost" van Milton. Jesus se belofte aan die dief van 'n plek in die paradys was in reaksie op die dief se begeerte om in die Koninkryk te wees. Ons het in Studie 5 gewys dat hierdie Koninkryk op die aarde sal wees; die "paradys" sal dus ook daar wees.

Tog lyk dit of Jesus die dief belowe dat hy dieselfde dag in die paradys sou wees. Die antwoord op hierdie oënskynlike weerspreking is te vinde in die feit dat daar geen leestekens of selfs hoofletters in die oorspronklike Grieks is nie. Dit is dan heel moontlik dat Jesus die volgende kon gesê het : **"Ek sê vir jou vandag, jy sal saam met my in die paradys wees"** Rotherham se vertaling plaas juis die komma na "vandag".

Dit pas mooi in by die konteks. Die dief het gevra dat Jesus hom moet onthou in die oordeelsdag. Jesus gee hom egter die versekering - "Ek kan jou **nou** sê, jy hoef nie te wag tot met die dag van die oordeel om my uitspraak te hoor nie - jy **sal** saam met my in die Koninkryk wees!"

Die punte soos hierbo genoem maak dit moontlik om die volgende lys te maak van leringe wat die dief begryp het:-

- die Koninkryk van God
- die tweede koms van Christus
- wederopstanding en die oordeel
- verantwoordelikheid voor God
- redding deur geloof in Christus
- die wederopstanding van Jesus
- die sondeloosheid van Jesus
- die nodigheid om Jesus te volg (hy noem Jesus "Here")
- die sondigheid van die mens

Dit is dus nie korrek om hierdie man as 'n voorbeeld te gebruik van iemand wat gered kan word deur net 'n geringe belangstelling in die Christendom te toon nie. Daar moet 'n begrip van die basiese leringe, soos wat die dief gehad het, wees. Daarsonder sou hy nie die vlak van geloof bereik het wat hy aan die kruis getoon het nie. Christus het nie aan die ander dief enige redding gebied nie. Sy houding was "As u die Christus is, red uself en ons". Dit is soos 'n man wat sê "As daar enige iets in hierdie storie van Jesus is, kan ek nie sien hoekom ek nie ook iets daaruit kan kry nie." Omdat hy nie die leringe verstaan het nie kon hy nie die ware saligheid verkry nie - sy verbygaande belangstelling in Jesus nieteenstaande.

## INSET 33 - 'n VOORBEELD VAN 'n DOOPDIENS

Om U 'n idee te gee van hoe 'n doop behoorlik uitgevoer word, beskryf ons nou 'n doopdiens wat deur Christadelphians in Hartpool, Engeland op 'n Saterdag middag gehou is. Dit moet egter beklemtoon word dat die doop fundamenteel 'n onderdompeling in water is, na 'n ware bekering en geloof in die Evangelie. Die "diens" is net 'n opsionele ekstra om 'n gepaste atmosfeer van die belangrikheid van die gebeurtenis te skep.

Die orde van die gebeure was as volg:-

1. Openings gebed
2. Lesing van Romeine 6
3. Kort "preek" oor die doop (Hieronder gedruk, maar werklike name verander)
4. Gebed
5. Onderdompeling van die bekeerling in 'n swembad
6. Gebed.

### "Preek" oor die doop

Daar kan geen twyfel wees dat vandag die belangrikste in Dawid se lewe is nie. Binne 'n paar minute sal hy onder die water ingaan en ten volle "in Christus" opstaan; 'n nageslag van Abraham, en in besit van die glorieryke beloftes wat die Evangelie boodskap uitmaak.Die eenvoudigheid van die doop kan baie misleidend wees.

Tog weet Dawid en ons almal dat hierdie onderdompeling hom met die dood en wederopstanding van Jesus assosieer, soos ons in Romeine 6 vers 3-6 lees::-" Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie."

Laat ons vir 'n paar oomblikke probeer om die toneel by Jesus se wederopstanding voor te stel. As Dawid uit die water opkom sal hy geassosieer wees met die opstanding van Jesus uit die dood uit. Ons kan ons die varsheid en stilte van die aandlug voorstel, asook die heerlike gevoel van nuwe lewe wat Jesus moes gehad het. Hy sou die ligte van Jerusalem sien flikker, terwyl die mense daar totaal onbewus was van die wonderlike gebeurtenis wat so na aan hulle plaasgevind het - 'n man het uit die dood opgestaan tot 'n nuwe lewe !

Net so sal die wêreld vandag geen waardering hê vir hierdie wonderlike gebeurtenis wanneer Dawid uit die water opstaan nie. Al wat hulle sou sien as hulle wou kyk is 'n groepie mense wat na 'n swembad toe stap en dat een mens 'n ander die water in dompel. Maar net soos die engele met Jesus se wederopstanding gejubel het, sal hulle ook vandag verheug wees oor een sondaar wat tot bekering gekom het.

Ons het in Romeine 6 gelees dat ons in 'n nuwe lewe moet wandel - die vreugde wat Dawid nou het moet by hom bly in hierdie nuwe lewenswandel van hom. Soos ons gelees het sal hy nie langer meer 'n slaaf van die sonde wees nie, maar 'n dienskneg van God wat God se wil, soos in die Bybel geopenbaar, doen. Die versoeking is groot om te redeneer dat ons vir onsself vryheid wil hê. Deur onsself te dien is egter nie vryheid nie maar slawerny van die sonde. Dawid verander nou van "eienaars" ten einde God te dien. Met tye sal dit voel asof die beperkings wat die nuwe lewe op ons plaas te veel is om te hanteer en sal ons versoek word om dit te probeer afskud.

As ons dit egter doen sal ons nie vry wees nie, maar slegs net weer die sonde dien. Paulus verduidelik in 1 Korinthiërs 10:1,2 dat ons doop soos die Israeliete se deurtog deur die Rooi See is. Daar is 'n vergelyking wat hier getref kan word waaruit ons lesse kan leer. Die Israeliete was slawe in Egipte wat sinnelose lewens gely het terwyl hulle hard moes werk en die afgode van Egipte gedien het. As gevolg hiervan het hulle tot God geroep om tot hul redding te kom, alhoewel hulle geen idee gehad het hoe God sou antwoord nie. God het geantwoord deur Moses te stuur om hulle uit Egipte, deur die Rooi See, deur die wildernis tot in die beloofde land, te lei.

Israel in Egipte is soos Dawid en talle ander wat na die doop waters kom. Wanneer Dawid uit die waters van die doop opstaan, sal hy nie dadelik in die beloofde land wees nie. Hy sal by ons aansluit - die wat besig is om in die wildernis deur te trek. God het Israel deur die woestyn gelei d.m.v. 'n engel wat dag en nag by hulle was. Net so het elkeen van ons 'n engel wat ons behoed en ons deur ons lewens lei op pad na saligheid toe (Psalm 34:8; Hebreërs 1:14).

Israel was elke dag met manna gevoed. Jesus stel dit in Johannes hoofstuk 6 gelyk aan God se Woord. As die Israeliete nie die manna daagliks geëet het nie sou hulle gesterf het - daar was geen ander kos om te eet nie. Dit is hoekom dat ons U ten sterkste aanraai om U Bybel daagliks te lees volgens 'n leesplan. Dit is uiters noodsaaklik om tyd te maak om elke dag, verkieslik op dieselfde tyd, die Skrif te lees en daaroor te bepeins.

Israel het ook van die water gedrink wat uit die rots wat Moses geslaan het, gevloei het. 1 Korinthiërs 10 sê dat hierdie rots Christus in simboliek verteenwoordig het. So moet ons dan eet en drink in die voorbeeld van Jesus. Dit kan ons doen tydens die herhinneringsfees elke week. Dit behoort ons natuurlike begeerte te wees om bymekaar te kom met ander wat dieselfde hoop as ons deel.

Enige reisiger in 'n woestyn sal graag die geleentheid om 'n ander reisiger te ontmoet, om ervaringe te deel en probleme te bespreek, aangryp. So moet ons ook dan in ons lewe in hierdie sondige wêreld alles moontlik doen om met mekaar kontak te hou.

Selfs al sou ons om praktiese redes nie fisies kon ontmoet nie, moet ons nog probeer om d.m.v. briewe wisseling, die lees van tydskrifte ens. kontak te hou.

Ons het gepraat oor die verantwoordelikhede van die nuwe lewe. Dit is egter verkeerd om te dink dat God ons sal beloon in ruil vir hierdie dade van ons. Dit is God se goeie wil om ons die Koninkryk te gee as 'n gawe, nie as 'n beloning vir ons werke nie (Romeine 6:23). Dit sal verkeerd wees om te dink dat die doop 'n goeie idee is aangesien dit ons 'n redelike kans sal gee om in die Koninkryk te wees. Die Waarheid, die liefde van God en die oorwinning van Jesus maak dit baie meer positief. God wil regtig hê dat Dawid en ons almal hier teenwoordig in die Koninkryk moet wees. Hierdie

feit is so wonderlik dat ons onsself van tyd tot tyd moet herhinner dat dit waar is, en dat ons in die lig daarvan moet reageer op God se liefde.

Toe Israel uit die Rooi See gekom het was daar uitbundige blydskap; Moses het sy lied gesing en al die mense het gejubel: Psalm 105:34-41 toon dit duidelik aan en wys ook hoe God alles wat nodig was vir hulle verdere reis, voorsien het : **" wat al die plante in hulle land opgeëet het, ja, opgeëet het die vrugte van hulle grond. Hy het ook al die eersgeborenes in hulle land getref, die eerstelinge van al hulle krag. Toe het Hy hulle laat uitgaan met silwer en goud, en onder sy stamme was daar niemand wat struikel nie. Egipte was bly toe hulle uittrek, want vrees vir hulle het op hulle geval. Hy het 'n wolk uitgebrei as bedekking en vuur om die nag te verlig. Hulle het gebid: toe laat Hy kwartels kom; en Hy het hulle versadig met hemelbrood. Hy het 'n rots oopgemaak, en waters het gevloei; dit het geloop deur die dor plekke-- 'n rivier! "**

Hierdie blydskap is ook ons blydskap, jou toekomstige broers en susters wat hier teenwoordig is om jou doop mee te maak. Dit is ook die blydskap van God, Jesus en die Engele wat alles nou intens dophou. Mag ons almal hierdie hoop en blydskap standvastig tot die einde vashou, sodat ons saam na die Koninkryk kan stap. Ons sal nou na die swembad beweeg om Dawid te doop.

# STUDIE 10: VRAE

1. Kan ons gered word sonder die doop?

2. Wat beteken die woord "doop"?
   a) Toewyding
   b) Besprinkeling
   c) Geloof
   d) Onderdompeling.

3. Wat is die betekenis van die doop soos dit in Romeine 6:3-5 verduidelik word?

4. Wanneer moet ons gedoop word?
   a) Nadat ons die ware Evangelie ken en ons bekeer het
   b) As ons babas is
   c) Nadat ons geïnteresseerd raak in die Bybel
   d) Wanneer ons by 'n kerk wil aansluit.

5. Waarin word ons gedoop?
   a) Die kerk wat ons doop
   b) Die woord van God
   c) Christus
   d) Die Heilige Gees.

6. Watter van die volgende gebeur na die doop?
   a) Ons word deel van Abraham se nageslag
   b) Ons sal nooit weer sondig nie
   c) Ons is beslis gered vir alle tye
   d) Ons sondes is vergewe.

7. Kan die doop alleen ons red?

8. Sal ons die wonderbaarlike gawes van die Heilige Gees ontvang nadat ons gedoop word?

# Bybel Beginsels

# Studie Elf

# 'n Lewe in Christus

## 1.1 Inleiding

Die doop gee vir ons 'n sekere hoop om die ewige lewe in God se Koninkryk te beërwe. Hoe meer ons die sekerheid van hierdie hoop glo en waardeer, hoe meer word dit duidelik dat dit verantwoordelikhede op ons plaas. Dit beteken dat ons nou 'n lewe moet lei wat pas by iemand wat die hoop het om eendag deel te hê aan God se natuur (2 Petrus 1:4) en Sy Naam (Openbaring 3:12), deur volmaak in elke opsig gemaak te word.

Ons het in Studie 10.3 verduidelik dat ons na ons doop verbind is tot 'n lewe van voortdurende kruisiging van die sondige begeertes van ons natuur (Romeine 6:6). *As* ons onwillig is om dit te probeer doen is die doop sonder betekenis. Dit kan slegs plaasvind nadat 'n mens bereid is om die verantwoordelikhede van die nuwe lewe wat ons moet lei, te aanvaar.

Met die doop sterf ons ou, natuurlike manier van lewe, en word ons figuurlik saam met Christus opgewek. **" As julle dan saam met Christus opgewek is, soek die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie. Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word. Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is"** (Kolossense 3:1-5).

Na ons doop is ons verbind tot 'n lewe wat dinge uit God se Hemelse perspektief sien, waarin ons aan Hemelse (geestelike) dinge dink. Ons wêreldse ambisies moet nou plek maak vir 'n ambisie om ons vleeslike neigings te oorwin en om sodoende vir God te behaag.

Die menslike natuur is geneig om entosiasme en gehoorsaamheid aan God met rukke en stote te wys. God waarsku ons dikwels hierteen. Wat Sy gebooie betref sê Hy **: "Wat die mens moet doen, dat hy daardeur kan lewe . . "** (Ezekiël 20:21).

As ons bewus is van God se gebooie, en ons hulle begin gehoorsaam wanneer ons gedoop word, dan is ons verbind tot 'n lewenslange gehoorsaamheid aan hulle.

## 11.2 Heiligheid

**"Heilig, heilig, heilig is die HERE"** (Jesaja 6:3). Die driedubbele beklemtoning van hierdie vers is een van 'n menigte skrifgedeeltes wat die heiligheid van God beklemtoon. Die basiese betekenis van die woord "heiligheid" is 'afsondering' – beide afsondering <u>van</u> onheilige dinge en afsondering <u>tot</u> geestelike dinge. Ons word gevra om "*navolgers van God*" te wees, soos Sy eie geliefde kinders (Efesiërs 5:1). 1 Petrus 1:15, 16 sê duidelik : **"Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: 'Wees heilig, want ek is heilig**.*'*

Natuurlike Israel is uit Egipte uit geroep deur hulle "Rooi See doop" om 'n *"heilige nasie*" te wees (Exodus 19:6). Na ons doop word ons as geestelike Israel geroep met 'n *'heilige roeping'* (2 Timotheüs 1:9). Na ons doop moet ons onsself **"diensbaar stel aan die geregtigheid tot heiligmaking"** (Romeine 6:19,22).

Omdat heiligheid so 'n essensiële deel van God is, moet dit vir almal wat probeer om "*navolgers van God*" te wees, van die uiterste belang te wees. As ons dit in hierdie lig sien, sal ons "*deelagtig aan sy heiligheid*" word (Hebreërs 12:10) wanneer ons deelgenote word van Sy natuur (2 Petrus 1:4). Sonder heiligheid in hierdie lewe sal 'n gelowige "*die Here nie sien nie*" (Hebreërs 12:14) – met ander woorde, hy sal nie vir God kan sien of op 'n persoonlike vlak met Hom in die Koninkryk kan verkeer as hy nie heiligheid in hierdie lewe getoon het nie.

Hierdie wonderlike hoop wat aan ons gegee word beteken dat ons onsself moet afsonder van die wêreld om ons wat nie hierdie hoop het nie. Ons "afsondering" moet dus nie iets wees wat ons voel op ons afgedwing is nie.

Ons sal nou kyk na sommige van die dinge waarvan ons onsself moet afsonder, en dan sal ons in Studie 11.3 sien waarheen ons onsself afsonder in praktiese terme.

### 11.2.1 Die gebruik van geweld

Ons lewe in 'n wêreld wat oorheers word deur die sonde. Ons het in Seksie 6.1 gesien dat menslike regerings "*die duiwel*" genoem kan word omdat hulle strewes rondom die begeertes van die vlees (die Bybelse "*duiwel*"), gaan. Die herhaalde boodskap van die Bybel is dat dit in die kort termyn sal blyk dat sonde en die saad van die slang sal seëvier, maar dat die saad van die vrou, na tydelike lyding op verskeie maniere , uiteindelik sal oorwin. Dit is vir hierdie rede dat die gelowige aanhoudend beveel word om **nie "kwaad met kwaad te vergeld nie"** (Mattheüs 5:39; Romeine 12:17; 1 Thessalonicense 5:15; 1 Petrus 3:9).

Ons het gesien dat onheil uiteindelik toegelaat en beheer word deur God (Jesaja 45:7; Amos 3:6 vergelyk Studie 6:1). As ons dan op 'n daadwerklike fisiese manier onheil weerstaan, veg ons teen God. Dit is hoekom Jesus ons beveel om nie fisies die magte van onheil te weerstaan nie: **" Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe. En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry"** (Mattheus 5:39,40).Christus is die voorbeeld hierin: **"Ek het my rug gegee vir die wat slaan . . . "** (Jesaja 50:6).

Om iemand te dagvaar voor 'n hof, word in Christus se woorde, vereenselwig met die aktiwiteite van 'n wêreld wat gekant is teen die gelowige. Om dit te doen is 'n baie goeie voorbeeld van onheil weerstaan, en sal nie deur enigiemand gedoen word wat 'n sterk geloof het in God se belofte nl**. "Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here**" (Romeine 12:19). Ons lees in Spreuke 20 vers 22*:* **"Moenie sê: Ek wil die kwaad vergeld nie! Wag op die HERE, dat Hy jou help."** Vergelyk ook Deuteronium 32:35. Dit is vir hierdie rede dat Paulus die Korinthiërs kwaai bestraf omdat hulle ander hof toe gevat het (1 Korinthiërs 6:1-7).

Omdat ons so 'n wonderlike hoop het, moet ons nie so besorg wees oor die ongeregtighede van die huidige lewe nie**: "Durf iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander het, gaan reg soek . . . Weet julle nie dat die heiliges die wêreld sal oordeel nie?"** (1 Korinthiërs 6:1,2). Om ander hof toe te vat, of dit nou oor 'n grond geskil of 'n egskeiding gaan, sal dus ondenkbaar wees vir die ware gelowige.

Om die magte van onheil te onderdruk, gebruik menslike regerings militêre- en polisiemagte. Hierdie is geinstitusionaliseerde vorms van die weerstand van onheil, en derhalwe moet die ware gelowige geen deel in hulle hê nie. **"Almal wat die swaard neem, sal deur die swaard vergaan**" (Mattheüs 26:52). Hier word 'n baie ou Goddelike beginsel herhaal**: "Hy wat die bloed van 'n mens vergiet (doelbewus), sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na Sy beeld gemaak"** (Genesis 9:6). Enige doelbewuste geweld teen ons medemens is dus geweld teen God, tensy Hy dit goedgekeur het.

Onder die Christelike bedeling, is vir ons gesê: **"Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg"** (Mattheüs 5:44; Lukas 6:27). Die gewapende- en polisiemagte werk in direkte teenstelling met hierdie beginsels en die ware gelowige sal dus alle verbintenis met hulle vermy. Al is 'n mens nie direk betrokke by die pleging van geweld nie, is dit nogtans onraadsaam om binne hierdie organisasies te werk; inderdaad is enige so 'n werk wat verlang dat ons 'n eed van getrouheid aan hulle maak, iets wat ons die vryhied van gewete ontneem om God se bevele te gehoorsaaam. Ware gelowiges het dus nog altyd gewetensbeswaar gehad teen militêre en polisiediens in watter vorm ookal, maar was nog altyd gewillig om alternatiewe werk te doen in tye van nasionale krises.

### 11.2.2 Die politiek

'n Duidelike begrip van, en 'n sterk geloof in, die koms van God se Koninkryk beteken dat ons sal besef dat geen menslike Regering volmaaktheid kan bring nie. Enige betrokkenheid by menslike politiek is derhalwe teenstrydig met die hoop van die Koninkryk.

Jesus het voorspel dat dinge sal versleg in "*die laaste dae*", net voor Sy koms (Lukas 21:9-11, 25-27). Dit is nie moontlik om sy woorde te glo en

terselfde tyd die wêreld se toestand te probeer verbeter deur menslike politiek nie. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan wys hoe die Christen die wêreld om hom moet help – doen goed aan almal, terwyl ons geleentheid het (Galasiërs 6:10).

Dit wat oor die vroeë gelowiges geskryf is wys dat hulle verbind was aan 'n geestelike lewenswyse in afwagting op Christus se wederkoms. Hulle het hul besorgdheid vir die wêreld hoofsaaklik getoon deur vir hulle te preek. Ons lees nêrens dat hulle die sosiale, ekonomiese of politieke probleme van die wêreld om hulle probeer oplos het nie.

Jeremia 10:23 sê **" Ek weet, o HERE, dat aan die mens sy weg nie toebehoort nie; nie aan 'n man om te loop en sy voetstappe te rig nie."** Hier sien ons dat die fundamentele sondigheid van die menslike natuur beteken dat menslike leierskap nie geskik is vir God se mense nie. Om te stem is dus strydig met 'n ware begrip hiervan. **"Die Allerhoogste (het) mag oor die koningskap van die mens en gee dit aan wie Hy wil"** (Daniël 4:32). Menslike heersers kry dus maar eintlik hul mag van God (Romeine 13:1); om te stem in 'n demokratiese sisteem kan derhalwe beteken dat jy teen die persoon stem wat God aan bewind wil hê. So word dit opgeteken dat God sekere lande onder die beheer van Nebukadneser **gegee** het (Jeremia 27:5,6).

Omdat ons besef dat God alle nasies in die hande van hulle regeerders gegee het, moet ons baie versigtig wees om voorbeeldige burgers te wees en ons te onderwerp aan die wette van die land waar ons lewe, tensy hulle bots met die wet van Christus. **"Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang. Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte.**

**Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang; want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf."**

Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete. Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is. Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom" (Romeine 13:1-7).

Die betrokkenheid van Christen organisasies in sekere vorms van politieke protes en belasting boikotte is dus 'n aanduiding van hulle verontagsaming van hierdie basiese Bybelbeginsels. Petrus se voorbeeld van iemand wat aanhou om oor Christus te preek, ten spyte daarvan dat die regering hom verbied het om dit te doen, wys hoe ons slegs menslike bevele kan gehoorsaam as hulle nie met Christus se gebooie bots nie: **"Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsaam te wees as God, moet julle self beslis"** (Handelinge 4:17-20; 5:28,29). Die Christadelphian houding teenoor verpligte militêre diens in die laaste paar jaar is nog 'n voorbeeld hiervan.

### 11.2.3 Wêreldse plesier

Omdat die wêreld nie 'n ware verhouding met God het nie, en dus geen realistiese hoop vir die toekoms nie, het hy talle vorms van plesier-najaag bedink. Die wat streef daarna om die vlees te behaag, moet vermy word deur die wat probeer om 'n geestelike gesindheid te ontwikkel**. "Die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees"** (Galasiërs 5:17). As gevolg van hierdie fundamentele opposisie, is dit onmoontlik om te sê dat ons regmatiglik kan toegee aan die vlees, terwyl ons aanspraak maak daarop dat ons die Gees volg.

Die wêreld strewe na **"die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe"** (1 Johannes 2:16).

"**Weet julle nie dat die vriendskap van die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie dan 'n vriend van die wêreld wil wees, word 'n vyand van God"** (Jakobus 4:4). As ons wêreldse vriende het, na wêreldse films kyk, ens., dan is ons " 'n vriend van die wêreld". Die begeertes van die wêreld

sal gou verby gaan, en die wat vriendskap met die wêreld in hierdie lewe gehad het, sal met dit vergaan (1 Johannes 2:15-17). **"Die wêreld (met ander woorde die samelewing) van goddelose mense"** sal vernietig word met die tweede koms (2 Petrus 2:5), **omdat "die hele wêreld in die mag van die Bose lê"** (1 Johannes 5:19). As ons hierdie vernietiging wil vermy, moet ons **"nie van die wêreld wees nie**" (Johannes 17:16 vergelyk Openbaring 18:4).

Baie dinge wat die wêreld doen om die vlees te behaag is skadelik vir liggaamlike gesondheid: rook, dwelmmisbruik en drankmisbruik is voorbeelde hiervan. Ons fisiese gesondheid, ons geld, inderdaad alles wat ons besit, behoort eintlik aan God. Ons het dus nie die vryheid om hierdie dinge te gebruik net soos ons wil nie, maar het eerder 'n groot verantwoordelikheid teenoor dit wat God vir ons gegee het. Ons gaan gevra word om verantwoording te doen oor hoe ons hulle gebruik het, wanneer ons voor die regterstoel verskyn (Lukas 19:12-26). Gewoontes soos rook en alkoholmisbruik is sleg vir ons gesondheid en finansies.

**" Ek vermaan julle dan, word my navolgers. Daarom het ek Timótheüs, wat my geliefde en getroue seun in die Here is, na julle gestuur. Hy sal julle herinner aan my handelwyse in Christus, soos ek oral in elke gemeente leer. . . Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort"** (1 Korinthiërs 3:16,17; 6:19,20).

Misbruik van die liggaam, soos byvoorbeeld die rookgewoonte, is dus 'n ernstige saak. Dit word egter besef dat gewoontes soos hierdie wat voor bekering bestaan het, nie onmiddellik gebreek kan word nie. Wat verwag word is 'n erkenning van die feit dat die gewoonte sleg is, en dat 'n realistiese poging gemaak word om dit te stop.

Die stremming van die lewe moet al hoe meer oorkom word deur toevlug tot die Woord van God en gebed, eerder as om ons te wend na dinge soos rook, drank of dwelms.

## 11.3 Praktiese Christen Lewenswyse

### 11.3.1 Bybelstudie

Na ons doop moet ons **"vrug tot heiligmaking"** voortbring, en moet ons lewe deur die Gees, eerder as die vlees, gelei word (Romeine 6:22; 8:1; Galasiërs 5:16,25). Dit is deur God se Woord wat in ons is dat ons geestelike vrug dra (Johannes 15:7,8). Ons het gesien dat ons gelei word deur die Gees in die sin dat God se Gees in Sy Woord is. Regdeur ons lewe moet ons naby daardie Woord bly deur dit gereeld te lees en te bestudeer.

'n Bedagsame studie van die Bybel lei daartoe dat 'n mens besef hoe noodsaaklik dit is om gedoop te word, en dan geestelik te groei. Die invloed van die Woord op ons dade en ons alledaagse lewe moet 'n aanhoudende proses wees; die doop is maar die eerste stap in 'n leeftyd van gehoorsaamheid aan God se Woord. Daar is egter 'n groot gevaar dat ons lees sonder dat ons konsentreer, of toelaat dat die Woord ons beïnvloed (sien Bylae 2). Vir hierdie rede is dit wys om 'n kort gebed te doen elke keer voordat ons lees: **"Open my oë, dat ek kan sien die wonders uit u wet"** (Psalm 119:18*).*

Die Woord van God moet ons daaglikse kos wees – inderdaad moet ons afhanklikheid daarvan, en ons natuurlike begeerte daarvoor, groter wees as ons instinktiewe aptyt vir fisiese kos: "**Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart"** (Jeremia 15:16). Om elke dag tyd te maak vir gereelde Bybellees is dus uiters noodsaaklik.

30 Minute se ongehinderde Bybelstudie vroeg in die oggend sal sorg dat ons elke dag met die regte geestelike gemoed begin. Sulke geloofvormende gewoontes sal van oneindige waarde wees met die oordeelsdag.

Om die natuurlike tendens om slegs daardie gedeeltes van die Skriftuur te lees waartoe ons aangetrokke voel, te vermy, het Christadelphians 'n leesprogram opgestel wat die lees van 'n paar hoofstukke per dag behels. As die program elke dag gevolg word, word die Ou Testament een keer, en die Nuwe Testament twee keer, in die loop van 'n jaar deurgelees. Soos ons die hoofstukke dag vir dag lees, kan ons bemoedig word deur die wete dat duisende ander gelowiges dieselfde hoofstukke lees. Wanneer ons ookal

ontmoet, het ons 'n onmiddellike band; die hoofstukke wat ons pas gelees het behoort dan die basis te wees van ons gesprek.

### 11.3.2 Gebed

Gebed is van uiterste belang in ons lewens. Paulus herinner ons daaraan dat daar **"een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus (is), wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal**", en dan beklemtoon hy die praktiese gevolg van 'n begrip van Christus se werk: **"Ek wil dan hê dat die manne op elke plek bid . . . sonder toon en twis"** (1 Timotheüs 2:5-8)."**Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word"** (Hebreërs 4:15-16).

As ons regtig verstaan dat Christus ons persoonlike Hoë Priester is, wat ons gebede baie sterk aan God offer, sal ons gereeld in geloof bid. Maar gebed moet nie net 'n lys wees van wat ons wil hê nie; dit moet danksegging vir maaltye wees, vir veilige bewaking na reise, en vir so baie ander dinge waarvoor ons dankbaar moet wees.

Dit sal al klaar 'n gevoel van vrede op ons bring deur net ons probleme voor God in gebed te plaas. Niks is ooit te nietig om oor te bid nie. **"Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus"** (Filippense 4:6,7).

As ons gebede volgens God se wil is, sal hulle sekerlik verhoor word (1 Johannes 5:14). Ons kan weet wat God se wil is deur Sy Woord te bestudeer, wat Sy Gees / denke aan ons openbaar. So sal ons deur Bybelstudie nie net leer hoe om te bid nie, maar ook waarvoor ons moet bid, en so word ons gebede dan kragtig. Jesus sê vir ons**: "As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry"** ( Johannes 15:7).

Daar is baie voorbeelde van gereelde gebed in die Skriftuur (Psalm 119:164; Daniël 6:11). Oggend en aand, met 'n paar kort dankie-sê gebede deur die dag, moet gesien word as die minimum.

### 11.3.3 Verkondiging

Een van die grootste versoekinge wat ons kan hê deur ons kennis van die ware God, is om geestelik selfsugtig te word. Ons kan so in ons skik wees met ons eie persoonlike verhouding met God, so opgeneem word in ons persoonlike Bybelstudie en geestelikheid, dat ons kan nalaat om hierdie dinge met ander (ons mede-gelowiges sowel as die wêreld om ons) te deel. Die Woord van God en die ware Evangelie wat daarin gevind word, word vergelyk met 'n lig of lamp wat in die donker skyn (Psalm 119:105; Spreuke 4:18). Jesus het daarop gewys dat niemand wat so 'n lig het dit onder 'n emmer sit nie, maar dat dit openlik vertoon word (Mattheüs 5:15). **"Julle is die lig van die wêreld"** as gevolg van die doop in Christus**, "die lig van die lewe"** (Mattheüs 5:14; Johannes 8:12). Jesus het verder gesê dat, **" 'n stad wat bo-op 'n berg lê, nie weggesteek kan word nie"** (Mattheüs 5:14).

As ons regtig leef volgens die ware Evangelie, sal ons "*heiligheid*" gesien kan word deur almal met wie ons in aanraking kom. Ons sal nie die feit kan verberg dat ons "*afgesonder*" is vir die hoop van die Koninkryk nie, en sodoende ook nie dat ons "*afgesonder*" van hulle wêreldse weë is nie.

Ons moet probeer om ons kennis van die Waarheid met almal met wie ons in kontak kom op 'n taktvolle manier te deel: stuur gesprekke in 'n geestelike rigting; praat oor leerstellings met lede van ander kerke; versprei leesstof; plaas advertensies in die plaaslike media.

Hierdie is alles voorbeelde van hoe ons ons lig kan laat skyn. Ons mag nie dink dat ons die werk van verkondiging aan ander gelowiges kan oorlaat nie; elkeen van ons het 'n individuele verantwoordelikheid om dit self te doen. Christadelphians het relatief min georganiseerde, grootskaalse verkondigingsaksies in vergelyking met ander groepe. Elkeen van ons, individueel, doen wat ons kan, meesal op ons eie persoonlike onkoste.

Een van die suksesvolste maniere van verkondiging is om ons geloof aan familie, en mense met wie ons in gedurige kontak is, te verduidelik. Die

wie se naasbestaandes nie in die geloof is nie, moet hul geloof aan hulle verduidelik – maar as dit eers gedoen is, sal dit onwys wees om druk uit te oefen of om gedurig geskilpunte op te bring. God wil nie mense hê wat onder druk bekeer is nie. Ons plig is om oor die Waarheid te getuig, sonder om te besorg te wees oor hoeveel mense dit aanvaar of nie. Ons het 'n groot verantwoordelikheid om hieroor te getuig (Esegiël 3:17-21); as Christus in ons leeftyd terugkom sal **"twee op die land wees; die een sal aangeneem en die ander verlaat word"** (Lukas 17:36). Hoe gaan ons voel, wanneer die Here terugkom, as ons nooit met ons familie of vriende hieroor gepraat het nie?

### 11.3.4 Kerklewe

Ons het sover in hierdie studie gepraat oor ons persoolike geestelike verantwoordelikhede. Maar ons het 'n verpligting om gereeld bymekaar te kom met die wat dieselfde hoop deel. Weereens moet dit iets wees wat ons graag wil doen. Ons het gewys dat ons na ons doop 'n wildernesreis na die Koninkryk begin. Dit is net natuurlik dat ons kontak sal wil maak met mede-reisigers. Ons lewe in die laaste dae voor Christus se koms; om die vele beproewinge wat ons in hierdie tye teëkom te oorwin, is dit nodig dat ons gemeenskap met die wat in dieselfde posisie is moet hê: **" . . . en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom." Vergelyk met "Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer"** (Hebreërs 10:25 vergelyk Maleagi 3:16).

Gelowiges moet dus elke poging aanwend om kontak met mekaar te behou deur gereeld te deel in Bybelstudie, die Nagmaaldiens, verkondigingsaktiwiteite, en deur vir mekaar te skryf as die afstande te groot is. Elkeen van ons is afsonderlik "*geroep*" uit die wêreld uit na die wonderlike hoop van die Koninkryk. Die woord "*heilige*" beteken "*iemand wat geroep is*", en kan verwys na alle ware gelowiges, eerder as net 'n paar uitstaande gelowiges van die verlede. Die Griekse woord wat "*kerk*" vertaal word, is "*ekklesia*", en dit beteken *" 'n byeenkoms van persone wat geroep is",* dit is gelowiges. Die "*kerk*" verwys dus na die groep gelowiges, eerder as die fisiese gebou waar hulle byeenkom. Om misverstand te

vermy in die gebruik van hierdie term, praat Christadelphians van hulle kerke of gemeentes as "*ekklesias*".

Waar daar ookal 'n paar gelowiges in 'n dorp of area is, is dit logies dat hulle 'n plek sal kry om gereeld byeen te kom. Dit kan in 'n gelowige se huis of in 'n gehuurde saal wees. Christadelphian ekklesias kom wêreldwyd byeen in plekke soos gemeenskapsale, sale wat hulle self laat bou, of privaat wonings. Die doel van 'n ekklesia is om sy lede op te bou deur gesamentlike Bybelstudie en ook gesamentlik aan die wêreld te getuig deur hulle lig te laat skyn, deur verkondiging. 'n Tipiese program van 'n Christadelphian ekklesia sal so daar uitsien:

| | | |
|---|---|---|
| SONDAG : | 11vm. | Nagmaaldiens |
| | 6nm. | Openbare verkondiging |
| WOENSDAG : | 8nm. | Bybelstudie |

Die ekklesia is deel van God se familie. In so 'n gemeenskap moet elke lid sensatief en onderdanig wees aan die ander; Christus self was die groot voorbeeld hierin. Ten spyte van die feit dat hy geestelik bo almal uitgetoring het, was hy self dienaar, het hy self die dissipels se voete gewas terwyl hulle gestry het oor wie die belangrikste onder hulle was. Jesus beveel ons om sy voorbeeld van diens te volg (Johannes 13:14,15; Mattheüs 20:25-28).

Nou dat die wonderbaarlike gawes van die Heilige Gees teruggetrek is, is daar nie plek vir "opsieners" soos daar in die vroeë kerk was nie; **"want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders"** (Mattheüs 23:8). Christadelphians spreek mekaar derhalwe aan as "*broer*" of "*suster*", en gebruik voorname tenspyte van hulle verskillende posisies in die wêreldlike lewe. Tog is dit duidelik dat daar respek moet wees vir gelowiges wat die enigste ware God reeds vir baie jare ken, of wat vinnig geestelik volwasse geword het deur hulle toewyding aan God se Woord. Sulke gelowiges se raad en leiding sal waardevol wees en waardeer word deur die wat strewe daarna om God se Woord te volg.

Dit wat in die ekklesia geleer word, moet uit die aard van die saak op God se Woord baseer word. Die wat die openbare prediking in die ekklesia doen, weerspieël dus vir God, hulle praat namens Hom. Omdat God manlik is, volg dit dat slegs die broers die werk van openbare instruksie van God se Woord kan doen. 1 Korinthiërs 14:34 is baie duidelik: **"Julle vroue moet in die gemeentes swyg; want dit is hulle nie toegelaat om te spreek nie"**. 1 Tim. 2:11-15 gee vir ons die rede hiervoor en neem ons terug na die gebeure in die tuin van Eden; omdat Eva vir Adam geleer het om sonde te doen, moet die vrou nie nou vir die man leer nie. Die feit dat God vir Adam voor Eva geskape het, is 'n teken dat "**die man die hoof is van die vrou"** (1 Korinthiërs 11:3), en dus moet die man die vrou geestelik lei eerder as anders om.

**As gevolg van al hierdie dinge, moet**

**" Die vrou haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid. Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou. Want Adam is eerste gemaak, daarna Eva. En Adam is nie verlei nie, maar die vrou het haar laat verlei en het in oortreding gekom. Maar sy sal gered word deur kinders te baar, as hulle bly in geloof en liefde en heiligmaking, met ingetoënheid"** (1 Timotheüs 2:11-15).

Dit is dus duidelik dat die Bybel sekere spesifieke en afsonderlike rolle vir die man en die vrou het. Die vrouens word beveel om in sekere gevalle te **"trou, kinders te baar, hulle huise te regeer"** (1 Timotheüs 5:14); dit is 'n indikasie dat hulle geestelike pligte in die huis moet wees. Die openbare werk in die ekklesia word dus aan die man oorgelaat.

Dit is in skerp kontras met die humanistiese teorieë van geslagsgelykheid, waar die toegewyde beroepsvrou gelykheid met haar man in elke opsig kan eis, vanaf die bestuur van die huishoudelike finansies tot die dra van uniseks klere. Dit wil voorkom asof die voortbring van kinders 'n ongerief is vir so baie jong getroudes van vandag.

Die man moet nie baasspeel oor sy vrou of haar hiet en gebied nie (Efesiërs 5:25). **"Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is--sodat julle gebede nie verhinder mag word nie"** (1 Petrus 3:7). In geestelike terme is die man en die vrou deur die doop in Christus gelykes (Galasiërs

3:27,28 vergelyk 1 Korinthiërs 11:11). Maar dit verander nie die duidelike beginsel dat **"die man die hoof van die vrou is"** nie (1 Korinthiërs 11:3), in praktiese en geestelike sake, beide in die familie en in die ekklesia.

Om erkenning van hierdie beginsel te demonstreer, moet die vroulike gelowige haar hoof bedek wanneer 'n broer onderrig gee vanuit God se Woord. In die praktyk beteken dit dat 'n hoed of 'n kopdoek by alle kerklike byeenkomste gedra moet word. Die verskil in die rol wat gespeel word tussen die man en die vrou moet beklemtoon word deur die manier wat mans en vrouens hulle hare dra (1 Korinthiërs 11:14,15).**" . . . maar elke vrou wat bid of profeteer met onbedekte hoof, doen haar hoof (dit is die man (vers 3) oneer aan; want dit is een en dieselfde asof haar hoof geskeer is. Want as 'n vrou se hoof nie bedek is nie, laat sy dan ook haar hare afsny; maar as dit vir 'n vrou lelik is om haar hare af te sny of te skeer, laat sy haar hoof bedek. . . . Daarom moet die vrou 'n aanduiding van gesag op die hoof hê ter wille van die engele"** (1 Korinthiërs 11:5,6,10).

Om 'n "onbedekte" hoof te hê is "dieselfde **asof** haar hoof geskeer is", en dit wys dat 'n onbedekte hoof nie 'n kop sonder hare is nie. Dus is 'n "bedekte" hoof nie 'n kop met hare op nie, maar 'n kop waarop 'n bedekking doelbewus geplaas is. 'n Vrou kan sonder 'n kopbedekking nie vertrou op haar natuurlike kopbedekking van hare nie; om dit te doen is in God se oë asof sy geen hare het nie.

Dit is verkeerd vir 'n man om 'n kopbedekking te hê (1 Korinthiërs 11:7); dit praat nie hier van hare nie, maar die dra van 'n spesifieke hoofbedekking. Volgens die kultuur van die Nuwe Testament tye, het 'n vrou slegs haar kop geskeer as sy ontbloot is as 'n hoer of een wat egbreuk gepleeg het, of as sy oor haar man se dood rou. Vir 'n vrou wat geskeer is sou wys dat sy haar man verloor het – dit is Christus as tipe. Die vrou verteenwoordig die ekklesia, terwyl die man vir Christus verteenwoordig. Omdat ons 'n bewustelike besluit moet maak om ons sondes deur Christus te laat bedek, so moet die vrou 'n bewustelike besluit maak om haar kop te bedek. As sy in haar natuurlike bedekking van hare vertrou, is dit asof ons in ons eie geregtigheid vertrou om ons te red, eerder as Christus.

Aangesien 'n vrou se langer hare "*vir haar 'n eer is"* (1 Korinthiërs 11:15), moet sy haar hare op so 'n manier laat groei dat dit haar onderskeid van die

man beklemtoon. Die verskil tussen manlike en vroulike haarstyle moet deur die vrou gebruik word as 'n geleentheid om haar afsonderlike rol te laat uitstaan.

In hierdie sake van 'n vrou wat lang hare moet hê en 'n hoofbedekking moet dra, moet ons versigtig wees om nie die dinge bloot as 'n teken te doen nie. As 'n suster 'n werklike geestelike en onderdanige gesindheid het (vergelyk 1 Petrus 3:5), sal sy haar onderwerp aan die broers, soos die gelowiges aan Christus, en sal dit vir haar 'n plesier wees om onderdanigheid in elke opsig te wys, insluitend die dra van 'n hoofbedekking.

As die rede vir hierdie bevele verstaan word, soos met al God se bevele, sal daar geen teensinnigheid wees om hulle na te kom nie. Daar is altyd werk vir susters in die ekklesia – Sondagskool onderwysing, en die vele ander pligte wat nie openbare preek of onderrig behels nie, bv. die boeke hou. Geestelik volwasse vrouens kan aangemoedig word om onderrig sessies vir jonger susters te gee (Titus 2:3-5 vergelyk Mirjam wat die vroue van Israel gelei het in Exodus 15:20).

### 11.3.5 Die breek van brood - Nagmaal.

Saam met bid en Bybellees, is dit van die uiterste belang dat Christus se bevel om brood te breek en wyn te drink, tot sy gedagtenis, gereeld gehoorsaam word**. "Doen dit tot my gedagtenis,"** het Jesus beveel (Lukas 2:19). Dit was sy wil dat sy volgelinge dit gereeld moet doen tot sy tweede koms, wanneer Jesus dan weer met hulle die brood en die wyn sal deel (1 Korinthiërs 11:26 ; Lukas 22:16-18).

Die brood verteenwoordig Christus se liggaam wat aan die kruis geoffer is, en die wyn sy bloed (1 Korinthiërs 11:23-27). Dit blyk dat die vroeë gelowiges hierdie diens gereeld gehou het (Handelinge 2:42, 46), waarskynlik een keer per week (Handelinge 20:7). As ons werklik vir Christus liefhet, sal ons sy gebooie onderhou (Johannes 15:11-14). As ons 'n egte persoonlike verwantskap met hom het, sal ons sy offerande wil

onthou, soos hy gevra het, en so onsself bemoedig deur die herinnering van die groot redding wat hy bereik het. 'n Tydjie van stille betragting oor sy lyding aan die kruis, sal ons eie beproewinge soos niks laat lyk wanneer ons hulle vergelyk met ons Here Jesus s'n nie.

Die breek van brood is basies 'n diens van herinnering; dit is nie asof dit iets bonatuurlik tot gevolg het nie. Dit is soos die pasgafees onder die wet van Moses (Lukas 22:15; 1 Korinthiërs 5:7,8). Dit was die manier hoe die groot verlossing van Egipte, wat God deur Moses by die Rooi See bewerkstellig het, onthou is. Die breek van brood diens neem ons terug na ons verlossing van die sonde deur Christus, wat moontlik gemaak is aan die kruis, en waarmee ons ons vereenselwig deur die dood. Om hierdie gebod te hou moet dus vir ons iets wees wat ons regtig wil doen.

Deur fisies die brood en die wyn te neem, maak dat ons intens bewus word van Christus se liefde vir ons, sowel as alles wat met ons saligheid gepaard gaan. Derhalwe is die breek van brood een keer per week 'n teken van 'n gesonde geestelike toestand. As 'n mens dit nie met mede-gelowiges van die Waarheid kan doen nie, moet dit alleen gedoen word. Geen verskoning moet ons keer om hierdie gebod te hou nie.

As ons baie ver van mede-gelowiges woon, moet ons sorg dat daar altyd brood en wyn is om een keer per week die diens te hou, al is dit alleen. In uiterste omstandighede moet selfs 'n gebrek aan brood en wyn nie keer dat ons vir Christus onthou, so goed as wat ons kan nie. Jesus het die **"vrug van die wynstok"** gebruik (Lukas 22:18), en ons moet derhalwe rooi druiwewyn gebruik.

Om die embleme van Christus se lyding en offer te neem, is die hoogste eer wat 'n man of 'n vrou kan hê, Om hulle te gebruik sonder om te waardeer wat hulle verteenwoordig, is feitlik godslastering,

**"Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom. Wie dan op onwaardige wyse hierdie brood eet of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here."** (1 Korinthiërs 11:26,27).

'n Nagmaaldiens moet dus gehou word op 'n tyd en plek waar daar nie steurings en onderbrekings is nie. Dit mag beteken dat dit vroeg in die oggend of laat in die aand gedoen word, in 'n slaapkamer of ander geskikte plek. Verder word ons vermaan, **"Maar die mens moet homself beproef en só van die brood eet en uit die beker drink"** (1 Korinthiërs 11:28). Ons moet derhalwe ons gedagtes op Christus se offer van homself konsentreer, en kan byvoorbeeld in die Evangelies lees van sy kruisiging, voor ons die embleme gebruik. Deur dit op die regte manier te doen sal ons ook nadink oor ons gewete teenoor Christus.

'n Goeie volgorde vir die Nagmaaldiens is soos volg:-

1. Gebed – waarin God se seëning op die byeenkoms gevra word; dat Hy ons oë oopmaak vir Sy Woord; waarin ons vra vir die welsyn van ander gelowiges; Hom loof vir Sy liefde, en gebed oor enige ander spesifieke sake.
2. Doen die Bybellesings vir die dag soos gespesifiseer in die "Bybelleesplan".
3. Dink oor die lesse wat hieruit kom, of lees 'n preek wat lei na die doel van ons diens – die herinnering van Christus.
4. Lees 1 Korinthiërs 11:23-29.
5. Periode van stille selfondersoek.
6. Gebed vir die brood.
7. Breek die brood en eet 'n klein stukkie daarvan.
8. Gebed vir die wyn.
9. Drink 'n klein bietjie wyn.
10. Sluit af met gebed.

Die hele diens behoort net meer as 'n uur te duur.

## 11.4 Die Huwelik

Ons sal hierdie afdeling begin deur na die posisie van die wat ongetroud is wanneer hulle gedoop word, te kyk. Ons het in Studie 5.3 die noodsaaklikheid daarvan gesien om slegs met gedoopte gelowiges te trou. Daar is 'n paar skrifgedeeltes, tesame met die voorbeelde van Jesus, Paulus

en ander, wat enkellopendes aanmoedig om ten minste die opsie om ongetroud te bly te oorweeg, sodat hulle geheel en al aan die Here se werk toegewy kan wees (1 Korinthiërs 7:7-9, 32-38 vergelyk 2 Timotheüs 2:4; Mattheüs 19:10-12, 29). **"Maar as jy tog trou, sondig jy nie**" (1 Korinthiërs 7:28). Baie van die apostels was getroud (1 Korinthiërs 9:5), en die huwelik soos God dit bedoel het, is ingestel om talle fisiese en geestelike voordele te hê. **"Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet"** (Hebreërs 13:4). **"Dit is nie goed dat die mens alleen is nie"**, tensy hy of sy 'n hoë vlak van toegewydheid aan geestelike dinge kan behou, en daarom het God die huwelik ingestel (Genesis 2:18-24). So sien ons dan: **"Wie 'n vrou gevind het, het iets goed gevind en 'n welgevalle van die HERE verkry . . . 'n verstandige vrou is van die HERE**" (Spreuke 18:22; 19:14).

Ons kry 'n gebalanseerde opsomming van die posisie in 1 Korinthiërs 7:1,2 :
**" --dit is goed vir 'n man om 'n vrou nie aan te raak nie. Maar vanweë die hoererye moet elke man sy eie vrou hê, en elke vrou moet haar eie man hê**.

Wat hierdie verse impliseer, is dat die toegee aan seksuele drange buite die huwelik, hoerery is. Waarskuwings teen hoerery (seks tussen ongetroude mense), egbreuk (seks waar een of beide partye reeds getroud is met 'n ander) en enige vorm van immoraliteit of onsedelikheid kom dikwels voor in die Nuwe Testament; hulle kom voor in feitlik elke brief. Die volgende is maar 'n paar hiervan: Handelinge 15:20; Romeine 1:29; 1 Korinthiërs 6:9-18; 10:8; 2 Korinthiërs 12:21; Galasiërs 5:19; Efesiërs 5:3; Kolossense 3:5; 1 Thessalonicense 4:3; Judas 7; 1 Petrus 4:3; Openbaring 2:21.

In die lig van hierdie aanhoudende beklemtoning, sal dit uiters dwaas wees om teen God se duidelike, uitdruklike wil te gaan. Sondes wat gebeur in oomblikke van tydelike swakheid, word met graagte deur God vergewe, as daar berou en bekering is. Maar om 'n lewe te lei waarin hierdie dinge gereeld plaasvind, kan net veroordeling tot gevolg hê. Paulus het dit dikwels uitgespel:
**"En die werke van die vlees is openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; . . . afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al**

**vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie"** (Galasiërs 5:19,21),
en dan sê hy:
**"Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam"** (1 Korinthiërs 6:18).

Dit word feitlik wêreldwyd aanvaar dat jong paartjies ssam kan leef voor hulle getroud is en volle seksuele verhoudings mag geniet. Die gebruik van die term "gemeenregtelike huwelik" om hierdie verhoudings te beskryf, is 'n verkeerde benaming. Die huwelik vir die gelowige moet volgens God se definisie daarvan wees; ons kan nie toelaat dat 'n definisie van die huwelik wat gemaak is deur 'n wêreld wat die vlees behaag, bo God se verklarings aangaande die huwelik gestel word nie. Per slot van sake is die huwelik deur God, en nie die mens nie, ingestel. Volgens die Bybel bestaan die huwelik uit ten minste drie elemente:-

1. **Een of ander huwelikseremonie**, al is dit hoe eenvoudig. Die huwelik tussen Boas en Rut (Rut hoofstukke 3 en 4) wys dat dit nie 'n verhouding is wat mens ligtelik ingaan nie; daar is 'n spesifieke oomblik wanneer jy ten volle getroud is. Christus word vergelyk met die bruidegom en die gelowiges met die bruid, met wie hy dan sal trou wanneer hy weer kom. *Openbaring 19:7-9* vertel van **"die bruilof van die Lam".** Die verhouding tussen man en vrou illustreer die tussen Christus en die gelowiges (Efesiërs 5:25-30); net soos daar 'n spesifieke oomblik sal wees wanneer ons getroud is, so moet 'n huwelik van gelowiges 'n spesifieke oomblik hê wanneer dit 'n aanvang neem. Dit is 'n tipe van die eenwording tussen Christus en ons in die oordeelsdag.

2. God se huwelik met Israel het 'n **wedersydse verbond van getrouheid** aan mekaar behels (Esegiël 16:8), en dit behoort ook 'n eienskap in die huwelik van gelowiges te wees.

3. **Seksuele gemeenskap** is nodig om 'n huwelik te volvoer (Deuteronomium 21:13; Genesis 24:67; 29:21). As gevolg hiervan verduidelik 1 Korinthiërs 6:15,16 waarom gemeenskap buite die huwelik so verkeerd is. Seksuele gemeenskap, in fisiese terme, is 'n teken van hoe God

'n getroude paar verenig (Genenesis 2:24). Om in "*een vlees*" verenig te word in 'n tydelike verhouding is dus 'n skending van die liggame wat God vir ons gegee het.

Dit volg dus dat paartjies wat "saambly" voordat hulle getroud is eintlik in sonde lewe. Tensy hulle hul verhouding formaliseer deur behoorlik getroud te raak – of uitmekaar te gaan – kan hulle nie gedoop word nie.

In 'n huwelik waar net een party gedoop is, moet die ongedoopte nie verlaat word nie (1 Korinthiërs 7:13-15), maar daar moet eerder elke poging gemaak word om mekaar lief te hê. So wys die gedoopte deur hulle lewenswyse dat hy of sy 'n vaste geloof in die ware God het, en word daar nie van godsdiens verander bloot om die ander tevrede te stel nie. 1 Petrus 3:1-6 moedig persone in so 'n situasie aan om rein en Godvresend te wandel, en so die ongelowige party moontlik te bekeer.

Die beginsels van die huwelik kom na vore in God se verklaring daaroor: **"Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees"** (Genesis 2:24). Hierdie strewe na eenheid tussen man en vrou is 'n voorbeeld van ons aanhoudende poging om eenheid met Christus te hê, deur die sondigheid en selfsugtigheid van ons menslike natuur te oorwin. Hierdie strewe is teen onsself, eerder as teen Christus of ons huweliksmaat. En hoe meer ons suksesvol is hiermee, hoe gelukkiger en vervullend sal ons verhouding wees.

Maar, ons lewe in 'n wêreld vol sonde en gebreke, wat nie aan die hoë standaarde van heiligheid wat die Bybel voor ons stel, kan voldoen nie, veral nie die voorbeeld van God of Jesus se liefde nie. Die ideale standaard wat in *Genesis 2:24* gestel word is van een man en een vrou wat vir altyd saamleef in algehele eenheid.

Gelowiges moet bereid wees om te aanvaar dat hierdie standaard soms nie gehandhaaf kan word in hul eie lewens nie, en ook nie in die van ander gelowiges nie. Man en vrou kan dalk stry en die eenheid van doel wat hulle moet hê verloor; dit mag dalk fisies onmoontlik wees om die huwelik te volvoer; 'n man het dalk verskeie vrouens wat hy geneem het voordat hy gedoop is, as hy in 'n gemeenskap bly wat veelwywery toelaat. In hierdie geval moet hy sy vrouens behou, maar hy moet nie nog ander neem nie. Die

apostel Paulus, wat op 'n meesterlike manier menslike simpatie en onwrikbare aanhang van Goddelike beginsels saam gesmelt het, het derhalwe voorgestel dat skeiding moontlik was in uiterste gevalle van onverenigbaarheid. **"En aan die getroudes beveel ek--nie ek nie, maar die Here--dat die vrou nie van die man moet skei nie; en as sy tog van hom skei, moet sy ongetroud bly, of haar met haar man versoen; en dat die man sy vrou nie moet verstoot nie"** (1 Korinthiërs 7:10-11).

Hierdie stelling van 'n ideale standaard, maar gewilligheid om 'n laer standaard te aanvaar, mits dit nie 'n basiese Goddelike beginsel verontagsaam nie (bv. dat egbreek verkeerd is), is 'n redelike algemene verskynsel in die Bybel. Paulus se raad in 1 Korinthiërs 7:10-11 is verwant aan 1 Korinthiërs 7:27,28*:* **". . . is jy los van 'n vrou, moenie 'n vrou soek nie (bly ongetroud). Maar as jy tog trou, sondig jy nie."**

Doelbewuste egskeiding is egter 'n wêreldse instelling en is 'n verwerping van God se beginsel dat man en vrou moet erken dat Hy hulle verbind het as een vlees, al vind hulle dit moeilik om in dit die praktyk toe te pas. Christus se woorde is dalk nie maklik om te aanvaar nie, maar hulle is baie duidelik:
**"maar van die begin van die skepping af het God hulle man en vrou gemaak. Om hierdie rede sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees word, sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees. Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. En in die huis het sy dissipels Hom weer oor dieselfde saak gevra. En Hy sê vir hulle: Elkeen wat van sy vrou skei en 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen haar; en as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk"** (Markus 10:6-12).

In die hele gebied van seksuele gemeenskap, is die vlees vinnig om aanneembare verskonings uit te dink om sy natuurlike drange te regverdig. Mense wat in situasies beland waar versoeking baie groot is, sal slegs die krag en geestelike stamina wat hulle nodig het kry deur 'n aanhoudende meditasie van die verse wat in hierdie seksie aangehaal word. Sommige probeer homoseksualiteit en lesbianisme regverdig as regmatige, natuurlike begeertes. Daar is egter absoluut geen twyfel daaraan nie dat sulke bedrywighede geheel en al afskuwelik is in God se oë.

Die basiese beginsel van Genesis 2:24 ontbloot die sondigheid van homoseksualiteit; dit is God se bedoeling dat man en vrou moet trou en

mekaar aankleef. God het **die vrou** geskape om 'n hulp vir Adam te wees, eerder as 'n ander man. Seksuele omgang tussen mans word oor en oor in die Bybel veroordeel. Dit was een van die sondes wat veroorsaak het dat Sodom vernietig is (Genesis hoofstukke 18,19); die apostel Paulus maak dit baie duidelik dat die volhou van sulke praktyke God se woede op die hals haal en die uitsluiting van Sy Koninkryk tot gevolg het (Romeine 1:18-32; 1 Korinthiërs 6:9,10).

Die feit dat ons in die verlede met sulke dinge betrokke was, moet ons nie laat voel dat ons buite God se hulp is nie. Daar **is** vergifnis by God (Psalm 130:4).

Die ekklesia by Korinthe het van hierdie berouvolle losbolle gehad: "**Moenie dwaal nie! Geen hoereerders of afgodedienaars of egbrekers of wellustelinge of sodomiete of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers sal die koninkryk van God beërwe nie. En dit was sommige van julle; maar julle het jul laat afwas, maar julle is geheilig, maar julle is geregverdig in die Naam van die Here Jesus …"** (1 Korinthiërs 10,-11).

Die klagte dat jy geen natuurlike aantrekking vir die teenoorgestelde geslag het nie, is inderdaad 'n aantuiging dat God onregverdig is deur homoseksualiteit te verbied, want Hy het ons gemaak met daardie onweerstaanbare versoeking.

God sal ons nie in versoekings laat kom wat ons nie redelik kan verdra nie, sonder dat daar vir ons 'n uitweg is nie (1 Korinthiërs 10:13). Deur te veel toe te gee aan enige aspek van die vlees, kan 'n mens 'n punt bereik waar dit soos 'n tweede natuur word. So kan 'n alkoholis of dwelmverslaafde nie lewe sonder die gereelde inneem van sekere chemikalieë nie. Om terug te keer na 'n normale leefwyse, moet hy sy geestelike uitkyk verander, met die hulp van terapie.

Homoseksuele persone moet deur dieselfde proses gaan. God sal vir die mens gee, dit wat hy wil hê; as hulle hulleself dan heeltemal wil oorgee aan natuurlike drange, sal God met hulle maak soos wat Hy met Israel van ouds gedoen het: **" Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié**

**wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang "** (Romeine 1:26,27).

Is dit nie hier 'n duidelike profesie oor VIGS, en al die ander seksueel oordraagbare siektes wat hierdie siek wêreld vandag ondervind nie?

## 11.5 Gemeenskap

Die Griekse woord wat as "gemeenskap" vertaal word, beskryf 'n toestand van kameraadskap, om iets te deel of mede-deelsaamheid. Deur vir God te ken en Sy weë te volg, het ons gemeenskap met Hom en almal wat dieselfde doen deur "in Christus" te wees. Dit is maklik om ons verantwoordelikhede ten opsigte van gemeenskap met ander na te laat: **"Vergeet die weldadigheid en mede-deelsaamheid (dit is gemeenskap) nie"** (Hebreërs 13:16). Filippense 1:5 praat van ons **"gemeenskap aan die evangelie";** die basis van ons gemeenskap is dus die leerstellings wat die ware Evangelie behels. Daarom is die gemeenskap wat deur ware gelowiges geniet word veel groter as in enige ander organisasie of kerk. Vir hierdie gemeenskap reis hulle lang distansies om by mekaar te wees en om geïsoleerde gelowiges te besoek. Paulus praat van **"gemeenskap van die Gees"** (Filippense 2:1), dit is gemeenskap wat gebaseer is op ons gemeenskaplike strewe om die wil van God, soos geopenbaar in Sy Gees / Woord, te volg.

Een van die beste voorbeelde van ons gemeenskap met mekaar is deur die "*breek van brood*" diens saam te hou. Die vroeë gelowiges het **"volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede . . . brood gebreek . . . met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet"** (Handelinge 2:42,46). Die embleme, wat die middelpunt van ons hoop verteenwoordig, word gebruik om ons saam te bind in 'n eenheid van hart. **". . . die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus**

**nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood"** (1 Korinthiërs 10:16,17).

Ons het dus 'n verpligting om die simbole van Christus se offer te deel met die wat deel is van die een liggaam, díe wat "*deel aan die een brood*." Slegs die wat behoorlik in Christus gedoop is, nadat hulle die Waarheid gevind het, is in hierdie posisie, en dit is 'n bespotting van die embleme om hulle te deel met iemand wat apart van hierdie dinge is.

Johannes vertel hoe hy die Evangelie van die ewige lewe gedeel het met ander **"sodat julle ook gemeenskap met ons kan hê; en ons gemeenskap is met die Vader en met Sy Seun, Jesus Christus"** (1 Johannes 1:3). Dit wys dat gemeenskap gegrond is op 'n gesamentlike begrip van die ware Evangelie, en dat dit ons in gemeenskap bring met ander ware gelowiges, asook met God en Jesus op 'n persoonlike vlak. Hoe meer ons die Evangelie in ons lewens toepas, en sodoende ons sondige neigings oorwin, en hoe verder ons vorder in ons pogings om God se Woord te verstaan, hoe dieper sal ons gemeenskap met God en Christus wees.

Ons gemeenskap met God en Christus en ander gelowiges rus nie net op die feit dat ons 'n gesamentlike doktrinale geloof het nie. Ons manier van lewe moet pas by die beginsels wat in ons geloof vervat word. **" En dit is die verkondiging wat ons van Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en geen duisternis is in Hom nie. As ons sê dat ons met Hom gemeenskap het en in die duisternis wandel, dan lieg ons en doen nie die waarheid nie. Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde"** (1 Johannes 1:5-7).

Om "*in die duisternis te wandel*" moet verwys na 'n lewenswyse wat gedurig en openlik teenstrydig is met die lig van God se Woord (Psalm 119:105; Spreuke 4:18,19); dit verwys nie na sondes wat slegs nou en dan in swakheid gedoen word nie, want die volgende vers gaan aan, **"As ons sê dat ons geen sonde het nie, mislei ons onsself en die waarheid is nie in ons nie"** (1 Johannes 1:8). God se Woord is lig en Waarheid (Johannes 17:17; 3:21; Efesiërs 5:13).

Hieruit behoort dit duidelik te wees dat gemeenskap ophou wanneer 'n gelowige leerstellings begin aanhang, of 'n lewe lei wat openlik teen duidelike Bybellering is **". . . en hou nie gemeenskap met die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar bestraf dit liewer"** (Efesiërs 5:11). Elke moontlike poging moet gemaak word om die wat dwaal terug te wen, soos die goeie herder sy verlore skape (Lukas 15:1-7). As die broer of suster aanhou met vals leerstellings of uitermate swak gedrag, word dit nodig om die beëindiging van gemeenskap te formaliseer (Mattheüs 18:15-17).

In die praktyk word dit gedoen deur middel van 'n onderhoud met verantwoordelike lede van 'n ekklesia, en bekendmaking van die feit in 'n Christadelphian maandblad. Maar dit kan nie genoeg beklemtoon word dat hierdie proses net in werking gestel word in duidelike gevalle waar iemand 'n vals leerstelling verkondig, of waar die persoon volhou met 'n ongeestelike lewenswyse. Mens moet seker wees dat daar so min in gemeen is tussen ons, as gevolg van die afdwaling van basiese Bybelleerstellings, dat formele beëindiging van gemeenskap nodig is.

Een van die duidelikste skrifgedeeltes oor gemeenskap, word gevind in 2 Korinthiërs 6: 14-18: **" Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem; en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees, spreek die Here, die Almagtige."**

Ons het gewys hoe dat die Woord van God lig is. Hierdie verse verduidelik waarom ons nie gemeenskap met kerke wat vals leerstellings verkondig, moet hê nie; waarom ons nie moet trou met die wat nie die Waarheid ken nie, en dat ons die weë van die wêreld moet vermy. Omdat ons onsself

afsonder van die wêreld, het ons die wonderlike eer om God se eie seuns en dogters te word, deel van 'n wêreldwye familie van mense wat hierdie selfde verhouding het – ons broers en susters. Daar is net "*een liggaam*", dit is een ware kerk (Efesiërs 1:23), wie se lede bestaan uit die wat die een hoop het – een God, een doop en "*een geloof*", dit is die een ware stel leringe wat die een geloof behels (Efesiërs 4:4-6). Dit is nie moontlik om deel van hierdie "*een liggaam*" te wees en terselfde tyd gemeenskap te hê met ander godsdiensorganisasies wat nie die ware geloof het nie.

Aangesien lig geen gemeenskap met donker het nie, plaas ons onsself in die donker as ons kies om met sulkes gemeenskap te hê. As ons werklik die hele sisteem van doktrinale waarheid waardeer, soos dit in die Skriftuur bekend gemaak is, sal ons sien dat die wat glo in vals leerstellings in die naam van Christendom net so min gemeenskap met God kan hê as wat ateïste het.

As u hierdie studies noukeurig gevolg het, sal dit teen hierdie tyd duidelik wees dat daar geen halfpad posisie kan wees in ons verhouding met God nie. Ons is of in Christus, deur die regte doop, of ons is buite hom. Ons is of in die lig as gevolg van ons begrip van ware leerstelling en praktiese gehoorsaamheid daaraan, of ons is in die donker. Ons kan nie 'n voet in altwee kampe hê nie.

Ons kennis van hierdie dinge gee vir ons 'n sekere mate van verantwoordelikheid teenoor God. Ons lewe nie nou meer soos die gewone mens van die wêreld nie. God wag intens op ons reaksie. Beide Hy, die Here Jesus, en alle ware gelowiges wil bitter graag hê dat u die regte besluit moet maak. Maar ten spyte van die feit dat God, Christus en ons alles sal doen om u te help – selfs in God se geval dat Hy Sy enigste Seun gegee het om vir ons te sterf – bly u verlossing in u eie hande. U verlossing hang af van u eie vrywillige besluit om die wonderlike Hoop aan te gryp wat nou aan u geoffer is.

# <u>Studie 11</u>
# <u>Vrae</u>

1. Watter soort veranderinge moet plaasvind in iemand se lewe wanneer hy of sy gedoop word?

2. Wat beteken "heiligheid" ?
   (a) Om geen kontak met ongelowiges te hê nie
   (b) Om afgesonder te wees van sonde en vir God te probeer behaag
   (c ) Om kerk toe te gaan
   (d) Om goed aan ander te doen.

3. Watter soort beroepe pas nie by 'n ware Christen nie ?

4. Wat beteken die woorde "heilige" en "ekklesia" ?

5. Watter van die volgende stellings is waar aangaande die nagmaal?
   (a) Ons moet dit ongeveer een keer per week doen
   (b) Ons moet dit een keer per jaar met Paasfees doen
   (c ) Die brood en wyn verander in die letterlike liggaam en bloed van Jesus
   (d) Die brood en wyn verteenwoordig die liggaam en bloed van Jesus.

6. Watter van die volgende stellings oor die huwelik is waar ?
   (a) Ons moet net met ware gelowiges trou
   (b) Egskeiding word toegelaat vir gelowiges
   (c ) 'n Getroude gelowige wie se maat 'n ongelowige is, moet by hulle probeer bly
   (d) In die huwelik verteenwoordig die man vir Christus en die vrou die gelowiges.

7. Moet vrouens in die ekklesia onderrig gee ?

8. As jy gedoop is nadat jy die waarheid ken, sal jy nog gemeenskap hê met kerke wat nie die volle waarheid leer nie ?

**Bylae 1: Opsomming van Basiese Bybelse Leerstellings**

**1. God**

1.1 Daar bestaan 'n persoonlike wese genaamd God,
1.2 woonagtig in die hemel,
1.3 met 'n werklikke, liggaamlike bestaan,
1.4 na wie se beeld ons geskape is.
1.5 Die Engele is sy boodskappers,
1.6 hulle kan nie sondig nie,
1.7 en hulle besit 'n Goddelike natuur.
1.8 Die Bybel leer slegs een vorm van bestaan – 'n liggaamlike vorm.
1.9 Die Christen hoop is om God se natuur met Christus se wederkoms te ontvang.

**2. Die Gees van God**

2.1 God se Gees verwys na Sy krag, Sy asem en Sy denke,
2.2 waardeur Hy alles vermag
2.3 en waardeur Hy alomteenwoordig is.
2.4 Die Heilige Gees verwys na Sy krag wat aangewend word om spesifieke doelwitte te bereik.
2.5 By verskeie geleenthede in die verlede, het die mens die wonderbaarlike gawes van die Gees besit.
2.6 Hierdie gawes is egter onttrek.
2.7 God se krag word nou aan ons geopenbaar deur Sy Woord.
2.8 Die Heilige Gees dwing nie mense om teen hulle wil geestelik te wees nie.
2.9 Die Bybel is volkome geïnspireer deur God se Gees.
2.10 Die Bybel is die enigste outoriteit in ons verhouding met God.

**3. Die Beloftes van God**

3.1 Die Evangelie is reeds aan die Joodse voorvaders geopenbaar in die vorm van spesifieke beloftes.
3.2 Die saad van die vrou in Genesis 3:15 verwys na Christus en die geregtigdes wat tydelik "beseer" is deur die sonde, die saad van die slang.
3.3 In vervulling van God se beloftes, sal die gelowige nooit vernietig word nie.
3.4 Abraham en Dawid se saad (nageslag) is Christus;
3.5 ons kan in Christus wees deur geloof en die doop,
3.6 sodanig het hierdie beloftes betrekking op opregte gedoopte gelowiges.

**4. God en die Dood**

4.1 Van nature is die mens sterflik, geneig om te sondig, en
4.2 verdoem as gevolg van Adam se sonde.
4.3 Christus het ook hierdie menslike natuur gehad.
4.4 Die siel verwys na die "self", ons liggaam, ons denke, ons as persoon.
4.5 Die Gees verwys na die lewenskrag/asem van ons wese.
4.6 Geeneen kan bestaan as 'n gees sonder 'n liggaam nie.
4.7 Die dood is 'n toestand van onbewustheid.
4.8 Met Christus se wederkoms sal daar 'n liggaamlike opstanding plaasvind van die wat die ware Evangelie geken het.
4.9 Kennis en begrip van God se woord sal die basis wees van die oordeel.
4.10 Die gawe van onsterflikheid sal ontvang word met die oordeelsdag.
4.11 Die straf van die verantwoordelike ongeregtigdes is die ewige dood.
4.12 Hel verwys na die graf.
4.13 'Gehenna' was 'n gebied buitekant Jerusalem waar vullis en die lyke van kriminele verbrand is.

**5. Die Koninkryk van God**

5.1 Die volk Israel in die land Kanaän was die Koninkryk van God in die verlede.
5.2 Hierdie Koninkryk is beëindig, maar sal hervestig word met Christus se wederkoms,
5.3 en wel in die vorm van 'n wêreldwye Koninkryk op aarde, geregeer deur Christus namens God.
5.4 Gedurende die eerste 1000 jaar ( of 'Millennium') van hierdie Koninkryk sal die opregte gelowiges regeer oor die gewone sterflike mense wat nog lewe met Christus se terugkeer.
5.5 Hierdie Koninkryk is nog nie polities gevestig nie.
5.6 Ons word gered in genade deur ons geloof, en nie deur ons werke nie.

**6. God en Euwel**

6.1 Die woord "duiwel" beteken 'vals aanklaer' of 'lasteraar'.
6.2 Die woord "satan" beteken 'teenstander',
6.3 en kan na beide goeie en slegte persone verwys.
6.4 Figuurlik gesproke kan duiwel en satan verwys na die sonde.

6.5 Die slang in die tuin van Eden was 'n letterlike dier.
6.6 Die Genesis verhaal van die mens se skepping en sondeval moet letterlik geïnterpreteer word eerder as in simboliese terme.
6.7 "Demone" as bose geeste, ontslape geeste of kragte van die bose bestaan nie.
6.8 Christus wat 'geeste uitgedryf het' moet verstaan word in die konteks van die taalgebruik van sy tyd, en dit beteken eenvoudig dat hy siekes genees het.
6.9 'Lucifer' verwys nie na 'n bose sondige engel nie.
6.10 God is almagtig; Hy deel hoegenaamd nie Sy mag met 'n sondige wese wat Sy wil en weë teenstaan nie.
6.11 Beproewinge in die lewe van die gelowige het hul oorsprong by God en is nie die resultaat van die noodlot of 'n bose wese genaamd die duiwel nie.

**7. Jesus Christus**

7.1 Die 'drie eenheid', soos algemeen aanvaar word deur die Christendom as 'n doktrine word nie in die Bybel geleer nie.
7.2 Christus is gebore uit die maagd Maria,
7.3 sy was 'n gewone vrou met 'n gewone menslike natuur.
7.4 Jesus het 'n menslike natuur gehad,
7.5 maar wel 'n perfekte, sondelose karakter.
7.6 Alhoewel God nie vir Jesus gedwing het om nie te sondig nie, het Jesus gesterf as 'n perfekte sonde offer uit sy eie vrye wil.
7.7 Jesus is opgewek na sy dood aan die kruis.
7.8 Jesus het nie fisies bestaan voor sy geboorte nie;
7.9 hy was wel van die begin af deel van God se plan.
7.10 Jesus het gesterf as 'n offer vir ons sondes,
7.11 sodat hyself en ons gered kan word van die dood.
7.12 Jesus het as ons verteenwoordiger gesterf
7.13 en nie as 'n plaasvervanger soos geglo word in die populêre Christendom nie.
7.14 Die Wet van Moses het tot 'n einde gekom met Christus se dood,
7.15 daarom is dit nie nodig dat ons die wet, insluitende die Sabbat, onderhou nie.

**8. Die Doop**

8.1 Sonder die doop is daar geen hoop op redding nie;
8.2 geloof en die doop laat ons 'n deel hê in die beloftes aan Abraham,

8.3 en dien ook vir die vergifnis van ons sondes.
8.4 Die doop vind plaas deur die totale onderdompeling in water,
8.5 deur 'n volwassene wat die evangelie verstaan.
8.6 Diegene wat gedoop is sonder 'n volle begrip van die evangelie moet weer gedoop word.
8.7 Begrip en kennis van die ware evangelie is 'n voorbehoud vir die doop om geldig te wees.

**9. Lewe in Christus**

9.1 Na die doop moet die gelowige 'n redelike poging aanwend om homself te weerhou van die weë van hierdie sondige wêreld,
9.2 en 'n karakter soortgelyk aan Christus te ontwikkel.
9.3 Deelname aan 'n beroep of wêreldse aktiwiteite wat noodwendig lei tot die verbreking van God se opdragte, bv. die gebruik van geweld of oormatige drank gebruik, is onversoenbaar met 'n ware Christelike lewe.
9.4 Gedoopte gelowiges het 'n plig om gereeld te ontmoet in broederskap, wanneer en waar ookal menslik moontlik.

9.5 Gedoopte gelowiges behoort gereeld saam brood te breek en wyn te drink in herinnering aan Christus se dood en opstanding.
9.6 Gereelde gebed en die lees van die Bybel is noodsaaklik vir die gedoopte gelowige.
9.7 'n Gedoopte gelowige het slegs broederskap met diegene wat die ware geloof glo en beoefen.
9.8 Diegene wat ophou om te glo en ophou om die ware geloof te beoefen, hou ook op om broederskap te deel met die liggaam van die ware gelowiges.

Nota: 'n Formele “Verklaring van die een Geloof” wat reeds in gebruik is vir meer as 100 jaar is beskikbaar van die uitgewers.

## Bylae 2 Ons houding teenoor die aanleer van die Bybelse waarheid

Dit is heel moontlik om al die basiese Bybel leerstellings te bestudeer maar nog steeds nie die persoonlike realiteit daarvan te besef nie. Hierdie feit kan baie ontmoedigend wees vir die wat 'n boek soos die gebruik om ander te onderrig wat dan nie die beginsels begryp nie. Daar was vele opregte reaksie op die verkondiging van die Evangelie in die eerste eeu. Mense het

die Evangelie gretig ontvang en was derhalwe gedoop (Handelinge 2:41). Sonder 'n opregte aanvaarding van die boodskap in 'n liefdevolle geloof is daar geen sin in die doop nie. Die wat gedoop word as gevolg van druk van 'n eggenoot of ouers sal heel waarskynlik nie op die noue weg bly nie.

Ons wil mense tot redding bring; dit gaan nie oor die aantal wat gedoop word nie. Dit is dus die moeite werd om tyd af te staan in ons verkondiging van die Evangelie om te verseker dat bekeerlinge die doop met die regte gesindheid benader. Die mense van Berea het **"die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was"** (Handelinge 17:11). Hierdie boek – inderdaad, enige menslike literatuur – is slegs 'n poging om die Bybel se lering akkuraat weer te gee. Vir 'n opregte reaksie op die Evangelie, moet daar 'n sensitiewe denke met betrekking tot God se woord wees; 'n opregte begeerte om die Bybel op 'n persoonlike vlak te ondersoek.

Hierdie perspektief kan nie noodwendig deur die verkondiger van die Evangelie aangewakker word nie; ons kan slegs die Bybelverse uitwys en verklaar. Die gelowiges in Rome het **"van harte gehoorsaam geword aan die voorbeeld van die leer wat aan hulle oorgelewer is, "** voor hulle gedoop was (Romeine 6:17) Diegene wat hardkoppig volhou in die weë van die vlees sal nooit in staat wees om die ware boodskap van die Evangelie te begryp nie. Hulle sal **"mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. . . . wat altyd leer en nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie"** (2 Timotheüs 3:1-7). Mense sal nooit dit verstaan wat hulle nie wil verstaan nie.

As 'n mens geen liefde vir geregtigheid het nie, geen ware begeerte om sy lewe onder God se beheer te plaas nie, sal hy nooit in staat wees om *"tot die kennis van die waarheid te kom nie".* Ten spyte van al ons Bybellees sal ons Bybelstudie net 'n akademiese oefening bly.

Daar is verskeie voorbeelde van persone wat die Skrif lees maar dit eintlik nie lees nie. Ons almal loop gevaar om in hierdie strik te trap. Die Jode ten tye van Christus se bediening het 'n groot ywer vir God se woord gehad. Hulle het die Ou Testament as geïnspireerd vertrou (Johannes 5:45; Handelinge 6:11). Hulle het geweet dat hulle 'n hoop op die ewige lewe

kon hê deur die Skrif te bestudeer (Johannes 5:39), en hulle het elke week die Skrif in die openbaar gelees (Handelinge 15:21).

Verder het sommige van hulle die Skrifture met ywer bestudeer gedurende die week. Hulle het egter totaal gefaal om die werklike beduidenis van hierdie skrifte te begryp, veral in terme van hoe dit vooruit gewys het na Christus. Jesus het hulle duidelik aangespreek: **"Ondersoek die Skrifte . . . as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?"** (Johannes 5:39, 46, 47 ; Lukas 16:29-31).

Ons kan ons die Jode se onstokenheid voorstel: "Maar ons lees wel die Bybel! Ons glo dit!" Hul 'oogklap' houding het egter tot gevolg gehad dat hulle gelees het maar nie verstaan het nie. Hulle het gekyk maar nie gesien nie. Daar is werklik niemand so blind as die wat nie wil sien nie. Ons moet in alle stadiums van ons geestelike groei waak teen so 'n gesindheid.

## Bylae 3 Die Nabyheid van Christus Se wederkoms

Christus se woorde in Mattheüs 24:36 stel dit duidelik dat ons nooit die presiese tyd van sy terugkeer sal weet nie: **"Maar van dié dag en dié uur weet niemand nie, ook die engele van die hemele nie, maar net my Vader alleen" (vergelyk Handelinge 1:7).** Toe die dissipels egter vir Jesus vra **"Vertel ons, wanneer sal hierdie dinge wees, en wat is die teken van u koms en van die voleinding van die wêreld?"** (Mattheüs 24:3), het hy nie gesê dat hulle vraag onmoontlik was om te antwoord nie. Hy het hulle inderdaad tekens gegee wat in die wêreld gesien sou word net voor sy wederkoms. Jesus sou nie hierdie tekens gegee het as hy nie bedoel het dat die geslag wat kort voor sy wederkoms leef, hierdie tekens sou kon herken nie, en dus kon weet dat hulle in die laaste dae leef. Daar is goeie redes om te hoop en te glo dat ons in hierdie "laaste dae" tyd leef.

**Die tekens van Jesus se koms.**

In Mattheüs 24 en Lukas 21 praat Jesus van 'n tyd wanneer:

1. Daar vals profete sou wees wat aanspraak maak daarop dat hulle die Christus is
2. Oorlog en geweld die aarde sou vul
3. Daar droogtes, hongersnood en aardbewings sou wees
4. Daar dwaling van die waarheid sou wees
5. Mense se harte sal beswyk van vrees oor die desperate toestand van die wêreld en wat oor die wêreld sal kom.

Dit is waar dat die wêreld nog altyd gebuk gegaan het onder 'n toenemende vlak van probleme. Jesus was duidelik bewus hiervan. Dit kan dus afgelei word dat hy gepraat het van 'n tyd wat hierdie probleme so groot sou wees dat hulle sou dreig om die planeet te vernietig. Daar kan geen twyfel wees by enige denkende wêreld beskouer dat ons tans juis in so 'n tyd leef nie.

Die ongelooflike optimisme van die menslike natuur en sy onwilligheid om realisties die waarheid te aanvaar, maak dit vir ons moeilik om regtig die toestand van die wêreld te sien vir wat dit werklik is. Die volgende is net 'n breukdeel van die bewyse beskikbaar wat aantoon hoe Christus se woorde nou tot vervulling kom:

1. In byna elke kontinent is daar 'n konstante stroom charismatiese leiers wat mense agter hulle aan lei. Die volgende statistiek demonstreer hoe

dramaties die probleem van oorlog toegeneem het – ten spyte van die vele pogings van die mens om dit te beperk:

| *Eeu* | **Oorlogslagoffers (miljoene)** | **Aantal groot oorloë** |
|---|---|---|
| 17de | 3.3 | ? |
| 18de | 5.0 | ? |
| 19de | 5.5 | ? |
| 1900 – 1945 | 40.5 | 19 |
| 1945 – 1975 | 50.7 | 119 |

(Bron: Instituut van Konflik Studies, Universiteit van Londen)

2. Die massiewe probleme van droogtes en plae is wel bekend by ons almal. Vigs is by verre die grootste wêreldwye epidemie wat nog geken is. Dit dreig om die wêreld se bevolking op die lang termyn drasties te verminder. Behalwe Christus se woorde in Mattheus 24 en Lukas 21, is daar verskeie ander versgedeeltes wat aardbewings met die wederkoms van Christus verbind: Jesaja 2:19-22; Esegiël 38:20; Joël 3:16; Haggai 2:7; Sagaria 14:3,4.

   Die relatiewe onlangse verskynsel van aardbewings wat op onverwagte plekke plaasvind met ongehoorde lewensverliese, is 'n aanwysing dat ons die vervulling van die aardbewings as teken van Jesus se koms sien. Die volgende statistiek rakende aardbewings, verskaf deur die VSA Departement van Binnelandse sake, is ook beduidend:

| Jaar | **Aantal aardbewings aangeteken** |
|---|---|
| 1948 | 620 |
| 1949 | 1152 |
| 1950 | 2023 |
| 1964 | 5154 |
| 1965 | 6686 |
| 1976 | 7180 |

4. Die afname in die beklemtoning van die belangrikheid om die Bybel fundamenteel te volg, ten einde die regte leringe te glo, het gelei tot 'n

grootskaalse dwaling in die Christendom self. Die filosofie van eenheid onder die mens (en sy Godsdiens) het hierdie proses nog verder versnel.

5. Wetenskaplikes, ekonome en ekoloë stem almal saam dat die wêreld nie veel langer op die huidige trant kan aangaan nie. Die uitputting en verderwing van natuurlike hulpbronne, besoedeling van die lug, see en osoonlaag, gekoppel met die bedreiging van epidemies en kernoorlog, wys alles heen op die vernietiging van die huidige wêreld. God het egter belowe dat dit nooit sal gebeur nie (sien Inset 9). Om die belofte te hou sal God binnekort vir Jesus moet stuur om hierdie planeet drasties te verander deur die vestiging van God se Koninkryk daarop.

## DIE HERLEWING VAN ISRAEL

Jesus het sy lys van tekens met die volgende woorde afgesluit

> **"En dan sal hulle die Seun van die mens sien kom in 'n wolk, met groot krag en heerlikheid"** (Lukas 21:27).

Die volgende vers bied aanmoediging aan diegene wie gedoop is en met 'n goeie gewete voor God leef:

> **"En as hierdie dinge begin gebeur, kyk dan na bo en hef julle hoofde op, omdat julle verlossing naby is"** (Lukas 21:28).

Jesus voeg dan 'n voetnota by hierdie profesieë van sy tweede koms in die vorm van 'n gelykenis oor die vye boom: "**Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is. So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur. Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie"** (Lukas 21:29-32).

Die vye boom is 'n Bybelse simbool vir die nasie van Israel (Joël 1:7; Hosea 9:10; Jeremia 24:2 vergelyk Esegiël 36:8). Hierdie spesiale teken van Jesus se wederkoms verwys derhalwe na die herlewing ("*bot*") van Israel op een of ander wyse.

Die dramatiese gebeure ten opsigte van die groei van Israel sedert die Jode se hervestiging as 'n nasie in 1948 moet sekerlik hier van groot beduidenis wees.

## 'n TOEKOMSTIGE INVAL VAN ISRAEL

Baie Bybel profesieë beskryf 'n groot inval van Israel wat ten tye van Jesus se terugkoms sal plaasvind. *Psalm 83* beskryf sekere nasies wat saamspan en Israel omsingel en sê: **"Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie. . . . Laat ons die woninge van God vir ons in besit neem!"** (Psalm 83:3-12).

Let op dat hierdie inval gebeur wanneer Israel 'n volk is. Die huidige herlewing van Israel as 'n volk is dus noodsaaklik as 'n voorloper tot die groot inval. Bybel studente het Israel se herlewing as 'n nasie reeds baie jare voor dit gebeur het voorspel. Die houding van Israel se invallers soos beskryf in Psalm 83 word presies gesien in die houding van Israel se Arabiese "bure" van vandag. Die Arabiere verklaar gereeld hulle absolute haat teenoor Israel en dring daarop aan dat Jerusalem hulle eiendom, as 'n heilige stad, is. Die Psalm beskryf verder hoe hierdie aggresie beëindig sal word deur God se dramatiese intrede met die gevolg dat Sy Koninkryk wêreldwyd gevestig sal word (Psalm 83:13-18).

Baie ander profesieë beskryf dieselfde volgorde van gebeure. Israel word ingeval deur haar Arabiese, Noordelike en ander vyande; God tree tussenbeide deur Jesus se wederkoms om die Koninkryk te vestig (bv. Esegiël hoofstukke 38 – 40; Daniël 11:40 – 45). 'n In diepte studie van hierdie profesieë vorm 'n belangrike deel van ons geestelike groei nadat ons gedoop is.

Sagaria 14:2 – 4 is van die duidelikste van hierdie profesieë:

**"Want Ek sal al die nasies versamel om oorlog te voer teen Jerusalem; en die stad sal ingeneem en die huise geplunder en die vroue onteer word, en die helfte van die stad sal uitgaan in ballingskap; maar die orige deel van die bevolking sal nie uit die stad uitgeroei word nie. En die HERE sal uittrek en stryd voer teen dié nasies soos op die dag van sy stryd, die dag van oorlog. En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide."**

Hierdie groot inval van Israel kan nou enige tyd plaasvind as 'n mens die toename van oorlog en politieke aktiwiteit in ag neem. Dit help nie om te wag totdat die inval plaasvind en dan op die Evangelie te reageer nie. Paulus se woorde is hier van belang: **"Maar oor die tye en geleenthede, broeders, het julle nie nodig dat aan julle geskryf word nie; want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom net soos 'n dief in die nag. Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid--dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie"** (1 Thessalonicense 5:1-3).

Ons moet gebalanseerd wees in ons waardering vir die nabyheid van Jesus se koms. Die profesieë oor wêreldgebeure met Jesus se wederkoms, is grootliks gegee om die geloof van die wat hulle alreeds aan God toegewy het, te versterk. Die verband tussen hierdie profesieë en die huidige toestand van die wêreld moet egter fasinerend wees vir diegene wat die eerste stap van die doop oorweeg, en dit sal hulle geloof in die betroubaarheid van God se geïnspireerde Woord versterk.

Ons moet nie gemotiveer word om gehoorsaam aan God te wees uit vrees dat Jesus se wederkoms naby is nie. Net die wat waarlik **"sy verskyning lief het"** (2 Timotheus 4:8) sal 'n beloning ontvang. Die dringendheid van ons posisie – dat ons in die heel laaste dae lewe – moet nooit ophou om ons elke dag aan te spoor nie.

## Bylae 4 Die Geregtigheid van God

Daar is gewoonlik 'n aantal verwante vrae wat na vore kom by studente wanneer hulle 'n kursus van hierdie aard voltooi het. Hierdie vrae hou almal verband met die geregtigheid van God. Die volgende is 'n paar voorbeelde:

1. "Dit is nie regverdig dat nie almal deur God geroep word om die Evangelie te ken nie."
2. "Hoekom het God Adam en Eva toegelaat om te sondig en sodoende lyding en moeilikheid in die lewe van miljoene van hulle nakomelinge te bring?"
3. "Hoekom het God Israel as Sy mense in die Ou Testament verkies, eerder as om almal 'n kans te gee?"

Sulke strydvrae sal by ons almal ontstaan, watter stadium ons verhouding met God ook al is. Al vind ons al hierdie dinge moeilik om te verstaan, moet ons nogtans positief op God se roeping reageer. Voor Jesus se wederkoms sal ons nooit 'n punt van totale insig t.o.v. hierdie moeilike kwessies bereik nie. Twee duisend jaar gelede het 'n man **uitgeroep "Here ek glo. Help my ongeloof"** (Markus 9:24). Ons het almal hierdie dilemma; een deel van ons wat glo en 'n ander wat ongelowig is en die Here se hulp nodig het. In die dae of weke voor die doop is dit 'n baie algemene emosie en sal dit ook later weer met tye te voorskyn kom.

Ons ongeloof sal dikwels die vorm aanneem van hierdie tipe vrae soos bo gelys. Die fundamentele ding om te besef is dat dit ondenkbaar is dat ons God sal beskuldig dat Hy onregverdig is. As ons dit wel doen oordeel ons die Almagtige God in terme van <u>ons</u> perspektiewe. Ons sê eintlik dat ons anders sou optree as ons God was. Dit is een van die mens se grootste mislukkings om nie te besef hoe geweldig sondig hy is nie en dat God absoluut geregtig is nie. As God nie absoluut reg is nie, dan is daar geen morele standaard vir die mens nie. Daar sal dan geen ware konsep van reg en verkeerd wees nie. Die hele idee van Godsdiens (om met God versoen te word), word dan sinneloos. Soos kinders net met hulle ouers in terme van hulle beperkte insig en verwysingsraamwerk kan redeneer, net so redeneer die kinders van God met hulle Vader.

Jeremia het God se weë bevraagteken maar dit was in 'n poging om God, wat Hy as absoluut reg beskou het, beter te leer ken: **"Regverdig is U, o HERE, as ek met U sou twis. Tog wil ek oor regsake met U spreek:"** (Jeremia 12:1 vergelyk Psalms 89:19,34,39,52). Die voorstel dat God onregverdig is, impliseer dat ons sekere regte het wat God op een of ander wyse skend. Die feit dat God ons geskep het en vir ons deurentyd onderhou, beteken dat ons <u>geen</u> regte het nie. Ons lewe voortdurend in Sy genade, selfs wanneer ons nie sondig nie. "Mense regte" is 'n menslike konsep, deur mense geskep om hulself te regverdig. Ons kom hierdie wêreld met niks binne en ons sal dit weer met niks verlaat. Alles wat ons is en het is 'n gawe, gegee vir 'n kort tydjie sodat God kan sien hoe ons daarteenoor reageer. As God ons roep om 'n nouer verhouding met Hom te hê, behoort ons met blydskap te reageer. Om te weier om dit te doen omdat ander nie die uitnodiging ontvang het nie, is om God op een van die lelikste maniere moontlik seer te maak.

Ons is almal van nature diere (Prediker 3:18-20). Ons kan vra "hoekom was die mens gekies om 'n verhouding met God te hê eerder as enige ander dier?" Die presiese redes sou ons nie kon begryp nie, al het God ons vertel. Dieselfde geld vir die Genesis verhaal van die skepping. Die wetenskaplike verduideliking van hoe God materie geskep en georganiseer het in die oneindige wonders van ons heelal, is ver verby die moontlikheid vir die menslike wetenskap om ooit te begryp. God het dus Sy skeppingsdade in 'n taal beskryf wat net 'n kinderlike geloof kan aanvaar. Dieselfde is waar van die morele dilemmas wat ons aan die begin van die bylae gelys het. Ons denke is nie van nature nederig tot God se Woord nie; ons het probleme om sommige van hierdie dinge te aanvaar soos die Bybel dit uitdruk. Ons moet egter besef dat die probleem ons s'n en nie God s'n is nie. Ons ontbreek grootliks die selfkennis om te besef en te aanvaar dat ons denke basies foutief is. Ons moet berus by die feit dat ons intellektueel minderwaardig aan God is. Ons denkwyse is nie net bloot een vlak laer as God s'n nie; dit is 'n fundamentele verskillende denkproses as God s'n.

Dit is hieroor dat ons gemaan word om Christus se denke aan te neem (1 Petrus 4:1); van God se Woord te leer om Sy denke te waardeer, en te poog om dit ons eie te maak.

Ons sal almal toegee dat daar baie elemente van God se Skepping is wat duidelik baie goed is; daar is 'n mate van geregtigheid wat van die Skepper

in Sy skepping uitstraal. Die probleem is egter dat daar ander dinge in ons menslike ervaring is wat duidelik euwel en negatief is. Dit is hier waar verwarring m.b.t. die geregtigheid van God soms ontstaan. Menige gaan dan tragies heen en betwyfel God se regverdigheid. Dit is egter baie beter om te sê dat ons glo dat God fundamenteel goed en reg is, soos Hy dit in Sy Woord verklaar, maar dat ons probleme het om die euwel en ongeregtigheid in Sy skepping te verstaan. **"Die verborge dinge is vir die HERE onse God; maar die geopenbaarde dinge is vir "** (Deuteronomium 29:29). Die Evangelie word genoem **" (dit) wat van God geken kan word"** (Romeine 1:19), *w*at impliseer dat daar baie dinge is wat nog nie verstaan kan word nie. Daar is beslis ware beginsels wat ons duidelik in God se Woord kan sien, en daar is baie ander fasette van God se karaktetrekke wat hieruit duidelik word. Daar is egter ook talle "geheime dinge" oor God se weë wat ons nie toegang tot het in hierdie lewe nie.

Paulus kon dus sê dat hy in 'n sekere sin Christus en God geken het, soos ons ook kan (2 Timotheus 1:12; 2 Korinthiërs 5:16; Galasiërs 4:9; Hebreërs 10:30; 1 Johannes 2:13), veral deur die persoonlike ervaring van God se liefde en om daarop te reageer (1 Johannes 4:7,8); maar in 'n ander sin sê Paulus dat hy net "ten dele" verstaan (1 Korinthiërs 13:9,12), en verlang hy na die wederkoms van Jesus Christus, **"sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding "** (Filippense 3:10).

Soos ons toenemend aan God se geregtigheid blootgestel word deur die bestudering van Sy Woord, sal ons meer en meer die koms van Sy Koninkryk begeer. Dit is dan wanneer Sy geregtige karaktertrekke uiteindelik duidelik en fisies openbaar sal word op 'n manier wat al Sy mense vreugdevol sal verstaan en liefhê.

Dit is dan wat al die traumas wat God se kinders nou belewe vir ewig opgelos sal word – intellektueel, moreel en fisies – **"Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is. En nou bly geloof, hoop, liefde--hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde"** (1 Korinthiërs 13:12,13).